1995 056 804 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
199505680401220000019

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
13 NOV 1995
UOVS SASOL BIBLIOTEEK
T 782.5070685 PLE

# DIE AKTIWITEITE VAN GESELEKTEERDE SKOOLKORE EN HUL INVLOED OP DIE MUSIEKOPVOEDING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT


CORNELIUS CAREL VAN PLETZEN


Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

***MAGISTER MUSICAE***

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Musiek)
aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Studieleier: Dr. E. M. Conradie

BLOEMFONTEIN
Junie 1995

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad *Magister Musicae* aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit in 'n ander fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

C. C. van Pletzen

# VOORWOORD

My opregte dank aan my studieleier, dr. E. M. Conradie, vir sy besonder kundige leiding in alle fases en ten opsigte van die verskillende fasette van hierdie navorsing. Sy vertroudheid met die navorsingsonderwerp asook sy wetenskaplike benadering tot hierdie studie was vir my 'n onontbeerlike onderskraging. Ek het veral waardering vir sy welwillendheid en altyd-positiewe benadering. Sonder sy insentiewe sou hierdie navorsing nie met soveel bevrediging plaasgevind het nie.

Hiermee my opregte dank aan alle persone wat my op allerlei wyses in die navorsing behulpsaam was. In die besonder 'n woord van dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- Die skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat vir die inligting wat hulle aan my verskaf het. Hul welwillendheid en belangstelling in die navorsing was 'n bron van besieling.

- Die koorleiers in ander provinsies wat hul menings en kundigheid met my gedeel het.

- Die biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS Sasolbiblioteek asook die diskoteek by die musiekdepartement) vir die verkrying van navorsingsmateriaal.

- Die Musiekbiblioteek van die Nasionale Letterkundige Museum (NALN) in Bloemfontein vir die beskikbaarstelling van inligting oor P. J. Lemmer. Die personeel by die museum het geen moeite ontsien om van hulp te wees nie en dit word waardeer.

- Die Vrystaatse Onderwysdepartement vir die studieverlof aan my toegestaan en my skoolhoof en kollegas se begrip sodat ek hierdie navorsing kon doen.

- Mnr. L. J. Joubert vir die bekendstelling met die rekenaarprogrammatuur, die rekenarisering van die vraelyste en die skandering en uitdruk van die foto's. Die onbaatsugtige wyse waarop hy sy professionele rekenaarkennis tot my beskikking gestel het, het my instaat gestel om die rekenaar optimaal te benut.

- Die rekenaarsentrum aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir verwerking van die vraelysdata.

- My kollega en vriendin, mej. Erna Dippenaar vir haar opregte belangstelling in die navorsing, haar uiters waardevolle raad en proeflees van die verhandeling. Haar gesindheid en akademies-georiënteerde aanslag wat sy in alle omstandighede bereid was om met my te deel, was vir my van groot waarde.

- Mnr. Bernard Odendaal vir sy advies ten opsigte van taalkorrektheid en litografiese aspekte.

- My moeder vir haar onderskraging waarop ek ten alle tye kon staat maak. Vir baie ure se proefleeswerk en noulettendheid het ek groot waardering. Sonder haar morele en finansiële ondersteuning sou die verwesenliking van die ideaal nie moontlik gewees het nie. Haar begrip, geduld en meelewing met hierdie studie sal my altyd bybly.

Die Hemelse Vader wat die Inisieerder van dié navorsing was en wat my die talente en deursettingsvermoë gegee het om dit te voltooi - ***aan Hom alleen kom toe al die lof, want deur Hom leef, beweeg en is ek ...***

*Opgedra aan my moeder*

*When art is experienced aesthetically and understood aesthetically, it delights in a way that few experiences in human life provide. To share that delight, which is the delight of understanding more fully the nature of human reality, is the important job of aesthetic education.*

*Bennet Reimer*

# INHOUD

## HOOFSTUK 1: INLEIDING


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Historiese oorsig | 1 |
| 1.2 | Noodsaaklikheid en doel van die ondersoek | 5 |
| 1.3 | Hipotese wat ondersoek word | 6 |
| 1.4 | Navorsingsontwerp | 6 |
| 1.5 | Metode van navorsing | 8 |
| 1.5.1 | Persoonlike onderhoude | 8 |
| 1.5.2 | Literatuurstudie | 9 |
| 1.5.3 | Koorprogramme | 9 |
| 1.5.4 | Plaat- en kassetopnames | 9 |
| 1.5.5 | Argivale bronne | 9 |
| 1.5.6 | Vraelyste | 10 |
| 1.6 | Probleme rondom die ondersoek | 10 |
| 1.7 | Probleme rondom die verifiëring van inligting | 11 |


## HOOFSTUK 2: P. J. LEMMER, DIE GRONDLEGGER VAN 'N MUSIEK- EN SKOOLKOORTRADISIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 12 |
| 2.2 | Jeugjare | 15 |
| 2.3 | Opleiding | 17 |
| 2.4 | Eerste aanstelling | 17 |
| 2.5 | Verdere studies | 19 |
| 2.6 | Terug in Suid-Afrika | 20 |
| 2.7 | Malmesbury | 21 |
| 2.8 | Bloemfontein | 22 |
| 2.8.1 | Orrelis | 22 |
| 2.8.2 | Dosent aan die Normaalkollege | 26 |
| 2.8.3 | Die Vrystaatse Philharmoniese Vereniging | 29 |
| 2.9 | Robertshoogte | 31 |
| 2.10 | Opleidingskollege te Wellington | 32 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.11 | Aanstelling as musiekinspekteur | 32 |
| 2.12 | Oos-Londen | 33 |
| 2.13 | Tweede aanstelling aan die Normaalkollege | 33 |
| 2.14 | Aftrede: Oos-Londen | 33 |
| 2.15 | Lemmer se bydrae tot die musiekonderwys en koorsang in die Oranje-Vrystaat | 35 |
| 2.16 | Baanbrekerswerk met musiekuitvoerings in Bloemfontein | 39 |
| 2.17 | Eksaminator - UNISA | 45 |
| 2.18 | Verenigings | 45 |
| 2.19 | Toekennings | 46 |
| 2.20 | Komposisies | 46 |
| 2.21 | Samevatting | 46 |

## HOOFSTUK 3: DIE AKTIWITEITE VAN GESELEKTEERDE SKOOLKORE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 51 |
| 3.2 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein | 52 |
| 3.2.1 | Historiese perspektief | 52 |
| 3.2.2 | Michael Casaleggio | 55 |
| 3.2.2.1 | Die kooraktiwiteit in die Casaleggio-era | 57 |
| 3.2.2.2 | Die ondersteuning van skoolhoofde | 60 |
| 3.2.2.3 | Verwerkings | 61 |
| 3.2.2.4 | Casaleggio se bydrae tot koorsang in die Oranje-Vrystaat | 62 |
| 3.2.2.5 | Samevatting | 64 |
| 3.2.3 | Huibrie Verster | 65 |
| 3.2.3.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Huibrie Verster | 66 |
| 3.2.3.1.1 | Klassangaande, ander kore, optredes en plaatopname | 70 |
| 3.2.3.2 | Kommentaar van skoolhoofde | 73 |
| 3.2.3.3 | Samevatting | 73 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.4 | René Zietsman | 74 |
| 3.2.4.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van René Zietsman | 75 |
| | | |
| 3.2.5 | Leona Geldenhuys | 76 |
| 3.2.5.1 | Die kooraktiwiteit in die Geldenhuys-era | 77 |
| 3.2.5.1.1 | Optredes | 79 |
| 3.2.5.1.2 | Toer en Jaarkonsert | 81 |
| 3.2.5.2 | Kommentaar van skoolhoofde | 82 |
| 3.2.5.3 | Samevatting | 82 |
| 3.2.6 | Samevatting: Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sentraal | 82 |
| 3.3 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein | 84 |
| 3.3.1 | Historiese agtergrond | 84 |
| | | |
| 3.3.2 | Elsie de Beer | 85 |
| | | |
| 3.3.3 | Marietjie van der Watt | 86 |
| 3.3.3.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Marietjie van der Watt | 88 |
| 3.3.3.2 | Samevatting | 90 |
| | | |
| 3.3.4 | Leona Geldenhuys | 90 |
| 3.3.4.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Leona Geldenhuys | 91 |
| 3.3.4.2 | Kommentaar van skoolhoof en musiekinspekteur | 93 |
| 3.3.4.3 | Samevatting | 93 |
| | | |
| 3.3.5 | Corné van Pletzen | 94 |
| 3.3.5.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Corné van Pletzen | 95 |
| 3.3.5.2 | Samevatting | 96 |
| | | |
| 3.3.6 | Anneke Dyer | 96 |
| 3.3.6.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Anneke Dyer | 96 |
| 3.3.6.2 | Samevatting | 98 |
| | | |
| 3.3.7 | Markus Mostert | 98 |
| 3.3.7.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Markus Mostert | 99 |
| 3.3.8 | Samevatting: J. B. M. Hertzog | 100 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4 | Die kooraktiwiteit aan die Christelike en Nasionale Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein | 101 |
| 3.4.1 | Historiese agtergrond | 101 |
| 3.4.2 | Ria Fourie | 103 |
| 3.4.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Ria Fourie | 104 |
| 3.4.2.2 | Kommentaar en samevatting aangaande die kooraktiwiteit in die Fourie-era | 106 |
| 3.4.3 | Henti Claassen | 107 |
| 3.4.3.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Henti Claassen | 107 |
| 3.4.3.2 | Samevatting | 108 |
| 3.4.4 | Hettie Gouws | 109 |
| 3.4.4.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Hettie Gouws | 109 |
| 3.4.4.2 | Samevatting | 110 |
| 3.4.5 | Marcha Geyer | 110 |
| 3.4.5.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Marcha Geyer | 111 |
| 3.4.5.2 | Kommentare aangaande Geyer se werksaamhede as koorleier | 116 |
| 3.4.5.3 | Samevatting: Geyer-era | 116 |
| 3.4.6 | Samevatting: Die kooraktiwiteit aan die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje | 117 |
| 3.5 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Grey-Kollege, Bloemfontein | 117 |
| 3.5.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Jurie Fourie | 119 |
| 3.5.2 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Ansphi Venter | 121 |
| 3.6 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein | 123 |
| 3.6.1 | Historiese perspektief | 123 |
| 3.6.2 | Die ontstaan van die kooraktiwiteit | 124 |
| 3.6.3 | Trix Klopper (neé van Wyk) en die kooraktiwiteit | 125 |
| 3.6.3.1 | Samevatting | 125 |
| 3.6.4 | Corné van Pletzen en die kooraktiwiteit | 126 |
| 3.6.4.1 | Samevatting | 129 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.7 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Fichardtpark, Bloemfontein | 131 |
| 3.7.1 | Inleiding | 131 |
| 3.7.2 | Valerie Venter | 131 |
| 3.7.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Valerie Venter | 132 |
| 3.7.2.1.1 | Optredes | 133 |
| 3.7.3 | Samevatting | 135 |
| 3.8 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Universitas, Bloemfontein | 135 |
| 3.8.1 | Inleiding | 135 |
| 3.8.2 | Elsa Viljoen | 135 |
| 3.8.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Elsa Viljoen | 136 |
| 3.8.2.2 | Seniorkoor | 136 |
| 3.8.2.3 | Samevatting | 138 |
| 3.9 | Die kooraktiwiteit aan die Laerskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein | 138 |
| 3.9.1 | Inleiding | 138 |
| 3.9.2 | Marietjie Viviers (neé van der Merwe) | 139 |
| 3.9.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Marietjie Viviers | 140 |
| 3.9.3 | Surita Swanepoel | 142 |
| 3.9.3.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Surita Swanepoel | 142 |
| 3.9.4 | Samevatting | 143 |
| 3.10 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Onze Rust, Bloemfontein | 143 |
| 3.11 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool, Willem Postma, Bloemfontein | 145 |
| 3.12 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Voortrekker, Bethlehem | 148 |
| 3.12.1 | Inleiding | 148 |
| 3.12.2 | Anette Oosthuizen | 149 |
| 3.12.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Anette Oosthuizen | 149 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.13 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Witteberg, Bethlehem | 151 |
| 3.13.1 | Inleiding | 151 |
| 3.13.2 | Ester Groenewald | 152 |
| 3.13.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Ester Groenewald | 152 |
| 3.13.3 | Oorsig: Bethlehem Hoërskoolkore | 154 |
| 3.14 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Truida Kestell, Bethlehem | 155 |
| 3.14.1 | Inleiding | 155 |
| 3.14.2 | Beulah van Aswegen | 156 |
| 3.14.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Beulah van Aswegen | 156 |
| 3.15 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Jordania, Bethlehem | 158 |
| 3.15.1 | Juniorkoor en sanggroep onder leiding van Eunice de Villiers | 158 |
| 3.15.2 | Die Seniorkoor onder leiding van Martin Harris | 161 |
| 3.16 | Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Kroonstad, Kroonstad | 163 |
| 3.16.1 | Inleiding | 163 |
| 3.16.2 | Yvonne Rossouw | 164 |
| 3.16.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Yvonne Rossouw | 164 |
| 3.16.3 | Retha Theron en die kooraktiwiteit | 168 |
| 3.16.4 | Samevatting | 169 |
| 3.17 | Die kooraktiwiteit aan die Afrikaanse Hoërskool, Kroonstad | 169 |
| 3.17.1 | Inleiding | 169 |
| 3.17.2 | Jan Jacobs | 171 |
| 3.17.2.1 | Die kooraktiwiteit onder leiding van Jan Jacobs | 171 |
| 3.17.3 | Marlene Steenkamp | 171 |
| 3.17.4 | Oorsig: Kroonstad Hoërskoolkore | 173 |
| 3.18 | Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Hennenman, Hennenman | 174 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.18.1 | Historiese perspektief | 174 |
| 3.18.2 | Hettie Bothma en die kooraktiwiteit | 175 |
| 3.18.2.1 | Individue wat as verwysingsraamwerk dien | 181 |
| 3.18.3 | Samevatting | 181 |
| 3.19 | Oorsig: Koorleiers en die aktiwiteite van geselekteerde skoolkore | 182 |

## HOOFSTUK 4: DIE HUIDIGE STAND VAN SKOOLKORE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT (STATISTIEK)

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 184 |
| 4.2 | Die aard van skoolkore in die provinsie | 184 |
| 4.2.1 | Die tydperk wat permanente skoolkore bestaan | 185 |
| 4.3 | Sommige faktore wat die kooraktiwiteit beïnvloed | 185 |
| 4.3.1 | Die leerlingtal van die skool | 186 |
| 4.3.2 | Die koorleier | 187 |
| 4.3.2.1 | Ander akademiese verpligtinge | 187 |
| 4.3.2.2 | Kontinuïteit | 189 |
| 4.3.2.3 | Opleiding van koorleiers en koorkursusse | 189 |
| 4.4 | Die kooraktiwiteit | 190 |
| 4.4.1 | Koorledetal | 191 |
| 4.4.2 | Koorrepetisies | 191 |
| 4.4.2.1 | Frekwensie | 192 |
| 4.4.2.2 | Tydsduur van koorrepetisies | 192 |
| 4.4.2.2.1 | Die geskeduleerde tydsgleuf vir koorrepetisies | 193 |
| 4.4.2.3 | Wedywering om repetisietyd met ander buitemuurse aktiwiteite | 193 |
| 4.4.3 | Stemoefeninge | 193 |
| 4.4.3.1 | Die stand van stembouing by skoolkore in die Oranje-Vrystaat | 193 |
| 4.4.3.2 | Gevolgtrekkings | 194 |
| 4.4.4 | Repertorium | 195 |
| 4.4.4.1 | Aantal stempartye (besetting) | 195 |
| 4.4.4.2 | Aantal koorwerke wat jaarliks instudeer word | 196 |
| 4.4.4.3 | Beskikbaarheid van geskikte repertorium | 197 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.4.4 | Begeleiding | 197 |
| 4.4.5 | Optredes | 198 |
| 4.4.5.1 | Koorfeeste | 198 |
| 4.4.5.2 | Koorkompetisies (kunswedstryde uitgesluit) | 199 |
| 4.4.5.3 | Kunswedstryde | 200 |
| 4.4.5.4 | Eredienste | 200 |
| 4.4.6 | Prominensie van die kooraktiwiteit | 201 |
| 4.4.7 | Kore wat as verwysingsraamwerk dien | 201 |
| 4.4.8 | Koorlede van die Vrystaatse Jeugkoor of Bloemfonteinse Kinderkoor - 'n bate vir die skoolkooraktiwiteite? | 202 |
| 4.4.9 | Revues | 203 |

**HOOFSTUK 5: REPERTORIUMTENDENSE BY SKOOLKORE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT IN DIE TYDPERK 1980-1994**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 204 |
| 5.2 | Vraelys - Repertoriumsamestelling | 205 |
| 5.2.1 | Gevolgtrekkings | 208 |
| 5.2.1.1 | Beplanning met betrekking tot repertoriumsamestelling | 208 |
| 5.2.1.2 | Differensiasie tussen repertoriumsamestellings vir koorkompetisies en koorfeeste | 209 |
| 5.2.1.2.1 | Koorkompetisies | 209 |
| 5.2.1.2.2 | Koorfeeste | 210 |
| 5.3 | Die samestelling van koorfeesprogramme | 211 |
| 5.3.1 | Koorfeesprogramme 1980 - 1993 | 211 |
| 5.3.1.1 | Repertorium met die doel om die gehoor te vermaak | 211 |
| 5.3.1.2 | Die Afrikaanse luisterliedjie | 212 |
| 5.3.1.3 | Gewyde liedere (Neger Geestelike liedere uitgesluit) | 213 |
| 5.3.1.4 | Afrikaanse volksliedjies | 213 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.3.1.5 | Neger Geestelike liedere | 214 |
| 5.3.1.6 | Erkende koorliteratuur van standaard (Gewyde liedere ingesluit) | 215 |
| 5.3.1.7 | Taalvoorkeure | 215 |
| 5.3.1.8 | Geografie | 216 |

## HOOFSTUK 6: RIGLYNE VIR DIE REPERTORIUMSAMESTELLING VAN HOëRSKOOLKORE

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding | 223 |
| 6.2 | Doelstelling | 228 |
| 6.3 | Standaardverhoging | 228 |
| 6.4 | Repertoriumkeuse - 'n groot uitdaging | 231 |
| 6.5 | Die belangrikheid van repertoriumkeuse | 231 |
| 6.6 | Beplanning van 'n repertorium | 231 |
| 6.7 | Riglyne aangaande repertoriumkeuses | 232 |
| 6.7.1 | Algemene riglyne | 232 |
| 6.7.1.1 | Komposisie - mooi of interessant | 232 |
| 6.7.1.2 | Komposisie - oorspronklik of populêr | 233 |
| 6.7.1.3 | Onbeduidende musiek | 234 |
| 6.7.1.4 | Entoesiasme | 236 |
| 6.7.1.5 | Verhouding tussen koor en koorleier | 237 |
| 6.7.1.6 | Ritme, melodie en harmonie | 237 |
| 6.7.1.7 | Teks | 238 |
| 6.7.1.7.1 | Vertaling | 238 |
| 6.7.1.8 | Vokale uitgangspunt | 241 |
| 6.7.1.9 | Styl en vermoë van die koorleier en koor | 241 |
| 6.7.1.9.1 | 'n Té moeilike repertorium | 242 |
| 6.7.1.9.2 | 'n Maklike repertorium | 243 |
| 6.7.1.10 | Selfevaluering/kritiek | 244 |
| 6.7.1.11 | Grootte van 'n saal en akoestiek | 245 |
| 6.7.2 | Riglyne met die keuse van repertorium in die aanvangs of beginnerstadium | 246 |
| 6.7.2.1 | Unisoonlied | 246 |
| 6.7.2.2 | Die verdeling in té veel stempartye | 246 |
| 6.7.2.3 | Tessiture | 247 |
| 6.7.2.4 | Homofoniese komposisies | 248 |
| 6.7.2.5 | Dinamiese uiterstes | 248 |

6.7.2.6 'n Bekende repertorium 249
6.7.2.7 Onbegeleide koorsang 250
6.7.2.8 Tempo 250
6.7.3 Riglyne vir kore in die Gevorderde Afdeling 251

6.8 Riglyne vir programsamestelling 253
6.8.1 Koorkompetisies 253
6.8.1.1 Kompetisiekeuses 253
6.8.1.2 Koorkompetisies in die praktyk 258
6.8.1.2.1 Samevatting 262

6.8.2 Koorfeeste 264
6.8.2.1 Riglyne vir koorfeesrepertorium 264
6.8.2.2 Koorfeeste in die praktyk 266
6.8.2.2.1 Samevatting 269

6.8.3 Riglyne vir repertoriumkeuse vir die erediens 271

6.9 Probleme met repertoriumkeuse 272
6.9.1 Die opleiding/gebrek aan opleiding van koorleiers 272
6.9.2 Die beskikbaarheid/bekombaarheid van repertorium 273

6.10 Repertoriumewolusie 273

**HOOFSTUK 7: KOORKOMPETISIES EN KOORFEESTE**

A KOORKOMPETISIES

7.1 Die filosofie van kompetisie 275
7.1.1 Historiese gegewens 276

7.2 Herlewing van koorsang en koorkompetisies in Engeland 276
7.2.1 Die tonika-solfastelsel 276
7.2.2 Kompetisies 278
7.2.2.1 Eisteddfod 278
7.2.2.2 Koorkompetisies 278

7.3 Koorkompetisies in die Kaapprovinsie 279
7.4 Koorkompetisies in die Oranje-Vrystaat 280

| | | |
|---|---|---|
| 7.5 | Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging | 282 |
| 7.5.1 | Optredes van skoolkore by kunswedstryde | 283 |
| 7.5.2 | Pogings om die kompetisie-element af te skaal | 284 |
| 7.6 | Die ATKB-koorkompetisie en die herlewing van koorkompetisies in die Oranje-Vrystaat | 285 |
| 7.6.1 | Aanvanklike funksionering van die ATKB-koorkompetisie | 285 |
| 7.6.2 | Wysiging van die ATKB-kompetisiestelsel | 287 |
| 7.6.3 | Die bydrae van die ATKB(V) tot skoolkoorsang in die land met spesifieke verwysing na die Oranje-Vrystaat | 290 |
| 7.6.3.1 | Nuwe belangstelling in koorsang | 290 |
| 7.6.3.2 | Identifisering van potensiaal | 290 |
| 7.6.3.3 | Verhoging van standaard | 291 |
| 7.6.3.4 | Die byeenbring van talent en kundigheid | 292 |
| 7.7 | Die Oranje-Vrystaattrofee vir koorsang | 292 |
| 7.7.1 | Ontstaan van die kompetisie | 292 |
| 7.7.2 | Wysiging van die kompetisie | 297 |
| 7.7.2.1 | Streekkompetisie | 298 |
| 7.7.3 | Programvereistes | 299 |
| 7.7.4 | Uitslae van die Oranje-Vrystaattrofeekompetisie | 299 |
| 7.8 | Bydrae van koorkompetisie tot skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat | 300 |
| 7.9 | Die voor- en nadele van skoolkoorkompetisies | 301 |
| 7.9.1 | Die voordele van koorkompetisies | 302 |
| 7.9.1.1 | Die ontstaan van skoolkore | 302 |
| 7.9.1.2 | 'n Geleentheid tot evaluering | 303 |
| 7.9.1.3 | Koorkompetisies maak 'n skoolkoor bekend | 303 |
| 7.9.1.4 | Koorkompetisies verleen 'n bestaansreg en prestige aan die kooraktiwiteit | 303 |
| 7.9.1.5 | Koorkompetisies dien as motivering | 304 |
| 7.9.1.6 | Koorkompetisies verhoog die standaard | 305 |
| 7.9.1.6.1 | Repetisietyd neem toe (frekwentatief en kwantitatief) | 305 |
| 7.9.1.6.2 | Kennis van gesaghebbendes op koorgebied word ingewin | 305 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9.1.6.3 | Nuwe repertoriumneigings ontstaan | 306 |
| 7.9.1.6.4 | Koorkompetisies bied 'n geleentheid tot ontwikkeling van smaak | 306 |
| 7.9.1.6.5 | Koortegnieke word bestudeer | 307 |
| 7.9.1.7 | Koorkompetisies dien as sosiale saambindingsfaktor | 307 |
| 7.9.1.8 | Selfbeeld van die individu | 308 |
| 7.9.1.9 | Samewerking van skoolhoof | 308 |
| 7.9.2 | Die nadele van koorkompetisies | 309 |
| 7.9.2.1 | Kompetisies is vreemd aan die kunsvorm | 309 |
| 7.9.2.2 | Koorkompetisies is slegs 'n korttermynmotivering | 309 |
| 7.9.2.3 | 'n Ongewenste klemverskuiwing | 310 |
| 7.9.2.4 | Koorkompetisies beperk deelname | 310 |
| 7.9.2.5 | Koorkompetisies lei nie noodwendig tot algemene verhoging in standaard nie | 310 |
| 7.9.2.6 | Koorkompetisies verleen soms 'n negatiewe konnotasie aan koorsang | 311 |
| 7.9.2.7 | Musiekopvoeding in koorverband word deur koorkompetisies belemmer | 312 |
| 7.9.2.8 | Die inherente skoonheid van die musiek gaan soms verlore | 313 |
| 7.9.2.9 | Naywer en afguns is gewoonlik sinoniem met koorkompetisies | 313 |
| 7.10 | Samevatting | 314 |

B KOORFEESTE

| | | |
|---|---|---|
| 7.11 | Verskeie tipes koorfeeste | 316 |
| 7.11.1 | Die onderskeie koorfeeste | 318 |
| 7.12 | Koorfeeste 'n verskuilde kompetisie? | 319 |
| 7.13 | Kritiek teen koorfeeste | 319 |
| 7.13.1 | Koorlede deel nie aan die fees nie | 319 |
| 7.13.2 | Té veel koorfeeste | 320 |
| 7.14 | Die waarde van koorfeeste | 320 |

## HOOFSTUK 8: DIE BYDRAE VAN SKOOLKOOR-AKTIWITEITE TOT DIE MUSIEKOPVOEDING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Inleiding | 321 |
| 8.2 | Koorsang as medium vir musisering | 323 |
| 8.3 | Musiekonderrig in koorverband | 323 |
| 8.4 | Die doel van musiekopvoeding in koorverband | 326 |
| 8.4.1 | Opvoeding - omhoogleiding | 326 |
| 8.4.2 | Die ontsluiting van die kind in sy totaliteit | 326 |
| 8.4.2.1 | Ontsluiting in die estetiese | 329 |
| 8.4.2.1.1 | Vind estetiese opvoeding deur middel van musisering in koorverband plaas? | 331 |
| 8.5 | Skematiese voorstelling van musiekopvoeding deur middel van verskillende mediums | 332 |
| 8.6 | Musiekopvoeding - Toekomsvisie | 332 |
| 8.7 | Samevatting | 333 |


## HOOFSTUK 9: GEVOLGTREKKING EN SLOTOORSIG


| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Gevolgtrekking | 334 |
| 9.2 | Slotoorsig | 339 |
| 9.3 | Toekomsvisie | 340 |

BYLAAG A 342

- Radioles van P. J. Lemmer 343
- Korrespondensie van C. F. Broeksma gerig aan Lemmer 346
- Lys van komposisies deur P. J. Lemmer 348

| | | |
|---|---|---|
| • The tinkling of the bells | | 353 |
| • Kokkewiet | | 359 |
| BYLAAG B | | 363 |
| Vraelyste: | | |
| • Vraelys 1 | (Algemene inligting aangaande skoolkooraktiwiteite) | 364 |
| • Vraelys 2 | (Voorkeure vir repertoriumsamestelling) | 372 |
| BYLAAG C | | 373 |
| • Psalm 42 | - Bourgeois | 374 |
| • Locus Iste | - Anton Bruckner | 375 |
| • Môre Oompie | - Afrikaanse volkswysie verwerk deur Henk Temmingh | 377 |
| BYLAAG D | | 382 |
| • Trisagion | - Pieter de Villiers | 383 |
| • Praise the Lord | - Emma Lou Diemer | 384 |
| • Himne | - Roelof Temmingh | 399 |
| • Glorificamus | - Eugene Butler | 418 |
| • Exsultate Deo | - Allesandro Scarlatti | 429 |
| • Mountain Nights | - Zoltán Kodály | 435 |
| BRONNELYS | | 440 |
| OPSOMMING | | 460 |
| SUMMARY | | 463 |

# *LYS VAN FOTO'S*


Die Hartebeesfonteinse Blaasorkes onder leiding van P. J. Lemmer 18

Lemmer as musiekstudent aan die Normaal- en Politegniese Kollege, Bloemfontein 18

Lemmer bespreek die partituurbesonderhede van *Dawid Die Herderseun* met soliste en orkeslede 41

Lemmer: 'n uitmuntende pianis en klavierdosent 44

Lemmer dirigeer 'n massakoor van 4000 leerlinge 44

Lemmer ontvang die *Dekorasie vir Voortreflike Diens* 47

Die koor van die Hoërskool Sentraal onder leiding van Michael Casaleggio 83

Die koor van die Hoërskool Sentraal onder leiding van Huibrie Verster 83

Die optrede van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje tydens die Roodepoortse Eisteddfod 112

Die koor van die Hoërskool Sand du Plessis onder leiding van Corné van Pletzen 130

Die koor van die Primêre Skool Willem Postma onder leiding van Ingrid van Aardt 146

Die koor van die Hoërskool Kroonstad onder leiding van Yvonne Rossouw 166

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 Historiese oorsig

Die musiekkultuur van die Oranje-Vrystaat[1] is reeds dekades so prominent dat dit 'n beduidende invloed op die algemene kultuurontwikkeling in die land uitgeoefen het. Die verbintenis van nasionale musiekpersoonlikhede soos David Roode, Petrus Lemmer en Dirkie de Villiers met die Oranje-Vrystaat, intensifiseer hierdie bewussyn aangaande die kaleidoskoop van musiekaktiwiteite in die provinsie. Hierdie persone se statuur word erken en hulle word geëer vir hulle bydrae tot die musiekontwikkeling in die land.

In die Oranje-Vrystaat is daar drie instansies wat 'n geruime tyd reeds as fasiliteerders van sowel die ewolusionêre as 'n rewolusionêre vooruitgang op musiekgebied dien, te wete:

- **Die Vrystaatse Onderwysdepartement,** met merkwaardige insentiewe deur musiekinspekteurs[2] soos Petrus Lemmer, Dirkie de Villiers, Tersteegen van Huyssteen, Chris Heyns, Andries Wassermann, Danie Hyman en Jacobus Bouwer. Die stigting van die Vrystaatse Jeugkoor[3] (1965) en die Bloemfonteinse Kinderkoor (1987) sou 'n verrykende en positiewe uitwerking op die skoolkoortradisie in die provinsie hê. Vakmusiek,

---

1 Die naam van die provinsie het in 1995 na *Vrystaat* verander, maar aangesien hierdie studie juis die era voor 1995 dek, word in hierdie verhandeling om historiese redes steeds na *Oranje-Vrystaat* verwys.

2 Die benaming *inspekteur* het intussen na *superintendente van onderwys* en in junior-posvlakke na *vakadviseurs* verander, maar vir die doel van dié studie word steeds na *musiekinspekteurs* verwys.

3 Die Vrystaatse Jeugkoor was 'n geruime tyd 'n versinnebeelding van die musiekonderrig in die provinsie.

Klasmusiek (Sub A tot Standerd 10) en buitekurrikulêre musiekonderrig[1] is ook in die provinsie op 'n besonder bevredigende peil gebring. (De Villiers, 1993:onderhoud)

□ **Die Musiekdepartement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat** het sedert die stigting daarvan die standaard van musiekopleiding van voornemende musiekonderwysers (en gevolglik ook skoolkoorleiers) voortdurend verhoog. Die rol van die Vrystaatse Universiteitskoor en die Pro Eclessia-koor in die musiekkultuur en koorlewe in die provinsie, kan in dié verband nie onvermeld gelaat word nie[2].

□ **Die Streekraad vir Uitvoerende Kunste in die Oranje-Vrystaat (SUKOVS)** het met die aanbieding van operas, simfonie- en ander musiekkonserte 'n misbare bydrae tot die musiekkultuur in die provinsie gelewer. SUKOVS het terselfdertyd met musiekuitvoerings en besoeke aan skole as 'n bykomende bron van musiekopleiding vir die gemeenskap gedien. Die rol van die SUKOVS-simfonieorkes[3] in die musiekkultuur van die provinsie moet uitgesonder word. Die Bloemfonteinse Kinderkoor asook die Edtra Youth Choir is inisiatiewe van SUKOVS en tree ook onder die vaandel en beskerming van dié instansie op.

---

1 Buitekurrikulêre onderrig word in klavier en orkesinstrumente aangebied. Die onderrig in orkesinstrumente en die verskeie orkeste wat gevolglik in die provinsie ontstaan het, is deur die ander provinsies beny en as rolmodel nagevolg. Wat die orkesprogram betref, is daar benewens die Vrystaatse Jeugorkes en talle ander orkeste in Bloemfontein ook orkeste in ander kultuursentra in die provinsie. Al dié orkeste is 'n produk van die uitmuntende onderrig wat in orkesinstrumente in die provinsie gegee word.

2 Beide kore het aan koorlede 'n informele geleentheid tot opleiding as voornemende koorleiers gebied. Dié geleentheid kan as die vernaamste bron van opleiding van skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat beskou word.

3 Die beskikbaarheid van lede van die orkes het dit moontlik gemaak om in samewerking met die Vrystaatse Univeristeitskoor werke soos die *Messias* deur Handel en die *Johannes-* en *Matteuspassie* deur J. S. Bach as gereelde instellings aan die publiek te kon bring. Die lede van die orkes vorm ook die nukleus van die orkesprogram in die provinsie.

Dié drie genoemde instansies se onderskeie bydraes word allerweë erken. Navorsing oor die lewe en werke van persoonlikhede soos P. J. Lemmer, David Roode en Dirkie de Villiers, asook oor die totstandkoming van die Vrystaatse Jeugkoor, is reeds gedoen en deels gepubliseer. Die totstandkoming van die lofwaardige en veelbesproke orkesprogram in die Oranje-Vrystaat is op dergelike wyse onder die loep geneem[1]. Een van die oudste[2] steunpilare van die musiekkultuur in die **provinsie**, die skoolkore en hul bydrae tot die musiekkultuur het egter nie die regmatige erkenning verkry nie en is op navorsingsterrein genegeer. Dit wil ook voorkom of die onontbeerlike bydrae van skoolkore tot die kooraktiwiteit in **Suid-Afrika** nie die regmatige erkenning verkry het nie.

Ten spyte daarvan dat die omvang en gehalte van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat reeds vier dekades lank bekend is, is musisering op hierdie amateursvlak nie na behore gewaardeer en erken nie. 'n Moontlike rede vir die gebrek aan sodanige erkenning is die wanopvatting dat die onderrig in klavier en orkesinstrumente deur gekwalifiseerde musiekonderwysers superieur is aan klasmusiek en klasmusiekverwante aktiwiteite soos koorsang. Die onbevredigende standaard van koorwerk wat deur sommige koorleiers gehandhaaf is en vandag nog gehandhaaf word, is moontlik ook vir hierdie persepsie verantwoordelik. Eric Ericson, befaamde koorleier van Swede, vind dat die tendens om kooraktiwiteite as minder belangrik te

---

1 Verhandelings is geskryf oor die lewe en werke van Dirkie de Villiers (Edward Aitchison), die totstandkoming van die Vrystaatse Jeugkoor (Huibrie Verster), asook oor die totstandkoming van die Vrystaatse Simfonieorkes (Gerrit Steenkamp).

2 *Van die begin van die eeu was daar in Bloemfontein 'n lewendige belangstelling in koorsang. Kooruitvoerings is meesal flink deur die publiek bygewoon en hierdie belangstelling was op sigself vir kore en dirigente 'n aansporing. Met verloop van tyd het faktore soos kunswedstryde en radio-uitsendings as bykomende uitdaging en inspirasie gedien sodat daar mettertyd in Bloemfontein 'n tradisie van koorsang opgebou is.* (Human, 1976:63)

beskou aan musiekkonservatoria, 'n wêreldwye verskynsel is: *My assumption is that at many colleges of music there is still too much difference in prestige of being trained as an orchestral conductor or as 'just a choir conductor'. This state reflects unfortunately a rather general way of looking upon choral singing as an inferior art of music in our concert life. It is very often looked upon as mainly an affair for amateurs. The roots of these circumstances must be sought out in the often remarkable weak choral programs that exists even at many of our most prestigious colleges and conservatoires of music.* (Ericson, 1993:5)

'n Meerderwaardigheidsgevoel het met verloop van tyd by veral mede-musici teenoor die werk van skoolkore, waarskynlik weens onkunde ontstaan. Die noodgedwonge[1] werkswyse van koorleiers om koorlede stempartye deur middel van herhaling aan te leer, asook die feit dat koorleiers nie taakgerig[2] opgelei en gekwalifiseer is nie, het meegebring dat ander opgeleide musici (soos byvoorbeeld orkesmusici) op die werk wat mede-kollegas met skoolkore doen, neersien. Die feit dat die owerhede die orkesprogram as belangrik genoeg beskou om 'n persoon (Gerhard Geist) uit die buiteland aan die hoof daarvan aan te stel, terwyl iemand plaaslik verantwoordelikheid moet neem vir die afrigting van die Vrystaatse Jeugkoor (Danie Hyman), bevestig ook hierdie wanpersepsie.

1 Aangesien slegs 'n onbeduidende persentasie koorlede musieknotasie kan lees, word koorleiers gedwing om nuwe koorwerke deur middel van nabootsing en memorisering vir die koorlede aan te leer.
2 Studente in Suid-Afrika word hoegenaamd nie voldoende as koorleiers opgelei nie. In teenstelling hiermee is dit volgens Ericson (1993:lesing) in Swede moontlik om twaalf jaar lank op tersiêre vlak (tot op magistervlak) koorleiding te bestudeer .

## 1.2 Noodsaaklikheid en doel van die ondersoek

Die insentiewe van sekere individue sedert die dertigerjare en die dinamiese ontwikkeling van die skoolkoorstandaard sedert die begin van die tagtigerjare in die Oranje-Vrystaat soos ook landswyd, het as stimilus vir die studie gedien. Die studie is verder relevant aangesien die skoolkore 'n belangrike rol gespeel het in verhoging van koorsangstandaarde in Suid-Afrika. Geen nagraadse studie is voorheen oor die skoolkore in die Oranje-Vrystaat onderneem nie, en aangesien daar (sover bekend) ook nie navorsing oor skoolkore in ander provinsies gedoen is nie, is hierdie studie relevant omdat dit ook verteenwoordigend kan wees. Die werk wat oor dekades deur toegewyde skoolkoorleiers onder ongunstige omstandighede[1] gedoen is, verkry sodoende, soos op ander wyses in die afgelope dekade, uiteindelik tog 'n mate van erkenning[2].

Die doel van die studie is om deur middel van 'n historiese en empiriese ondersoek die aktiwiteite van skoolkore in die provinsie na te vors en om veral die werkswyses van sekere suksesvolle huidige koorleiers aan te toon sodat dit moontlik vir voornemende skoolkoorleiers as riglyn kan dien. 'n Verdere doelwit is om op hierdie wyse aan merkwaardige koorleiers in die

1 Die leerlingtal van die skool wat op sy beurt die koorledetal beïnvloed, beskikbare potensiaal, onvoldoende repetisietyd, onbevredigende tydsgleuf vir repetisies, wedywering met veral sportaktiwiteite om oefentyd, onbevredigende oefenfasiliteite, antipatie van ouers, medekollegas en veral skoolhoofde jeens die kooraktiwiteit is maar sommige van die elemente wat die taak van die koorleier bemoeilik. Acama Fick, (1993:onderhoud) voormalige koorleier van die Stellenbosse Universiteitskoor, huldig die standpunt dat koorleiers gewoonlik in 80% van die tyd in ongunstige omstandighede hul taak moet verrig. Volgens dr. Walter Collins (1994:lesing), bekende koorleier van Engeland, is die genoemde tipiese probleme wat met skoolkore geïdentifiseer word, 'n tendens wat dwarsoor die wêreld aangetref word.

2 Die bewussyn aangaande skoolkooraktiwiteite het hoofsaaklik ontstaan omdat skoolkore in die Oranje-Vrystaat in die afgelope sowat 'n dekade puik prestasies op provinsiale en nasionale vlak begin lewer het. As gevolg van hierdie prestasies het kore gevolglik dieselfde publisiteitswaarde, indien nie meer nie, as sportaktiwiteite verkry.

provinsie erkenning te verleen - iets wat in die verlede verwaarloos is. Waar daar skoolkore is wat oor 'n besondere tradisie (in terme van jare) beskik, word relevante inligting aangaande die vroeëre aktiwiteite van die koor verstrek. Ander verbandhoudende aspekte van die ontwikkeling van skoolkore soos individue wat koorsang in die provinsie beïnvloed het, die rol van skoolkoorleiers, opleiding van koorleiers, koorsamestelling, repetisietyd, repetisieprosedure, repertorium en optreegeleenthede soos koorfeeste en koorkompetisies is ook nagevors om die aandeel daarvan in die totstandkoming en verbreding van 'n Vrystaatse koortradisie te ondersoek.

## 1.3 Hipotese wat ondersoek sal word

Weens die lofwaardige werk wat sedert die dertigerjare met skoolkore in die provinsie gedoen is, het die verwagting ontstaan dat skoolkore eintlik 'n medium vir musiekopvoeding in groepverband moet wees. Die probleem is egter dat die aktiwiteite en suksesse van skoolkore tydens koorfeeste en kompetisies nie 'n waarneembaar positiewe invloed op die praktyk van musiekopvoeding uitoefen nie. Omdat skoolkoorsang 'n prominente aktiwiteit van musiekbeoefening in die Oranje-Vrystaat is, word dit gevolglik krities ondersoek. Die navorsing oor die invloed van die talle koorkompetisies en koorfeeste hou regstreeks hiermee verband.

## 1.4 Navorsingsontwerp

Die hoofstukindeling is soos volg:

**Hoofstuk 1** bied 'n uitleg oor die doel en noodsaaklikheid van die studie, die hipotese wat ondersoek sal word, die navorsingsontwerp en metode van navorsing.

**Hoofstuk 2** toon die bydrae van P. J. Lemmer tot die musiekkultuur en kooraktiwiteit in die Oranje-Vrystaat aan. Aangesien P. J. Lemmer allerweë as die inisieerder van die skoolkoortradisie in die Oranje-Vrystaat beskou word en sy invloed steeds deur middel van die aktiwiteite van sy leerlinge waargeneem kan word, word 'n volledige bespreking van sy lewe en werksaamhede in hierdie hoofstuk aangebied. Op hierdie wyse is in dié verhandeling aan hom erkenning verleen, maar die belangrike historiese aanloop van die skoolkoortradisie is ook in perspektief geplaas.

**Hoofstuk 3** handel oor die aktiwiteite van geselekteerde prominente skoolkore en hulle koorleiers in die provinsie. Die verwysing na standaard van die skoolkore onder bespreking word beperk tot die inligting ingewin deur onderhoude, koerantresensies en uitslae van Eisteddfau en koorkompetisies en nie deur subjektiewe evaluering nie. Die kommentare van sommige skoolhoofde aangaande die werksaamhede van skoolkoorleiers verskyn ook in die hoofstuk ten einde die veranderde (positiewe) houding van skoolhoofde jeens die aktiwiteit aan te toon.

In **Hoofstuk 4** word die huidige stand van skoolkore in die provinsie deur inligting uit vraelyste verkry, statisties aangetoon.

**Hoofstuk 5** bespreek die repertoriumtendense van skoolkore in die Oranje-Vrystaat.

In **Hoofstuk 6** word riglyne vir repertoriumsamestelling vir die hoërskoolkoor gegee.

**Hoofstuk 7** bespreek die beginsel van koorkompetisies en koorfeeste. Die voor- en nadele daarvan word ook ondersoek.

**In Hoofstuk 8** word die meriete van musiekopvoeding deur middel van koorsang bespreek.

**Hoofstuk 9** verskaf gevolgtrekkings oor die navorsing en 'n slotoorsig word aangebied.

## 1.5 Metode van navorsing

### 1.5.1 Persoonlike onderhoude

Aangesien daar geen vorige navorsing op die terrein gedoen is nie, was onderhoude met skoolkoorleiers 'n primêre bron van inligting. 'n Selektering van kore is vooraf gedoen en die individuele koorleiers is aangaande hul eie kore en die kore van ander skole uitgevra.

In die selektering van skoolkore was die volgende aspekte vir navorsingdoeleindes deurslaggewend:

□ **Kultuursentra**
Skoolkore in erkende kultuursentra soos Bloemfontein, Bethlehem en Kroonstad is bestudeer, aangesien aanvaar is dat daar vanweë 'n kultuurbewussyn en kultuurgeskiedenis in hierdie sentra 'n onderlinge invloed van die kore na mekaar toe uitgegaan het. Een koor (die Primêre Skool Hennenman onder leiding van mev. Hettie Bothma) het nie binne een van die genoemde sentra geresorteer nie, en is vanweë sy uitsonderlike verdienste ingesluit.

□ **Deelname aan koorkompetisies en koorfeeste**
Skoolkore wat dikwels aan kompetisies en koorfeeste deelneem en uitsonderlik presteer, is geselekteer.

□ **Koortradisie**

Kore wat oor 'n lang koortradisie beskik, het uiteraard in aanmerking gekom.

Die meer prominente kore is as teikengroep gebruik, aangesien inligting oor minder aktiewe skoolkore nie vir die navorsing beduidend sou wees nie. Onderhoude is ook met gesaghebbendes op die Suid-Afrikaanse koorgebied gevoer om standpunte oor koortradisies en -gebruike te kon evalueer.

### 1.5.2 Literatuurstudie

'n Wye literatuurstudie is gedoen om koortegniese aspekte soos keuring van koorlede, samestelling van die koor, stemoefeninge, repertoriumkeuses en optreegeleenthede (soos koorfeeste en koorkompetisies) in perspektief te plaas.

### 1.5.3 Koorprogramme

Koorprogramme van koorfeeste, koorkompetisies en ander koorkonserte is bestudeeer ten einde repertoriumtendense te identifiseer.

### 1.5.4 Plaat- en kassetopnames

Waar moontlik is plaat- en kassetopnames van skoolkore beluister om 'n ontwikkelingslyn van koorstandaard vanaf die sestigerjare tot die huidige era te kon volg.

### 1.5.5 Argivale bronne

Die biografiese navorsing oor P. J. Lemmer (Hoofstuk 2) is hoofsaaklik by die musiekafdeling van die **Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum,**

Bloemfontein gedoen. Die meeste bronne wat aldaar geraadpleeg is, het 'n aanwinsnommer. Waar daar van bronne sonder aanwinsnommer melding gemaak word, is dit geneem uit die onvoltooide magister-verhandeling van mev. Isolde Beukes. Plakboeke oor kooraktiwiteite in argiewe van skole het verdere insiggewende inligting aan die lig gebring.

### 1.5.6 Vraelyste

Twee vraelyste is vir navorsingsdoeleindes saamgestel:

Die afdeling aangaande repertoriumtendense is hoofsaaklik nagevors deur middel van vraelyste wat persoonlik met prominente koorleiers hanteer is. In Hoofstuk 4 word die bevindinge van 'n tweede vraelys, wat aan skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat gestuur is, aangebied.

## 1.6 Probleme rondom die ondersoek

Aangesien daar weinig geskrewe inligting oor die geselekteerde kore en hul koorleiers bestaan, is daar van ander metodes van navorsing gebruik gemaak. Persoonlike onderhoude het gevolglik 'n primêre bron van inligting uitgemaak.

Die subjektiewe weergawe van skoolkoorleiers aangaande die aktiwiteite van hul betrokke skoolkoor het dit noodsaaklik gemaak dat daar ook van plaatopnames, plakboeke, programme en koerantresensies gebruik gemaak moes word ten einde 'n meer objektiewe beeld van die koorleiers en kore te kon verkry.

## 1.7 Probleme rondom die verifiëring van inligting

In die plakboeke in persoonlike besit van koorleiers of in skoolargiewe is talle koerantuitknipsels gevind wat wel waardevolle bykomende inligting oor sommige kore en koorleiers verskaf het. In die meeste van dié gevalle is die datum van die knipsel afgesny en kon daar nie van die spesifieke datum in die verwysing gebruik gemaak word nie. Die inligting uit talle van dié uitknipsels verkry is egter van so 'n aard dat dit 'n leemte sou laat indien dit nie gebruik is nie. Waar daar van hierdie koerantuitknipsels gebruik gemaak is, is dit oorwegend uit *Die Volksblad.* Dit het daartoe gelei dat daar nie van dié knipsels in die bronnelys verslag gedoen kon word nie. In ander gevalle weer het die datum van die knipsel behoue gebly deurdat die koorleiers dit persoonlik op die knipsel aangebring het, maar die opskrif daarvan is afgesny. Die problematiek met die verwysing van die knipsels het daartoe gelei dat ten einde in die bronnelys eenvormigheid te verkry, daar nie van die opskrifte van koerantberigte melding gemaak word nie.

# HOOFSTUK 2

## P. J. LEMMER, DIE GRONDLEGGER VAN 'N MUSIEK- EN SKOOLKOORTRADISIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 2.1 Inleiding

Petrus Johannes Lemmer (1896-1989) is onlosmaaklik verbind met die skoolkoortradisie in die Oranje-Vrystaat. Hierdie veelsydige pioniermusikus[1] het vanaf die dertigerjare vanweë sy posisie as musiekopvoedkundige[2] 'n merkwaardige invloed op die musiekonderwys in die provinsie uitgeoefen. Om die pionierswerk van Lemmer as komponis in konteks te sien, moet dit teen die agtergrond van die Anglo-Boerekultuurstryd aan die einde van die vorige eeu geplaas word. Uniewording (1910) en die eerste Wêreldoorlog (1914-1917) het die Afrikanergemeenskap intens geraak. Die bevordering van Afrikaans was van wesensbelang en die Afrikaanse taalstryders is deur die Suid-Afrikaanse komponiste ondersteun. Die gevolg was dat die ernstige Suid-Afrikaanse musiek van daardie tydperk feitlik sinoniem met die Afrikaanse lied geword het. Die komponiste van daardie tyd word soms die *Eerste Afrikaanse Musiekbeweging* genoem. (Hauptfleisch, 1990:2)

Die invloed wat 'n persoon uitoefen kan dikwels eers na 'n geruime

---

1 In 'n tydperk van die Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis toe musiekopleiding en ander vertakkinge van die musieklewe weinig ontwikkeling getoon het, het Lemmer inisiatief geneem om talle betekenisvolle projekte van stapel te stuur - soos later in die hoofstuk sal blyk.

2 Lemmer het sleutelposte in die musiekonderwys van die provinsie beklee en was as gevolg daarvan by magte om 'n beduidende invloed uit te oefen.

tyd objektief beoordeel word. Met P. J. Lemmer was dit nie die geval nie; hy is reeds in sy leeftyd erken en geëer vir sy bydrae as komponis, uitvoerende kunstenaar en musiekopvoedkundige. Reeds in 1967 het Tersteegen van Huyssteen, inspekteur van skolesang en musiek, P. J. Lemmer as 'n spilfiguur in die musieklewe van die Oranje-Vrystaat beskou[1]. Lemmer self kon nie kla oor 'n gebrek aan erkenning jeens hom nie: *My volk het nog altyd waardeer wat ek vir hulle gedoen het. Daar is byvoorbeeld al twintig Lemmer-huldigingsaande oor die land gehou (die eerste was in 1937) en die SAUK hou op 3 Mei 'n halfuur-uitsending van my werk ter viering van my (tagtigste) verjaarsdag.* (*Die Burger*, 15 April 1976)

Lemmer word allerweë as die grondlegger van die skoolkoortradisie in die Oranje-Vrystaat beskou. Hy het egter beskeie besef dat dit 'n lang pad van harde werk was: *Om die standaard van die sang in die Vrystaat te kry by die gehalte van vandag, het baie harde werk gekos. Vir baie jare het in Bloemfontein en in die Vrystaat die een gesogte sanguitvoering (kooruitvoering) na die ander gereeld gevolg onder die stok van ywerige dirigente.* (*Die Volksblad*, 19 Mei 1960) Hierdie opmerking is reeds drie dekades gelede gemaak en vandag word steeds die vrugte van sodanige werk gepluk.

Waar Lemmer as organiseerder vir skoolsang in die Vrystaat beweeg het, het hy met sy entoesiasme *koorvure*[2] aangesteek en orals is skoolkore gestig. Met sy goeie organisasievermoë en die samewerking van die eertydse

---

1 *... ek kan aan geen ander vergelykbare figuur dink wat in hierdie periode die musieklewe van die provinsie in al sy fasette so konstruktief beïnvloed het soos hy nie.* (NALN:nommer 226/80/11)

2 Lemmer het met sy besieling ten opsigte van koorsang talle ander persone geïnspireer om ook kore te stig en af te rig. Sy eie kore, die inisiatief met massakore en veral die koorkompetisies wat hy georganiseer het, het veel tot die stigting van ander kore bygedra.

Direkteur van Onderwys (dr. S. Pellissier) was hy die inisieerder van talle sangfeeste. (Ferreira, 1993:onderhoud) Volgens mnr. Dirkie de Villiers, voormalige Hoof:Musiek in die provinsie, was die Vrystaat ook buite sy grense vir die bedrywigheid rondom skoolkooraktiwiteite bekend: *Nog lank voordat ek in die Vrystaat aangestel is, het ek geglo die kultuur eindig by die Hexrivierberge, maar ek het uit die aard van my belangstelling dikwels die naam "Vrystaat" in samehang met "skoolkore" gehoor. 'n Ander naam wat ek dikwels gehoor het was dié van P. J. Lemmer.* De Villiers verklaar verder aangaande P. J. Lemmer: *Die tafel was vir my gedek (sic) gewees toe ek die pos in die Vrystaat aanvaar het*[1]. (1993:onderhoud)

Tydens 'n persoonlike onderhoud het prof. Petru Gräbe op die vraag of hy die standaard van skoolkore in die Vrystaat as besonder hoog ag, soos volg geantwoord: ... *dit sal waarskynlik te doen hê met die hele geskiedenis van musiekonderrig en die houding van die onderwysdepartement van die Vrystaat aangaande hierdie onderrig.* (1994:onderhoud) Dit sou nie voortydig wees om reeds op hierdie stadium *Lemmer se bydrae tot die musiekonderwys in die Oranje-Vrystaat* as die volledige antwoord op die vraag wat aan prof. Gräbe gestel was, te beskou nie. Die Lemmer-era behoort vandag vergete te wees, maar daar is min musiekpersoonlikhede wat nie steeds met die grootste agting van die monumentale werk van P. J. Lemmer praat nie. Lemmer self was in 1960 van mening dat die Vrystaat op daardie tydstip al vyf dekades oor die sterkste skoolkoorsangkultuur van die onderskeie provinsies beskik het. (*Die Volksblad*, 19 Mei 1960)

---

1 *En daar bring ek hulde en hulde aan my voorganger Petrus Lemmer wat die hele kwessie van die skoolkoor sy lewenstaak gemaak het. Byna elke skool in die Vrystaat het 'n skoolkoor gehad op wie hy trots was. Ek het die tradisie net aan die gang gehou, maar dit het gekom van my voorganger Lemmer.* (Aitchison, 1991:203)

Om 'n geheelbeeld van die musieklewe in die Oranje-Vrystaat as noodwendige agtergrond en vertrekpunt vir bestudering van die skoolkoortradisie te kry, is dit dus relevant en trouens ook noodsaaklik om die lewe en werksaamhede van P. J. Lemmer indringend na te vors.

## 2.2 Jeugjare

Petrus Johannes Lemmer is op 3 Mei 1896 te Hartebeesfontein, naby Klerksdorp, gebore. Lemmer se moeder, neé mej Susanna Lombard, stam uit 'n besonder musikale familie. So was haar vader byvoorbeeld bekend as 'n uitstekende bassanger en Lemmer se ooms aan moederskant het almal een of ander musiekinstrument sonder formele opleiding bespeel. (*Die Volksblad*, 29 Januarie 1955)

As plaasseun het hy die normale verantwoordelikhede nagekom wat op die plaas van hom verwag is, maar sy drif om musiek te maak is reeds op 'n vroeë ouderdom geopenbaar. Op tienjarige ouderdom het sy musiekstudies by sy suster Sannie 'n aanvang geneem. Sy het haar broer die "eerste tree", wat klavier- en orrelspel betref, laat neem. Lemmer se moeder het hom ook hierin aangemoedig en het selfs by hom in die kerk gesit wanneer hy geoefen het. (NALN:geen aanwinsnommer)

Sy vordering was klaarblyklik van so 'n aard dat hy op veertienjarige leeftyd die pos as orrelis in die dorp beklee het, die kerkkoorleier was en ook 'n seunskoor op die dorp afgerig het! Reeds op hierdie ouderdom is Lemmer se deursettingsvermoë geopenbaar aangesien hy elke Saterdag ses-en-dertig myl per fiets afgelê het om musieklesse in Klerksdorp[1] by te woon. Ten

1 Klerksdorp het na die ontdekking van goud (1887) 'n baie lewendige musiekkultuur ontwikkel. Klerksdorp was selfs bevoorreg om wêreldberoemde kunstenaars te kon hoor optree. (Voorendyk, 1971:7)

spyte van wind, reën en hael het hy nie 'n enkele les misgeloop nie. (Hauptfleisch, 1987:3) In hierdie tydperk het Lemmer ook inisiatief geneem en met 'n konsert £100 ingesamel om blaasinstrumente aan te koop. Die orkeslede het hy self gewerf, hulle persoonlik onderrig en die orkes ook afgerig[1]. By 'n kloosterskool in Klerksdorp het hy klavier- en harmonie-onderrig van Suster Carmella ontvang. Dit was nie vir Lemmer moontlik om op Hartebeesfontein met goeie musiek in aanraking te kom nie, en om 'n konsert van besondere gehalte te kon hoor het Suster Carmella hom na 'n musiekuitvoering in Potchefstroom geneem. Lemmer onthou dat hy reeds in hierdie jare hoë ideale gekoester het: *How long must I still work with you before I can become an examiner?* was sy vraag aan Suster Carmella. (NALN:geen aanwinsnommer) Hierdie wens is bewaarheid toe Lemmer per geleentheid in King William's Town van haar leerlinge geëksamineer het. Sy was baie trots op haar oud-leerling en na afloop van die eksamensessie moes hy op haar aandrang 'n klavieruitvoering lewer.

---

1 *Lemmer het op daardie stadium weinig kennis van blaasorkeste gehad, maar die Mackay-broers op Potchefstroom kon die nodige inligting verskaf. Katalogusse waarin verskillende orkessamestellings opgegee was, die instrumente, asook boeke met volledige instruksies om die verskillende instrumente te bespeel, was beskikbaar. Op sy tuisdorp het 'n geweldige taak op Lemmer gewag. Eers moes hy self die verskillende instrumente leer bespeel en daarna moes hy die ongeveer 15 orkeslede, wat geen vorige musiekonderrig gehad het nie, begin leer. Oefensessies het in mieliestore plaasgevind. Mieliesakke moes as musiekstaanders dien. Die orkes was vir die Hartebeesfonteiners 'n goeie belegging. Op die dorpe is daar dikwels opgetree, byvoorbeeld by kerkfunksies, huweliksonthale - waarby 'n fooi van 5 pond per uitvoering betaalbaar was. Marse soos "Under the Double Eagle" en "The Glow Worm" van Paul Lincke, walse en intermezzi is deur die orkes gespeel. Vir kerkgeleenthede en huweliksonthale het Lemmer geskikte musiek verwerk. Kersliedere is georkestreer vir Kersfeesfunksies. Dit was ook die gebruik om Kersnag in die dorp rond te loop en Kersmusiek te speel en te sing. Die orkes het uit die volgende instrumente bestaan: 2 Klarinette (B-Mol), 4 Kornette, 2 Trompette, 2 Horings (E-mol), 2 Skuiftrompette (B-mol), 1 Euphonium, 1 Bombardon (B-mol).* (Voorendyk, 1971:126,127,128)

## 2.3 Opleiding

Lemmer het vanaf 1917 gespesialiseerde onderrig in klavier, orrel en harmonie van die bekende professor P. K. de Villiers[1] aan die Normaal- en Politegniese Kollege in Bloemfontein ontvang. Die studie by prof. De Villiers het waarskynlik 'n groot indruk op hom gemaak en dit resulteer in die feit dat hy in 1918 die Onderwyslisensiaat in Klavier verwerf. Lemmer was in daardie stadium reeds bekend vir sy welsprekendheid en by geleentheid van die bekendstelling van prof. De Villiers se suksesvolle lisensiaatstudente was dit hy wat die leerlinge se waardering vir hul onderwyser moes uitspreek. (Hauptfleisch, 1987:4) Gedurende hierdie tydperk het hy ook die gevorderde eksamen in orrel en harmonie geslaag. Lemmer het hier die eerste keer kennis gemaak met gehoortegniek, korrekte oefenmetodes en analitiese musiekbeluistering. (NALN:geen aanwinsnommer) Benewens sy musiekstudies verwerf Lemmer ook die Hoër Primêre Sertifikaat aan die destydse Politegniese Kollege. Tydens hierdie studiejare maak hy kennis met ander begaafde tydgenote soos S. le Roux Marais, Douglas Mossop en Cecilia Wessels.

## 2.4 Eerste aanstelling

Met die selfvertroue wat hierdie kwalifikasies aan hom moes gegee het, is

1 Pieter Kruger de Vos de Villiers is op 16 September 1874 op Caledon gebore. Sy vader, Rocco de Villiers, was ook 'n bekende orrelis en P. K. het sy eerste orrellesse van sy vader ontvang. Hy vertrek na Londen waar hy aan die Koninklike Akademie A R A M en A R C O verwerf het. Hy het in hierdie tyd uitvoerings in die Royal Albert Hall, Crystal Palace, en Queen's Hall gegee. Hy keer na 4 jaar terug na Suid-Afrika waar hy in Worcester en Stellenbosch werksaam was. Prof. P. K. de Villiers was sedert 1911 aan die Politegniese Kollege (Normaalkollege) aangestel. Hy het terselfdertyd ook 'n pos aan die Meisieskool Oranje beklee. Hy werk in Bloemfontein tot in 1923 waarna hy as musiekeksaminator vir die Kaaplandse Onderwysdepartement diens sou doen. Hy is op 17 Desember 1949 in Kaapstad oorlede. (Human, 1976: 295, 543-545, 548)



Die Hartebeesfonteinse Blaasorkes onder leiding van P. J. Lemmer.



Lemmer as musiekstudent aan die Normaal- en Politegniese Kollege, Bloemfontein.

Lemmer in 1919 na Kroonstad, waar hy as orrelis by die Nederduitse Gereformeerde Moedergemeente aangestel is. Daarbenewens het hy 'n musiekateljee by die kerk gehad en was verantwoordelik vir die onderrig van twintig privaatleerlinge in klavier, orrel, sang en harmonie. Lemmer het hier halfhartig gewerk, aangesien die behoefte om steeds verder te studeer vir hom van groot belang was. (NALN:geen aanwinsnommer)

## 2.5 Verdere studies

Lemmer se ideaal met betrekking tot verdere studie is verwesentlik toe sy swaer, dr. Schulenburg aan hom die nodige finansiële steun verleen het om sy studies in Londen aan die Royal Academy of Music voort te sit. Hier het hy in sang, klavier, orrel, komposisie, gehooropleiding en dirigeerkuns studeer. Lemmer was verder bevoorreg om bevriend te raak met die bestuurder van die Bank van Engeland, mnr. Snowball. As gevolg van hierdie verbintenis was dit vir hom moontlik om saam met mnr. Snowball[1] in kringe te beweeg waar hy konserte van 'n uitsonderlike standaard gehoor het. Lemmer het vanselfsprekend in hierdie jare met 'n wye konsertrepertorium vertroud geraak. Die komposisies van komponiste uit die Klassieke periode asook die Impressioniste het veral 'n groot indruk op hom gemaak. Uit hierdie repertoriumontdekkingsperiode sonder Lemmer egter die werke van *Beethoven*[2] uit. Hy was van mening dat hierdie komponis se komposisies vir hom as 'n besondere inspirasie gedien het. (NALN:geen aanwinsnommer)

Lemmer het, soos verwag kan word, met sy entoesiasme en deursettingsvermoë baie goed in Londen gevaar. Hy het buitengewone

---

1 Voorletters onbekend.

2 Tschaikovski is egter meedoënloos deur hom gekritiseer en hy was ook nie 'n *aanbidder* (sic) van Mozart nie. (NALN:geen aanwinsnommer)

werkywer aan die dag gelê en het, afgesien van die baie ure wat hy aan die voorbereiding vir konserte bestee het, soms nege uur per dag geoefen. Weens ooreising het daar verlamming in sy wysvinger ingetree en is hy gedwing om te rus. Hy het vir 'n aansterkingperiode na die eiland *Man* gegaan waar hy volkome herstel het. Uit dankbaarheid het hy sy groot koorwerk *Looft den Heer* gekomponeer; baie jare daarna sou dit as een van die vernaamste Afrikaanse koorwerke gereken word. (Hauptfleisch, 1987:4) Talle medaljes is in hierdie studiejare aan hom toegeken en hy behaal ook die Onderwyserslisensiaat in sang. Volgens die *Suid Afrikaanse Musiekensiklopedie* behaal Lemmer in Londen *LRAM en ARAM.* (Malan, 1984:171) Lemmer se sangtalent moes mense baie beïndruk het, want 'n mede-professoraat[1] aan die Royal Academy of Music is hom aangebied. (Lemmer het in later jare 'n nodule op die stembande ontwikkel as gevolg van oefening terwyl hy ontsteking in sy stembande gehad het.) [NALN:nommer M255/88/16/2] Hy het die posisie as mede-professor slegs 'n kort tydperk beklee en het in dieselfde jaar van sy benoeming na Suid-Afrika teruggekeer.

## 2.6 Terug in Suid-Afrika

Met sy terugkoms na Suid- Afrika in 1923 was Lemmer so begeesterd dat hy spoedig 'n konsert op sy tuisdorp, Hartebeesfontein, georganiseer het. Sy taak om opheffingswerk onder sy eie mense te doen, het toe vir hom begin. Hy het self die kerkkoor vir 'n uitvoering van *Looft den Heer* afgerig en ander eie-komposisies is ook tydens die geleentheid uitgvoer.

---

1 Hierdie aanbieding was die rede waarom mense Lemmer tot met sy heengaan as *professor* aangespreek het.

## 2.7 Malmesbury

In 1924 is Lemmer as orrelis aan die Nederduitse Gereformeerde Gemeente in Malmesbury aangestel, waar hy vir die leiding van die kerkkoor verantwoordelik was. Die gemeenskap was so gretig om van Lemmer se dienste gebruik te kon maak dat sy salaris as orrelis in daardie stadium een van die grootste in die land was. Die burgemeester het self Lemmer se salaris gesubsidieer. (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer was 'n entoesiastiese orrelis en het waarskynlik dinamiese leiding ten opsigte van die gemeentesang gegee. Sy filosofie aangaande kerkmusiek blyk duidelik uit die volgende: *Laat ons aandag skenk aan die gesonde ontwikkeling van ons kerkmusiek. Die koorsang en orrelspel moet 'n eie karakter dra wat inpas by ons eredienste. Ons gemeentes moet meer opgewek en spontaan sing.* (NALN:nommer 705/2810)

In hierdie tydperk het Lemmer ook begin om baanbrekerswerk ten opsigte van musiekopvoeding in Suid-Afrika te verrig. Met die hulp van Jan Luyt wat destyds hoof van die Kaapstadse simfonieorkes was, het hy 'n musiek-konservatorium gestig. Asof hierdie aktiwiteit nie vir Lemmer genoeg was nie, het hy ook met die hulp van Luyt die Swartlandse Musiekkorps gestig. Hy het gereeld met hierdie orkes in nabygeleë dorpe konsertuitvoerings gegee. Die volgende persone was onder meer leerlinge van Lemmer aan hierdie konservatorium:

1924: * Christa Smit: Lisensiaat in klavieronderwys. Later orreliste.
* Tersteegen van Huyssteen: Sangvoordraerslisensiaat. Hy het later hoof geword van die musiekafdeling van die Tegniese Kollege te Kroonstad, en

was nog later bekende musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat, eksaminator en mede-dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor.

1925: * Millicent Houzét: Lisensiaat in klavieronderwys. Sy het die hoogste eksamenpunt in die Unie behaal. * Ivy Williamson: Voordraerslisensiaat in Sang. (Sy was die moeder van professor Chris Swanepoel, voormalige departementshoof van die musiekdepartement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat). * Y. van Eeden: Voordraerslisensiaat in Sang.

1926: * Dorothy Nelson: Voordraerslisensiaat in Sang. (NALN:geen aanwinsnommer)

Een van Lemmer se briljantste leerlinge in daardie stadium, Millicent Houzét, sou ook sy toekomstige eggenote word. Sy en Lemmer het op 1 Desember 1925 'n uitvoering van tweeklavierwerke gegee en ná hul huwelik het hulle ook 'n konserttoer deur die Transvaal onderneem. (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer het in 1928 as hoof van die konservatorium in Malmesbury bedank om 'n betrekking as senior lektor in skoolmusiek aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege, toe beter bekend as die Normaalkollege, te aanvaar. Hy word ook terselfdertyd as orrelis en koorleier in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Bloemfontein (*Tweetoringkerk*) aangestel.

## 2.8 Bloemfontein

### 2.8.1 Orrelis

Met die aanvang van Lemmer se werk in Bloemfontein, was hy ongetwyfeld een van die kundigste en mees ervare musiekpersoonlikhede in die land. Sy oorsese studie en die daaropvolgende ondervinding in Malmesbury het hom by uitnemendheid toegerus om die uitdaging in Bloemfontein te aanvaar. Met die uitsondering van drie kort onderbrekings (sy aanstelling as

musiekdirekteur van die Suid-Afrikaanse Weermag in 1938, sy aanstelling direk daarna in Wellington en daarna sy indiensneming as Hoof van Musiek deur die Oos-Londense Tegniese Kollege vanaf 1956 tot 1957) sou die naam P. J. Lemmer sinoniem word met die musieklewe en musiekonderwys in die Oranje-Vrystaat.

Lemmer was as orrelis[1] verbonde aan die Tweetoringkerk, en ook daarom 'n prominente figuur. As gevolg van sy aangename manier om met koorlede te werk, het die koorledetal spoedig toegeneem. Een van sy koorlede, Freda Fick, (later bekend as prof. D. J. Roode se eggenote), onthou hom as orrelis en as koorleier: *Dit was 'n wonderlike belewenis. Sy orrelspel sowel as die koorafrigting en werke wat deurgaans voorgedra was, was 'n innerlike verryking en het altyd gedien om die kerkdiens tot eer van die Allerhoogste te verheerlik.* (NALN:nommer M255/88/18/8) 'n Ander bekende en belangrike musiekpersoonlikheid, D. J. Roode, was in hierdie tyd orrelis by die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein-Noord. Daar was klaarblyklik goeie samewerking tussen die orreliste van verskillende kerkverbande. Hiervan is die uitvoering van uittreksels van die *Messias* deur G. F. Handel in November 1930 en April 1931 deur die koor van die Presbiteriaanse kerk, met Wansbrough Poles[2] as koorleier en P. J. Lemmer as begeleier 'n bewys. Op 7 Mei 1930 was daar ook 'n koor-

1 *In daardie dae was die orrel nog op die galery aan die suidekant van die kerk.* (Casaleggio, 1994:telefoniese gesprek) Tans is die orrel net agter die preekstoel geleë.

2 *Wansbrough Poles was vanaf 1920 tot Januarie 1935 in Bloemfontein werksaam. Hy is in 1892 in Silsden, Engeland gebore en het reeds as skoolseun die A R C O -diploma in orrelspel verwerf. In Maart 1914 immigreer hy na Suid-Afrika waar hy in Oos-Londen, Johannesburg en Bloemfontein werksaam was. Hy is in 1920 aan Grey-Kollege aangestel. In Januarie 1935 is hy as musiekinspekteur in Kaapland aangestel. Hy was ook as komponis bekend. Dis interessant dat sy toonsetting van DIE STEM van Langenhoven bekendheid verwerf het. Poles is op 29 November 1962 oorlede. Wansbrough Poles was 'n uitmuntende begeleier. Sy vermoë om van blad te lees was skitterend en hy kon met die allergrootste gemak bladmusiek transponeer, ongeag hoe ingewikkeld die klavierpartituur was. Dit is dan ook begryplik dat sy dienste as begeleier dikwels in aanvraag was en hy nie slegs plaaslike, maar ook besoekende kunstenaars op talle konserte begelei het.* (Human, 1976:561, 556-563)

uitvoering in die Moederkerk met Lemmer as die dirigent en Wansbrough Poles as die begeleier. Lemmer het ook as orrelis konserte (orreluitvoerings) in die platteland gehou. By die orrelinwyding in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Jagersfontein, was Lemmer die orrelis (Datum onbekend). Die werke wat uitgevoer was, sluit die volgende in:

| | |
|---|---|
| **Grand Choeur in D** | **- Guilmant** |
| **Le Cygne** | **- Saint Saëns** |
| **March Funebre** | **- Guilmant** |
| **Mars op 'n tema van Handel** | **- Guilmant** |
| **Allegretto Grazioso** | **- Holloway** |
| **Lied ohne worte opus 67 (Bee's wedding)** | **- Mendelssohn** |
| **The Answer** | **- Wolstenhohne** |
| **Tokkate in F** | **- Widor** |

(NALN:geen aanwinsnommer)

Na aanleiding van die uitvoering het die volgende resensie in *The Friend* van 12 Desember 1929 verskyn: *A fine program was presented by professor Lemmer, and as the organ pealed forth its sonorous notes filling the sacred edifice with glorious sound, the audience with rapt attention prepared for an hour's pure enjoyment.* (NALN:geen aanwinsnommer) Dieselfde repertorium is ook tydens orreluitvoerings in Hoopstad en Rouxville gebruik. (NALN:nommer 247/148 en 247/149) Die werke wat uitgevoer is, was tiperend van die Romantiese orrelskool wat in hierdie jare oorheersend was. Dat hier geen Bach-werk of erkende musiek van liturgiese aard uitgevoer is nie, is kenmerkend van die musikale klimaat van daardie tyd. Die orrelwerke wat Lemmer tydens sy studie in Londen ingestudeer het, was waarskynlik ook gesentreer rondom die Romantiese periode. Hierdie tipe *bravura-werke* moes op die gemeentelede in Lemmer se eie gemeente en in

gemeentes waar hy as besoekende kunstenaar opgetree het, 'n verbysterende indruk gemaak het.

Ook 'n orreluitvoering op Rouxville het die gehoor se aandag gevange gehou: ... *there was a large and appreciative audience, many who came long distances from their farms, and every item was followed with rapt silence and appreciative attention.* (NALN:nommer 247/149) Die gehore was waarskynlik verstom deur Lemmer se virtuose orrelspel, des te meer omdat die opleiding en standaard van spel van die meeste ander orreliste, veral in die platteland, van 'n baie lae standaard was. (Ferreira, 1994:onderhoud)

Lemmer se kerkkoor het van krag tot krag gegaan en in 1933 het die koor se ledetal tot sestig toegeneem. Vir hierdie jare was dit waarskynlik 'n besonder groot kerkkoor. Lemmer, met sy optimistiese persoonlikheid, het die kerkkoor aan die kunswedstryd van 1933 laat deelneem. Daar was in hierdie jare nog 'n eerste, tweede en derde plek aan deelnemers toegeken. (NALN: nommer 226/80/11) Die eerste plek is aan die kerkkoor van D. J. Roode[1], wat op daardie tydstip orrelis by Bloemfontein-Noord kerk was, toegeken en Lemmer se koor was tweede. Die beoordelaar, mnr. C. A. O. Duggan, het die volgende opmerking aangaande die twee kore gemaak: *From the point of view of dramatic interpretation* (Lemmer se koor - C. v. P.) *it excelled the first choir, but it lost a point where it came to comparison of pure tone quality.* (Human, 1976: 123)

1 Die mening dat daar baie jare 'n mate van wedywering tussen Roode en Lemmer was, word deur talle van hulle onderskeie leerlinge bevestig.

### 2.8.2 Dosent aan die Normaalkollege

Lemmer het met sy aanstelling aan die Normaalkollege vanuit die staanspoor beplan om vir die studente 'n musiekwêreld oop te maak. Die musieksillabus wat veronderstel was om gevolg te word, het Lemmer as ontoereikend beskou: *Toe ek aanvanklik as lektor in musiek aan die Normaalkollege in Bloemfontein aangestel is, het ek daar 'n musieksillabus gevind wat nie juis daarop gemik was om die studente enige begrip van musiek te laat kry nie. Ek het toe maar stilletjies die sillabus links laat lê en my eie gang gegaan. Weldra het ek 'n groot koor onder die studente gestig en een aand per week het ons bymekaar gekom om te sing en praatjies oor die teorie en praktyk van musiek te hou.* (NALN:geen aanwinsnommer) Die aspek van kurrikulering was uiteraard vir Lemmer belangrik en daarom was hy in 1933 medeverantwoordelik vir die opstel van 'n kurrikulum vir musiek as keusevak vir die Vrystaatse Juniorsertifikaateksamen: *Sy bydraes in die vorm van goed beplande leerplanne ... is op sigself 'n monument...* (NALN:nommer M255/88/15/9)

Lemmer was as koorleier by die Normaalkollege besonder aktief. Sy werkywer en entoesiasme blyk daaruit dat hy reeds in die eerste jaar van sy aanstelling in Bloemfontein 'n volledige openbare uitvoering met die koor[1] in die stadsaal gegee het. Die koor het met talle optredes spoedig bekendheid verwerf. 'n Konsert in die Vissersaal op 29 November 1935 kan sekerlik as 'n hoogtepunt van die koor se optredes bestempel word. Die koor bestaande uit tagtig lede het met dié geleentheid onder andere die *Pelgrimskoor* uit *Tannhaüser* van Wagner uitgevoer. Hierdie uitvoering, wat ongetwyfeld

1 Hierdie koor het reeds in ongeveer 1915 onder leiding van P. K. de Villiers ontstaan. (Aitchison, 1991:135)

deur die Victoriaanse grandioosheid van die Engelse kore beïnvloed was, is deur die resensent van *The Friend* as een van die voortreflikste konserte in die musiekgeskiedenis van Bloemfontein bestempel. (NALN:geen aanwinsnommer) Die standaard van die koor het blykbaar so beïndruk dat die koor geleentheid gebied is om radio-opnames[1] te maak.

Lemmer word as koorleier deur 'n oud-koorlid soos volg onthou: *Ek glo mnr. Lemmer is (was) in liggaam en siel geheel en al musiek - hy is musiek, en omdat sy liefde daarvoor so groot is (was), het hy ons almal so geïnspireer. Selfs dié wat nie bekend was met musiek nie en in sy koor kom sing het, het kort voor lank spontaan en uit volle bors saamgesing. Dit was asof hy deur sy meelewing die musiek in elke mens kon uithaal. Hy was baie vinnig om talent op te spoor en daardie persoon aan te moedig om sy/haar potensiaal ten volle te laat ontplooi. Hy het ook nooit stagneer nie, daar was altyd iets nuuts wat hy wou aanpak of aanleer. Hy kon baie goed met mense werk en met sy voortdurende aanmoediging, entoesiasme en ook sy sprankelende spitsvondigheid, het hy die beste uit elke mens gehaal.* (NALN:geen aanwinsnommer)

Lemmer het as dosent in klavier en sang aan die Normaalkollege ook uitmuntende werk gelewer. Freda Fick was in 1934 'n ingeskrewe student aan die Normaalkollege. Lemmer het haar in klavier onderrig en sy het die

---

1 *In die jare toe die uitsaaiwese nog aan Schlesinger behoort het en die Afrikaanse program beperk was tot 'n skamele uur- en- 'n half elke Vrydagaand (ja, laat ons dit nie vergeet nie!) toe het Lemmer reeds met sy Bloemfonteinse Kollegekoor in die bres gespring vir Afrikaans. Daardie geleentheid om in die Afrikaanse program iets van gehalte oor die eter aan te bied, het hy en sy studente met geesdrif aangegryp en ook hier baanbrekerswerk verrig. Hy en sy koor het hard gewerk en sang van professionele gehalte gelewer wat in so 'n mate inslag gevind het, dat die onsimpatieke uitsaai-owerhede gou verplig was om die tydjie vir Afrikaanse programme te verleng.* (NALN:nommer 226/80/11)

U O L M (UNISA) in dieselfde jaar met die hoogste punt in die Oranje-Vrystaat geslaag. As dosent onthou sy Lemmer *as iemand wat my met sy sterk en aangename persoonlikheid (ge)inspireer (het) om my allerbeste te lewer.* (NALN:geen aanwinsnommer) Maisie Flinck, bekende en gesogte klavieronderwyseres van Johannesburg, onthou Lemmer as klavierdosent soos volg:

> ***What I do remember of P. J. (as we used to call him) was his very musical approach. He always thought in orchestral terms when it came to interpretation, encouraging one to think imaginatively in the sense of dynamics and colour. I remember studying the G major French Suite of Bach with remarks in my book - Allemande 'pastoral-like, sing phrases continous, the Gigue 'must sound brilliant, yet feel the pulse.' He was more concerned with broader aspects of musical approach in performance than the emphasis on the technical prowess displayed. He was a very colourful person and the lessons were always lively and stimulating. As you know PJ's musical world encompassed many facets away from the piano and he was able to see things in a broad perspective. (NALN:nommer M255/88/16/77)***

Grace Butler, oud-leerling en bekende klasmusiekonderwyseres aan Eunice (en aan wie Lemmer die pragtige *The tinkling of the bells* opgedra het - kyk Bylaag A p. 353) onthou Lemmer se lesse as besonders: *His descriptions of phrases, tones and harmony were all poetic - a gift few musicians are endowed with.* (NALN:nommer M255/88/16/2) Lemmer se leerlinge was ook aan die gehalte van werk deur eksaminatore uitgeken. So onthou mev. Rita du Toit, eerstydse Unisa-opsiener vir eksamens, byvoorbeeld in 'n gesprek met prof. George van der Spuy dat laasgenoemde Lemmer se leerlinge baie duidelik kon uitken: *Ek kon dadelik hoor as dit 'n student van Lemmer was. Sy (sang-) leerlinge het altyd uitstekende stemproduksie gehad en 'n begrip vir die musiek wat hulle uitgevoer het.* (NALN, geen aanwinsnommer)

### 2.8.3 Die Vrystaatse Philharmoniese Vereniging

Met Lemmer as stimulus het daar op 31 Januarie 1935 'n verdere belangrike ontwikkeling in die musiekgeskiedenis van die Oranje-Vrystaat plaasgevind. Die stigting van die Vrystaatse Philharmoniese Vereniging met Petrus Lemmer as voorsitter en ere-dirigent[1] was waarskynlik die voorloper van die latere orkestradisie in die Oranje-Vrystaat. Lemmer het al in hierdie jare die doseer en bevordering van orkesinstrumente bepleit[2]. Hierdie versiendheid van P. J. Lemmer het inderdaad tot 'n orkestradisie gelei waarvoor die Vrystaat deur ander provinsies beny word. Die orkes het aanvanklik bestaan uit drie eerste viole, twee tweede viole, drie tjellos (met mev. Millicent Lemmer as een van die tjelliste), een kontrabas en een fluit[3]. Spoedig is ook twee klarinetspelers (waarvan D. J. Roode een was) vir die orkes gewerf. Tydens die eerste uitvoering[4] van die orkes is onder andere Tschaikovski se *To the Forest* (soos deur Lemmer verwerk) uitgevoer. (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer se oorspronklike komposisie vir orkes, *Sehnsucht*[5], is ook tydens dié geleentheid uitgevoer en die werk sou hy

---

1 *Lemmer was self 'n uitstekende dirigent. Hy het "flair" gehad as hy gedirigeer het.* (De Villiers, 1993:onderhoud)

2 *Ons moet afsien van die ingewortelde idee dat die klavier ons nasionale instrument is en dat elke seun en dogter hierdie moeilikste en duurste musiekinstrument moet leer bespeel. Die jeug sal nie alleen die avontuur intens beleef nie, maar hulle sal ook die lede van ons toekomstige orkeste wees.* (*Die Volksblad*, 19 Mei 1960)

3 Dit is opvallend dat daar geen altviole in die orkes was nie.

4 Op 26 Junie 1935 het die Vrystaatse Philharmoniese Vereniging sy eerste konsert in die Vissersaal van die Normaalkollege gehou. 'n Advertensie in *The Friend* van 15 Junie 1935 wat dié konsert aangekondig het, het ook aangedui dat die vereniging die steun van invloedryke beskermhere geniet het: Genl. J. B. M. Hertzog (eerste minister), min. N. C. Havenga (minister van finansies), mnr. A. C. White (burgemeester van Bloemfontein) en mnr. S. H. Pellissier (direkteur van onderwys). Die eerste konsert is deur regter F. E. T. Krause, regterpresident van die Vrystaat, geopen. (Human, 1976:146)

5 Die komposisie is met baie geesdrif deur die gehoor ontvang en het gunstige perskritiek uitgelok: *The composition is full of South-Africa. A religious spirit seems to pervade the whole. The piece was well played, and deserved the encore demanded by the enthusiastic audience.* (Human, 1976:148)

dikwels met verskeie orkeste dirigeer[1]. Net tien maande sedert die orkes se stigting is die konsert op 29 November 1935 oor die radiosenders van Johannesburg, Pretoria, Grahamstad en Bloemfontein uitgesaai. Hierdie historiese geleentheid, waar 'n Bloemfonteinse orkes die eerste keer tydens 'n radiouitsending gehoor is, is in die pers beskryf as *die beste wat nog in Bloemfontein gehoor is.* (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer het as orkesdirigent ook die Munisipale orkeste in Johannesburg, Pretoria, Durban en Oos-Londen tydens spesiale geleenthede gedirigeer. By die amptelike opening van die Bloemfonteinse stadsaal, op 4 Desember 1936, is weer eens prominensie aan die orkes verleen. Die volgende werke is tydens die geleentheid uitgevoer:

**Groot Mars uit Tannhaüser** - **Wagner**
**Aria op 'n G-snaar** - **J. S. Bach**
**Eerste klavierkonsert** - **Edvard Grieg**
(met Sydney Roosenbloom as solis) (NALN:geen aanwinsnommer)

Die eerste konsert wat uitsluitlik aan werke van Afrikaanse komponiste gewy is, is in 1937 onder beskerming van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging in Bloemfontein aangebied. Tydens hierdie geleentheid het die Bloemfonteinse Philharmoniese Orkes en vier Bloemfonteinse kore[2] opgetree. Dit is insiggewend dat die tweede helfte

1 Laasgenoemde werk was die middelpunt van 'n ander interessante gebeurtenis. Dr. William Pickerill het die Philharmoniese Orkes op uitnodiging in Bloemfontein in 'n uitvoering van *Sehnsucht* gedirigeer, terwyl Lemmer dieselfde werk met die Kaapstadse Simfonieorkes tydens 'n Sondagaandkonsert uitgevoer het. (NALN:geen aanwinsnommer)

2 Die kore was: Die Voortrekkerkoor, die Normaalkollegekoor (beide onder leiding van Elsa Dekker), die kerkkoor van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein-Noord (onder leiding van D. J. Roode) en die Hadlow-dameskoor (onder leiding van Jennie Hadlow). In die eerste helfte is werke van Ellis, Johannes Joubert, P. K. de Villiers, Graham Smit, S. le Roux Marais, Stephen Eyssen, Jan Bouws en D. J. Roode uitgevoer. (NALN:geen aanwinsnommer)

van die program uitsluitlik aan Lemmer-komposisies gewy was. Met Lemmer se aanstelling as musiekdirekteur van die Staande Mag en sy vertrek na Pretoria, het die Philharmoniese Vereniging in 1939 sonder die impetus van dié dinamiese leier opgehou om te bestaan[1].

## 2.9 Robertshoogte

P. J. Lemmer het na sy aanstelling in 1938 as *musiekdirekteur* op Robertshoogte, Pretoria, op idealistiese wyse voortgegaan met sy self-opgelegde taak om goeie musiek aan almal in die land bekend te stel. As dirigent van die orkes wou hy optimale benutting daarvan hê: *Op die oomblik bestaan die orkes net uit veertig lede, maar die plan is om dit binnekort op te voer tot sestig en selfs meer lede, want die regering is van plan om deur middel van hierdie orkes die smaak van goeie musiek by die hele volk te help ontwikkel. Daarom gaan ons sodra alles in die haak is, uitvoerings oor die hele Unie gee. Selfs kleiner sentra waar die mense uiters selde die geleentheid kry om na goeie musiek te luister, behalwe oor die radio, sal deur ons besoek word.* (*Die Transvaler*, 10 Oktober 1938) Lemmer was ook van voornemens om een keer per week 'n orreluitvoering in een van die kerke op Robertshoogte te gee. Met sy persoonlikheid en entoesiasme het hy klaarblyklik sleutelpersone in die Weermag se samewerking verkry, maar tog het alles nie gerealiseer soos hy dit wou nie. As 'n opvoedkundige in die toonkuns moes dit vir hom moeilik gewees het om met mense te werk wat 'n algeheel verskillende verwysingsraamwerk as hy gehad het.

---

1 *Mnr. A. G. Tempest is as waarnemende dirigent aangestel, maar die orkeslede het repetisies swak bygewoon. 'n Uitvoering op Brandfort moes gekanselleer word en die orkes het ook nie 'n oudisie van die SAUK geslaag nie. Tempest het as dirigent bedank en Charles Hamer het ingewillig om die dirigentskap oor te neem. Die steun vir die orkes het getaan en werkslus van orkeslede het langsamerhand verflou en die vereniging het ophou voortbestaan.* (Human, 1976:153)

## 2.10 Opleidingskollege te Wellington[1]

Lemmer was slegs 'n jaar op Robertshoogte. In 1939 is hy aan die opleidingskollege in Wellington aangestel, waar hy weer eens baanbrekerswerk verrig het. In die kollegejaarblad het die volgende aangaande Lemmer se werk[2] van die betrokke jaar verskyn: *Die kollege was buitengewoon gelukkig om die dienste van mnr. P. J. Lemmer (vir Musiek) ... te verseker. Mnr. Lemmer het met sy bekwaamheid en sy rykdom aan ervaring alhier die spesiale kursus in Skoolmusiek op 'n vaste voet geplaas.* (Aitchison, 1991:43)

## 2. 11 Aanstelling as musiekinspekteur (1940-1956)

Lemmer is in 1940 terug na Bloemfontein, waar hy as musiekinspekteur aangestel is. Voor sy aanstelling in die betrekking as *Organiseerder van Sang* was daar 'n leemte en 'n sterk behoefte aan so 'n pos. Dr. S. Pellissier (Direkteur van Onderwys) het in sy jaarverslag sy vreugde oor Lemmer se aanstelling uitgespreek: *Dit is vir my besonder aangenaam om mnr. P. J. Lemmer as Organiseerder vir Sang te kan welkom heet. Hy is geen onbekende in die Vrystaat nie waar hy as musikus, komponis en sangdosent aan die Normaalkollege reeds so veel roem verwerf het. Ek hou my daarvan oortuig dat hy besonder daartoe sal bydra om van die Vrystaatse jeug 'n singende bende te maak.* (Human, 1976:231) Terug in die onderwysmilieu het Lemmer hom waarskynlik meer tuis gevoel en dit is juis hier waar hy 'n besonder groot bydrae tot ontwikkeling sou lewer. Hierdie

---

1 Volgens Dirkie de Villiers (1993:onderhoud) het hy alles wat hy van koorsang weet van Lemmer in Wellington geleer.

2 Volgens Dirkie de Villiers was dit absoluut wonderlik wat Lemmer met die studente reggekry het en beskou hy hom as die vestiger van die koortradisie van die W. O. K. (Aitchison, 1991:45)

tweede tydperk in Bloemfontein was gekenmerk deur 'n besonder aktiewe werksprogram: *Maandae tot Vrydae het hy* (Lemmer) *inspeksie gedoen; Saterdae het hy private lesse* (sic) *gegee en Saterdagaande die operakoor afgerig; Sondae het hy as orrelis opgetree en aandag gegee aan die kerkkoor. Daarbenewens het hy heelwat tyd bestee aan lesings, leiding by kursusse*[1]*, solo-uitvoerings en komposisies.* (Hauptfleisch, 1987:6)

## 2.12 Oos-Londen

Lemmer aanvaar in 1956 die betrekking as Hoof van Musiek aan die Oos-Londense Tegniese Kollege. Hy was daar twee jaar lank en het ook as orrelis in een van die plaaslike gemeentes opgetree. In 1958 het hy bedank en na Bloemfontein teruggekeer.

## 2.13 Tweede aanstelling aan die Normaalkollege

Met Lemmer se terugkeer na Bloemfontein is hy 'n tweede keer by die Normaalkollege aangestel. (Mnr. Dirkie de Villiers is intussen as musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat aangestel.) Hier het Lemmer gebly tot met sy aftrede in 1961. Na sy aftrede aan die Normaalkollege het hy tot in 1963 onderrig aan die *Eunice High School* gegee.

## 2.14 Aftrede - Oos-Londen

Lemmer het hom in 1963 weer in Oos-Londen gaan vestig. Hy het egter gou 'n pos aanvaar by die *Grens Hoërskool* waar hy bekendheid verwerf het

---

1 Lemmer het gedurende vakansies spesiale kursusse in skoolsangonderwys vir musiekonderwysers gereël. (Voorendyk, 1971:231)

vir sy stigting en afrigting van 'n koor met 'n ledetal van 220 meisies! Die koor het so goed gevaar dat daar selfs 'n plaatopname van hulle sang gemaak is. Na afloop van 'n uitvoering het daar 'n brief in een van die plaaslike koerante verskyn: *Saterdagaand was 'n belewenis toe ons kon luister na die prag-uitvoering van die Grens Hoërskool Meisieskoor onder leiding van prof. P. J. Lemmer. Die vertoning van die massas dogters in wit geklee met hul skoolkleur-skouerbande, was 'n gesig wat dadelik beïndruk het. In aanvang van die program is 'n groep Volksliedere gesing, verwerk deur die dirigent, wat vars, fris en oortuigende vertolk is, met net genoeg lig en skadu om die regte effek te bekom. In die groep "Negro Spirituals" moet spesiale melding gemaak word van "Were you there?" Die kunsliedere deur die dirigent gekomponeer, was puik. In "gewyde stemming" het die innigheid getref van die verskeie liedere. "Heilige Stad" het mens na groot hoogtes gevoer om gevolg te word deur die onbeskryflik-mooie vertolking van Malotte se "Lord's Prayer". Die slot was opgelewe* (sic) *met 'n paar ligter items waaronder die "Radetsky Mars" uitstekend gelewer was. "The Flower" uit "Lilac Time", het met sy heerlike, meesleurende walsritme vir 'n smaakvolle klimaks tot 'n uiters genotvolle aand gesorg. Die koor het met elke item bewys dat hulle deur 'n meester afgerond is.* (*Die Afrikaner*, 20 Junie 1969)

Lemmer het na sy vrou se dood in 1969 by die skool bedank, maar het steeds voortgegaan om te komponeer en kunswedstryde te beoordeel. (Hauptfleisch, 1987:7) Hy was in dié tyd steeds aktief as musiekeksaminator van UNISA.

## 2.15 Lemmer se bydrae tot die musiekonderwys en koorsang in die Oranje-Vrystaat

Benewens die invloed wat Lemmer op voornemende onderwysers by die Normaalkollege uitgeoefen het, was hy ook op deeltydse basis verantwoordelik vir inspeksie[1] by skole. Aangesien daar op daardie tydstip nog geen amptelike musiek- en sanginspekteur aangestel was nie, is die taak op 'n deeltydse basis deur P. J. Lemmer, Wansbrough Poles en Leonard Shepstone verrig. (Human, 1976:232) Lemmer was ook vanaf 1930 verantwoordelik vir die organisering van koorkompetisies. In 1932 het hy die volgende gunstige opmerking oor die standaard van die skoolkore gemaak: *Ons Suid-Afrikaanse kore behoef nie vir enige ander nasie agteruit te staan nie. Ons jong dogters en seuns wat op die wye vlaktes van ons liewe ou Vrystaat, onder kalmerende en sonnige omstandighede opgroei, kan inderdaad uit volle bors sing.* (Human, 1976:246)

In die groot behoefte aan kundige leiding op die gebied van skoolmusiek en koorafrigting is met Lemmer se aanstelling in 1940 voorsien. Lemmer was aangestel as *Organiseerder van sang ... in die sestien jaar wat hy die pos beklee het, het klasmusiek (en kore) in die Vrystaat 'n hoë peil bereik.* (Hauptfleisch, 1990:2)

1 *Lemmer se besoek aan skole was vir almal 'n besielende ervaring. As hy by 'n skool gekom het, het hy die hele skool aan die brand gesteek* (sic). *Hy het die prinsipaal, onderwysers en kinders almal bymekaar gebring en dan het hy musiekwaardering gedoen. Hy het ook gedemonstreer in die sangklasse en wanneer hy die dag gery het, was almal jammer en het hulle gevra: 'Wanneer kom hy weer? Lemmer se hele manier van doen was baie aansteeklik omdat hy ook 'n aangename persoonlikheid gehad het, en daardie geesdrif kon niemand mlskyk nie.* (Ferreira, 1994:onderhoud)

Lemmer het by die skole begin om musiekbeluistering 'n volwaardige staanplek in die klasmusiekperiode te laat kry. Hy word inderdaad as die *vader van musiekbeluistering in die Vrystaat* beskou. (NALN:geen aanwinsnommer) Hy het musiekbeluistering klaarblyklik op so 'n pittige wyse gedoen dat onderwysers en kinders van daardie jare dit dekades later in herinnering kon roep. Mnr. Michael Casaleggio, veteraan koorleier, wat veertig jaar lank verbonde was aan Sentraal Hoërskool in Bloemfontein onthou Lemmer se musiekwaarderingsklasse soos volg: ... *Sy musiekwaarderingsklasse was 'n belewenis. Die hele skool, leerlinge en personeel inkluis, het met groot afwagting uitgesien na sy koms. Tydens die klasse het almal letterlik aan sy lippe gehang.* (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer se musiekwaarderingsklasse[1] was so gewild dat daar in die vyftigerjare selfs musiekwaardering oor die radio vir skoolkinders uitgesaai is. 'n Voorbeeld van so 'n radioles is op Woensdag 19 September 1956 vanaf 11:15 tot 11:35 uitgesaai en verskyn in Bylaag A op p. 343.

Na aanleiding van hierdie radiolesse het Lemmer ook 'n musiekwaarderingsboekie saamgestel: *Hoe luister ons? (Musiekwaardering vir almal*). Die boekie het in 1950 verskyn en is in *Die Volksblad* besonder gunstig geresenseer[2]. In die voorwoord van die boekie verdedig Lemmer

1 'n Brief van C. R. Broeksma, Landmeter-Stadsbeplanner van Somerset-Wes, gedateer 6 Mei 1976 (NALN:nommer M35/126) en wat hiervan 'n verdere sprekende bewys is, verskyn op p. 346 in Bylaag A.

2 *Dit is vir ons aangenaam om hierdie week 'n aantreklike en vlot geskrewe werkie oor musiekwaardering aan te kondig ... deur P. J. Lemmer, 'n hartstogtelike liefhebber van musiek en 'n persoon wat op grond van sy kennis, sy agtergrond en ervaring uitnemend geskik is om die oningewyde met die heerlikhede van die musiekkuns vertroud te maak, en hom tot intiemer omgang met hierdie edele kunssoort te prikkel. ... maklik en populêr geskryf ... sonder om in akademiese troebelhede te verval ... hy skryf so helder dat die leek alles maklik sal begryp ... Mnr. Lemmer het die slag om op pittige wyse te karakteriseer.* (*Die Volksblad* 25 Maart 1950)

self die feit dat hy mense wil lei waarna om te luister[1]. Die publikasie is deur Tersteegen van Huyssteen bestempel as 'n *sintese tussen professionele kennis en pedagogiese insig* ... (wat) *feitlik die hele veld van die musiek* (dek) (NALN:nommer 226/80/11).

Met sy ervaring, persoonlikheid en die feit dat hy die spreekwoordelike regte persoon op die regte tyd op die regte plek was, het hy 'n ônuitwisbare indruk op klasmusiekonderwysers, klavieronderwysers en koorleiers gemaak. Lemmer het voortdurend koorkompetisies georganiseer en beoordeel. *Praat ons van sangwedstryde: Dit was Lemmer wat oor die hele lengte en breedte van ons provinsie, in Stadsale, Skoolsale en ander nederige vertrekke die hele Vrystaat gestimuleer en opgevoed het vir die soort ding. Aanvanklik het hulle nog gesing vir die beker: - ja, die gesogte beker. Die soort sang-kompetisie het sy doel op sy tyd nuttig en goed gedien en ons hele skoolbevolking met ouers inkluis, sang-bewus gemaak. En oral was Lemmer as raadgewer, as beoordelaar, as organiseerder en as vredemaker, altyd positief en altyd entoesiasties.* (NALN:226/80/11) Met die samekoms van skoolkore van 'n streek op 'n sekere dorp het hy verder die geleentheid benut om 'n massakooritem van stapel te stuur, óf om 'n orreluitvoering te gee. Die kompetisie om die Gertenbachskild was byvoorbeeld voorafgegaan

1 *Sommige kenners is die mening toegedaan dat dit onpedagogies is om musiek te analiseer, om sodoende die waardering te wil verhoog. 'Jy kan ewegoed 'n mooi roos aan flenters pluk om die skoonheid daarvan deur ander te wil laat sien,' sê hulle. Ek stem egter nie so geredelik met dié teoretici saam nie. Dit, dink ek, is juis die rede waarom musiek van abstrakte of ingewikkelde aard so dikwels bestempel word as geraas-onverstaanbaar-klassiek! Die ondervinding het geleer dat die vermoë om jou te spits op en met genot te kan luister na 'n musiekprogram juis versterk word deur vooraf die Leitmotive of hoofgedagtes te bestudeer. Hoe sal ons die skoonheid van die gedig begryp as die tegniek of die betekenis van die woordeskat wat die digter gebruik, vir ons heeltemal vreemd is? As die kennis van musiek by ons ontbreek, die diepere betekenisse wat die komponis ons wil laat aanvoel, nie begryp word nie, dan val die skoonheid op dowe ore en gaan die heerlike melodieë soos engele in die nag onopgemerk by ons verby.* (Lemmer, 1949:geen bladsynommer)

deur 'n orreluitvoering in die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Bethulie[1]. (NALN:nommer 247/152) Op Fouriesburg was die koorkompetisie voorafgegaan deur samesang. *The actual festivity, however, took place on the recreation grounds where the spirit of 'Put all your troubles in your old kit bag' and 'sing boys sing,' prevailed. Everybody had sufficient oppotunity of airing their vocal talents by way of community singing. Well-known tunes like 'Sarie Marais' 'O Boereplaas' and others were wel suited to the inspiring setting of a beautiful summer's day, among green trees.* (NALN:nommer 247/156) Die destydse bekende Direkteur van Onderwys, mnr. S. Pellissier was ook met dié geleentheid teenwoordig en was die kooraktiwiteit by skole as sodanig goedgesind: *Mr. Pellissier remarked that it had been very difficult for him to attend, but he was more than repaid for having made the opportunity. He would always advocate singing in schools and would do all that was in his power to help it on in future. He urged the local staff as well as the visiting teachers to devote as much time as was discreet to this branch of education, which he deemed so essential.* (NALN:nommer 247/156)

Vir hierdie koorkompetisies was daar gewoonlik een lied voorgeskryf, terwyl een lied van eie keuse kon wees. Ná afloop van die kompetisie het Lemmer al die kore die voorgeskrewe lied saam laat sing. Mev. Ria Ferreira, self 'n oud-skoolkoorlid, het hiervan nog duidelike herinneringe: *Die gehoor was rasend oor die manier wat hy die kinders dan laat sing het, en wanneer hy klaar was wou die gehoor nie ophou om hande te klap nie. Ek kan my herinner dat ons soms die lied vier tot ses keer moes oorsing. Wanneer die kore klaar gesing het, het Lemmer ook altyd die grootmense* (ouers) *laat*

---

1 Datum onbekend.

*sing. Alles het in die buitelug plaasgevind en 'n klavier is spesiaal vir die geleenthede na buite gedra.* (Ferreira, 1994:onderhoud) Aangesien daar in daardie jare geen sale beskikbaar was nie, (anders as vandag die geval is by skole óf in 'n sentrum soos Bloemfontein met die Sand du Plessis-teater) het al dié koorkompetisies en -konserte in die buitelug plaasgevind. In (ongeveer) 1940 was daar op die oewer van die Valsrivier by Lindley 'n soortgelyke sangfees. Lemmer was met die geleentheid so ingenome met die akoestiek, dat hy dit *net so goed as in die dom in Keulen bestempel het!* (NALN:nommer M35/138) Hierdie massakooruitvoerings en sangfeeste is deur Lemmer geïnisieer en dit is ook later deur sy opvolger mnr. Dirkie de Villiers, voortgesit.

## 2.16 Baanbrekerswerk met musiekuitvoerings in Bloemfontein

Die uitvoering van 'n kantate van G. F. Root[1], *Dawid die Herderseun*[2] ('n gewyde werk) in 1942 was 'n musikale gebeurtenis waaraan daar besondere prominensie verleen is. In *Die Volksblad* is die uitvoering van 'n koor van tweehonderd stemme as ongeëwenaard in die musiekgeskiedenis van ons land beskou. *Die prestasie wat hy (Lemmer) en sy mede-Afrikaanse musici Saterdagaand gelewer het, kan in geen stad van Suid-Afrika oortref word nie en moet, wat die koorwerk betref, onder die allerbeste uitvoerings getel word wat seker ooit in ons land gehoor is. Al was dit ietwat onbeskeie om dit byvoorbeeld as magistraal en manjifiek aan te kondig, was dit nou 'n*

1 Die oorsponklike werk is deur G. F. Root (1895-1920), 'n Amerikaner, gekomponeer, en in Afrikaans vertaal deur die destydse Rektor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, dr. H. v d M. Scholtz. (Voorendyk, 1971:230)

2 Lemmer het die werk vir die eerste keer by die Wellingtonse Onderwyserskollege opgevoer. *Onder leiding van mnr. Lemmer sal die hele kollege, die staf (sic) inkluis, in samewerking met 'n groot aantal leerlinge van die plaaslike H M S en met die orkes van die leerlinge van die Paarlse H J S die uitvoering van 'n kantate onderneem. Dit sal in die vierde kwartaal plaasvind. Dit beloof 'n behoorlike sangfees met 'n koor van meer as 200 te wees.* (Aitchison, 1991:44)

*geval waar die advertensies nie gejok het nie; daardie beskrywing was niks meer as die volle waarheid nie. ... wat dwarsdeur getref het, was die volslae afronding en gladde oorgange, gepaard met netheid van aanpak en duidelikheid van artikulasie, sowel as deeglike asembeheersing. ... Aan die begin van die aand het mnr. S. H. Pellissier* (Direkteur van Onderwys) *die dank van die gehoor uitgespreek omdat, deur die samesnoering van alle beskikbare kragte, Bloemfontein en die Vrystaat op musiekgebied van krag tot krag gaan. Nog mooier is dit dat talente van elders: Petrusburg, Reddersburg e.a. dorpe, ook meewerk. Die hoë standaard van sang is hier geskep deur mnr. Petrus Lemmer, wat deur die Departement van Onderwys uit die Kolonie teruggehaal is om die sangkuns in die Vrystaat te laat lewe.* (NALN:geen aanwinsnommer) Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging het ook die aand 'n skriftelike dankbetuiging aan Lemmer oorhandig: ... *Die Afrikanervolk in die algemeen en die Vrystaatse bevolking in die besonder bring aan u sy diepgevoelde dank vir wat u gedoen het en nog doen vir die Afrikaanse toonkuns, as eksaminator en as organiseerder van sang in die O.V.S.* (NALN:geen aanwinsnommer) Hiérdie uitvoering is ook op die platteland (die hele geselskap het per trein gereis) herhaal en op die wyse het Lemmer ook in 'n sin die werk van die streekrade geantisipeer. Suzette du Plessis, een van die koorlede, se eggenoot was op daardie tydstip die Hoof van die Spoorweë in Bloemfontein. Hy het gereël dat daar 'n paar passasierswaens agter aan 'n goederetrein gehaak word, en dat die trein tot in Kroonstad sou ry sonder enige onderbreking. (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer het op hierdie stadium ook 'n mannekoor[1] afgerig en terwyl hy die kinders in die skole aan die sing gekry het, het hy ook die volwassenes in

---

1 Mnr. Michael Casaleggio was ook lid van die mannekoor. Hier het hy waardevolle koorondervinding opgedoen. (Casaleggio, 1994:onderhoud)



Lemmer bespreek die partituurbesonderhede van *Dawid Die Herderseun* met soliste en orkeslede.

verskillende kore laat saamsing.

In Junie 1945 was Lemmer ook verantwoordelik vir die bereiking van 'n ander besondere mylpaal. Die eerste volskaalse opera-uitvoering op Afrikaans in die land (*Hansie en Grietjie* deur Humperdinck) is toe in die ou Grand-teater[1] uitgevoer. In hierdie jare was die operakultuur in Bloemfontein hoofsaaklik rondom die Engelssprekendes gesentreer. Die inisiatief om die opera in Afrikaans op te voer het daartoe gelei dat die Afrikaners se belangstelling in opera as kunsvorm geprikkel is. Die feit dat die reaksie op hierdie eerste Afrikaanse opera-uitvoering van nasionale[2] omvang was, het op baanbrekerswerk gedui. Die rolverdeling van die opera was soos volg:

| | |
|---|---|
| *Anna Jackson* | *- Hansie* |
| *Rita Karstell* | *- Grietjie* |
| *Isabel du Toit* | *- Die moeder* |
| *Paul Fischer* | *- Die vader* |
| *Joan Hadlow* | *- Die heks* |
| *Norah Havenga* | *- Die Sandmannetjie* |
| *Grace Butler* | *- Die Gemmerbroodkind* |
| *H. van der Merwe Scholtz* | *- Regisseur* |

*Die dekor en kostumering was deur P. de Weerdt ontwerp en Victor Pohl was die leier van die orkes.* (NALN:geen aanwinsnommer) Lemmer was ook verantwoordelik vir uitvoerings van operettes soos *Lilac Time* deur Schubert, *Pink Champagne* deur Strauss en 'n programmatiese werk - *Vasco da Gama* deur dr. Statham.

1 Die Grand-teater het blykbaar volgens Ferreira (1994:onderhoud) 'n besonder goeie akoestiek gehad.
2 Kritici het van Johannesburg gereis om die gebeurtenis by te woon. (Voorendyk, 1971:230)

Twee ander besondere uitvoerings was die organisering en afrigting van buitengewone (wat getalle betref) massakore, bestaande uit skoolleerlinge:


> ***Ek kan onthou dat hy die stadion (Springbokpark) laat volpak het en dan was hy net 'n klein mannetjie wat die massa van skoolkinders gedirigeer het. Met sulke geleenthede het hy altyd 'n wit handskoen aangetrek sodat die koor sy dirigeerbewegings kon sien. (Ferreira, 1994:onderhoud)***

Met die besoek van die Koning van Engeland in 1947 het Lemmer 'n massakoor van 2000 leerlinge op die been gebring en met die Uniefees 'n koor van 4000 leerlinge[1]. Hy is versoek om vir die Bloemfonteinse eeufeesviering 'n spesiale opdragwerk te voorsien en na aanleiding daarvan is *Reisang* geskryf. Die teks vir die werk was deur 'n ander baie bekende Bloemfonteiner, prof. D. F. Malherbe. Die opeluguitvoering van die werk, voor 'n skare van 15 000 mense, was 'n skouspelagtige geleentheid. (Hauptfleisch, 1987:6) Al Lemmer se uitvoerings, hetsy koor, orkes, klavier of orrel het altyd die *stempel van artistieke voortreflikheid gedra.* (Hauptfleisch, 1987:7) Lemmer het self nog op hoë ouderdom (aan die begin van sy negentigerjare) uitvoerings van nuwe werke deur homself gegee. *Sy jongste komposisie, "Kontraste vir klavier", is byvoorbeeld op 24*

1 Hierdie idee van massakore en massagehore het Lemmer ongetwyfeld aan sy studie in Londen (Britse Victoriaanse tydperk) ontleen. Rondom die 1850's het die konsep van die Romantiese periode ook 'n invloed op die kore gehad, naamlik dat musiek wat groter en grandioser is, beter word: *In Mei en Junie (1857) het 'n kinderkoor vir die eerste maal 'n uitvoering in Londen se Exeter Hall, die tradisionele podium van die (tonic-solfa) beweging, gegee. In September (1857) is 'n furore veroorsaak toe drieduisend kinders by die Crystal Palace opgetree het. London Bridge-stasie was van vroegdag oorstroom deur mensemassa wat treine wou haal na die uitvoering- 30 000 mense het na Sydenham gestroom. Die koerante het gerapporteer dat dit die grootste gehoor was wat nog ooit in Engeland vir 'n musiekuitvoering bymekaar was. Die gebeurtenis het landswye dekking geniet.* (Fick, 1984:68) *In 1897 is Koningin Victoria se Diamant Jubileum as heerser van die Britse Empire op kolossale en luisterryke wyse gevier. Op musiekgebied is alle vorige rekords oortref toe 'n koor van 50 000 skoolkinders op 21 Mei 1897 tydens die koningin se besoek aan Sheffield 'n opeluguitvoering gelewer het. Dr. Henry Coward, beroemde Engelse koordirigent, het die koor gedirigeer met 'n groot wit baton waaraan 'n wit vlag geheg was.* (Fick, 1984:76)




Lemmer: 'n uitmuntende pianis en klavierdosent.



**Lemmer dirigeer 'n massakoor van 4000 leerlinge aan die einde van die veertigerjare op Springbokpark, Bloemfontein.**

*Februarie 1987 voltooi. Hy gee self op 20 Maart die eerste uitvoering daarvan tydens 'n konsert vir bejaardes.* (Hauptfleisch, 1987:7)

**2.17 Eksaminator - UNISA**

As eksaminator van UNISA was Lemmer 'n legendariese figuur. Baie min bekende musiekpersoonlikhede in die land is nie op een of ander stadium deur hom geëksamineer nie. Op sy tagtigste verjaarsdag in 1976 het Lemmer reeds 'n tydperk van *44 jaar* lank vir UNISA geëksamineer: *Vanjaar gaan ek en Vroutjie weer op 'n vier maande moutertoer vir UNISA - wonderlike behandeling in vergelyking met die tye toe ek snags moes treinry om direk in die oggend by die volgende dorp te begin eksamineer.* (*Die Burger*, 15 April 1976) 'n Aansienlike tyd daarna het hy volgehou om vir UNISA te eksamineer. In 1933 was Lemmer ook deur UNISA aanbeveel om as verteenwoodiger van Suid-Afrika op die Britse paneel van eksaminatore van die Royal Schools of Music-eksamens te dien. Uit erkenning vir Lemmer se werk vir UNISA staan die oorsese studiebeurs (Klaviervoordrag) van dié instansie vanaf 1978 as die P. J. Lemmer-*beurs* bekend.

**2.18 Verenigings**

As prominente figuur in die Suid-Afrikaanse musieklewe was Lemmer 'n vanselfsprekende en gewilde keuse om op verenigings te dien. In 1949 word hy verkies tot die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Wetenskap en Kuns*. In 1955 is hy ook tot die nasionale president van die *Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers* (SAVMO) verkies. As gevolg van

oormatige werkslading kon hy laasgenoemde posisie ongelukkig nie lank beklee nie. (Hauptfleisch, 1987:7)

## 2.19 Toekennings

Lemmer se werk as musiekpedagoog, komponis en uitvoerende kunstenaar is deur die FAK op 2 Mei 1986 met die veertiende *FAK-penning* bekroon. Die grootste erkenning vir sy werk is egter die *Dekorasie vir Voortreflike Diens* wat hy in 1989 van die Staatspresident ontvang het.

## 2.20 Komposisies

'n Lys van Lemmer se komposisies verskyn op p. 348 in Bylaag A.

## 2.21 Samevatting

As seun het Lemmer reeds buitengewone musiektalent getoon. Sy entoesiasme en deursettingsvermoë was in sy jeugjare al 'n beslissende faktor vir sukses. Hy sou sy eerste professionele onderrig aan die Normaalkollege in Bloemfontein ontvang. Die onderrig by prof. P. K. de Villiers het hom in so 'n mate gestimuleer dat sy eerste aanstelling as orrelis in Kroonstad hom nog onvervuld gelaat het, aangesien hy steeds verdere studie in die buiteland in die vooruitsig gestel het. Met finansiële steun van sy swaer is hierdie ideaal verwesenlik toe hy as student by die Royal College of Music in Londen as student ingeskryf het waar hy in so 'n mate presteer dat 'n mede-professoraat in sang hom aangebied was. Sy eerste komposisies het in hierdie jare die lig gesien.



**Lemmer ontvang die *Dekorasie vir Voortreflike Diens* van mev. Marike de Klerk.**

Heimwee na sy vaderland het hom genoop om na Suid-Afrika terug te keer. In Malmesbury het hy as pionier met sy monumentale opbou-program van musiekuitvoerings en -onderrig in die land begin. Vanuit die staanspoor was Lemmer 'n pedagoog wat aansien geniet het. Bekende persone het in hierdie jare by hom studeer en besondere eksamenuitslae behaal. Die betrekkinge wat hy daarna in Bloemfontein met tydperke van afwesigheid sou aanvaar, sou die begin van 'n lang en vrugbare verbintenis met die Oranje-Vrystaat wees.

Lemmer het aan die Normaalkollege in Bloemfontein 'n onskatbare invloed op voornemende onderwysers ten opsigte van algemene musiekonderrig en koorleiding uitgeoefen. Sy entoesiasme en onblusbare liefde vir musiek het almal waarmee hy in die verband in aanraking gekom het, aangesteek. As *organiseerder vir musiek en sang* (musiekinspekteur) is sy invloed verder versterk. Sy betrokkenheid by die koorleiers verbonde aan skole word duidelik as mens sien hoeveel koorwerke spesifiek aan koorleiers by skole opgedra is. In 'n tydperk toe die Afrikaner om erkenning van taal en ander waardes moes veg, was hy met sy opborrelende energie ook 'n verdere stukrag vir die Afrikaanse skrywers en digters. Sy invloed op koorsang in die Oranje-Vrystaat word inderdaad steeds onderskat. Die Direkteur van Onderwys, die onderwysdepartement, skoolhoofde, leerkragte, leerlinge en ouers het almal deur sy toedoen van 'n koorkultuur bewus geword. Oral het skoolkore, kerkkore en ander volwassekore en verenigings ontstaan. Selfs buite die grense van die provinsie is daar van die koorbeweging in die Vrystaat kennis geneem. Koorfeeste, massakore en koorkompetisies het almal in so 'n mate aangegryp dat persone wat van daardie era getuie is, vandag steeds met bewondering en verering vir die *inisieerder* daarvan praat. Dit is dan geen wonder dat dit juis die Vrystaat was wat inisiatief geneem het

met die stigting van die eerste Jeugkoor in die land. Verder is dit nie verbasend dat die Vrystaatse kore in die huidige tyd baie goed op Nasionale koorkompetisies vaar nie. (In 1992 was 50% van die kore wat na die Galafees van Applous 1992 uitgenooi was, Vrystaatse kore.)

Wanneer verder in aanmerking geneem word dat die magtige invloed van die televisie nog nie in daardie jare gegeld het nie, kan iets van die verbysterde ervaring verstaan word wat mens moes ondervind om na Lemmer se uitvoerings (hetsy orrel, klavier of koor) te kon luister. Hy was ook verantwoordelik vir talle uitvoerings wat in die annale van die musiekgeskiedenis van die land as *'n eerste* aangeteken sal bly staan.

Sy eie komposisies was dekades lank voorkeuritems in die repertorium van koorleiers en solokunstenaars in die land. Die kunslied *Kokkewiet* (Bylae A p. 359) geniet internasionale[1] aansien en die opmerking van mnr. Dirkie de Villiers aangaande dié lied is insiggewend: *As ek maar net een lied kon skryf soos "Kokkewiet." Hierin is die "touch of a genius."* (1993:onderhoud) UNISA het ook mildelik van Lemmer se klavierkomposisies as eksamenstukke voorgeskryf. In teenstelling met ander Afrikaanse komponiste van die vroeë jare het daar uit Lemmer se pen nie net vokale komposisies gevloei nie, maar ook talle instrumentale werke. Talle vooraanstaande musici in die Vrystaat en in die land het verbintenis met Lemmer gehad. Sommige is deur hom onderrig, geëksamineer of het in sy kore gesing. Ander het weer in kore gesing of is onderrig deur 'n eerste geslag van persone wat dit

1 Talle oorsese kunstenaars het *Kokkewiet* in hul repertorium ingesluit en selfs plaatopnames daarvan gemaak. (De Villiers, 1993:onderhoud)

eerstehands van Lemmer self ontvang het; gevolglik is weinig musici in die land nie op die een of ander wyse deur hom beïnvloed nie.

*Aan hom wat dit nie gedoen het om eer te ontvang nie, dubbele eer omdat hy die kuns beoefen het!* (NALN:nommer 226/80/11)

## *P. J. Lemmer*

***Hy was 'n gunsteling van die Muse en die gode***
***'n begenadigde yweraar,***
***'n entoesias,***
***'n positiewe dienaar met 'n ryke en blywende nalatenskap***
***Ons dank die hemel vir hom! (NALN:nommer M255/18/15/9)***

# HOOFSTUK 3

## DIE AKTIWITEITE VAN GESELEKTEERDE SKOOLKORE[1] IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om aan die hand van agtien geselekteerde verteenwoordigende skoolkore en hulle koorleiers 'n algemene oorsig van die skoolkooraktiwiteite in die provinsie te gee. Dit word gedoen na aanleiding van die inligting ingewin deur persoonlike onderhoude. In sommige gevalle bestaan die skoolkoor reeds dekades en gevolglik word daar in sulke gevalle meer spesifieke besonderhede oor die kooraktiwiteite verskaf. Relevante biografiese gegewens aangaande die skoolkoorleiers, waarsonder die sterk skoolkoorbewussyn in die provinsie nie kon bestaan nie, word ook volledigheidshalwe verskaf.

Aangesien 'n skoolkoor binne 'n sekere atmosfeer van 'n skool moet funksioneer, word tersaaklike historiese inligting met betrekking tot die totstandkoming van die skool terselfdertyd verstrek. Die doelstelling met die hoofstuk is soos volg:

om 'n historiese oorsig van skoolkooraktiwiteite te bied;
om die aandeel van prominente koorleiers daarin te erken; en
om tegnieke en werkswyses aan te toon sodat dit vir huidige en toekomstige koorleiers moontlik as verwysingsraamwerk ten baat kan wees.

---

1 Die aktiwiteite van kore van skole onder beheer van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie Volksraad word in die hoofstuk en verder in die verhandeling bespreek.

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY
1995 056 804 01

Die volgorde waarin die aktiwiteite van die verskillende skoolkore in dié hoofstuk bespreek word, is na aanleiding van prominente sentra in die Oranje-Vrystaat bepaal, en is soos volg: die Bloemfonteinse skoolkore, die Bethlehemse skoolkore, die Kroonstadse skoolkore en die Hennenman Primêre skoolkoor vanweë sy oorweldigende prominensie as die verteenwoordiger van die Welkom-streek.

## 3.2 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein

### 3.2.1 Historiese perspektief

Die Hoërskool Sentraal (hierna Sentraal genoem) handhaaf reeds die afgelope sestig jaar 'n ononderbroke tradisie van koorsang. Hierdie unieke tradisie[1] is waarskynlik ongeëwenaard[2] in die geskiedenis van skoolkoorsang in die provinsie en moontlik ook in die land. Sentraal is die eerste en *oudste gemengde skool* in Bloemfontein.

Talle ander skoolkore in die provinsie is waarskynlik na aanleiding van die koortradisie aan Sentraal gestig. *Aangesien Sentraal 'n skool was om op alle gebiede mee rekening te hou, het ander skole later*

---

1 Dit is bekend dat die ouer skole (soos Grey-Kollege Hoërskool) dekades reeds bekend is vir 'n merkwaardige sporttradisie. Gewoonlik kán die koorkultuur nie so ver in die geskiedenis teruggevoer word nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die algemene Suid-Afrikaner oënskynlik meer sport- as kultuurbewus is. Uit navorsing blyk dit dat veral Afrikaanssprekendes sport by voorkeur noem wanneer gevra word na simbole van bewustheid van Suid-Afrikanerskap. (Louw; Edwards, 1993:803)

2 Daar is wel skole wat oor 'n langer tydperk 'n prominente koortradisie gehandhaaf het, maar dit kan nie so ver soos dié by Sentraal teruggevoer word nie, òf die prominensie van die kooraktiwiteit het verflou. Voorbeelde hiervan in Bloemfontein is onder andere: Eunice Meisieskool (Norah Havenga), President Brand Laerskool (Ruth Davis), J. B. M. Hertzog Hoërskool (verskeie koorleiers), Grey-Kollege Laerskool (Frieda Jaekel), Primêre Skool Universitas (Elsa Viljoen) en Hoërskool Kroonstad. (Yvonne Rossouw)

*begin om ook dit wat daar op koorgebied gedoen was, na te boots*[1]. (Ellis, 1993:onderhoud) Michael Casaleggio[2], veteraan koorleier vroeër verbonde aan die skool (1934-1974), is van mening dat die Oranje-Vrystaat as provinsie die voortou geneem het met die totstandkoming en ontwikkeling van 'n skoolkoortradisie. (Casaleggio, 1993:onderhoud) Mnr. Dirkie de Villiers, oud-musiekinspekteur, was reeds lank voordat hy in 1956 in die Vrystaat aangestel is, bewus van die skoolkoortradisie in die provinsie. (1993:onderhoud) Casaleggio se bydrae tot hierdie skoolkoortradisie is, net soos dié van P. J. Lemmer, nie van geringe omvang nie.

Sentraal het aanvanklik met sy stigting in 1903 as die *Vrije Christelike School* bekend gestaan. (Human, 1976:308) Die skool het pas ná die Anglo-Boere-oorlog ontstaan uit die wil van die Afrikaner om met Afrikaans as moedertaal te bly voortbestaan. Ten spyte van die destydse verengelsings-beleid het die skool van krag tot krag gegaan. Die naam van die skool is in 1905 na die *Voorbereidende Praktiese School* en in 1930 na *Sentraal* verander. (Human, 1976:308) Sentraal was aanvanklik slegs 'n laerskool, en eers in 1921 het die eerste leerlinge aan die skool gematrikuleer. Bekende persoonlikhede soos dr. Piet Koornhof, sy broer prof. Korie Koornhof, dr. Joe Stegman, prof. Wynand Mouton, prof. Dawfré Roode, mnr. Adolf Theron,

---

1 Die kooraktiwiteit aan die ander gemengde skole soos J. B. M. Hertzog Hoërskool, Kroonstad Hoërskool, Jim Fouché Hoërskool en Sand du Plessis Hoërskool is indirek deur die koortradisie en prestasies van Sentraal beïnvloed, aangesien * Sentraal se koor die eerste koor in Bloemfontein was wat 'n plaatopname gemaak het, * dit die ATKB-koorkompetisie in die Vrystaat 'n geruime tyd as wenkoor oorheers het * dit 'n gereelde deelnemer en presteerder op kunswedstryde was * en dit die eerste skoolkoor in die Vrystaat was wat 'n *uitstalvenster vir die skool geword het.* (Ellis, 1993:onderhoud; Lamprecht, 1994:telefoniese gesprek) *Ander skole het die koortradisie begeer.* (Spies, 1994:telefoniese gesprek)

2 Volgens Ellis (1993:onderhoud), kollega van Casaleggio, was hy die eerste skoolkoorleier in die Oranje-Vrystaat wat aan die afrigting en werksaamhede van skoolkore prominensie verleen het.

prof. Stefans Grové, mnre. Dawid Muller, Niel Immelman en die bekende komponis prof. Chris Lamprecht het in die skoolkoor onder leiding van Michael Casaleggio gesing. (Casaleggio, 1993:onderhoud)

Die woonbuurt waarin die skool oorspronklik geleë was, het weens 'n veroudering van die inwoners[1] tot 'n dalende[2] leerlingtal aanleiding gegee en gevolglik het die voortbestaan van die skool in gedrang gekom. Die amalgamering met Dan Pienaar Hoërskool was vir Sentraal 'n welkome uitkoms, wat veral op koorgebied baie sou beteken[3]. (Verster, 1993:onderhoud) Sedert die skool met die amalgamering van terrein verskuif het, het die skool tot een van die grootste[4] skole in die provinsie gegroei. Sentraal beskik ook oor 'n moderne koshuiskompleks wat daartoe bydra dat die skool se leerlingtal konstant bly aangesien die platteland as voedingsbron dien. Tesame met die kultuurbewussyn handhaaf die skool dekades lank 'n uitsonderlike akademiese standaard[5], wat die kooraktiwiteit

---

1 Die uitbreiding in die stad se noordelike en suidelike woonbuurtes het daartoe aanleiding gegee dat jonger gesinne (met skoolgaande kinders ) hulle daar gevestig het.

2 Die skool het vanaf 'n leerlingtal van 1 000 leerlinge tot 600 gedaal. (Verster, 1994:telefoniese gesprek)

3 Huibrie Verster, voormalige koorleier verklaar: *My ervaring was dat die kinders van die platteland (wat die meerderheid van die ou Sentraal was) nie baie kultuurbewus (koorbewus) was nie. Met die samesmelting van die twee skole was dit duidelik dat daar 'n toename van kultuurbewuste kinders in die koor was.* (Verster, 1994:telefoniese gesprek)

4 Die skool het tans (1994) 1 000 leerlinge. (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

5 Skole met 'n goeie akademiese standaard beskik gewoonlik oor die potensiaal vir 'n goeie skoolkoor. Hiervan getuig mnr. Dirkie de Villiers (1993:onderhoud), voormalige Hoof:Musiek: *Sentraal beskik vir 'n geruime tyd oor gepriviliseerde kinders in die koor wat die koor uiteraard tot voordeel is.* Waar dit anders gesteld is, voer 'n skoolkoor 'n problematiese bestaan aangesien kinders wat nie akademies presteer nie, nie oor goeie konsentrasie en/of dissipline beskik nie en gewoonlik ook nie die nodige deursettingsvermoë het nie. Al hierdie genoemde elemente is belangrike vereistes vir 'n goeie kooraktiwiteit. Daar is egter uitsonderings (onder andere die Primêre Skool Hennenman - mev. Hettie Bothma) wat bevestig dat 'n bekwame, entoesiastiese, toegewyde koorleier steeds die belangrikste voorvereiste vir 'n goeie koortradisie is. Dit is egter interessant dat selfs mev. Hettie Bothma (1985:lesing) van Hennenman *intelligensie* as 'n belangrike vereiste in 'n kooroudisie beskou.

ongetwyfeld tot voordeel strek. Wat die musiekaktiwiteite betref, het daar egter niks beduidend voor die aanstelling van Michael Casaleggio plaasgevind nie. Human (1976:309) bevestig dat daar geen konkrete bewyse van enige musiekaktiwiteite voor 1934 gevind kan word nie.

### 3.2.2 *Michael Casaleggio*

Michael Casaleggio het gedurende sy skoolopleiding (Velddrif en Paarl) musiekonderrig tot standerd 8 gehad en het as harmoniumspeler[1] van die Rooms Katolieke[2] kerk opgetree. In 1927 het hy aan die Gimnasium Hoër Seunskool in die Paarl gematrikuleer en in die daaropvolgende jaar by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf, waar hy drie jaar later die B. Com.-graad verwerf het.

Casaleggio het in 1932 sy onderwysloopbaan by 'n gesentraliseerde plaasskool (Anniesdal) begin. In die daaropvolgende jaar (1933) was hy as Rekeningkunde-onderwyser aan die skool op Zastron verbonde. Volgens hom het hy in hierdie jare slegs in 'n geringe mate met musiek te doen gehad. (Later sou hy musiekonderrig by proff. Petrus Lemmer[3], David Roode[4] en mev. Henriëtte Pauw ontvang. Nadat Lemmer Bloemfontein verlaat het

---

1 Die klavieronderrig wat Casaleggio ontvang het, het ook die werke wat hy in die kerk moes speel, ingesluit. (Casaleggio, 1994:onderhoud)

2 Casaleggio se ouers was Rooms-Katolieke lidmate. Nadat sy moeder oorlede is, is sy vader met 'n Protestantse dame getroud. Met verloop van tyd het die hele gesin die Protestantse geloof aangeneem. (Casaleggio, 1994:telefoniese gesprek)

3 Casaleggio het onderrig van Lemmer ontvang op voorwaarde dat hy in Lemmer se kerkkoor moes sing. *Dit was natuurlik vir my 'n wonderlike voorreg en ek het dit met graagte gedoen.* (Casaleggio, 1994:telefoniese gesprek)

4 Hy het by Roode sowel die Sanglisensiaat as die Graad VIII klaviereksamen van UNISA geslaag. (Casaleggio, 1993:onderhoud)

om 'n betrekking in die Suid-Afrikaanse Weermag te aanvaar, het Casaleggio sy musiekonderrig by prof. David Roode voortgesit. Die drie persone wat 'n onuitwisbare indruk op hom as musikus gemaak het, was Petrus Lemmer, David Roode en Philip McLachlan. *Met Philip McLachlan het ek persoonlik tydens kunswedstryde in aanraking gekom. Hy het my koor dikwels beoordeel en met 'n geleentheid 'n pragtige verslag oor die vertolking van "Ave Verum" deur Mozart gegee.* (Casaleggio, 1994:telefoniese gesprek)

Mnr. A. E. Viljoen, destydse skoolhoof, het aan die einde van 1933 vir Casaleggio aangaande 'n vakante betrekking (Rekeningkunde) by Sentraalskool genader. Die afrigting van die skoolkoor en -orkes is as 'n verdere vereiste gestel, terwyl Casaleggio ook vir die skoolsang verantwoordelik sou wees. (Casaleggio, 1994:onderhoud) Die orkes wat hy afgerig het, het uit trompette, mondfluitjies, kastanjette, fluite, ratels en tamboere bestaan. (Human, 1976:309)

Casaleggio se verdienste was vanuit die staanspoor, benewens die skep van 'n koortradisie, in die klassang[1] geleë. Die opheffing van die skool se sang in die breë was vir hom 'n prioriteit. Volgens Casaleggio was die voorgeskrewe liedere in die leerplan van 'n besondere hoë standaard en hy moes werklik deursettingsvermoë aan die dag lê om die leerplan se vereistes na te kom. (Casaleggio, 1993:onderhoud) Die groot sangklasse het vanselfsprekend 'n dissiplinêre probleem geskep, maar dit was vir hom 'n uitdaging. *In die klasse was daar natuurlik die gewilliges en die*

1 Die verhoging van die standaard van klassang het uiteraard 'n bevrugtende uitwerking op die kooraktiwiteit gehad.

*onwilliges, maar dit het my nie afgeskrik nie.* (Casaleggio, 1993:onderhoud) Na slegs drie jaar se diens by Sentraal het die skoolhoof[1] die dividende van die werksaamhede van die nuwe Rekeningkundeonderwyser en koorleier by die skool raakgesien. In latere jare, ná Petrus Lemmer se dienstermyn, het Dirkie de Villiers inspeksie by Casaleggio gedoen en hy onthou dit soos volg: *Casaleggio het hom nie aan die leerplan gesteur nie - hy was 'n wet vir homself. Hy het baie dinge gedoen soos hy dit wou doen, maar hy het resultate gelewer. Ek het by hom heerlik inspeksie gehou en agteroor gesit en kyk hoe hy dinge doen op 'n manier wat ek dit nie sou kon doen nie. Hy is 'n individualis en jy foeter nie met 'n individualis wat 'n eerlike man is, wat 'n begaafde man is, wat persoonlikheid het, wat entoesiasme het, wat kundigheid het en wat resultate lewer nie.* (De Villiers, 1993:onderhoud)

Die skryf en instudeer van sportliedjies was 'n ander belangrike ontwikkeling waarvoor Casaleggio onthou word. Die sportliedjiekultuur het in sy dienstermyn beslag gekry en is ook deur hoërskole soos Grey-Kollege en J. B. M. Hertzog nagevolg.

### 3.2.2.1 Die kooraktiwiteit in die Casaleggio-era

Casaleggio het veral met sy aansteeklike entoesiasme van die kooraktiwiteit 'n sukses gemaak. 'n Voormalige kollega en begeleier van sy koor, mev. Ina Ellis (1993:onderhoud), beskou entoesiasme en toegewydheid as die primêre redes vir sy sukses. Die koor het aanvanklik uit ongeveer dertig leerlinge bestaan, maar langsamerhand het dit tot ongeveer eenhonderd lede

1 Die skoolhoof het in die jaarblad (1936) die volgende opmerking gemaak: *Ons skoolsang is steeds 'n bron van besieling en 'n wonderlike saambindende krag. Die drie inspekteurs (wat vroeër die jaar daar inspeksie gedoen het) het verklaar: "Die resultaat is die beste wat ons tot nog toe teëgekom het."* (Human, 1976:310)

uitgebrei. Hierdie toename in koorledetal het ongetwyfeld op Casaleggio se vermoë om kinders te motiveer, gedui. Koorrepetisies het hoofsaaklik gedurende pouses, maar met spesiale geleenthede soms ook in die namiddag plaasgevind. Soos dit uit die jaarblad blyk het die koor vanuit die staanspoor op koorkompetisies presteer: ... *Ons het vanjaar (1936) weer deelgeneem by gebrek aan iets beters, want daar blyk maar altyd 'n sterk begeerte om fyner en deegliker werk te doen as wat in 'n groot klas van 100 of meer kan gebeur. By die Skoolkoorkompetisie het ons Primêre Skool tweede gekom. Die Sekondêre gemengde koor het in die wedstryd vir die Haarburgerbeker op Edenburg met 1 punt verloor.* (Human, 1976:309) In 1937 het die skoolkoor wel die *Haarburgerbeker* verower en op die Bloemfonteinse Kunswedstryd is die *Vrystaatse Kunswedstrydvereniging - wisselbeker* vir die tweede keer verower. Die *Haarburgerbeker* is huidiglik nog in Sentraal se besit. (Casaleggio, 1993:onderhoud)

'n Besondere eer en geleentheid van historiese betekenis het die skoolkoor in 1938 te beurt geval, naamlik om op uitnodiging in 'n massakoor met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria te kon optree. Volgens Casaleggio was die kore wat tydens dié geleentheid opgetree het, hoofsaaklik geleentheidskore. Daar was egter in 1938 by Sentraal, in teenstelling met die meeste ander skole in die land, wel 'n permanente koor. (Casaleggio, 1993:onderhoud)

Die stigting van 'n seunskoor (*Die Jongmannekoor*) was 'n ander ontwikkeling wat by 'n gemengde skool ongekend was. Die aanvanklike motivering vir die stigting van die koor was om serenades by die meisieskoshuis (Sentraal) te gaan lewer. Met die verloop van tyd het die gebruik ontstaan om by die koshuis van die C en N Sekondêre Meisieskool

Oranje te gaan sing. Benewens die gemengde koor het talle kleiner groepe uit die groot koor ontstaan. (Casaleggio, 1993:onderhoud) Casaleggio het die koor dikwels gebruik om operettes soos *The Quaker Girl, Lida en die Liedjieskrywer* en *Die Blink Kristal* op te voer. In 1948 was daar drie uitvoerings van *Quaker Girl* (komponis:Lionel Monckton) in die stadsaal. *Petrus Lemmer het die orkes gedirigeer en Jack de Wet het die orkes gelei. Dit was vir my 'n groot eer dat hy gewillig was om aan my versoek te voldoen om sodoende die begeleiding met sy orkes waar te neem. Die vertolking en tempo van die liedere het Lemmer in oorleg met my smaak en oordeel gedoen.* (Casaleggio, 1994:telefoniese gesprek) Die feit dat Lemmer hom met die opvoering van 'n operette op skoolvlak geassosieer het, is veelseggend van die standaard wat destyds by die skool gehandhaaf was. Met die eerste opvoering van 'n ander operette, *Die Blink Kristal*, was die komponis daarvan, S. le Roux Marais, asook advokaat C. R. Swart teenwoordig. (Casaleggio, 1994:onderhoud) Die statuur van die twee eregaste en hulle gades is 'n bevestiging van die prominensie wat die opvoer van die operette geniet het.

Die maak van 'n plaat[1] in 1964 was ongetwyfeld 'n besondere mylpaal in die

1 DIRIGENT: MICHAEL CASALEGGIO BEGELEIDING: KLAVIER - INA ELLIS
ORKES - VRYSTAATSE JEUGORKES
KANT 1
* Ken jy die Land - verwerk M. Casaleggio * Lebombo - Verwerk Dirkie de Villiers (Spesiaal vir die skoolkoor van Sentraal) * Ou Galiema - Philip McLachlan * Lammetjie Wei by die Dammetjie - Jan Bouws (Spesiaal vir die koor van Sentraal getoonset) * Heer Jesus Heeft Een Hofken - Oud-Nederlandse Volkslied * Lentelied - S. le Roux Marais verwerk deur die komponis (Hierdie sololied is op versoek van Casaleggio deur die komponis vir Sentraal verwerk) * Hoor die Hemelinge sing - verwerk deur Philip McLachlan.
KANT 2
*O Peaceful Night - Edward German *Dancing On the Green (Ook bekend as Country Gardens) *My Bonnie - Amerikaanse Volksliedjie * The Combat - Thomas Pitfield * My Lady Greensleeves - Engels Volkswysie spesiaal deur Dirkie de Villiers vir die koor verwerk *Non Nobis, Domine - Roger Quilter. (1964:plaatomslag)

Casaleggio-era. In die sestiger- en sewentigerjare was 'n koor se sukses dikwels aan die maak van 'n plaat gemeet. Die problematiek aangaande die beoordeling van die standaard van koorsang op plaatopnames is dat dit vanuit 'n hedendaagse verwysingsraamwerk, dus feitlik subjektief moet geskied - soos dit ook blyk uit Ina Ellis (destydse begeleier van die koor; 1993:onderhoud) se mening: *'n Mens is so ingestel en bewus van die opleiding en kennis aangaande koorleiding van die afgelope aantal jare dat dit vandag moeilik is om die standaard van vroeër jare by Sentraal te evalueer.*

Die koor het benewens die opvoer van operettes gereeld tydens kunswedstryde, eredienste en volksfeeste opgetree. Optredes voor leerlinge en personeel in die skoolsaal het redelik dikwels plaasgevind. Die gebruik van die koor by Sentraal om *Die Hemele Roem* deur Beethoven te sing, het 'n gevestigde tradisie - soos 'n tweede skoollied - geword. (Casaleggio, 1993:onderhoud; Van der Watt, 1993:onderhoud; Linde, 1994:onderhoud) 'n Ander belangrike geleentheid op die koorkalender was die optrede by die skoolsluitingsfunksie.

### 3.2.2.2 Die ondersteuning van skoolhoofde

Mnr. A. E. Viljoen, skoolhoof in die dertigerjare, het 'n hoë premie op die kulturele ontwikkeling van die leerlinge geplaas en dit was vir Casaleggio 'n onderskraging. Casaleggio was in dié bevoorregte posisie dat hy gedurende sy dienstydperk alle moontlike steun van die opvolgers van mnr. Viljoen verkry het. Dit was veral mnre. I. Malan[1] en Paul Johl[2], self erkende koor-

1 Mnr. I. Malan was voorheen koorleier by Voortrekker Hoërskool, Bethlehem. (Casaleggio, 1994:telefoniese gesprek)

2 Mnr. Paul Johl was voorheen koorleier by die Hoërskool Kroonstad. Hy het onder andere 'n dogterskoor, gemengde koor en 'n Duitse koor afgerig. (Groenewald, 1986:359)

leiers, wat Casaleggio ondersteun het. Die feit dat Casaleggio bevoorreg was om destyds verskeie skoolhoofde met begrip vir die kooraktiwiteit te kon hê, was uitsonderlik.

### 3.2.2.3 Verwerkings

Casaleggio het weens gebrek aan veral 'n geskikte Afrikaanse koorrepertorium self verwerkings vir sy koor gedoen. Hierdie verwerkings was so geslaagd dat talle van hulle in bundels opgeneem is en vandag nog deur talle kore gesing word. Volgens Casaleggio (1993:onderhoud) het hy sy talent[1] om verwerkings te doen soos volg ontdek: *Met die Jan van Riebeeckfees in 1952 het ek 'n musiekskets aangebied waarin ek verskillende lande se volksang en -danse uitgebeeld het. Vir hierdie geleentheid het ek begeleidings vir ongeveer 100 liedere geskryf. 'n Ruk na dié uitvoering het ek navraag na volksliedjieverwerkings ontvang. Ek wou aanvanklik nie, maar het dit toe wel gewaag. Die heel eerste lied wat ek gekies het om te verwerk was "Kinders moenie in die water mors nie"*[2]. *Ek wou hê dat die verwerking darem 'n standaard moes hê en daarom het ek dit met 'n tipe fugastyl begin. Die eindresultaat was geslaagd en talle ander verwerkings het daarna gevolg. Nadat Danie en Marie Vosloo 'n paar van my verwerkings gehoor het, het hulle daarop aangedring dat ek vir hulle verwerkings moes doen. In my agterkop het hulle familienaam, "Vosloo", my laat besluit om 'n verwerking van "Blink Vosperd" te maak.*

1 Die feit dat talle van sy verwerkings en begeleidings in bundels soos die *FAK* en *GOUE GERF* opgeneem is, en dat baie van hulle vandag nog gesing word, is sekerlik 'n aanduiding van hulle trefkrag.

2 Casaleggio het dié verwerking in 1946 met die Bloemfonteinse Eeufeesviering met 'n massakoor van 4 000 kinders uitgevoer. (Casaleggio, 1994:onderhoud)

(Casaleggio, 1993:onderhoud) Casaleggio was ook nou betrokke by die samestelling van drie bundels, te wete *Vir ons Volkspelers*[1], *Goue Gerf*[2] en *Ons Volkspelererfenis*[3].

### 3.2.2.4 Casaleggio se bydrae tot koorsang in die Oranje-Vrystaat

Casaleggio was 'n tydperk van veertig jaar (1934-1974) aan Sentraal verbonde en het vir talle opkomende koorleiers as verwysingsraamwerk gedien. Met sy aandeel aan die skepping van 'n koortradisie by hierdie skool, was die weg ook vir sy opvolgers gebaan. Ina Ellis, een van die talle begeleiers van sy koor en bekende voormalige musiekonderwyser in Bloemfontein, verwoord Casaleggio se bydrae soos volg: *Musiekaktiwiteite was in die Casaleggio-era 'n stiefkind by skole. Dit was nie so 'n uitstalproduk soos dit vandag wel die geval is nie. Die feit dat Casaleggio dit kon regkry om juis in die atmosfeer van anti-musiek*[4] *sukses te bereik, was werklik 'n groot prestasie. Hy het die volkseie in daardie tyd gevestig; dit was baie belangrik, aangesien daar gedurende hierdie tydperk oorwegend koorwerke met Engelse tekste gesing was. As gevolg van sy beklemtoning van die volkseie het hy talle verwerkings van "inheemse" liedere gedoen.* (Ellis, 1993:onderhoud) 'n Brief deur Dirkie de Villiers, gerig aan Casaleggio na die verskyning van die bundel *Ons Volkspelererfenis,* som sy bydrae op: ... *Na my beskeie mening het jy veral drie onuitwisbare nalatenskappe aan ons volk gelaat. Jou onvergeetlike en inspirerende leiding aan geslagte van hoërskoolleerlinge ten opsigte van die*

---

1 Gepubliseer in 1953. Casaleggio het talle begeleidings vir die doeleindes van die bundel geskryf.

2 Hy was hoofredakteur vir die *GOUE GERF*.

3 Gepubliseer in 1989. Talle begeleidings deur Casaleggio het in die bundel verskyn.

4 Onderwysers verantwoordelik vir ander buitemuurse aktiwiteite het dikwels nie toegelaat dat die kinders wat aan hulle aktiwiteit deelneem, in die koor sing nie. (Ellis, 1994:onderhoud)

*blywende waardes van die musiekgenre, jou eie professionele afgeronde komposisies, verwerkings en koorafrigtingswerk en laastens hierdie gedrongenheid om die musiekdeel van die Volkspelebeweging so op peil te hou ...* (1989:korrespondensie)

Ria Fourie (1994:onderhoud), tydgenoot van Casaleggio en voorheen verbonde aan die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, se indrukke aangaande Casaleggio se koor is soos volg: *Hy het altyd vinnig op die verhoog gekom en gebuig. Sy kore het goed gesing, soms effens styf en die kinders se gesigte was gewoonlik strak. Oor die algemeen het hy egter baie goeie werk met die koor gedoen.* Casaleggio se opvolger, Huibrie Verster, het agting (1993:onderhoud) vir die koortradisie wat hy agtergelaat het: *Ek dink die standaard van koorwerk wat mnr. Casaleggio gedoen het, was vir sy tyd baie spesiaal. Hy was die eerste skoolkoorleier wat in die Vrystaat aansien geniet het. Op nasionale gebied was Philip McLachlan en George Grüber die enigste koorleiers wat in daardie tydperk as koorleiers gereken was.* Die huidige dirigent, Leona Geldenhuys (onderhoud:1994) lewer ten opsigte van die koorstandaard wat deur Casaleggio gehandhaaf is, soos volg kommentaar: *Hy het nie noodwendig 'n goeie kwaliteit van koorklank nagestreef nie, maar hy het wel die entoesiasme gehad en as gevolg daarvan die liefde vir koorsang by kinders aangewakker. Casaleggio kan met reg as die vader van die skoolkoortradisie in die Oranje-Vrystaat beskou word.*

Professor Chris Lamprecht, oud-koorlid van Casaleggio, het dikwels die koor begelei: *"Oom Cassie", soos ons hom genoem het, was die siel van musiek in die skool. Waar hy beweeg het, was hy altyd die fokuspunt. Hy het vir die ganse skool een maal per week sang gegee. Soms het dit 'n bietjie rof*

*gegaan en dan het hy vir die matriekseuns baie kwaad geword. "Oom Cassie" was baie kwaai en het nie sommer met hom laat mors nie, maar tog was hy baie lief vir mense en hy was altyd genaakbaar. Ek kan onthou dat P. J. Lemmer by 'n geleentheid inspeksie by die skool gedoen het. Tydens dié geleentheid het hy (Lemmer) gesê: "Julle kan dit maar van die dakke af verkondig dat Sentraal die skool met die beste musiekafdeling in die land het!". Ek dink vandag aan hom terug as iemand wat baie musikaal is.* (1994:telefoniese gesprek)

### 3.2.2.5 Samevatting

Michael Casaleggio kan as een van die pioniere van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat beskou word, aangesien hy in 'n tydvak met 'n permanente koor by die skool begin het toe geleentheidskore aan die orde van die dag was. Hy was een van die eerste skoolkoorleiers wat aan die afrigting van skoolkore prominensie verleen het - en dit in 'n tyd toe musiek nie in 'n skoolopset regmatige erkenning gekry het nie.

Tydgenote van wie hy onderrig ontvang het, soos Petrus Lemmer en David Roode (wat self koor-entoesiaste was), het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak. Entoesiasme en deursettingsvermoë was die essensie van sy sukses met die vestiging en uitbouing van die kooraktiwiteit. Gedurende die vier dekades wat hy aan die skool verbonde was, het hy 'n onvernietigbare koortradisie wat deur talle ander skole beny is, tot stand gebring. Volgens die huidige (1994) skoolhoof, mnr. Herklaas Smit (onderhoud:1994), is daar selfs vandag nog spore van Casaleggio se werk by die skool te bespeur. Met reünies is die naam en werksaamhede van Casaleggio telkemale onder oud-skoliere ter sprake. Sy beklemtoning van Afrikaans en ander volkseie

elemente was noodsaaklik en relevant, veral in 'n tyd dat Afrikaans en Afrikaanse liedere na erkenning moes streef. Geslagte leerlinge by Sentraal het die vreugde van musisering beleef en deur middel van die klasmusiek en die kooraktiwiteit is by hulle die blywende waarde van goeie musiek ingeprent. Hy het vir ander koorleiers as verwysingsraamwerk gedien en sodoende ook onbewustelik tot die totstandkoming van 'n koortradisie in Bloemfontein en in die provinsie in sy geheel bygedra. Huibrie Verster sou as Casaleggio se opvolger die merkwaardige koortradisie wat deur hom gevestig is, handhaaf en verder uitbou.

### 3.2.3 *Huibrecht (Huibrie) Verster*

Huibrie Verster behaal die B. A. (Musiek)-graad aan die Universiteit van Stellenbosch met Afrikaans/Nederlands en Klavier as hoofrigtings. Sy het gedurende haar studiejare in die universiteitskoor onder leiding van Philip McLachlan gesing en twee jaar lank 'n skoolmusiekkursus onder sy leiding gevolg. McLachlan se invloed op haar toekomstige professionele loopbaan was rigtinggewend. *Hy het op almal*[1] *wat in sy koor gesing het 'n invloed uitgeoefen en ek beskou hom as die grootste enkele beïnvloedingsfaktor in my musikale loopbaan.* (Verster, 1993:onderhoud)

Verster se eerste aanstelling in die onderwysprofessie was by die Hoërskool President in Parow. Haar ondernemingsvermoë het in hierdie stadium reeds geblyk met die opvoering van 'n operette (*Die Visserman*). Twee jaar later is haar eggenoot verplaas en het sy 'n betrekking aan die Hoërskool Kraaifontein aanvaar, waar sy vir die afrigting van die skoolkoor asook 'n

1 Pieter van die Westhuizen is dieselfde mening toegedaan: *Dit* (sy hele samestelling as mens en koorleier ) *het 'n onuitwisbare indruk gelaat op almal met wie hy te doen gehad het.* (Jankowitz, 1990:28)

kleiner kamergroepie verantwoordelik was. *Ek het met die twee groepe heelwat konserte gehou, al was ek maar net 'n jaar en drie maande aan die skool verbonde.* (Verster, 1993:onderhoud) Haar eggenoot is hierna eers na Wepener en daarna na Bloemfontein verplaas.

Mnr. Chris Heyns, voormalige inspekteur van musiek in die Oranje-Vrystaat, het haar van die vakante pos by Sentraal in kennis gestel. Mnr. Casaleggio het intussen (1974) afgetree en 'n geskikte persoon is dringend benodig om die pligte oor te neem. (Verster, 1993:onderhoud)

Huibrie Verster het met haar diensaanvaarding by die skool baie bewus geword van die kwaliteit werk wat deur haar voorganger gelewer is. Al die kostuums van die operettes wat opgevoer was, was steeds by die skool en die onderwysers wat mnr. Casaleggio geken het, het haar baie van hom en die koortradisie vertel. Sy was dus daarvan bewus dat sy 'n verantwoordelikheid gehad het om op 'n merkwaardige koortradisie voort te bou en dat sy ook 'n gegewe standaard betreffende die klasmusiek sou moes handhaaf. (Verster, 1993:onderhoud)

### 3.2.3.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Huibrie Verster

Verster verklaar aangaande die eerste jaar by Sentraal soos volg: *In die eerste jaar van my diensaanvaarding het die koor hoofsaaklik gedurende pouses geoefen en daar was min optreegeleenthede. Die koor het vanuit die staanspoor vierstemmige werke gesing, aangesien hulle daaraan gewoond was.* (Verster, 1993:onderhoud) Verster het vanweë haar kooragtergrond

egter veel meer op *a capella*[1] werke in haar repertoriumsamestelling as haar voorganger gefokus.

Die deelname aan die ATKB-koorkompetisie het as die aanvanklike stimulus vir die toename in kooroefentyd gedien. Die koor het weldra op provinsiale en nasionale vlak in die kompetisie presteer en daar is deeglik van die koor kennis geneem. *In 1978 het ons vir die eerste keer ingeskryf vir die ATKB-koorkompetisie vir hoërskole. Ek het mnr. Chris Heyns* (inspekteur van musiek) *gevra om na die koor te kom luister en ek onthou goed die ontnugtering wat dit vir my was. Nadat ons klaar gesing het, het hy gesê: "Mevroutjie, ek dink die stemme moet nog meer apart* (sic) *oefen".* (Verster, 1993:onderhoud) Na hierdie ontnugtering is meer tyd vir repetisies ingeruim om sodoende die standaard te verhoog. In 1978 het die koor begin om twee uurlange oefensessies per week te hê. Sentraal het in daardie jaar die streekuitdun gewen, maar die koor van die Afrikaanse Hoërskool Kroonstad is in die Vrystaatkompetisie as die wenner aangewys. In 1980 en 1981 het die koor van Sentraal die Vrystaatuitdun gewen en gevolglik ook in die landskompetisie gaan deelneem. *Met dié geleenthede het die koor nie uitermate presteer nie, maar dit was 'n baie goeie ondervinding.* (Verster, 1993:onderhoud) In 1983 het die koor weer eens die Vrystaatuitdun gewen en in die landswye ATKB-kompetisie wat in Bloemfontein plaasgevind het, die tweede plek verower. As gevolg van die prestasies in die ATKB-koorkompetisie het die koorwêreld nie net binne nie, maar ook buite die grense van die provinsie van die skoolkoor by Sentraal kennis geneem.

---

1 Waarskynlik kan die neiging om oorwegend onbegeleide werke te doen na Verster se ervaring in die Stellenbosse Universiteitskoor teruggevoer word.

Die koor het aanvanklik uit ongeveer vyftig lede bestaan, maar die belangstelling het so toegeneem dat die ledetal verdubbel het. *Ons het een jaar op die ATKB-koorkompetisie met 'n koor van 95 koorlede gesing.* (Verster, 1993:onderhoud) Internasionale skakeling en uitbreiding van 'n verwysingsraamwerk was vir Verster 'n prioriteit. *Die repetisietyd van die koor het dramaties verander toe ek in die "Choral Journal" (ongeveer 1981) van 'n Amerikaanse koorvereniging gelees het dat kore wat werklik presteer nie minder as vier uur in 'n week repeteer nie.* (Verster, 1993:onderhoud) Kooroefenkampe was 'n bykomende wyse om die repetisietyd te vermeerder. Onder mev. Verster se leiding was Sentraal waarskynlik die eerste skoolkoor in Bloemfontein wat met 'n oefenkamp begin het. *Die oefenkampe is aanvanklik begin as 'n verdere poging om net meer te oefen en later het al die ander waardes soos groeps- en geesbou ook van belang geword.* (Verster, 1994:telefoniese gesprek)

In 1980 het die koor aan die SAUKTV-koorkompetisie deelgeneem en onder die eerste tien kore in die land geëindig: *Ons het ook daarmee 'n geleentheid gekry om 'n TV-opname te kon doen. Die opname is tydens 'n Sondagaandprogram gebeeldsend.* (Verster, 1993:onderhoud)

Die blootstelling aan kompetisies op provinsiale en nasionale vlak, tesame met die toename aan repetisietyd, het ongetwyfeld tot 'n verhoging van die koorsangstandaard gelei. Aangesien die kooraktiwiteit by Sentraal reeds dekades prominent was, het dit verder bygedra dat Sentraal se koorprestasies as verwysingsraamwerk vir ander skoolkore gedien het. Onder leiding van

Huibrie Verster het die standaardverhoging van die koor op Sentraal 'n nuwe era van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat ingelui.

Volgens Verster (1993:onderhoud) het die repertoriumkwantiteit as gevolg van die deelname aan kompetisies gely. 'n Totaal van tien tot twaalf koorwerke is per jaar aangeleer - meesal vierstemmige werke, maar later driestemmig. *Aan die einde van my termyn by die skool het ek wegbeweeg van vierstemmige werke. Aangesien werklike basse en tenore by skoolkore seldsaam is (die meeste is maar baritonne), het ek gevoel ek kan 'n baie beter klankkwaliteit met driestemmige werke verkry.* (Verster, 1993:onderhoud) Dit wil voorkom of die aantal werke[1] wat in 'n jaar instudeer is, gedurende die tydperk 1983 tot 1985 toegeneem het. Uit die repertoriumsamestelling van 1983 kan die volgende waarnemings gemaak word:

- 'n Totaal van 18 koorwerke is in 1983 ingestudeer.
- Vyf van die werke is in die daaropvolgende jaar met die plaatopname herhaal. Die moontlikheid bestaan dus ook dat in 1983 werke van die vorige jaar (1982) herhaal is.
- Die standaard van die werke wat in 1983 aangeleer is, wissel van maklik tot moeilik - waarvan *Credo* deur Pierre Malan 'n voorbeeld van 'n moeilike werk vir 'n skoolkoor is.

---

1 *** Tafelgebed * Die Credo * Wie het ek buiten U? * Die Bybellied * Were you there? * When the Saints * Bahama Lullabye * One, two, three! * The sound of silence * Try to remember * Speed your journey * Blinkvosperd * Môre Oompie, môre tannie * Soen haar * Boetie sy's 'n perskeblom * Vader Jacob - Drie blinde muise (Kanon) * Hiep hiep hoera * Uit die chaos van die eeue**
Komponiste word nie aangedui nie. (Argief:plakboek in besit van Hoërskool Sentraal)

□ Verskillende genres van koormusiek word in die 1983-program gedek en sluit hoëgehalte koormusiek in, asook werke wat hoofsaaklik op die gewildheid by koorlede en gehore ingestel is.

□ Gewyde musiek was in die minderheid in die repertoriumsamestelling.

□ Die beperkte repertorium van die sestigerjare (wat rondom die Volks- en Vaderlandsliedere gesentreer was), het nie meer 'n prominente deel van die koorrepertorium uitgemaak nie.

### 3.2.3.1.1 Klassangaande, ander kore, optredes en plaatopname

Huibrie Verster se kreatiewe denke ten opsigte van die instelling van klasmusiekaande[1] het ook 'n heilsame uitwerking op die kooraktiwiteit as geheel gehad[2].

In die laaste jaar van Verster se dienstermyn het 'n medemusiekkollega, mev. René Zietsman, 'n dogterskoor gestig en met die deelname aan die kunswedstryd van 1985 presteer. In dieselfde jaar het ook 'n Standerd 6-koor ontstaan. As gevolg van mev. Verster se insentiewe was daar 'n buitengewone belangstelling in koorsang en nie alle belangstellendes kon in die gemengde koor geakkommodeer word nie; gevolglik was die stigting van ander onafhanklike koorgroepe noodsaaklik.

---

1 Volgens Chris Heyns (1994:telefoniese gesprek), voormalige musiekinspekteur, was J. B. M. Hertzog se skoolkoor onder leiding van Leona Geldenhuys die eerste skool in die Vrystaat wat die konsep van klasmusiekaande geïnisieer het.

2 *Ek dink dat koorsang baie prominensie by Sentraal gekry het as gevolg van die ongeveer sewe klassangaande wat ek gehou het. Dit het die kinders laat besef dat almal kan sing, want ek het almal aan die klassangaande laat deelneem. Ons het dit nogal 'n baie waardige geleentheid gemaak en by die Odeion (by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) gehou. Elke kind was betrek. Ons het ook gewoonlik met 'n koor en orkeswerk afgesluit. (Daar was baie kinders wat orkesinstrumente by die Musicon geneem het.)* (Verster, 1994:onderhoud)

In Verster se dienstydperk by die skool het die koor tydens die volgende geleenthede opgetree:

- Kunswedstryde.
- Koorfeeste: Die skoolkoor van Sentraal was een van die eerste kore om na die Grey-Kollege Koorfees uitgenooi te word. (Grey-Kollege Koorfeesprogram, 1982)
- ATKB-koorkompetisies.
- SAUKTV-koorkompetisie.
- Eredienste: Die koor het talle uitnodigings aanvaar om tydens eredienste op te tree.
- Met die amptelike ingebruikneming van die nuwe Psalm- en Gesangbundel (1978).
- Die inwyding van die C. R. Swart-gebou (1982).
- Die koor het ook die eerste amptelike uitvoering van die Bybellied van Gerhard Beukes en Dirkie de Villiers gedoen (1983).
- Optrede saam met die Oostelike Provinsie Jeugkoor (1984).
- Klassangaande: Daar is 'n hoë mate van prominensie aan die klasmusiekaande by die skool verleen.

Die jaar 1984 was na 'n tydperk van gereelde deelname aan koorkompetisies 'n geleentheid vir heroorweging van die kompetisiebeginsel. *In 1984 het ek besluit dat ek nou baie moeg was vir die kompetisies en dat ek graag met die koor 'n plaatopname wou maak. Peter Jacquire is vanweë die opnamegehalte van die plaat vir 'n ARTES-toekenning genomineer.* (Verster, 1993: onderhoud)

Verster het onbewustelik ook deur middel van die plaatopname[1] 'n besondere nalatenskap van historiese aard aan die skool gemaak. Objektiewe kommentaar in terme van 'n hedendaagse verwysingsraamwerk is meer geredelik moontlik as in die geval met Casaleggio se plaatopname twintig jaar vroeër. Met die uitreiking van die plaat het daar ook 'n gunstige resensie[2] in *Die Volksblad* verskyn.

---

1 KANT 1

*** Tafelgebed - H Schütz * Gesang 133 - H. Hassler * Hosanna vir die Seun van Dawid - Onbekend * Were you there? - verwerk Dirkie de Villiers * Salve Regina in Es - J. Haydn * April is my mistress' face - T. Morley * Questa dolce sirena - G. Castoldi * The Lost Chord - A. Sillivan verwerk** Chris Heyns

KANT 2

*** Uit die chaos van die eeue - D. F. Viljoen/S. E. Eyssen * Die blink vosperd - verwerk Michael Casaleggio * Boetie sy's 'n perskeblom - M. L. de Villiers * Try to remember - Jones/Schmidt * The battle hymn of the republic - Howe/Steffe verwerk Dirkie de Villiers * Joshua fit the battle of Jericho - verwerk L Murray * Der Schneewältzer (sic) - Onbekend * When the saints go marching in - verwerk R. Thompson** (1984:plaatomslag)

2 *Kom ons begin deur reguit en onomwonde te sê dat hierdie die mees hoogstaande plaat is wat 'n Vrystaatse skool nog bemark het. Die geïntegreerde stemvoering van die Sentraalkoor lewer 'n gebalanseerde klankeenheid wat 'n hoë rariteit by 'n tienderjarige groep is, aangesien die koorleier alewig voor die moeilikheid te staan kom dat die ryper meisiestemme nie maklik inskakel by die meer ongevormde seunstemme - veral die tenore - nie. Aangesien dit hier in 'n groot mate wel die geval is, is dit die vernaamste enkele rede vir die meesal skitterende koorklank. In twaalf van die negentien aangebode liedere kan met veiligheid gesê word dat die asembeheer, die stemproduksie, die intonasie, dinamiek, frasering en diksie suiwer is; dat die koordissipline voorbeeldig is en dat die nodige horisontale voortstuwing aanwesig is. Verder het die koor nie een keer gesondig t.o.v. ongedekte, onbeheerde klank nie, want die toongehalte was deurgaans beskaafd. Die mooiste voorbeeld van almal is hul weergawe van Stephen Eyssen se "Segelied" wat reik na 'n volwasse professionele standaard. Ander sprekende voorbeelde van die uitbeelding van genoemde kwaliteite vind ons by "Die blink vosperd" (iets wat oud-Traliedirigent Michael Casaleggio se hart bly sal maak, aangesien dit sy verwerking is), in oorvloed by die oud-kerklike "Hosianna", by die lastige eise van gedraenheid wat die lied "Were you there?" aan 'n koor stel, by die meelewende "My hart blom wit", die ernstige "Salve Regina" en by 'n halfdosyn ander. Van die ses liedere wat aan kleinerige of groter gebreke mank gaan, is dit slegs die slotlied: die moeilike "When die Saints", waar die koor se intonasie hulle dermate in die steek laat, dat die lied liefs nie ingesluit moes gewees het nie - moontlik was hulle stemme reeds moeg, want die intonasie was by die res van die program (uitgesonderd die aanvang van "Boetie, sy's 'n perskeblom") piekfyn. 'n Raps te veel woordskildering by Gesang 133, 'n sweem van loodvoetigheid by "April is my" en 'n gebrek aan 'n ware slot-forté by "Battle Hymn" was geeneen ernstige tekortkominge nie. 'n Mens kan nie anders nie as om trots te wees op 'n Vrystaatse koor wat werk van hierdie gehalte lewer ... - Dirkie de Villiers* (Argief:plakboek in besit van Hoërskool Sentraal - datum van knipsel afgesny)

### 3.2.3.2 Kommentaar van skoolhoofde[1]

Mnr André Ebersohn was skoolhoof by Sentraal vir die grootste deel van Verster se dienstydperk. Hy het haar in die tydperk volgehoue, onontbeerlike steun verleen. Ebersohn het besondere waardering vir haar werk gehad en het soms van personeellede kritiek moes verduur omdat hy haar in alles ten volle gesteun het. (Ebersohn, 1994:telefoniese gesprek) Mnr. Ebersohn sien mev. Verster se bydrae tot die koor- en klasmusieksituasie soos volg: *In die tyd wat mev. Verster by die skool werksaam was, het die standaard van koorsang só verhoog dat die koor op landsvlak bekendheid verwerf het. Ek glo dat sy op baie kinders gedurende klasmusiekperiode 'n positiewe invloed uitgeoefen het.* (Ebersohn, 1994:telefoniese gesprek)

Mnr Herklaas Smit, opvolger van mnr. A. Ebersohn het slegs 'n kwartaal saam met mev. Verster gewerk, maar het gou onder die indruk van haar bydrae tot die koortradisie op Sentraal gekom. *Wat my die meeste van mev. Verster opgeval het, was haar entoesiasme en deursettingsvermoë. Haar vermoë as dame om die dissipline so goed te handhaaf, was prysenswaardig. Waar sy met die koor opgetree het, was 'n mens op haar en die koor opreg trots gewees.* (1994:onderhoud)

Mnr. Chris Heyns, voormalige inspekteur van musiek in die Oranje-Vrystaat, som mev. Verster se bydrae soos volg op: *Ek dink sy het werklik daarin geslaag om die koor 'n prestigekoor te maak.* (1994:telefoniese gesprek)

### 3.2.3.3 Samevatting

Huibrie Verster het met besondere entoesiasme en deursettingsvermoë

---

1 Die kommentare van skoolhoofde aangaande die werksaamhede van skoolkoorleiers verskyn ook elders in die verhandeling ten einde die veranderde (positiewe) houding van skoolhoofde jeens die aktiwiteit aan te toon.

voortgebou op die koortradisie wat deur haar voorganger, Michael Casaleggio, gebou is. Met haar agtergrond as oudlid van Philip McLachlan se koor, was mev. Verster deel van 'n eerste geslag koorleiers in die praktyk wat vanweë 'n Kurt Thomas-verbinding 'n nuwe benadering tot veral stembouing en klankproduksie geopenbaar het. Haar verdienste is daarin geleë dat sy koorsang op Sentraal, selfs meer as haar voorganger, geïntensifiseer het en op haar beurt die nuwe era van hoë standaard skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat ingelui het. Sy het koorsang by die kinders, ouers en skoolowerhede in so mate 'n gesogte aktiwiteit gemaak, dat alle belangstellendes nie meer in een koor geakkommodeer kon word nie. *Waar leerlinge in Casaleggio se tyd gedwing was om koor te sing, was daar nou 'n baie groot aanvraag om koor te sing.* (Ellis, 1993:onderhoud) Haar werk in koorverband was vir ander koorleiers in die Vrystaat rigtinggewend en ander koorleiers het haar as 'n rolmodel geneem. Onder haar leiding het die koor by Sentraal so 'n hoë profiel gehandhaaf dat sy 'n natuurlike keuse as koorleier van die Bloemfonteinse Kinderkoor was. Tans is mev. Verster 'n bekende wat op koorgebied nasionale aansien[1] geniet.

### 3.2.4 *René Zietsman*

René Zietsman verwerf die B. Mus. Ed.-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Tydens haar studiejare (1977-1980) was sy lid van die Vrystaatse Universiteitskoor onder leiding van dr. Erns Conradie. Hier het sy ondervinding opgedoen wat onontbeerlik sou wees vir die afrigting van die dogterskoor sowel as die gemengde koor van die Hoërskool

---

1 In 1994 word Huibrie Verster op 'n algemene vergadering van die Sesde Philip McLachlan-werkswinkel tot President van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging verkies.

Sentraal. *Aangesien daar in ons kursus geen voorsiening vir koorleiding gemaak was nie, het die universiteitskoor vir my as 'n leerskool gedien.* (Zietsman, 1994:telefoniese gesprek)

### 3.2.4.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van René Zietsman

René Zietsman het aan die einde van 1982 die dogterskoor[1] met 'n ledetal van ongeveer sewentig gestig. Die koor het ontstaan uit die behoefte van nog 'n koor by die skool aangesien baie belangstellendes nie in die gemengde koor geakkommodeer kon word nie. Die koor het goed gevaar[2] en op die kunswedstryd van 1985 'n A+-simbool verower.

In 1986 het René Zietsman die derde dirigent van die gemengde koor van Sentraal geword. Die koor het onder haar leiding steeds as een van die knapste skoolkore in die Oranje-Vrystaat bekend gestaan. In 1989 het sy na Port Elizabeth verhuis waar haar eggenoot 'n nuwe betrekking aanvaar het.

Repertoriumkeuses vir die gemengde koor was veral 'n weerspieëling van die agtergrond en ondervinding wat René Zietsman in die universiteitskoor opgedoen het. Vanweë haar spesifieke kooragtergrond het sy 'n nuwe, dinamiese benadering tot skoolkoorwerk gehad. Wat repertorium betref, het sy koorwerke gekies wat voorheen tradisioneel deur universiteitskore gesing is: *Ek het 'n koorrepertorium gekies waarmee ek myself kon identifiseer en wat ek ook in my opvoedingstaak kon gebruik.* (Zietsman, 1994:telefoniese gesprek)

---

1 Die aanvanklike gedagte was dat die koor terselfdertyd as voedingsbron vir die gemengde koor moes dien. (Verster, 1993:onderhoud)

2 Volgens Huibrie Verster het die koor besonder goed gevaar: *Die dogters het so geheg aan die koor geraak dat hulle eerder daar wou bly as om in die gemengde koor te kom sing.* (1994:telefoniese gesprek)

*Om 'n nuwe identiteit te verkry en weg te kon kom van 'n vorige era by die skool is daar besluit om die koor 'n naam te gee: "Juvenes Cantantes".* (Zietsman, 1994:telefoniese gesprek). Juvenes Cantantes beteken *singende jeug.*

Die koor het onder leiding van René Zietsman tydens die volgende geleenthede opgetree:

- Eredienste
- ATKB-koorkompetisies - 1986, 1988
- Vrystaattrofee vir koorsang - 1987
- Kunswedstryd - 1987
- Venster op die Vrystaatse Onderwys - 1988
- Jaarkonsert saam met die Pro Eclessia-koor: *Sentraal het elke jaar 'n jaarkonsert aangebied en hulle het ons uitgenooi om die program met hulle te deel. Ons het eintlik 'n kleiner deel van die program gehad en die twee kore het aan die einde van die konsert in 'n gesamentlike massakoor gesing.* (Lamprecht, 1994:onderhoud)

### 3.2.5 *Leona Geldenhuys*

Leona Geldenhuys het meer as twee dekades gelede (1972) haar onderwysloopbaan by die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein begin. As koorleier by die skool het sy koorsang van 'n goeie standaard gelewer en 'n sterk koortradisie gevestig. In 1981 het sy die betrekking by die skool bedank. Daarna was sy in 1985 'n kort tyd aan die Meisieskool Eunice verbonde, waar sy in 'n kort tydsbestek 'n verdienstelike standaard met die

skoolkoor gehandhaaf het. In 1985 het sy 'n betrekking as afrigter van die Shimvaria-revuegroep aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aanvaar.

Aan die begin van 1989 is Leona Geldenhuys as klasmusiekonderwyser en koordirigent van die gemengde koor aan die Hoërskool Sentraal aangestel. As ervare koorleier in Bloemfontein vanaf die begin sewentigerjare, was sy terdeë bewus van die aansien wat die kooraktiwiteit by Sentraal geniet het. Met die aanvang van haar werksaamhede by die skool het sy dit ook as 'n besondere bate ervaar. *Ek dink die groot voordeel by Sentraal is die koortradisie wat bestaan het - kinders is dus baie bewus daarvan en dit maak dit vir enige koorleier natuurlik makliker om 'n koor by so 'n skool te laat funksioneer.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

### 3.2.5.1 Die kooraktiwiteit in die Geldenhuys-era

Sedert haar diensaanvaarding het die koor uit ongeveer sewentig lede bestaan. Oudisies vir die koor word gedurende die klasmusiekperiodes gehou wanneer die hele skool getoets word. *Ek gebruik 'n baie beproefde metode. Ek luister na die leerlinge wat vir my in groepe van vier sing (eers seuns en dan dogters). Daarna sif ek hierdie groepe van vier tot groepe van twee en luister uiteindelik na elkeen afsonderlik.* Smit (1984:16) beveel ook hierdie metode van groeptoetsing[1] aan. *Aan die einde van 'n periode identifiseer ek wie ek in 'n volgende klasmusiekperiode weer*

---

1 *Groeptoetsing kan toegepas word, omdat dit verskeie voordele inhou. Dit bespaar baie tyd, dit verminder die moontlikheid van senuweeagtigheid by die sanger weens die groter aantal stemme wat saam sing en terselfdertyd bied dit die keurder die geleentheid om nie slegs die sanger se vermoë om te intoneer vas te stel nie, maar ook om samesmelting en stembekwaamheid te bepaal.* (Smit, 1984:16)

*afsonderlik wil hoor. Met 'n volgende oudisie doen ek 'n verdere eenvoudige toets met dié leerlinge. Die toets bestaan uit die volgende:*

* *Die sing van 'n eenvoudige melodie.* [Smit (1984:9) beveel ook hierdie toets eerste aan, aangesien die koorleier 'n beeld vorm van die sanger se moontlikhede.]

* *Die sing van 'n toonleer. Indien 'n kind nie 'n toonleer kan sing nie, luister ek nie eers verder nie.* Chosky, soos aangehaal deur Verster (1987:195), huldig ook hierdie standpunt: ... *beveel aan dat 'n kandidaat nie verder getoets word as die vlak waarmee hy probleme begin ondervind nie.*

* *Die sing van 'n toonleer terwyl ek die toonleer in 'n teenoorgestelde rigting as wat hy/sy sing, speel.*

* *Die naboots van die opeenvolging van intervalle; eers majeur, en dan word dieselfde patroon mineur. Indien 'n kind nie hierdie toets kan slaag nie, luister ek ook nie verder nie.* [Volgens Verster (1987:192) gebruik Hyman, Wassermann en die Transvaalse Jeugkoordirigente ook hierdie metode.]

* *Dan luister ek na 'n kind se stemkwaliteit en in watter stemgroep ek hom/haar moet plaas. 'n Praatstem is vir my soms ook deurslaggewend, maar daar is uitsonderings in dié verband.*

* *Laastens stel ek vas of die kind wel in die koor wil sing. Soms het die kind ander buitemuurse verpligtinge wat met die koor se skedule bots, wat dit nie vir hom moontlik maak om in die koor te sing nie. Dit gebeur baie selde dat 'n koorlid in die loop van 'n jaar sy koorlidmaatskap bedank en dit moet gewoonlik vermy word aangesien dit 'n sneeubaleffek tot gevolg kan hê.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

Kort nadat die koor deur middel van oudisies saamgestel is, word 'n oefenkamp in November gehou. Om die beste van die geleentheid gebruik

te maak, word die kamp by die skool gehou. Die koorwerke wat op die kamp aangeleer word, is van baie eenvoudige aard en bestaan hoofsaaklik uit kersliedere. In die eerste kwartaal van die daaropvolgende jaar is daar gewoonlik twee soortgelyke oefenkampe. (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

Ongeveer 30% - 40% van die koorlede is vertroud met musieknotasie en gevolglik word 'n rewolusionêre metode[1] met die instudeer van 'n nuwe repertorium gevolg.

Die koor repeteer drie keer per week vir 'n gesamentlike tydsduur van vier en 'n half uur. (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

### 3.2.5.1.1 Optredes

□ Eredienste: Die koor tree dikwels in die loop van die jaar tydens eredienste op.

□ Koorkompetisies: Die koor neem tweejaarliks deel aan:

* Die ATKB(V)[2]- koorkompetisie vir hoërskole

* Die Vrystaattrofee vir koorsang

1 By die meeste skole kan die metode nie gevolg word nie, aangesien té min leerlinge (of geen) musieknotasie kan lees nie. Die metode kan waarskynlik ook daartoe aanleiding gee dat kinders wat nie musieknotasie magtig is nie, dit wel in 'n sekere mate kan aanleer. *Ek laat kinders nooit 'n stemparty aanleer voordat hulle nie weet hoe die koorwerk min of meer moet klink nie. Gewoonlik speel ek vir die kinders 'n opname van die werk en daarna moet almal begin om die werk te bladlees. Wanneer die koorlede dus in die individuele stempartye oefen het hulle reeds 'n klankbeeld van die werk. Ek leer die eerste frase vir die soprane, dan die alte en die oorblywende stempartye. Teen die einde sing die koor die eerste frase deur en daarna leer ek die tweede frase, ensovoorts. Elke groep wat reeds hulle stempartye geleer het, moet saam met die ander sing - sodoende bly almal besig. Wanneer ek met die tweede frase begin, begin ek nie weer met die soprane nie, maar wel met die basse. Die bladlees van die kinders ontwikkel beslis op dié manier. In die kleiner oefenlokale neem koorlede self as repetiteurs waar. Die ander musiekpersoneel- lede by die skool is op geen wyse by die kooraktiwiteit betrokke nie.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

2 Die koorkompetisie is aanvanklik deur die ATKB georganiseer, maar sedert 1994 is die taak deur die ATKV oorgeneem. Vir die doel van die verhandeling word daar na ATKB(V) verwys.

* die plaaslike kunswedstryd en

* met twee geleenthede ook aan die Roodepoortse Eisteddfod.

Die volgende prestasies is in koorkompetisies behaal:

* In 1989 is die Vrystaattrofee in die afdeling vir gemengde kore aan die koor toegeken.

* In 1990 ontvang die koor 'n Goue Toekenning in die ATKB-koorkompetisie.

* In 1992 ontvang die koor weer eens 'n Goue Toekenning in die ATKB-koorkompetisie (in die gevorderde afdeling) en word genooi om gedurende die Julie-skoolvakansie in die APPLOUS-Galakonsert[1] in Bloemfontein op te tree.

* Tydens die kunswedstryde van 1989, 1991 en 1993 word uitsonderlike prestasies deur die koor, kamerkoor en sanggroepe behaal.

* In 1993 word die koor op die Roodepoortse Eisteddfod as die algehele wenner in die afdeling vir hoërskoolkore aangewys. (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

* In 1994 word 'n Goue Toekenning in die ATKB-koorkompetisie (gevorderde afdeling) aan die koor gemaak.

Die koor neem gereeld aan die volgende koorfeeste deel:

* Grey-Kollege Koorfees[2] - 1989, 1990, 1991, 1992 1993 en 1994.

* Voortrekker Koorfees (Bethlehem)

* Wonderboomse Koorfees (Pretoria) 1990, 1991

---

1 Die volgende resensie het aangaande die Applous-Galakonsert van 1992 verskyn: *Hierdie gemengde koor spog met 'n pragtige eenvormige koorklank waarvan die baie seunstemme spesiale vermelding verdien. Die intense vertolking van "Drie uur in die Môre" boei die gehoor deurgaans, sodat 'n mens byna te bang is om asem te haal. Stylgetroue begeleiding by Psalm 118 oortuig.* (*Die Volksblad*, 1993:datum onbekend - uitknipsel in persoonlike besit)

2 *Ek beskou die Grey-Kollege Koorfees as 'n baie belangrike koorgeleentheid in Bloemfontein, aangesien mense die koor op die koorfees hoor sing wat andersins nie van die koor bewus is nie.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

* Odensia Koorfees - 1990

### 3.2.5.1.2 Toer en Jaarkonsert

'n Toer[1] word jaarliks in die Septembervakansie deur die koor onderneem waartydens verskeie formele en nie-formele optredes gehou word. Die toer verhoog ongetwyfeld die aantreklikheid van die kooraktiwiteit vir die koorlede.

Aan die begin van die vierde kwartaal bied die koor gewoonlik 'n jaarkonsert in die Odeion aan. Wanneer die jaarprogram 'n aanvang neem, is dit juis hierdie konsert wat as fokuspunt van die jaar se bedrywighede dien. Die konsert volg direk na die jaarlikse toer. Die jaarkonsert[2] is die laaste

---

1 **Sentraal se koor toer na die Kaap 1994**: Na 'n jaar se harde werk is die jaarlikse koortoer van die Hoërskool Sentraal in die Septembervakansie beslis 'n hoogtepunt. Die koor, Juvenes Cantantes, besoek Wes-Kaap met optredes in Worcester, Tulbach, Paarl, Wellington, Belville en Kaapstad. Dit is die sesde agtereenvolgende jaar dat so 'n koortoer in die Septembervakansie onderneem word. In Wellington sal kragte saamgesnoer word met die koor van die Bolandse Onderwyskollege asook die Bloemfonteinse Kinderkoor. In Belville wag daar 'n opwindende aand vir die inwoners wanneer Sentraal se koor saam met die Hoërskool Stellenberg 'n prestige-aanbieding, *Musiek al la Carte*, gaan deel. Die toer word op Saldanha afgesluit met die *Oesfees van die See*. Die koor vertrek op 23 September en keer op 2 Oktober na Bloemfontein terug. (*Ons Stad* 15 September 1994)

2 JUVENES CANTANTES 1991
*** Alle oë wag op U, o Here - Heinrich Schütz * Spreek nou deur u Woord, Heer - Paul Tschesnokoff * Verwelkoming en bedankings - mnr. H. P. Smit skoolhoof * Alleluia - Antonio Caldara * Adoramus Te - Giovanni Pierluigi Palestrina * Psalm 121 - Verwerk Marthie Driessen * A Joyfull Alleluia - Gordon Young * Psalm 131- Verwerk Pieter de Villiers * Cent mille Chanson - Tradisioneel * I love and have my love regarded - Thomas Weelkes verwerk John Haberlen * Odi et Amo - Carl Orff * Man is for the woman made - Henry Purcell * Solank as die rietjie in die water lê - S A Volkswysie verwerk Dirkie de Villiers * Willemien - S A Volkswysie verwerk Anton Hartman * Staan, Pollie, staan - S A Volkswysie verwerk Boudewyn Scholten * Waai die wind - Albert Morland * 'n Regte ou Kaapse reën - Nic en Marie Tredoux verwerk Dirkie de Villiers * The impossible dream - Leigh en Darion verwerk Riley en Schwartz * Everybody needs love - Doreen Irwin * Mary's boy chile - Jester Harrison * Christmas fills the air - Carl Strommen * Aandgesang - verwerk Chris Lamprecht * Gesang 298:1,4 - R Vaughn Williams** (Program: 1991:Jaarkonsert)

geleentheid waartydens die matrikulante in die koor optree. (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

### 3.2.5.2 Kommentaar van skoolhoof

Mnr. H. P. Smit het hoë agting vir die werksvermoë, entoesiasme en deursettingsvermoë van Leona Geldenhuys. *Sy beskik oor 'n uitsonderlike vermoë om met die koorlede te kan werk en as gevolg van haar leiding is die kooraktiwiteit een van die belangrikste bates van die skool.* (Smit, 1994:onderhoud)

### 3.2.5.3 Samevatting

Leona Geldenhuys het vanweë vorige ondervinding in koorleiding met selfvertroue die verantwoordelikheid as koorleier by Sentraal aanvaar. Haar sieninge ten opsigte van repertorium, die aanleer van repertorium en koorleiding kan as vernuwend en tiperend van die ontwikkeling van die afgelope dekade in die Oranje-Vrystaat beskou word. Vanweë die talle geslaagde optredes op koorfeeste en koorkompetisies word die koor as een van die prominenste kore in die Oranje-Vrystaat gereken. Leona Geldenhuys se verdienste as koorleier is daarin geleë dat sy voortbou op 'n koortradisie, maar terselfdertyd veral met vernuwende insentiewe die koortradisie verder uitbou.


### 3.2.6 *Samevatting - Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sentraal*

Mnr. Michael Casaleggio het die selfopgelegde taak om 'n kooraktiwiteit met prestigewaarde en tradisie te skep, in 1934 begin. Dié taak sou hy tot met sy aftrede in 1974 met ywer en onderskeiding verrig. Sy opvolger, mev.

# *Die koor van die Hoërskool Sentraal*



Die koor van die Hoërskool Sentraal in 1934 onder leiding van Michael Casaleggio.



Die koor van die Hoërskool Sentraal in 1984 onder leiding van Huibrie Verster.

Huibrie Verster, het op 'n koortradisie voortgebou en haar vernuwende denke aangaande koorrepetisietye, klankproduksie en algemene bemarking van die kooraktiwiteit het die koor landswyd bekend gemaak. Mev. René Zietsman het die taak in 1986 oorgeneem waarna sy 'n nuwe identiteit by die koor wou vestig deur die koor 'n naam Juvenes Cantantes te gee. Sedert 1989 is die koor onder leiding van mev. Leona Geldenhuys, 'n ervare koorleier wat gereeld uitdagende projekte met die koor aanpak. Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sentraal speel steeds 'n leidende rol in die kooraktiwiteite in die Oranje-Vrystaat.

## 3.3 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein

### 3.3.1 Historiese agtergrond

Die Hoërskool J. B. M. Hertzog (hierna J. B. M. Hertzog genoem) is in die middel van die vyftigerjare (1955) uit die behoefte van die gemeenskap aan 'n gemengde skool in die woonbuurt Bayswater gestig. *Die skool was aanvanklik vir 'n tydperk van vyf jaar in monteergeboue gehuisves en aan die begin van 1961*[1] *is 'n moderne geboukompleks in gebruik geneem. J. B. M. Hertzog het vroeër as die "Bayswater skool" bekend gestaan.* (Odendaal, 1994:telefoniese gesprek) Die leuse van die skool, *Ons Eie Eerste*, simboliseer die gevoel van die gemeenskap om naas die Hoërskool Sentraal 'n skool te kon hê wat die taal en kultuur van die Afrikaner kon handhaaf en uitbou. Huidig is die skool steeds in Bayswater geleë,

1 Die nuwe skoolgeboue is op Saterdag 4 Maart 1961 amptelik ingewy. Met die geleentheid was onder andere dr. A. Hertzog, Minister van Pos- en Telegraafwese en Volksgesondheid, mnr. J. W. (Sand) du Plessis, Administrateur, en mnr. A. J. Jacobs, Direkteur van Onderwys, teenwoordig. (Plakboek in besit van dr. Elsie de Beer)

op dieselfde terrein as met die stigting. Die leerlingtal het aan die einde van die sestiger- en begin sewentigerjare in so 'n mate gegroei dat dit op 'n tydstip die grootste skool in Bloemfontein was. Aan die einde van die sewentigerjare het die situasie verander en die leerlingtal het aansienlik verminder. Tans (1994) is J. B. M. Hertzog een van die kleiner[1] skole in Bloemfontein. J. B. M. Hertzog het in navolging van Sentraal oor 'n besondere koortradisie beskik, maar die kwynende leerlingtal[2] het 'n onvermydelike nadelige uitwerking op die kooraktiwiteit van die skool gehad.

### 3.3.2 *Elsie de Beer*

Dr. Elsie de Beer het as student aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege musiekonderrig van mnr. O. Karstell (klavier) en mev. Holloway (sang) ontvang. Voordat sy die onderwysbetrekking by J. B. M. Hertzog aanvaar het, het sy 'n soortgelyke betrekking by Excelsior Hoërskool beklee. Later sou sy ook waardevolle diens op Senekal en Virginia lewer.

In 1960 is Elsie de Beer by J. B. M. Hertzog aangestel. Mev. Sonnika Maree, haar voorganger, was gedurende die tydperk 1955-1959 vir die koorleiding verantwoordelik. Elsie de Beer het in die tydperk 1960-1962 die afrigting van die junior- senior- en seunskoor behartig. Aangesien baie leerlinge op kleinhoewes woonagtig was, het repetisies nie in die aand nie, maar gedurende pouses plaasgevind. (De Beer, 1994:onderhoud) In haar relatiewe kort dienstydperk by die skool was die opvoering (21 en 22 Julie 1961) van die operette *Die Heidenoointjie* (Olaf Andresen) ongetwyfeld

---

1 Daar is tans (1994) 360 kinders in die skool. (Muller, 1994:telefoniese gesprek)

2 *Dit is veral die (gebrek aan) getalle van die seuns in die skool wat 'n verlammende uitwerking op die kooraktiwiteit het.* (Mostert, 1994:onderhoud)

'n hoogtepunt. Die komponis was self met die uitvoering teenwoordig en het na aanleiding daarvan besonder gunstig gereageer[1].

### 3.3.3 *Marietjie van der Watt*

Marietjie van der Watt het aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer waar sy lid van die bekende skoolkoor onder leiding van mnr. Michael Casaleggio was. Sy behaal die B. Mus.-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat onder leiding van prof. David Roode en mededosente. Prof. Roode het aan die universiteit 'n studentekoor gelei en Van der Watt het as koorlid hier waardevolle ondervinding opgedoen. Gedurende haar studiejare het sy geen formele kursus in koorleiding ontvang nie en die enigste wyse van indirekte opleiding was die deelname aan die genoemde studentekoor, asook die kerkkoor van mnr. Dirkie de Villiers. *Oom Dirkie het my, soos hy dit gestel het, "vir die ondervinding" laat tenoor sing.* (Van der Watt, 1993:onderhoud) Die verbintenis met mnr. De Villiers sou vir haar latere loopbaan as koorleier van groot betekenis wees.

Marietjie van der Watt het op Petrusburg en Beaufort-Wes haar eerste praktiese ondervinding in die onderwys opgedoen en daarna vanaf 1961 'n betrekking aan die President Brandskool in Bloemfontein beklee. Hier was

---

1 Korrespondensie aan skoolhoof:
*Geagte mnr. en mev. van der Merwe*
*Dit is vir my besonder aangenaam om my waardering en dank uit te spreek vir u gasvryheid en tegemoetkoming tydens ons verblyf in Bloemfontein. Ons stel dit hoog op prys dat ons die voorreg gehad het om kennis te maak met mevrou van der Merwe, met lede van u personeel, met u gaste en met die kinders wat die puik opvoering aangebied het ... Mag ek u gelukwens met die sosiale omgewing waar die kulturele bydrae vir ons volk op so 'n vrugbare bodem val en waar ons volk die geleentheid kry om so 'n hoë peil te handhaaf.* (Plakboek:korrespondensie in besit van dr. Elsie de Beer)

sy vir klavieronderrig en die koorbegeleiding verantwoordelik. Die koorleier[1] by President Brandskool was 'n gesiene en ervare koorleier en blootstelling in die tydperk by die skool sou vir haar verdere loopbaan 'n bate wees. Hierna het sy 'n betrekking aan die President C. R. Swart Hoërskool in Brandfort beklee waar sy besonder verdienstelike werk met die skoolkoor (wat sy gestig het) verrig het. Dié koor het onder andere radio-opnames gemaak en was bevoorreg om met die inwyding[2] van die Stadskouburg in Bloemfontein te kon optree. (Van der Watt, 1993:onderhoud)

Aan die einde van 1965 het die skoolhoof op Brandfort, mnr. Willem Odendaal (latere Direkteur van Onderwys in die Oranje-Vrystaat) die betrekking as skoolhoof van die Hoërskool J. B. M. Hertzog aanvaar. Na enkele maande by die nuwe skool het hy Marietjie van der Watt (op daardie stadium in Brandfort) genader aangaande 'n vakante klasmusiekbetrekking[3] by J. B. M. Hertzog. Die klassang was vir hom 'n prioriteit, *omdat dit die gees van 'n skool kan bou of breek* (Odendaal, 1994:telefoniese gesprek). Die klasse (klasmusiek) was aanvanklik gekombineer sodat (net soos by Sentraal) 'n paar honderd kinders gelyktydig sang gehad het.

1 Ruth Davis (oud-leerling van P. J. Lemmer) was in die sestiger- en aan die begin van die sewentigerjare verbonde aan die Laerskool President Brand. Sy het as koorleier veel sukses behaal en die hoogtepunt van haar loopbaan as koorleier was die plaatopname wat aan die einde van die sestigerjare gemaak is. Die besondere klankproduksie van die koor (op die opname) is opvallend. Volgens mnr. Dirkie de Villiers (1993:onderhoud) het sy 'n tipiese "ronde klank" soos die Engelse kore verkry. Ruth Davis is deur mnr. Dirkie de Villiers as *een van die drie uitstaande koorleiers* by laerskole *in die Oranje-Vrystaat* beskou. Die ander twee was Nonna Theron (prof. Benedictus Kok se suster) en Frieda Jaekel (voorheen aan Grey-Kollege verbonde). (De Villiers, 1993:onderhoud)

2 Die Vrystaatse Jeugorkes onder leiding van Jack de Wet het ook by dié geleentheid (hul eerste optrede) opgetree. (Van der Watt, 1993:onderhoud)

3 Dit is opvallend dat die skoolhoof vir Marietjie van der Watt juis vir die klasmusiek na J. B. M. Hertzog laat kom het. Hy was dus bewus van haar musikale vermoëns, maar veral van haar vermoë om die dissipline te kon hanteer. Hierdie besondere vermoë tot goeie dissipline gedurende die klasmusiekperiodes word ook deur die voormalige inspekteur van musiek, mnr. Chris Heyns beaam. (1994:telefoniese gesprek)

### 3.3.3.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Marietjie van der Watt

Van der Watt het met haar diensaanvaarding op J. B. M. Hertzog (1966-1973) reeds vorige ondervinding in koorleiding gehad en gevolglik het sy vanuit die staanspoor met die koor sukses bereik. In daardie jare was die algemene gebruik om pouses te oefen, maar sy het ook die sangklasse gebruik om stempartye vir die koor aan te leer. (Van der Watt, 1993:onderhoud) Die koor het gewoonlik met kunswedstrydoptredes uitmuntend gevaar[1].

Soos aan die buurskool Sentraal, was die sportliedjiekultuur 'n prominente aktiwiteit waarvoor die klasmusiekonderwyser verantwoordelik was. Volgens mnr. Willem Odendaal (1994:telefoniese gesprek) het Marietjie van der Watt ook (soos dit die gebruik op Sentraal was) 'n klavier na die stadion laat vervoer om as begeleidingsinstrument tydens sportbyeenkomste te kon dien.

'n Gesamentlike poging van die musiekafdeling van die hoër- en laerskool het in 1969 in die maak van 'n langspeelplaat[2] geresulteer. Die repertoriumsame-

---

1 *In 1972 het die koor van die hoërskool sowel as dié van die laerskool skoonskip* (sic) *op die kunswedstryd gemaak. Ek kan ook onthou dat die beoordelaar in die afdeling vir hoërskoolkore meer as een A-simbool toegeken het. Hy* (die beoordelaar) *het egter koor nommer 2* (J. B. M. Hertzog) *uitgesonder en gesê dat die koor eintlik 'n A++-simbool verdien.* (Odendaal, 1994:telefoniese gesprek)

2 **Kant 1 Laerskoolkore onder leiding van Elsabé Aucamp**

**Kant 2 Hoërskoolkore onder leiding van Marietjie van der Watt**

**STANDERD 6 KOOR * Die Smid - Brahms * Salut d'Amour - M. L. de Villiers - FAK**

**STANDERD 7 KOOR * Wilde Bergroos - W. Speise (Verwerk G. G. Cillié) FAK**

**SENIOR KOOR * In die helder maanskyn (Tradisioneel Frans) FAK * Soen haar - P. J. Lemmer * Waar ou Tafelberg se kop - H. Thyssen verwerk C. Heyns * Hou koers - P. J. Lemmer verwerk C. Heyns SENIOR MEISIESKOOR begelei deur skoolorkes onder leiding van Christie Kruger * In stiller nacht - Brahms verwerk C. Heyns * Aandgebed - Uit Hänsel und Gretel - E. Humperdinck** (1969:plaatomslag)

stelling (oorwegend begeleide koorwerke) gedurende Van der Watt se dienstermyn het hoofsaaklik rondom die Volks- en Vaderlandsliedere uit die FAK-bundel gesentreer. (Mouton, 1994:telefoniese gesprek)

In die sestiger- en vroeë sewentigerjare was daar vir skoolkore nie so ruim optreegeleenthede soos dit tans die geval is nie. Die volgende optreegeleenthede verdien gemeld te word:

- Kunswedstryde: Optredes tydens die kunswedstryd was 'n jaarlikse instelling.
- Eredienste: Die koor het gereeld in die (nabygeleë) Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hugenoot[1] tydens eredienste en kerssangdienste opgetree.
- Skoolkonserte: Die koor het dikwels met skoolkonserte opgetree.
- Prysuitdelingsfunksie: Aangesien die prysuitdelingsfunksie (aan die einde van die jaar in die stadsaal) 'n prestige-geleentheid was, was dié optrede seker die belangrikste op die jaarlikse koorprogram.
- Transkripsieopname: Die SAUK het die skoolkore (J. B. M. Hertzog was een van die uitsoekkore in die Oranje-Vrystaat) van verskeie provinsies genader om deelname aan 'n konsert en plaatopname. Die gesamentlike koor het uit 250 lede bestaan. Mnr. Chris Heyns[2], musiekinspekteur, was vir die afrigting van die koor in die Oranje-Vrystaat verantwoordelik.

---

1 Dr. C. M. F. Kruger, musiekonderwyser aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog, was langer as twee dekades die orrelis in die gemeente. Hy was met verskeie geleenthede ten nouste betrokke by die koorafrigting - soos met die Landswye ATKB-koorkompetisie van 1984. (Kruger, 1994:telefoniese gesprek)

2 *Ek was vir die instudeer van die werke (wat heel eenvoudig was) verantwoordelik. Die liedere was so gekies dat dit maklik deur 'n massakoor gesing kon word - meesal driestemmig. Edgar Cree, destydse dirigent van die SAUK-simfonieorkes, het die finale afronding met die koor gedoen. Voor die koor in Johannesburg opgetree het, het ons (Vrystaatse skole) 'n uitvoering in die Odeion, in Bloemfontein gegee.* (Heyns, 1994:telefoniese gesprek)

### 3.3.3.2 Samevatting

Marietjie van der Watt het met 'n minsame, maar sterk persoonlikheid die fondament van 'n koortradisie by J. B. M. Hertzog gelê. Aangesien sy eerstehandse kennis van die koortradisie en werkswyse by Sentraal gehad het, kon sy in navolging daarvan selfs daarop verbeter (soos op die Kunswedstryd van 1972). Sy het die koortradisie in so 'n mate gevestig dat J. B. M. Hertzog een van die twee (Sentraal was die ander een) prominentste gemengde skoolkore in die stad, en bes moontlik in die provinsie was.

### 3.3.4 *Leona Geldenhuys* (neé van Wyk)

Mev. Leona Geldenhuys ontvang gedurende haar skoolopleiding (Winburg) musiekonderrig by mev. Hannetjie Wessels[1]. As lid van die skoolkoor en die Vrystaatse Jeugkoor ontwikkel sy 'n liefde vir koorsang. Alhoewel slegs een jaar lid van die Vrystaatse Jeugkoor (1968)[2], sou hierdie ervaring met koorsang vir die komende jare steeds as verwysingsraamwerk dien. (Geldenhuys, 1994:onderhoud) 'n Hoogtepunt van haar ondervinding as jeugkoorlid was die uitnodiging aan die koor om met die inhuldiging[3] van die toenmalige staatspresident, mnr. Jim Fouche, in Kaapstad te kon gaan optree. Nadat sy aan die Hoërskool Winburg gematrikuleer het, was sy vanaf 1969 tot 1971 'n student aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege.

---

1 Hannetjie Wessels is die moeder van die komponis Marlene Wessels.

2 *Dit was die eerste jaar dat die koor die stelsel van twee dirigente gehad het. Vandag besef ek, self 'n koorleier, dat dit eintlik 'n baie moeilike situasie was. Ons as koorlede was ook baie daardeur verwar aangesien die twee dirigente, mnre. Dirkie de Villiers en Tersteegen van Huyssteen, as dirigente en persoonlikhede baie van mekaar verskil het.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

3 ... het die koor onder leiding van albei sy dirigente, De Villiers en Van Huyssteen, op 10 April 1968, ter ere van die geleentheid, voor die erediens in die Groote Kerk in Kaapstad, 'n kort gewyde program van geestelike werke gelewer. Tydens die diens self het hulle die President toegesing: *Zie in genade en liefde neer op ons President, o Heer ...* Uit die Vrystaatse Volkslied. (Verster, 1987:81)

As lid van die Kollegedameskoor onder leiding van mej. Norah Havenga, is haar koorondervinding verder verruim. *Ek het nie net by haar van koorafrigting en klasmusiek geleer nie, maar ook baie van die hele benadering tot die kind.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

Geldenhuys is in 1972 by die laerskool J. B. M. Hertzog aangestel. Haar voorganger, mev. Elsabé Aucamp, het veral met die maak van 'n plaat en opvoer van 'n operette (*Vrolike Feesdae* deur Ela Spence) 'n koortradisie gevestig en as gevolg daarvan was dit makliker om te kon voortbou op dit wat reeds bestaan het. Reeds in die eerste jaar van Geldenhuys se toetrede tot die onderwys, het sy drie kore ('n seunskoor, 'n dogterskoor en 'n gemengde koor) afgerig en met die kore tydens die kunswedstryd opgetree. In die helfte van die jaar het die vorige koorleier (mev. Marietjie van der Watt) bedank en vanweë die standaard van Geldenhuys se werk in die laerskool, was sy die aangewese persoon vir die vakante betrekking in die hoërskool.

### 3.3.4.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Leona Geldenhuys

Met Leona Geldenhuys se diensaanvaarding by die hoërskool, was die kooraktiwiteit reeds gevestig, en selfs bekend. Ten spyte van die feit dat daar in die hoërskool 'n besondere sterk koortradisie was, was daar tog teenstand van die seuns om in die koor te sing. Volgens Geldenhuys (1994:onderhoud) was veral die sportafrigters vir dié ongelukkige situasie verantwoordelik. Aangesien die seunsgetalle (12-15) 'n probleem was, was die ledetal van die koor nooit meer as sestig nie.

Koorrepetisies het twee keer per week in die aande plaasgevind, en daar is dikwels ook pouses geoefen. Die koor het gereeld tydens die volgende geleenthede opgetree:

□ Kunswedstryde: Onder Geldenhuys se leiding het die koor gereeld aan kunswedstryde deelgeneem en sonder enige uitsondering presteer.

□ ATKB-koorkompetisies: In die begin van die tagtigerjare het die koor begin om aan die ATKB-koorkompetisie vir hoërskoolkore deel te neem.

□ Eredienste/Kerssangdienste: Die koor het dikwels tydens eredienste opgetree. Die sing by Kerssangdienste in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hugenoot was 'n jaarlikse instelling.

□ Konsert in die Sterrewagteater: Die koorkonsert (5 en 6 September 1980), *Eksperimente met koorklanke*, was aan mnr. Dirkie de Villiers opgedra.

□ Operette in 1976: *Met liefde van Marlise* deur Xander Haagen - Libretto deur Anna Rudolph en klavierbegeleiding deur Gerrit Olivier. (Geldenhuys, 1995:telefoniese gesprek)

In 1980 het die skoolkoor onder leiding van mev. Geldenhuys 'n plaatopname gemaak. Volgens haar was haar niggie Marlene Wessels die inspirasie vir die plaatopname[1]. Die opname word deur 'n nuwesoortige repertorium[2] vir skoolkore gekenmerk. 'n Wegbeweeg van die tipiese Vaderlands-

---

1 *Sy het my met die hele bespreking en organisasie gehelp. Ek dink nie dat dit nou vreeslike hoë gehalte was nie, miskien vir daardie tyd. Ons het nie 'n ingewikkelde repertorium gesing nie, maar niemand het destyds baie moeilike werke met skoolkore gesing nie. Die maak van die plaatopname in Johannesburg was vir die kinders 'n groot belewenis.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

2 Die volgende koorwerke word op die opname gesing:
*KANT 1* * **Onse Vader - Anton Kratz** * **Festive liturgy - Robert Edward Smith** * **In Dulci Jubilo - Hieronymus Praetorius** * **Lullaby of the flutes - Jack North** * **Piu non si trovano - Mozart**
*KANT 2* * **Kinderklanke: Pollie Papegaai, Ou Uil - F. du Plessis, Kanarie - verwerk Danie Hyman** * **Toegepaste wiskunde - Japie Human verwerk Marlene Wessels** * **Piet Visagie - Verwerk Chris Lamprecht** * **My mamma het 'n hondjie - verwerk Danie Hyman** * **Seemeeu - Jan Erasmus en Marlene Wessels** * **What a wonderful world - Weiss en Douglas verwerk Marlene Wessels** (1980:plaatomslag)

en Volksliedjierepertorium is duidelik waarneembaar. Leona Geldenhuys was ook een van die eerste klasmusiekonderwysers in Bloemfontein wat die inisiatief geneem het om klasmusiekaande te hou.

### 3.3.4.2 Kommentaar van skoolhoof en musiekinspekteur

Gedurende mev. Geldenhuys se dienstermyn was mnr. W. H. B. Rall skoolhoof by J. B. M. Hertzog. Aangesien hy die sterk koortradisie by die skool as van groot waarde geag het, het hy Leona Geldenhuys in die verband ten volle ondersteun: *Omdat sy innoverend was, het sy met nuwe idees soos byvoorbeeld die Klassangaande begin. J. B. M. Hertzog was die eerste skool wat met die konsep begin het; daarna het Sentraal die idee gekaap* (sic). *Onder Leona se leiding was die koor 'n vertoonvenster vir die skool en ek dink sy het baie meegehelp om die koortradisie aan die skool uit te bou. Ek het die waarde van die koor vir die skool besef en het daarom tydgleuwe geskep sodat die koor se oefentyd verseker was.* (Rall, 1994:telefoniese gesprek) Mnr. Chris Heyns (1994:telefoniese gesprek), toenmalige inspekteur van musiek, bevestig die standpunt dat Leona Geldenhuys werk van 'n baie verdienstelike standaard gelewer het.

### 3.3.4.3 Samevatting

Leona Geldenhuys, met die regte persoonlikheidseienskappe, het as koorleier voortgebou op die tradisie wat deur haar voorgangers geïnisieer is. Sy beskik oor die besondere gawe om met kinders te kommunikeer en was ook 'n prominente bate vir die ander werksaamhede by die skool. Onder haar leiding het die koor as een van die beste gemengde skoolkore in die provinsie bekend gestaan. Haar kreatiwiteit word duidelik deur die klasmusiekaande, die opvoer van 'n operette en die kooruitvoering in die Sterrewagteater

weerspieël. Repertoriumkeuses dui op 'n nuwe denkrigting wat skoolkoorsang betref. Onder leiding van Leona Geldenhuys het J. B. M. Hertzog (saam met Sentraal onder leiding van Huibrie Verster) 'n nuwe era van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat ingelui.

### 3.3.5 *Corné van Pletzen*

Corné van Pletzen begin op 'n relatiewe laat stadium van sy skoolloopbaan met musiekonderrig by dr. Christie Krüger, 'n bekende blinde musiekonderwyser verbonde aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein. As koorlid (onder leiding van Leona Geldenhuys) word sy belangstelling in koorsang geprikkel.

Van Pletzen behaal die grade B. Mus. Ed. en B. Mus. Honneurs aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Gedurende sy studiejare onderskei hy hom as pianis en begeleier en in 1978 word die FAK-universiteitsbeurs aan hom toegeken. Van Pletzen tree gedurende dié studiejare met drie geleenthede op as solis tydens Jeugmusiekfeeste. Alhoewel nie self koorlid nie, is dit veral die Vrystaatse Universiteitskoor onder leiding van dr. Erns Conradie wat 'n besondere indruk op hom ten opsigte van koorsang gemaak het.

In sy eerste studiejaar (1977) word hy as orrelis deur die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemvallei in Bloemfontein aangestel waar hy vir die afrigting van die kerkkoor verantwoordelik was. Hy aanvaar op 1 Julie 1981 'n tydelike betrekking as musiekonderwyser aan die Hoërskool Sentraal, waar hy met die koorbegeleiding behulpsaam was. In die begin van 1982

word hy as musiekonderwyser by sy alma mater, die Hoërskool J. B. M. Hertzog aangestel.

### 3.3.5.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Corné van Pletzen

Omdat hy slegs praktiese ondervinding met 'n kerkkoor gehad het, was die afrigting van die skoolkoor vir hom 'n uitdaging. Hy het vanuit die staanspoor 'n besonder moeilike repertorium[1] met die koor aangedurf. Die koor het in 1982 'n tweede plek op die provinsiale uitdunne van die ATKB-koorkompetisie behaal, en gunstige kommentaar van die beoordelaars gekry. In 1983 behaal die koor weer eens 'n tweede plek tydens dieselfde kompetisie. In 1984 was die deelname aan die Nasionale ATKB-koorkompetisie in Pretoria besonder geslaagd, aangesien die koor as die derde beste hoërskoolkoor in die land aangewys is.

Vanweë die bekendheid van die skoolkoor is 'n versoek ontvang om liedere uit die nuwe Kerkkoorsangbundel (saamgestel deur G. G. Cillié en B. Louw) vir die kerkorrelistekongres in te studeer en tydens die geleentheid uit te voer. Perskommentaar beklemtoon ook die suksesvolle optrede op die Grey-Kollege Koorfees[2].

Met die deelname aan die kunswedstryd van 1982 is aan die gemengde koor 'n A+-simbool en aan die dogterskoor 'n A-simbool toegeken. Die gemengde koor is op die kunswedstryd as die beste gemengde koor aangewys, en moes

1 In die eerste jaar is die *Liebeslieder Waltzer* deur Brahms en die verwerking deur Henk Temmingh van *Môre Oompie, Môre Tannie* gesing. Met die ATKB-koorkompetisie van 1982 het die koor ook onder andere 'n agtstemmige kanon deur J. S. Bach gesing.

2 *Die koor het bewys dat goeie musiek met smaak en meelewend uitgevoer, ook 'n plek het op die sangfeesprogramme. Die koor het beïndruk met sy responsiwiteit teenoor die dirigent.* (*Die Volksblad*: 1982 Datum van knipsel afgesny - in persoonlike besit)

deelneem aan die kunswedstrydkonsert.

#### 3.3.5.2 Samevatting

Corné van Pletzen het na aanleiding van insentiewe van voorgangers voortgegaan om 'n koortradisie te verstewig, en koorsang van goeie standaard is gehandhaaf. Die repertoriumkeuses was relatief ongewoon vir die tydperk en sodoende het Van Pletzen 'n nuwe tydvak ten opsigte van skoolkoorrepertoria ingelui.

### 3.3.6 *Anneke Dyer*

Anneke Dyer matrikuleer aan die hoërskool in Vryheid, waar sy ook gekies is tot lid van die Natalse Jeugkoor. Sy studeer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die grade B. Mus. Ed. en B. Mus. Honneurs met sang as hoofvak. Gedurende haar studiejare was sy ook 'n lid van die Vrystaatse Universiteitskoor. In 1985 aanvaar sy 'n betrekking by J. B. M. Hertzog, waar sy vanuit die staanspoor van 'n vitale koortradisie by die skool bewus geword het. (Dyer, 1994:onderhoud)

#### 3.3.6.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Anneke Dyer

As gevolg van die tekort aan seunstemme moes daar dikwels van alte gebruik gemaak word om die tenoorpartye te ondersteun. (Dyer, 1994:onderhoud) Repetisies het een keer per week vir 'n uur in die aand plaasgevind en koorkampe was 'n gereelde instelling. Voor belangrike optredes het vele addisionele repetisies plaasgevind. (Dyer, 1994:onderhoud)

Die stigting van 'n kamerkoor (*Kleinkoor*[1]) was 'n besonder verdienstelike toevoeging tot die kooraktiwiteit. Die koor is saamgestel uit jeugkoorlede[2] en ander goeie stemme om 'n bevredigende balans te kon verkry. Die *Kleinkoor* het grootliks selfstandig gefunksioneer, in die sin dat hulle sonder 'n dirigent opgetree het. Vanweë die standaard wat gehandhaaf was, het die koor spoedig bekendheid verwerf en talle uitnodigings vir optredes is ontvang.

Die gemengde koor het onder andere by die volgende geleenthede opgetree:

- Kunswedstryd: Gedurende Mei 1985 moes die koor, soos dit die gebruik by die skool was, by die plaaslike kunswedstryd optree. Mnr. Pieter van der Westhuizen het tydens die geleentheid as beoordelaar opgetree en het aan die koor 'n A+-simbool toegeken. (Dyer, 1994:onderhoud)
- Ingebruikneming van die Sand du Plessis-teater: Die koor het op twee agtereenvolgende prestige-aande verskillende programme gelewer en het ook aan die massakoor deelgeneem.
- Eredienste: *Die koor het nie in ander gemeentes gesing nie, maar wel tydens 'n paar geleenthede in die plaaslike Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hugenoot.* (Dyer, 1994:onderhoud)
- ATKB-koorkompetisie: In 1986 het die koor aan die ATKB-koorkompetisie deelgeneem.

---

1 *Die koor het letterlik ensemblewerk gedoen - veral kort Mozartwerke het die koor besonder goed gepas. Aangesien die stemme reeds in die Jeugkoor saamgesnoer en gedissiplineer was, kon hulle koorwerke makliker bemeester. Heelwat van die koorlede was van my eie sangleerlinge en dit het ook in die eindresultaat inslag gevind.* (Dyer, 1994:onderhoud)

2 Leerlinge (veral dogterstemme) van J. B. M. Hertzog het baie jare as 'n konstante voedingsbron vir die Jeugkoor gedien.

### 3.3.6.2 Samevatting

Anneke Dyer het voortgebou op 'n reeds gevestigde koortradisie. Vanweë haar sangagtergrond kon sy aan koortegniese aspekte soos klankproduksie en diksie reg laat geskied. Sy het ook sangonderrig aan talle koorlede gegee en dit het 'n positiewe uitwerking op die klankproduksie van die koor gehad. Die stigting van die *Kleinkoor* was 'n nuwe ontwikkeling vir die kooraktiwiteit by die skool.

### 3.3.7 *Markus Mostert*

Markus Mostert matrikuleer aan die Hoërskool Sentraal, waar hy lid van die bekende skoolkoor onder leiding van mev. Huibrie Verster was. Gedurende sy hoërskoolloopbaan was hy twee jaar (1979-1980) lid van die Vrystaatse Jeugkoor en gedurende militêre diensplig (1981-1982) ook lid van die Weermag se Koor- en Konsertgroep (*Kanaries*). (Mostert, 1994:onderhoud) Hy studeer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat waar hy die B. Mus.- en B. Mus. Honneursgrade verwerf. Gedurende sy studiejare was hy lid en voorsitter van die Vrystaatse Universiteitskoor onder leiding van dr. Erns Conradie. As afrigter en pianis van die ADMUOVS-revuegroep[1] doen hy waardevolle ondervinding op. Sedert 1993 is hy lid van die Vrystaatkomitee van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging, en tans (1994) is hy provinsiale verteenwoordiger van dieselfde vereniging in die Oranje-Vrystaat.

1 Die lede van die revuegroep is oorwegend teologiestudente.

### 3.3.7.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Markus Mostert

Markus Mostert is in 1989 by J. B. M. Hertzog as klasmusiekonderwyser, verantwoordelik vir die koorafrigting, aangestel. Die kontinuïteit van die kooraktiwiteit is voor sy aanstelling dikwels onderbreek[1] as gevolg van personeel wat gewissel het. Die repetisies van die koor vind op weeksaande plaas en die gesamentlike repetisietyd beloop drie uur per week.

Die koor het tydens die volgende geleenthede opgetree:

□ Klassangaande in die Odeion: *Die doelwit van die klassangaande is om 'n sangkultuur by die skool te vestig. Elke kind in die skool kry sodoende 'n geleentheid om voor 'n gehoor op te tree.* (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

□ Koorfeeste: J. B. M. Hertzog organiseer 'n eie koorfees waarna laerskoolkore wat moontlik vir die skool as voedingsbron kan dien, uitgenooi word. Elke koor sing een of twee liedere en die aand word met 'n massakooruitvoering afgesluit. (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

□ Die Harmonia-projek: Die koor het reeds per geleentheid aan dié projek van die Geneeskundige Dienste (van die Mediese Kommandement) deelgeneem.

□ Eredienste en koorfeeste: Benewens optredes tydens eredienste neem die koor jaarliks deel aan die Kerssangdienste wat deur die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje georganiseer word. Die Grey-Kollege Koorfees word ook jaarliks deur die koor ondersteun.

---

1 Persone wat in die tydperk sedert Van Pletzen se vertrek en Mostert se diensaanvaarding vir die koorleiding verantwoordelik was mevv. Annette Swart, Annette van Niekerk, Van Deventer (voornaam onbekend) en Annemarie de Jongh.

□ Koorkompetisies: Die koor neem gereeld deel aan die kompetisie om die Vrystaattrofee, aan die plaaslike kunswedstryd en die ATKB-koorkompetisie. Die koor het egter nie uitsonderlike prestasies in genoemde kompetisies behaal nie. (Mostert, 1994:onderhoud)

### 3.3.8 Samevatting: J. B. M. Hertzog

Die koor van die Hoërskool J. B. M. Hertzog was reeds sedert die ontstaan van die skool (1960) besonder aktief. Onder leiding van een van die eerste koorleiers, dr. Elsie de Beer, het verskeie kore ontstaan en 'n operette is spoedig daarna opgevoer. Sy is deur mev. Wandrag opgevolg (1963), en dit wil voorkom of die kooraktiwiteit in die tydperk voordat mev. Marietjie van der Watt die leiding oorgeneem het, nie besonder prominent was nie. Mev. van der Watt het die betrekking in 1966 aanvaar en onder haar leiding het die koor veral op kunswedstryde presteer. In 1968 het die koor 'n plaatopname gemaak en die kooraktiwiteit was in hierdie tydperk net so prominent soos by die Hoërskool Sentraal. Mev. Leona Geldenhuys het in 1973 die koorleiding oorgeneem en onder haar leiding sou 'n nuwe era van koorsang die skoolkoor kenmerk. Haar innoverende denke het aanleiding gegee tot klasmusiekaande, koorkonserte en 'n verdere plaatopname. In 1982 word Corné van Pletzen by die skool aangestel, en 'n ongewone en nuwe repertoriumkeuse vir skoolkore asook 'n standaardverhoging kenmerk die era. Sedert Julie 1983 het die koorleiers aan die skool dikwels gewissel. Persone soos mej. Anneke Dyer, mevv. Annette van Niekerk, Van Deventer, Annemarie Reid, Anette Swart en mnr. Markus Mostert het in 'n mindere en meerdere mate op die koortradisie voortgebou.

## 3.4 Die kooraktiwiteit aan die Christelike en Nasionale Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein

### 3.4.1 Historiese Agtergrond

Na die Tweede Vryheidsoorlog was daar vanuit Londen 'n sterk impetus om die Afrikaner te denasionaliseer. Die onderwys is deur middel van 'n verengelsingsbeleid gebruik om in die doel te probeer slaag. Reeds in die konsentrasiekampe is begin om die kinders as Britse onderdane op te voed. *Uit protes teen hierdie toestande is Christelik-Nasionale Onderwysskole oral in die Oranjerivier-kolonie gestig. Hierdie skole moes na 1905 met die staatskole amalgameer weens gebrek aan fondse. Na sy terugkeer uit Europa in 1905 was Pres. Steyn meer as ooit tevore besiel met die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika. Om dit te kon bewerkstellig moes die Afrikaner eers op geestelike, kulturele en ekonomiese gebied opgehef word. Hiervoor beywer die president hom en glo dat die doeltreffendste wyse waarop dit gedoen kan word, die onderwys is. Ten spyte van die verdwyning van die meeste CNO-skole in die Vrystaat besluit Pres. Steyn, wat ook lid was van die Sentrale komitee vir die CNO-skole, om 'n normaal- en meisieskool in Bloemfontein te stig waar die Afrikaanse plattelandse dogters 'n Christelik- Nasionale opvoeding kon kry. Onderhandelinge oor die stigting vind reeds so vroeg as 1905 plaas. By die notule van elke vergadering verskyn Pres. Steyn se handtekening. Op 11 April 1907 kon die eerste klasse 'n aanvang neem.* (Rossouw; Spies, 1981:7)

By 'n meisieskool is daar, in teenstelling met 'n gemengde of 'n seunskool, gewoonlik 'n besonder gunstige klimaat vir die beoefening van die verskillende kunsdissiplines. C en N Sekondêre Meisieskool Oranje

(hierna Oranje genoem) is in hierdie opsig geen uitsondering nie. Aangesien musiekonderrig as 'n baie belangrike[1] komponent van die opvoeding van meisies[2] beskou is, is daar sedert die stigting van die skool musiekleerkragte aangestel. (Human, 1976:295) Die stigters van die skool het 'n vereiste gestel dat *die dogters die bes moontlike opvoeding moes kry, en so 'n opvoeding het musiekonderrig ingesluit. Daarvoor is 6 klaviere uit Holland bestel. Mej. Norah van Selm het die eerste musiekpos aangeneem en voor die einde van 1907 was daar al 30 musiekleerlinge.* (*Rossouw; Spies, 1981*:55) Prof. P. K. de Villiers is in 1911 aan die skool aangestel en met sy hulp was daar 'n kantate uitgevoer. Human (1976:295) berig soos volg oor die onderneming: Hierdie kantate is soos volg in *The Friend* geadverteer:

***A missionary cantate, entitled Boys and Girls of other lands will be given by the children of the Oranje School on Friday, November 17 th in the Rambler's Hall under the conductorship of prof. P. K. de Villiers. Over 100 children in native costume.***

*Hierdie uitvoering, wat bestaan het uit koorsang, afgewissel met resitasies, het gegaan oor die verskillende lande waar daar sendingwerk verrig is. Die meisies was geklee in tiperende kostuums en hulle grimering het gelaatskleure van lig tot donkerbruin nageboots.* Die uitvoering van nog 'n

1 Musiekonderrig is nie altyd deur die eeue as noodsaaklik of selfs gewens beskou nie. Die siening van die invloedryke opvoedkundige en filosoof John Locke (1632-1702) was dat dit tydvermorsing is en dat musiek eintlik deur persone met twyfelagtige karakter beoefen word. (Fick, 1984:61) Tans (1994) word weer 'n debat gevoer oor die bestaansreg van musiek in skole aangesien dit deur veral nie-Westers-georiënteerde persone as elitisties beskou word (*Die Volksblad*, 1994:datum onbekend).

2 Die vroeëre ongegronde opvatting dat koorsang eintlik vir meisies bedoel is, het waarskynlik vanuit die standpunt dat musiekonderrig as 'n belangrike komponent van meisies se onderrig beskou is, ontstaan. So adverteer mnr. A. Noble reeds in 1860 sy skool met 'n verwysing na musiek as deel van die vrou se onderrig: *Hy sou onderrig gee in die klassieke tale, verskillende vertakkinge van rekenkunde en onder andere ook in "tekenkuns en vrouwelÿke volkmaaktheden insluitende klavier, muzyk, brywerk, netwerk enz enz ...* (Human, 1963:145)

kantate, *Esther,* wat op 8 September 1922 in die Groenewaldsaal van die skool gegee is, het besonder beïndruk. Die saal is volgepak deur belangstellendes wat eers 'n program van voordragte deur die laere standerds aangehoor het en daarna die kantate: *'n Koor van tagtig meisies het aan die uitvoering deelgeneem. Indrukwekkend en aangrypend was die stemklanke wat van uit die koor uitgegaan het, en aangenaam was die dalende en stygende ineensmeltings van die parte.* (Human, 1976: 295)

Uit die bekers en skilde wat verower is, blyk dit dat 'n besonder verdienstelike standaard vir hierdie tydperk deur die koor gehandhaaf was:

** 1936 - O. V. V. Wisselskild vir Meisieskore 18 jaar en onder*

** 1937 - O. V. V. Wisselskild en die Pellissier-Wisselbeker vir kore 15 jaar en onder.* (Human, 1976: 296)

### 3.4.2 *Ria Fourie*

Die koorleiers by Oranje het deur die jare dikwels gewissel, maar een van die persone wat die langste vir die koorleiding verantwoordelik was, was mev. Ria Fourie. Sy was vanaf 1945-1946 en daarna van 1955 tot 1980 aan die skool verbonde. (Fourie, 1994:onderhoud)

Ria Fourie het onderrig in sang aan die College of Music by die Universiteit van Kaapstad ontvang. Haar vader het egter verkies dat sy eerder nader aan haar ouerhuis moes kom studeer en sodoende het sy haar sangonderrig by prof. David Roode in Bloemfontein voortgesit. Sy was hoofsaaklik vir sang opgelei en haar kwalifikasies sluit 'n Sanglisensiaat en 'n Onderwyslisensiaat (sang) in. *Roode het as persoon 'n baie groot indruk op my gemaak; hy was die een vir perfeksie. As lid van sy dameskoor het*

*ek 'n groot bewondering vir hom as koorleier gehad.* (Fourie, 1994:onderhoud)

### 3.4.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Ria Fourie

In 1945 was daar reeds 'n gevestigde koortradisie by Oranje. Volgens Ria Fourie (1994:onderhoud) was die tydgleuf waarin die koor moes oefen nie teen ander aktiwiteite beskerm nie[1]. Die ledetal[2] van die koor het altyd tussen veertig en vyftig gewissel en die koor is saamgestel na 'n keuring van die stemme. Sy was vir die afrigting van die junior-, senior- en laerskoolkoor verantwoordelik. Haar eggenoot mnr. Jurie Fourie[3], was op sy beurt die koorleier by Grey-Kollege Hoërskool.

Ria Fourie was van die waarde van stemoefeninge[4] bewus (vanweë haar sangtegniese agtergrond) en gevolglik was dit met die aanvang van koorrepetisies en selfs klasmusiekperiodes 'n algemene gebruik om eers die stemme te oefen. Soos dit met baie ander koorleiers van die tyd die geval was, was Lemmer-komposisies vir mev. Fourie 'n voorkeurkeuse. ... *Ek het gevoel dat die komposisies hulle tot interessante vertolkings leen.* (Fourie, 1994:onderhoud)

Die skoolkoor/kore het in mev. Fourie se dienstydperk onder andere by die volgende geleenthede opgetree:

---

1 *Soos dit vroeër jare die geval was, moes die koor die "afskeeptydjies" kry om te oefen. Later het die koor vir een uur in die middag geoefen. Soms het die koor ook in die oggende voor skool geoefen.* (Fourie, 1994:onderhoud)

2 Ongeveer 10% van die leerlinge in die skool het in dié tydperk (1945) in die koor gesing. Huidig (1994) sing ongeveer 20% van die kinders in die skoolkoor.

3 *My man het altyd met my gekompeteer. Hulle (Grey-Kollege) was bang dat ek hulle sou wen, maar ek het nie omgegee nie aangesien hulle baie goed gesing het.* (Fourie, 1994:onderhoud)

4 *Die kinders het nie altyd baie daarvan gehou nie, maar ek het gevoel dat 'n sangklas nie volledig is as jy nie daarmee begin nie.* (Fourie, 1994:onderhoud)

□ Eredienste: Die koor het dikwels tydens eredienste opgetree: *'n Wonderlike geleentheid wat ek kan onthou was 'n gesamentlike optrede met Grey-Kollege toe ons in Berg-en-Dal-gemeente* (Nederduitse Gereformeerde) *opgetree het*[1]. (Fourie, 1994: onderhoud)

□ Kunswedstryde[2]: Die koor het jaarliks aan die kunswedstryde deelgeneem, gewoonlik met goeie gevolg.

□ Musieksketse (musiekaande met die koor): Met die hulp van Japie Human het die koor 'n musieksket, *Musiekaand in die Outyd*, aangebied. Die repertorium wat vir die geleentheid gekies was, het uitsluitlik "outydse" musiek bevat. (Fourie, 1994:onderhoud)

□ Operette: Onder leiding van Ria Fourie is die operette, *Die Blink Kristal* (deur Dirkie de Villiers) met sukses opgevoer.

□ Die koor het dikwels gedurende saalbyeenkomste opgetree. Die optrede by die jaarlikse skoolsluitingsfunksie is hiervan 'n voorbeeld.

In 1966 (twee jaar na die plaatopname van Sentraal onder leiding van Michael Casaleggio) het Oranje onder leiding van Ria Fourie 'n plaatopname gemaak. Die opname is 'n akkurate weerspieëling van die standaard, klankproduksie en repertoriumkeuses van skoolkore (veral dogterskore) gedurende die sestigerjare. Benewens die kooritems is

---

1 *Die twee kore het 'n deskant wat mnr. Dirkie de Villiers geskryf het, gesing. Op 'n stadium het die leraar Gesang 4 opgegee. Beide kore het spontaan die deskant saam met die gemeente gesing.* (Fourie, 1994:onderhoud)

2 Ria Fourie sonder die volgende herinneringe aan kunswedstrydoptredes uit: *Die jaar wat prof. George Grüber hier beoordeel het, het my kore almal A's gekry. 'n Ander hoogtepunt was die jaar toe prof. Philip McLachlan kom beoordeel het. Die senior koor het daardie jaar "Beautious Morn" (Edward German) gesing. Toe hy my gelukgewens het, was daar trane in sy oë. Toe ek later sy kore gehoor het kon ek nie glo dat hy so oor Oranje se "koortjie" gevoel het nie. Met 'n ander kunswedstryd het ek "Motte" van P. J. Lemmer gesing - die beoordelaar was so ingenome dat hy aan ons 'n A+++-simbool toegeken het.* (Fourie, 1994:onderhoud)

daar sangsolos op die opname[1], wat deur Ria Fourie afgerig is.

### 3.4.2.2 Kommentaar en samevatting aangaande die kooraktiwiteit in die Fourie-era

Mej. M. L. Spies was gedurende die tydperk 1962-1981 skoolhoof van Oranje. *Die skoolkoor was vir my baie belangrik. Ek het graag toegewings aan die koor gemaak ten opsigte van addisionele oefentyd. Die koor het nie voorheen uitsonderlik presteer nie en daarom is ek vandag* (1994) *verheug om van die prestasies te verneem.* (Spies, 1994:telefoniese gesprek) Volgens dr. Elsie de Beer[2] (1994:onderhoud), voormalige adjunk-hoof van die skool, het Ria Fourie uitstekende werk gedoen. *Haar kore het veral op kunswedstryde presteer. Die besondere mooi wyse waarop mev. Fourie met die kinders gewerk het (op 'n rustige manier), was merkwaardig.*

Gedurende die lang dienstydperk van Ria Fourie het sy 'n verdienstelike standaard gehandhaaf wat tans steeds erkenning geniet.

---

1 KANT 1 *** Skoollied * Kêreltjie in die bos - Duitse volkswysie verwerk Philip McLachlan * Tula, tula nou - Volkslied van Salzburg * Kersfees wiegelied - Tjeggiese volksliedjie verwerk Philip McLachlan * Die Suiderland - uit Swabe * Dainty little maidens - Frederick Keel * Temple Gardens - Sangsolo * Sonata in C Majeur - W. A. Mozart - Klaviersolo * Beautious Morn - Edward German * Motte - P. J. Lemmer * The silent mill - sangsolo**

KANT 2 *** Angels guard thee - Benjamin Godard * Wiegelied - sangtrio - Mendelssohn * O Wert thou in the cauld blast - Mendelssohn * Lief blompies in die maanskyn - verwerk Gawie Cillié * Flow gently sweet avon - verwerk Eric Thiman * Sing kinders van Bethlehem - uit die kantate Dawid die Herderseun van G. F. Root * Gesang 4 - Deskant Dirkie de Villiers * Troumars - Wagner** (Plaatomslag:)

2 Dr. Elsie de Beer, voorheen koorleier by die Hoërskool J. B. M. Hertzog, het vanaf 1969-1984 die junior koor by Oranje afgerig.

### 3.4.3 *Henti Claassen*

Henti Claassen het aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat studeer en hy behaal 'n onderwysdiploma en verwerf die B. Mus.- en B. Mus. Honneursgrade met Sang en Skoolmusiek as hoofvakke. Gedurende sy studiejare was hy lid van die universiteitskoor onder leiding van prof. Chris Swanepoel en hy het ook in hierdie tydperk in die operakoor van SUKOVS gesing. *Beide kore het vir my baie waardevolle ondervinding gebied.* (Claassen, 1994:telefoniese gesprek)

Voor Claassen se aanstelling by Oranje het hy betrekkings aan die Hoër Handelskool in Bloemfontein en aan die Bainsvlei Primêre skool beklee. By beide skole was hy vir die koorleiding verantwoordelik.

Henti Claassen het in 1975 die betrekking by Oranje aanvaar waar hy vanuit die staanspoor 'n sterk koortradisie ervaar het. (Claassen, 1994:telefoniese gesprek) Hy was by Oranje vir klasmusiek- en buitekurrikulêre musiekonderrig verantwoordelik. Afgesien van skoolverpligtinge het hy (deeltyds) sangonderrig aan die universiteit gedoseer, die SUKOVS kamerkoor help afrig en as assistent van Hans van Heerden met die operakoor opgetree. Van 1981 was hy in Namibië eers sangdosent en later musiekadviseur. Hy is tans hoof van die opera-afdeling by SUKOVS. (Claassen, 1994:telefoniese gesprek)

#### 3.4.3.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Henti Claassen

Aangesien daar by Oranje Meisieskool 'n koortradisie was, was die teelaarde vir die kooraktiwiteit besonder gunstig. Die koor het twee keer per week

een uur lank geoefen. Uit sy sangagtergrond het hy stemoefeninge en stembouing as baie belangrik beskou. Hy het ook 'n aantal koorlede in sang (individueel) onderrig. Die repertorium van die koor het 'n tradisionele program ingesluit wat gewissel het van gewyde tot ligte (populêre) repertorium en hy het self talle verwerkings vir die skoolkoor gedoen. (Claassen, 1994:telefoniese gesprek)

Die koor het onder andere tydens die volgende geleenthede opgetree:

- Kunswedstryde.
- Tydens eredienste: *Ons het die tweestemmige verkorte "Messias" deur Handel geleer en met sukses in kerke uitgevoer.* (Claassen, 1994: telefoniese gesprek)
- Talle liefdadigheidsfunksies: Voorbeelde hiervan, en waar die koor buite die grense van Bloemfontein opgetree het, was by Soutpan en Kafferrivier.

### 3.4.3.2 Samevatting

Henti Claassen was met sy entoesiasme en musikale agtergrond vir 'n nuwe dimensie in die koor verantwoordelik. Aangesien hy inisiatief met talle openbare optredes geneem het, is die koor as 'n vertoonvenster van die skool gevestig. Hy het 'n nuwe geslag[1] koorleiers verteenwoordig en was in baie opsigte ondernemend.

1 Alhoewel nie koorleiding as sodanig nie, het die koorleiers wat in die tagtigerjare die praktyk betree het oor die algemeen oor 'n beter akademiese musikale agtergrond beskik as wat vantevore die geval was. Die meeste koorleiers was nou meer spesifiek in musiek gekwalifiseerd (B. Mus.-grade). In teenstelling hiermee het 'n vorige geslag koorleiers òf * privaat musiekonderrig (oorwegend klavier of sang) geneem, òf * sang as 'n *Tegniese vak* by die Onderwyserskollege geneem of hulle het oor * 'n lisensiaat-kwalifikasie beskik. 'n Graadkwalifikasie in musiek was eerder 'n uitsondering.

### 3.4.4 *Hettie Gouws*

Hettie Gouws het haar tersiêre opleiding aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ontvang. Sy studeer onder andere by proff. David Roode, Leo Quayle en mnr. Derek van der Merwe. Tydens haar studiejare slaag sy in die finale sangeksamen van UNISA onder leiding van mnr. Derek van der Merwe. Sy verwerf die B. Mus.-graad, maar met geen spesifieke kursus in koorleiding nie. (Gouws, 1994:telefoniese gesprek)

As musiekonderwyseres in Marquard het sy 'n besonder lewendige belangstelling in koorleiding openbaar: *Ek het die leiding van die laerskool- en hoërskoolkore, die dorpskoor en 'n mannekoor behartig. Benewens die kore het ek ook die skoolkoor in die swart woonbuurt afgerig - die swart koor het 'n landswye kompetisie in Johannesburg gewen.* (Gouws, 1994:telefoniese gesprek) In 1982 is Hettie Gouws aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege aangestel. Nadat sy die betrekking slegs een jaar beklee het, is sy in 1983 by Oranje aangestel.

#### 3.4.4.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Hettie Gouws

Toe Hettie Gouws in 1983 die betrekking by Oranje aanvaar het, was daar reeds tekens dat die kooraktiwiteit by die skool aan die kwyn was. Deur die sing van 'n gewilde repertoriumtipe het sy egter in 'n kort tydsbestek die kooraktiwiteit laat herleef[1].

---

1 *Met die laaste oefening van die koor onder leiding van my voorganger was daar slegs 17 leerlinge teenwoordig. My voorganger het my versoek om die koorleiding oor te neem. Aangesien daar 'n anti-koor-gevoel by die skool was, het ek besef dat ek die koor se gesindheid moes wen. Met die eerste oefening het 45 kinders hulle opwagting gemaak.. Ek het vir hulle "Little Drummer boy" geleer. Dit het sò inslag gevind dat die koorledetal toegeneem het totdat daar 135 koorlede (op daardie tydstip was daar ongeveer 600 kinders in die skool) in die koor was. Ek is deur prof. Gawie Cillié gekritiseer vir die (oppervlakkige) repertorium wat ek op koorfeeste gesing het, maar ek wou die kinders die vreugde van musisering laat ervaar.* (Gouws, 1994:telefoniese gesprek)

Koorrepetisies het twee keer per week vir 'n uur lank, plaasgevind. Die koor het tydens die volgende geleenthede opgetree:

- Kunswedstryde.
- Koorfeeste - Grey-Kollege Koorfees.
- Skoolfunksies.
- Eredienste.

### 3.4.4.2 Samevatting

Hettie Gouws het met entoesiasme, vorige ondervinding en insig in 'n moeilike (kwynende) koorsituasie nuwe lewe in die kooraktiwiteit geblaas. Haar benadering tot die koor het daartoe gelei dat die kooraktiwiteit 'n ongekende gewildheid verkry het. Alhoewel klem eerder op kwantiteit as kwaliteit geplaas is, het sy die weg vir haar opvolger gebaan.

### 3.4.5 *Marcha Geyer*

Mev. Marcha Geyer verwerf die grade B. Mus. (1967) en M. Mus. (1973) aan die Universiteit van Pretoria. Aangesien sy 'n beurs van die Normaalkollege in Pretoria gehad het, het sy aan dieselfde inrigting skoolmusiek studeer en in die Ambassadeurskoor onder leiding van Ria Nel gesing. (Geyer, 1994:onderhoud)

Marcha Geyer het in 1969 tot die onderwysberoep toegetree. Na een jaar aan die Elandspoort Hoërskool het sy 'n betrekking aan die hoërskool op Silverton aanvaar en daarna het die gesin na Kroonstad verhuis. In Kroonstad het sy 'n betrekking by die Gevangenisdiensorkes beklee waar sy vir orkesverwerkings en onderrig in harmonie verantwoordelik was. Gedurende hierdie tydperk het sy ook 'n mannekoor onder leiding van Olga

Rademan begelei en ondervinding aangaande mannekore opgedoen. (Geyer, 1994:onderhoud) Met die verloop van tyd het Marcha Geyer ook betrekkings aan die Hoër Handel- en Kunsskool en die Suidrandse Volksskool[1] beklee. In beide gevalle was sy vir die koorafrigting verantwoordelik. Na verskeie verplasings het die gesin hulle in Bloemfontein gevestig.

### 3.4.5.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Marcha Geyer

Marcha Geyer is aan die begin van 1985 by Oranje aangestel waar sy aanvanklik vir die klasmusiek- en klavieronderrig verantwoordelik was. Mev. Hettie Gouws het op daardie tydstip die koorleiding behartig. Die (koperblaas-) orkes was in daardie jare besonder prominent by die skool en die onderwyseres wat daarvoor verantwoordelik was, het in die loop van die jaar bedank. Mej. I. Pellissier (skoolhoof) het Marcha Geyer genader om die verantwoordelikheid vir die orkes oor te neem. Na beraadslaging het sy die koorleiding in Junie 1985 oorgeneem[2] en Hettie Gouws sou voortaan vir die orkesleiding verantwoordelik wees. Die eerste verpligting van die koor onder haar leiding was die optrede tydens die Grey-Kollege Koorfees. Sy het in 'n kort tydsbestek met die koor 'n nuwe program vir die Grey-Kollege Koorfees aangeleer en ook die uitdaging aanvaar om op die Roodepoortse Eisteddfod te gaan sing.

1 Marcha Geyer het die skoollied van Suidrand Volksskool gekomponeer. (Groenewald, 1986:376)

2 *Toe ek by Oranje aangestel is, was die koor nie 'n prominente aktiwiteit nie. - Atletiek en swem het voorkeur gekry en die koor was so derde in die prioriteitsvolgorde. Ek is nie van mening dat daar 'n wonderlike tradisie van meerstemmige koorsang was nie, maar ek het tog die gevoel gekry dat die kinders graag gesing het. Daar was 120 koorlede en die koor het hoofsaaklik tweestemmige werke gesing en met uitsondering ook driestemmig. Met die groot koor was daar nie van fyn koorwerk sprake nie; die klem het hoofsaaklik op die genot van koorsang geval.* (Geyer, 1994:onderhoud)



**Die optrede van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje tydens die Roodepoortse Eisteddfod.**

Aan die einde van 1985 het die koor 'n kerssangdiens in die skoolsaal aangebied, wat so suksesvol was dat dit 'n gereelde instelling in die *Klipkerk* (Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein-Noord) geword het. Met die sukses wat Marcha Geyer in die laaste ses maande van 1985 met die koor behaal het, het sy almal oortuig dat sy die koor met onderskeiding kon behartig. (Gouws, 1994:telefoniese gesprek)

Vir die koorkeuring meld ongeveer 120 dogters jaarliks aan, waarvan slegs 15 tot die koor toegelaat word. Die oudisieprosedure is soos volg:

* Kandidate word individueel getoets.
* 'n Lied van eie keuse word begeleid gesing.
* Dieselfde lied word onbegeleid gesing.
* Dieselfde lied word met 'n foutiewe begeleiding gesing.
* Dieselfde lied moet gesing word met 'n deskant wat die koorleier sing.
* Die sing van intervalle.
* Die sing van toonlere terwyl daarteen in 'n nabygeleë toonaard gespeel word. Selfs 'n chromatiese toonleer word gespeel terwyl die kandidaat 'n diatoniese toonleer moet sing. (Geyer, 1994:telefoniese gesprek)

Uit die metode van keuring blyk dat dit dat intelligensie[1] en konsentrasie deurslaggewend vir die keuring van 'n koorlid is. Met die verloop van jare

1 *Die voordeel is dat **intelligente** kinders 'n nuwe repertorium vinnig aanleer en dat hulle gewoonlik tydens kooroefening kan konsentreer. Ek het ook besef dat 'n goeie koorstandaard slegs verkry kan word as ek net die bestes keur.* (Geyer, 1994:telefoniese gesprek) Ook Ernst van Biljon (1985:lesing) huldig die mening as hy Schwikerath aanhaal: ***Intelligensie**, erns en geduld is belangrike oorwegings in koorkeuring. By die aanleer van koormusiek is **intelligensie** 'n hulpmiddel. Stempartye en nuanses van interpretasie kan vinniger aangeleer word. Musikale insig ten opsigte van die aard, karakter en bedoeling van die koorkomposisie mag eweneens makliker ontwikkel.* (Verster, 1987:198-199)

het die standaard so verhoog dat die kooraktiwiteit 'n prestige-aktiwiteit van die skool geword het: *Uit 'n aanvanklike keuring van 200 dogters is 45 vir die nuwe koor gekeur. Gedurende die afgelope jare (soos die gewildheid van die koor as gevolg van prestasies toegeneem het) het die getalle weer toegeneem; eers na 60 en in die afgelope vyf jaar tot ongeveer 80 koorlede.* (Geyer, 1994:onderhoud)

Die koor het een keer per week vir 'n uur lank in die aand geoefen en gedurende skooltyd in die kreatiwiteitsperiode. Die uitgangspunt van Geyer se voorganger was om hoofsaaklik werke te sing wat op die kinders 'n impak gemaak het; repertoria wat op vermaak ingestel is, was aan die orde van die dag. Geyer[1] het as gevolg van kompetisie en die ondervinding wat daaruit gevolg het, uitdagende en nuwesoortige repertoria met die koor ingeoefen.

Die koor het tydens die volgende geleenthede opgetree:

□ Koorkompetisies: Die koor van Oranje het sedert Marcha Geyer vir die koor verantwoordelikheid aanvaar het (1985), een van die prominenste kore in die Vrystaat geword, juis weens die gereelde deelname aan koor-kompetisies. * ATKB(V)-koorkompetisie: Die koor het sonder uitsondering aan die ATKB-koorkompetisies van 1986, 1988, 1990, en 1992[2] deelgeneem. Met die uitsondering van 1988 het die koor telkens aan die Nasionale

---

1 Verster verklaar aangaande die repertorium wat Geyer gesing het soos volg: *Ek beskou mev. Marcha Geyer as een van die baanbrekers wat repertoria betref.* (1993:onderhoud)

2 **ATKB-koorkompetisie 1992**

*U het 'n puik instrument in die koor. Die koor se baie stewige sopraanklank is gespierd by tye, maar altyd resonant. Die stemkultuur van die soprane is nogal oorheersend; indien die produksie in al die stempartye nog meer eenvormig word, en die koor nie oorwegend in die forte-register werk nie, sal die musikale gehalte van die koor heelwat verbeter. Veels geluk aan die dirigent, koorlede en begeleier. Die koor toon talle heerlike winste en het 'n besondere klankbasis* - Thinus Khüne. (Beoordelaarsverslag, 1992:ATKB-koorkompetisie)

Kompetisie en sedert 1992 aan die Galakonsert deelgeneem.

* Vrystaattrofee vir koorsang: Sedert die instelling van die kompetisie in 1987 het die koor elke jaar waarin dit plaasgevind het (1987, 1989, 1991 en 1993), deelgeneem en met die louere (in die dogterskoorafdeling) weggestap.

□ Roodepoortse Eisteddfod: Onder leiding van Marcha Geyer het die koor van Oranje een van die min skole in die Vrystaat geword wat aan die Eisteddfod deelneem. In 1987 en 1989 is 'n derde plek op die kompetisie aan die koor toegeken. In 1991 is aan die koor 'n A-kategorie toegeken en is die trofee met Bergvliet High van Kaapstad gedeel. (Geyer, 1994:onderhoud)

□ Kunswedstryd: Die koor het aan die kunswedstryde van 1987, 1989, 1991 en 1993 met onderskeiding deelgeneem. (Geyer, 1994: onderhoud)

□ Koorfeeste: * Grey-Kollege Koorfees: 'n Gesamentlike kooroptrede met Grey-Kollege het tydens die koorfeeste 'n instelling geword. Onder leiding van Marcha Geyer het die koor sonder uitsondering aan die Grey-Kollege koorfeeste van 1985-1993 deelgeneem.

* Odensia Koorfees: Die koorfees wat elke tweede jaar in Welkom plaasvind, is deur Oranje in 1987, 1989, en in 1991 ondersteun.

* Bethlehem Koorfees: Die beste kore in die Vrystaat en ook kore van die Transvaal word na die koorfees genooi: *As gevolg van die deelname van kore uit verskeie provinsies word daar van 'n "interprovinsiale koorfees" gepraat.* (Geyer, 1994:onderhoud) Oranje se koor het in 1988, 1990 en in 1992 aan die koorfees deelgeneem.

* Kroonstad Koorfees: Die koor word gereeld na dié koorfees, wat elke tweede jaar in Meimaand plaasvind, genooi.

* Venster op die Vrystaatse Onderwys: In 1988 was die koor van Oranje Meisieskool een van vier kore wat uitgenooi was om tydens die Galakonsert

('n prestige-geleentheid) op te tree. Die ander drie kore was die hoërskoolkore van Saint Andrews, Sentraal en Sand du Plessis.

* Oktoberfees: Die koor het vantevore aan die Oktoberfees, wat deur die stadsraad van Bloemfontein gereël word, deelgeneem.

### 3.4.5.2 Kommentare aangaande Geyer se werksaamhede as koorleier

Die skoolhoof, mej. Mariehetta Mathee, sien die bydrae van Marcha Geyer soos volg: *Mev. Geyer het daarin geslaag om die kinders in die holte van haar hand te hou. Sy het inisiatief geneem om strukture soos die ouerkomitee te skep.* (Mathee, 1994:onderhoud)

In 'n brief aan 'n voormalige skoolhoof, mej. I. Pellissier, het dr. Petrus Krige die koor se optrede op die ATKB-koorkompetisie soos volg beskryf: *Wat veral opgeval het, was die helder uniforme koortoon, wat veral op die hoë note as monumentaal beskryf kan word. Voorts het die koor van die deursigtigste diksie wat ek nog ooit beleef het, gelewer! Dramatiese, dinamiese kontraste het 'n onwaarskynlike vlak van vertolking geskep. Dit was voorts duidelik dat die koorleidster optimale wedersydse kommunikasie met die koor gehad het.* (1992:korrespondensie)

### 3.4.5.3 Samevatting: Geyer-era

Marcha Geyer het die koortradisie aan die skool verstewig en die kooraktiwiteit in so 'n mate uitgebou dat dit een van die belangrikste wyses van reklame vir die skool geword het. Die intensiteit van die kooraktiwiteit en frekwensie van optredes is nie deur enige van die vorige koorleiers geëwenaar nie. Onder mev. Geyer se leiding het die koor op provinsiale kompetisies uitsonderlik presteer en op nasionale vlak het die koor 'n gereelde deelnemer geword.

### 3.4.6 Samevatting: Die kooraktiwiteit aan die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje

By 'n meisieskool word 'n kooraktiwiteit gewoonlik as 'n gegewe aanvaar aangesien opvoeding in die estetiese sinoniem met die omhoogleiding van 'n meisie beskou word. Dit kan moontlik as rede aangevoer word waarom daar vanaf die ontstaan van die skool 'n kooraktiwiteit is. Die vanselfsprekendheid daarvan om 'n kooraktiwiteit by 'n meisieskool te hê, is moontlik ook die rede waarom die kooraktiwiteit voor Marcha Geyer nie so prominent was nie.

Verskeie persone soos prof. P. K. de Villiers, mev. Ria Fourie, dr. Elsie de Beer, dr. Eberhardt Künkel, mnr. Hentie Claassen, mevv. Jackie Bouwer en Hettie Gouws het 'n koortradisie aan die skool in stand gehou. 'n Prominente koor wat besondere prestasies sou lewer, was egter 'n geruime tyd 'n behoefte, maar dit het nie gerealiseer nie. (Spies, 1994:telefoniese gesprek) In die afgelope dekade (1985-1994) het die koor ontwikkel as 'n koor met aansien, tewens hulle word volgens kompetisie-uitslae (soos die ATKB(V)-koorkompetisie) as een van die beste dogterskore in die land beskou.

## 3.5 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Grey-Kollege, Bloemfontein

Die Hoërskool Grey-Kollege (seunskool) is een van die oudste en bekendste skole in die Oranje-Vrystaat. Aangesien musiekonderrig en musiekakti-

witeite tradisioneel[1] nie as 'n noodsaaklike deel van 'n seun se opvoeding beskou is nie, is daar vir dekades nie die regmatige aandag aan musiekopvoeding gegee nie. Op sportgebied presteer die skool buitengewoon en volgens die skool se roemryke prestasies het dié terrein voorheen die kultuuraktiwiteite soms oorheers. Aangesien skoolkoorsang die afgelope dekade buitengewone aansien aan skole verleen, het die skoolkoor 'n regmatige plek in die skoolaktiwiteite ingeneem.

Volgens die beskikbare historiese gegewens blyk dit dat daar vóór die sestigerjare nie van 'n georganiseerde kooraktiwiteit sprake was nie. Human (1976:302) maak wel melding van 'n skoolorkes en -koor in die jare toe skoolkore hoofsaaklik geleentheidskore was. *Gedurende die jare 1912 en 1913 was mnr. W. R. Baldwin-Tann verantwoordelik vir die afrigting van die skoolorkes en die reël van konserte vir Grey-kollege. Die eerste van hierdie konserte het op 26 Junie 1912 in die Hamiltonsaal by die skool plaasgevind. Sang deur die skoolkoor, spel deur die orkes, sangsolo's deur mnr. H. C. Purkiss en R. Ashman, vioolsolo's deur Victor Pohl en klaviersolo's deur N. van der Hoven en mnr. Baldwin-Tann self het die gevarieerde program gevul.*

Die skool sou egter eers sedert die aanstelling van mnr. Jurie Fourie in 1963 oor 'n permanente skoolkoor beskik. (Venter, 1994:onderhoud)

---

1 Tradisioneel word die fisiese aktiwiteite en ontwikkeling deur middel van sportdeelname met die opvoeding van seuns geassosieer. Die feit dat die man in die oertye verantwoordelik was vir die dag se kos deur middel van die vang en doodmaak van 'n dier hou waarskynlik met hierdie persepsie verband. Daarteenoor word die sogenaamde fynere aktiwiteite soos skilderkuns, beeldhoukuns en die musiekkuns tradisioneel met die vrou en haar menswees verbind. Gelukkig het dié wanpersepsie en etiketering van sekere aktiwiteite tot sekere geslagte veral in die afgelope dekade in 'n groot mate akkommoderend verander.

### 3.5.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Jurie Fourie

Mnr. Jurie Fourie was nie 'n opgeleide musikus[1] nie, maar sy vermoë om die seuns te inspireer het daartoe gelei dat die skoolkoor die eerste keer in die skool se bestaan 'n gesogte aktiwiteit geword het. (Rautenbach, 1993:onderhoud) Volgens mev. Ria Fourie (1994:onderhoud), eggenote van Jurie Fourie, het die seuns voorheen geen belangstelling in koorsang getoon nie. *Toe die koor begin om te presteer moes my man talle seuns wegwys omdat die koor te groot was.* (Fourie, 1994:onderhoud)

Uit die jaarblad van 1966 blyk dit dat die koor ongekende vooruitgang beleef het en 'n beeld van die werk van Jurie Fourie word in die volgende verslag gegee:

> Vanjaar is daar by Grey-Kollege voorwaar geskiedenis gemaak op die gebied van koorsang. Daar het wel die afgelope paar jaar 'n skoolkoor bestaan, maar afgesien van optrede tydens kunswedstryde, was die koor nooit juis 'n aktiewe organisasie nie. Geleidelik het die belangstelling onder die seuns so gegroei dat die koor steeds 'n groter toeloop ondervind het. Hier by Grey-Kollege is een groot wanopvatting 'n finale nekslag toegedien, nl., dat 'n ware, volbloed seun nooit in 'n koor sal sing nie. Onder leiding van mnr. Jurie Fourie het die seuns besef dat om in 'n koor te sing, heerlik en sielsverheffend kan wees. So groot was die belangstelling dat daar op een stadium meer as 160 seuns in die koor wou sing. Uit hierdie menigte moes daar toe ongeveer 80 stemme gekeur word. Geen opoffering was vir mnr. Fourie te groot nie en sy besieling en geesdrif het aangespoor tot daar waar die liggaamskragte net-net wou ingee! Grey-Kollege kan u nie genoeg bedank nie. Mnr. Fourie, maar wees verseker dat ons u werk nooit kan vergeet nie.
>
> Die koor het vanjaar op die kunswedstryd opgetree en wel in drie afdelings, nl. 13 jaar en onder, 15 jaar en onder en Senior Koor. In al drie afdelings is A- simbole behaal, gepaard met besondere hoë lof van die beoordelaar. Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees.

---

1 Jurie Fourie was wel 'n talentvolle baritonsanger en die volgende kunswedstrydverslag bevestig sy vermoë in die rigting: *In die bariton, ope, het drie gisteraand meegeding, en die winner* (sic) *is gisteraand aangewys toe mnr. Jurie Fourie en mnr. Frederik Olivier opgetree het. Die stuk wat gesing is -**Rots by die see deur P. J. Lemmer.** Die werk vereis deeglike aanvoeling, en die beoordelaar het die mening uitgespreek dat die vertolking uit dramatiese, liriese en verstandelike oogpunt, beskou, uitstekend was. Mnr Fourie, wat die eerste prys verower het, het 'n artistieke stem en 'n goeie, kunsvolle visie. Hy openbaar 'n selfstandige opvatting en die vermoë om te vertolk.* (*Die Volksblad*, datum van knipsel afgesny - in besit van mev. Ria Fourie)

Na die kunswedstryd is daar onmiddellik begin werk aan 'n program om op toer te gaan. Hierdie was geen geringe taak nie, maar die ywer en erns waarmee die leerlinge dit aangepak het, was uiters bemoedigend. So seker was almal van die sukses wat die koor sou behaal, dat die United Tabakmaatskappy aangebied het om die hele toer te borg. Die skool se opregte dank aan hierdie instansie.

Gedurende die September-Oktobervakansie gaan die koor dan op toer en besoek Kroonstad, Pretoria, Johannesburg, Klerksdorp en Potchefstroom. Voor die vakansie word Reddersburg ook besoek. Dit is onnodig om te praat van die klinkende sukses van die toer. Daarvan getuig die kritieke wat in plaaslike en Transvaalse koerante verskyn het, asook die talle briewe wat by die skool aangekom het. Op hierdie toer is Grey-Kollege op 'n heel nuwe en moontlik onverwagte gebied aan die publiek voorgestel. Hiervan sal meninge Ou-Grey getuig. Wie het ooit kon dink dat Grey-Kollege kan sing? Ons skool het talle nuwe vriende gewen en vriendskapsbande verstewig.

Die hoogtepunt van die jaar is egter bereik met die konserte wat aangebied is om saam te val met die 111-de verjaardag van die skool. Beide aande was die Eeufeessaal stampvol en die langdurige en soms byna luidrugtige toejuiging het getuig van die genot wat die seuns se gevoelvolle en suiwer sang verskaf het.

Ons kan nie nalaat om melding te maak van die groepie instrumentiste, almal skoliere, wat die koor vergesel het nie. Op elke konsert was daar 'n aantal instrumentale nommers van onberispelike gehalte wat die program nog verder in die smaak van die gehoor laat val het.

Gedurende die jaar is die koor ook uitgenooi om in die openbaar op te tree. So is daar o.a. gesing by die jaarkongres van die V.L.U. en ook by verskeie kerkdienste in ons stad, elke keer met groot sukses.

'n Ware en onmisbare steunpilaar van die koor was mnr. Francois Rautenbach wat verantwoordelik was vir die begeleiding. Gedurig is daar deur kenners verwys na die besondere knap wyse waarop mnr. Rautenbach die koor begelei het en sy bydrae tot die sukses van die koor kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Ons hartlike dank aan mnr. Jurie Fourie en sy koor vir wat hulle hierdie jaar vir die koor beteken het. Mag daar in die toekoms voortgebou word op hierdie uitstekende werk.

(Jaarblad: 1966 -onveranderd weergegee)

Die koor het in die Fourie-era ook 'n plaatopname[1] gemaak wat ongetwyfeld

---

1 Kant 1

* Skoollied - Woorde: P. H. Langenhoven Toonsetting : Jurie Fourie * Let the fifes and die clarions - H. Purcell * O wert thou in the cauld blast - Mendelssohn * Gesang 4 * Rita - Spaanse Volkslied: verwerking Jurie Fourie * Intog van die lente- B. Kutch Verwerking: Jurie Fourie Bariton * Loof die Heer - Verwerking: D. de Villiers * Bergrivier - P. J. Lemmer * Three blind mice - Trad. Arrangement: Jurie Fourie

Kant 2

* Erika - H. Niel Verwerking: Jurie Fourie * Psalm 23 * John Peel - Trad. Arrangement: Jurie Fourie * (a) Edelweiss - Rodgers and Hammerstein Arrangement: Jurie Fourie Orchestration: P. Fourie (b) Sound of music - Rodgers and Hammerstein * Aloa-oe (Farewell to thee) - Queen Liliuokalani Verwerking: Jurie Fourie (Plaatomslag: 1964)

verdere prominensie aan die kooraktiwiteit verleen het.

Nadat mnr. Fourie in 1968 afgetree het, het daar 'n tydperk gevolg waar verskeie persone soos onder andere Marion Key, Koekie Ras en Gerhard Jooste in korter tydperke die koorafrigting behartig het. Van die genoemde persone was veral Marion Key, 'n oud-leerling van P. J. Lemmer, 'n dinamiese koorleier. *Sy het as koorleier oor 'n magnetisme beskik en ook 'n wonderlike klankkwaliteit met die seuns bereik. Vanweë haar sangopleidingagtergrond*[1] *het sy besondere aandag aan die koor se klankproduksie verleen. Sy het dikwels tydens repetisies vir die koorlede gesê: "Sing in the mask."* (Verster, 1993:onderhoud)

Mev. Ansphi Venter is sedert 1983 vir die koorleiding verantwoordelik.

### 3.5.2 Die kooraktiwiteit onder leiding van Ansphi Venter

Ansphi Venter het haar tersiêre onderrig in Potchefstroom ontvang en 'n klasmusiekkursus onder leiding van prof. Pieter de Villiers het haar van die basiese inligting van koorafrigting voorsien.

Met haar aanstelling aan die Hoërskool Grey-Kollege het sy aanvanklik 'n antipatie van leerlinge jeens die kooraktiwiteit ervaar. Sy het haar egter daarvoor beywer dat aan koorlede erekleure toegeken moes word en sedert die instelling daarvan het 'n ongekende belangstelling in die kooraktiwiteit posgevat.

1 Marion Key (née Tahan) het ook UVLM en UOLM in sang onder leiding van prof. Roode behaal. Sy was assistent van prof. Roode en met die totstandkoming van die musiekdepartement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was sy ook tydelik as sang- en klavierdosent aangestel. (Cromhout, 1994:366, 367)

Die besondere bydrae van die begeleier, mnr. Francois Rautenbach, tot die kooraktiwiteit aan die skool oor 'n tydperk van dertig jaar kan nie gering geag word nie.

Die volgende inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

□ Die ledetal van die koor was aanvanklik 80, maar die afgelope aantal jare word dit tot 65 beperk.

□ Repetisies vind twee keer per week plaas. Die totale repetisietyd beloop drie uur per week.

□ Stemoefeninge word nie as 'n noodsaaklike deel van 'n repetisie beskou nie.

□ Ongeveer 20 koorwerke (hoofsaaklik driestemmige werke) word in die loop van een jaar aangeleer, waarvan 10 gewyde en 10 sekulêre werke is.

□ Die koor tree gereeld tydens eredienste, kunswedstryde, die koorfeeste van Grey-Kollege, Voortrekker Hoërskool (Bethlehem), Kroonstad Koorfees en die Mannekoorfees van Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria op. Deelname aan koorkompetisies geskied op gereelde basis en die deelname aan die Roodepoortse Eisteddfod word as 'n hoogtepunt van die koor uitgesonder.

□ In 1992 het die koor met die ATKB-koorkompetisie 'n Goue Toekenning in die afdeling vir meer ervare seunskore verower. In dieselfde jaar het die koor ook aan die Nasionale Galafees van die ATKB in die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein deelgeneem. Die koor het in 1993 die Vrystaattrofee in die afdeling vir seunskore ingepalm. (Venter, 1994:onderhoud)

'n Besondere verdienstelike bydrae van die Hoërskool Grey-Kollege is die inisiëring van die Grey-Kollege Koorfees. Die aanvanklike gedagte het by dr. Migo Heyns, voormalige skoolhoof, ontstaan. (Venter, 1994:onderhoud)

Die koorfees het in 1982 vir die eerste keer plaasgevind en mnr. Gerhard Jooste was vir die organisering daarvan verantwoordelik. Slegs vier kore het met die eerste koorfees in die Eeufeessaal by Grey-Kollege opgetree, te wete: die skoolkoor van Grey-Kollege Hoër- en Laerskool, die skoolkoor van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje en die koor van Sentraal Hoërskool. Die belangrikheid van dié koorfees het intussen in so 'n mate toegeneem dat die koorfees nou oor twee aande strek waaraan ongeveer 22 skoolkore deelneem.

Daar word selfs op nasionale vlak van die koorfees kennis geneem aangesien kore uit ander provinsies uitgenooi word om daaraan deel te neem.

## 3.6 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein

### 3.6.1 Historiese perspektief

Die Hoërskool Sand du Plessis (vernoem na die voormalige administrateur van die Oranje-Vrystaat, mnr. Sand du Plessis) is een van die jongste skole in die stad en kan derhalwe in terme van jare nie met die koortradisies van ander skole in die provinsie vergelyk word nie. Die hoërskool het eers in die begin van die sewentigerjare sy beslag gekry[1]. Aan die begin van die tagtigerjare het die skool gegroei tot een van die grootste skole (1200 leerlinge) in die Oranje-Vrystaat. Die skool is geleë in 'n suidelike woonbuurt van Bloemfontein en die voedingsbron van leerlinge is die woonbuurtes Wilgehof, Genl. De Wet, Hospitaalpark en Fichardtpark. Met

1 *Op 24 Julie 1973 het die kinders na die nuwe skool oorgetrek. Die eerste matriekklas het in Desember 1970 eksamen afgelê.* (Dippenaar, 1993:1,2)

die groot uitbreiding in die suidelike woonbuurtes het die Departement van Onderwys voorsien dat die Hoërskool Sand du Plessis (hierna Sand du Plessis genoem) nie in die behoefte sou kon voorsien nie. (Rall, 1994:telefoniese gesprek) 'n Tweede hoërskool, te wete Fichardtpark Hoërskool is gestig en sodoende is 'n belangrike voedingsbron, veral wat die koor betref, afgesny. Die groot uitbreiding wat aan die suidekant van Bloemfontein voorsien is, het toe nie gerealiseer nie en tans beskik beide skole oor ongeveer 800 leerlinge.

### 3.6.2 Die ontstaan van die kooraktiwiteit

Die kooraktiwiteit by Sand du Plessis was voor 1985 tot die byeenbring van geleentheidskore beperk. Mev. Ria van Wyk was vir die klasmusiek aan die skool verantwoordelik en sy het oor 'n uitsonderlike vermoë beskik om die hele skool se leerlinge heerlik te kon laat saamsing. (Fouche, 1994:onderhoud) Gedurende dié tydperk (voor 1985) was die skool wat musiekaktiwiteite betref, hoofsaaklik vir die opvoer van revues bekend. Die revues was gewoonlik 'n klinkende sukses en uitvoerings was so gewild dat dit oor een week gestrek het. *As gevolg van die sukses van die revues was die stigting van 'n koor nie vir die skoolhoof 'n prioriteit nie.* (Klopper, 1994:telefoniese gesprek) Mev. van Wyk het egter daarin geslaag om met haar entoesiasme en oorredingsvermoë in 1983 'n geleentheidskoor op die been te bring. Dieselfde koor het in Mei 1983 op die kunswedstryd gesing en 'n B-simbool verower. In die derde kwartaal het die koor ook aan die Grey-Kollege Koorfees deelgeneem. 'n Gunstige resensie[1] na aanleiding van

---

1 *Die matriekkoor van die Hoërskool Sand du Plessis, bestaande uit 107 van die 140 matrieks in die skool, onder leiding van mev. Ria van Wyk en mej. Trix van Wyk as begeleidster, het 'n groot verskeidenheid aangebied. Afsonderlik en gesamentlik het die seuns en die dogters 'n mooi klank laat hoor. Miskien kon die Maleierliedjie "Tsotsi Boy" met meer oorgawe, meer Kaaps gesing gewees het.* (*Die Volksblad*, 1983:datum van knipsel afgesny )

die optrede is 'n bewys van mev. Van Wyk se besondere ondernemingsvermoë. Repetisies het volgens 'n oud-koorlid hoofsaaklik tydens skoolure (pouses) plaasgevind. (Venter, 1994:onderhoud) Mev. Ria van Wyk het die skool aan die einde van 1983 verlaat. Sy is deur mev. Jackie Bouwer opgevolg. Tydens haar dienstydperk was daar geen voortsetting van die kooraktiwiteit nie.

### 3.6.3 *Trix Klopper* (neé van Wyk) en die kooraktiwiteit

Mej. Trix van Wyk het aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat studeer waar sy die B. Mus.- en B. Mus. Honneurs-graad verwerf het. Tydens haar studiejare was sy 'n lid van die Vrystaatse Universiteitskoor onder leiding van dr. Erns Conradie. Vanselfsprekend het die ondervinding in die universiteitskoor haar 'n liefde vir koorsang gegee en sy het 'n behoefte gehad om dit in die praktyk toe te pas.

In 1983 het Trix van Wyk 'n dogterskoor aan die skool gestig. In dieselfde jaar het die koor aan die kunswedstryd deelgeneem en 'n A-simbool verower: *Met die sukses op die kunswedstryd het die destydse skoolhoof, dr. J. F. Stemmet, die waarde van 'n goeie koor by sy skool besef en dit was eintlik die begin van die bou aan 'n koortradisie.* (Klopper, 1994:telefoniese gesprek)

#### 3.6.3.1 Samevatting

Dit blyk dat daar sedert die skool se stigting tot 1985 slegs een jaar 'n poging was om 'n koor te stig. In 1983 is 'n geleentheidsmatriekkoor en 'n dogterskoor gestig om hoofsaaklik op die kunswedstryd te sing. Die skoolrevue waaraan al die kinders in die skool deelgeneem het, het baie jare

die musiektoneel aan die skool oorheers. As gevolg hiervan was daar nie 'n besondere behoefte aan die ontstaan van 'n kooraktiwiteit nie.

### 3.6.4 *Corné van Pletzen* **en die kooraktiwiteit**

Corné van Pletzen was voorheen 'n jaar en ses maande aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog verbonde (1982 tot Julie 1983), waar hy vir die koorleiding verantwoordelik was. Terwyl hy in die eerste ses maande van 1985 nog diensplig verrig het, het hy met die samestelling van 'n koor begin. Aangesien daar geen koortradisie by Sand du Plessis was nie, was dit baie moeilik om 'n kooraktiwiteit aan die skool te vestig, aangesien die koorlede met vierstemmige koorsang onbekend was. Die kinders wat hy vir die koor gekeur het, het nie eens geweet wat is soprane, alte, tenore en basse nie.

Na 'n baie kort tydperk van repetisies het die koor in Mei 1985 aan die kunswedstryd deelgeneem. Die beoordelaar, mnr. Pieter van der Westhuizen het 'n besonder gunstige kommentaar[1] na aanleiding van die optrede gegee. Die aanvanklike sukses het baie vir die koor beteken, aangesien die skoolhoof, koorlede en ouers se belangstelling in die kooraktiwiteit geprikkel was. In die daaropvolgende jaar (1986) het die koor aan die ATKB-koorkompetisie deelgeneem en die Vrystaatuitdun bo die gunsteling, te wete Sentraal Hoërskool, gewen. 'n Koortoer het hierna na Stellenbosch gevolg en in die Nasionale ATKB-kompetisie is 'n derde plek aan die koor toegeken. Die sukses van die deelname aan die kompetisie en die koortoer het die weg vir 'n baie lewendige kooraktiwiteit aan die skool gebaan.

1 *Die koor het baie goeie begrip van 'n mooi swewende en aangename koorklank. Pragtige vertolking. Baie hartlik geluk aan koorleier, begeleier en koorlede - A+.* (Beoordelaarsverslag, 6 Mei 1985:kunswedstryd)

Die volgende relevante inligting aangaande die skoolkooraktiwiteit verdien vermelding:

* Al die leerlinge in die skool word gedurende die klasmusiekperiodes met die oog op die koorsamestelling aan 'n oudisie onderwerp. Daar word nie van 'n ingewikkelde, uitgebreide sisteem van toetsing gebruik gemaak nie, aangesien die koorleier van mening is dat stemme in die koor deur middel van stembou behoort te ontwikkel. Die belangrike voorvereistes is egter dat die leerlinge toonvas moet wees en dat hy/sy gewillig sal wees om aan die kooraktiwiteit deel te neem. Die oudisiemetode wat gevolg word, is soos volg:

* Die hele klas (100 kinders per geleentheid) sing 'n lied onbegeleid saam, gewoonlik Gesang 5 in die Afrikaanse Koraalboek van 1978 (*Kom dank nou almal God*). Die koorleier stap tussen die verskillende rye deur en 'n siftingsproses van kinders wat toonvas en nie-toonvas is, vind plaas. Al die toonvaste leerlinge word dan individueel getoets.

* Leerlinge sing weer Gesang 5, of enige ander lied van hul keuse.
* Die sing van op- en afgaande toonlere word gebruik om verdere toonvastheid en stemomvang te bepaal.

Aangesien daar talle personeellede van die skool is wat in die Vrystaatse Jeugkoor óf Universiteitskoor gesing het, het die idee om 'n personeelkoor te stig as't ware spontaan ontstaan. Op die kunswedstryd van 1987 het die koor 'n toonsetting van Psalm 150 deur Heinrich Schütz gesing. Die personeelkoor het daarmee 'n A+-simbool verower en die beoordelaar, Hennie Loock, het die koor as die hoogtepunt van die kunswedstryd

uitgesonder. Die personeelkoor, wat later uitsluitlik 'n mannekoor geword het, het ook in kerke tydens verskeie eredienste opgetree.

Die beste leerlinge in die skoolkoor word ook gekeur om in 'n kamerkoor te sing. Nog 'n koor, die dogterskoor, sing gereeld op kunswedstryde, koorfeeste en eredienste. In 1993 het die dogterskoor in die kompetisie om die Vrystaattrofee gesing en besonder gunstige kritiek[1] ontvang.

Die koor/kore tree dikwels op, waaronder by die volgende geleenthede:

□ ATKB-koorkompetisie. Die koor het in die ATKB- koorkompetisies van 1986, 1988, 1992 en 1994 deelgeneem. In 1986, 1988 en in 1992 is die koor na die Galakonsert van die Nasionale APPLOUS (ATKB-koorkompetisie) genooi. 'n Hoogtepunt wat die kompetisie betref, was die een van 1988 toe die koor as die beste hoërskoolkoor in die land aangewys is. In 1992 en in 1994 (met die nuwe APPLOUS) is 'n Goue Toekenning aan die koor in die gevorderde kategorie vir gemengde kore gemaak.

□ Die Vrystaattrofee: Die koor neem sedert die ontstaan van die kompetisie hieraan deel (1987, 1989, 1991, 1993). In 1991 en 1993 het die koor die afdeling vir gemengde kore gewen.

□ Venster op die Vrystaatse Onderwys: In 1988 was Sand du Plessis se koor een van vier kore wat uitgenooi was om aan 'n prestige-geleentheid in die Sand du Plessis teater deel te neem. Die koor het 'n afsonderlike program gelewer en ook in die massakoor gesing.

□ Herinwyding van die gerestoureerde Tweetoringkerk: In 1985 is Sand du

---

1 *Wat 'n voorreg om na sulke pragtige, afgeronde sang te kon luister. Die koor het veral 'n baie besonderse klankkwaliteit. Alles waarna 'n mens soek, was in die sang van die koor. Wat meer kan 'n mens vra?* (Beoordelaarsverslag, 1993:Vrystaattrofee-koorkompetisie)

Plessis se skoolkoor die enigste skoolkoor wat genooi was om tydens die inwydingsgeleentheid te sing.

☐ Kunswedstryde: Die koor het met groot sukses deelgeneem aan die kunswedstryde van 1985, 1987, 1989, 1991 en 1993.

☐ Prestige-kultuuraand: Die koor/kore hou jaarliks 'n konsert wat hoofsaaklik uit 'n kooruitvoering bestaan. Die gemengde koor, kamerkoor, dogterskoor en personeelkoor tree gewoonlik by dié geleentheid op.

☐ Kerkmusiekuitvoering[1]: Die koor hou 'n eie koorsangdiens. In 1992 is daar in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Universitas 'n kerkmusiekuitvoering aangebied.

### 3.6.4.1 Samevatting

As een van die jongste hoërskole in Bloemfontein het die Hoërskool Sand du Plessis onder leiding van Corné van Pletzen in 'n relatiewe kort tydperk (sedert 1985) 'n koortradisie gevestig. (Voorheen is daar slegs revues by die skool aangebied.) Nuwe, uitdagende repertoriumkeuses is kenmerkend van die koor se optredes. Die koor het veral in kompetisies uitsonderlik presteer en die geleentheid in 1988 toe die koor in die landswye ATKB-koorkompetisie as die beste skoolkoor in die land aangewys is, was beslis die hoogtepunt.

---

1 Program:

***Voorspel Gesang 314 * Koraalvoorspel: Liebster Jesu wir sind hier - J. S. Bach * Tokkate in d-min - J. S. Bach * Uit: Kleine Orgelsolomesse - J. Haydn Kyrie Agnus Dei * Uit Messe Basse femme - G. Fauré -Benedictus -Agnus Dei * Wachet Auf ruft uns die stimme - J. S. Bach * Koraalvoorspel: Ein Fest Burg - M. Reger * Christus het opgestaan - E12 * Jesus groot bo almal - verwerk Danie Hyman * Want so lief het God die wêreld gehad - Palestrina * Verbly jul in die Here - verwerk C. van Pletzen * Gloria - A Vivaldi * Prelude in G Maj - J. S. Bach * Gesang 62 (Almal) * Sing tot die Heer - E. L. Diemer * Heer U's my Herder -S. le Roux Marais* Guide me - J. Hughes * Himne - R. Temmingh**

(Program, 1992:Kerkmusiekuitvoering)



**Die koor van die Hoërskool Sand du Plessis onder leiding van Corné van Pletzen.**

## 3.7 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Fichardtpark, Bloemfontein

### 3.7.1 Inleiding

Die Primêre Skool Fichardtpark is een van die jonger skole in Bloemfontein en is in 1977 na die behoefte van die inwoners van die betrokke woonbuurt gestig. Die skool open met 'n leerlingtal van 171, maar in 1984 het dit reeds tot 1030 aangegroei. Dit word 'n skool wat op alle gebiede presteer. (Venter, 1994:onderhoud)

### 3.7.2 *Valerie Venter*

Valerie Venter het in 1972 die Onderwyslisensiaat aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi. In 1983 het sy haar verder bekwaam en is die Onderwyslisensiaat in Skoolmusiek deur UNISA aan haar toegeken. Met toegewyde studie behaal sy ook die B. Mus.-graad aan UNISA (1991), die Hoër Onderwysdiploma aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1992) en die B. Mus. Honneursgraad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1993). (Venter, 1994:onderhoud)

In 1975 word sy aangestel aan die Primêre Skool Koot Niemann in Bloemfontein. Na 'n jaar aanvaar sy 'n betrekking aan die Primêre Skool Universitas in Bloemfontein, waar sy spoedig 'n orkes en koor op die been bring. Twee jaar later is met haar inisiatief en onder haar leiding die operette *Gelukkige Asjas* op die planke gebring. (Venter, 1993:onderhoud)

In 1979 aanvaar mev. Venter 'n betrekking aan die Primêre Skool Fichardtpark, met verantwoordelikheid vir klasmusiekonderrig asook koor-

en orkesafrigting. Die skool beskik huidig oor 'n leerlingtal van ongeveer 700. (Venter, 1994:onderhoud) As gevolg van Valerie Venter se insentiewe het die koor-, orkes- en sinvolle klasmusiekaktiwiteite heelwat prominensie aan die skool verleen.

### 3.7.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Valerie Venter

Die kooraktiwiteit by die Primêre Skool Fichardtpark het in so 'n mate tot 'n prestige-aktiwiteit ontwikkel dat die skool tans met twee kore ('n junior- en 'n seniorkoor) spog, wat elk aktief en outonoom funksioneer. Alhoewel die juniorkoor as voedingsbron vir die seniorkoor dien, het eersgenoemde selfstandig ontwikkel en in 1987 selfs aan die Nasionale ATKB-koorkompetisie vir laerskole deelgeneem.

Die seniorkoor bestaan uit ongeveer tagtig lede, wat ná keuring saamgestel word. Repetisies vind twee keer per week plaas en die gesamentlike repetisietyd beloop twee en 'n half uur per week. (Venter, 1993: onderhoud)

Twee- en driestemmige liedere maak gewoonlik deel uit van die repertoriumkeuses. *Vir die ATKB-koorkompetisie word hoofsaaklik meer gevorderde driestemmige literatuur aangeleer. Een- of vierstemmige liedere kom nie in die repertoriumsamestelling in aanmerking nie, aangesien die onderskeie stemgroepe in die geval van vierstemmige werke te veel uitgedun word.* (Venter, 1994:onderhoud) Met die instudering van 'n nuwe repertorium is die begeleier, mev. Rehanna Smit, 'n groot onderskraging. *Sy aanvaar verantwoordelikhheid vir die instudeer van een stemgroep en is reeds in 'n vroeë stadium van instudering besonder bedag op intonasieprobleme.* (Venter, 1993:onderhoud) Die onderskeie

stemgroepe oefen 'n geruime tyd afsonderlik, om sodoende die nuwe repertorium goed onder die knie te kry alvorens die verskillende stempartye saamgevoeg word. Valerie Venter is in die besondere bevoorregte situasie dat 'n groot persentasie van die koorlede musieknotasie kan lees wat ongetwyfeld voordelig is vir die aanleer van nuwe repertoria. (Venter, 1994:onderhoud)

Stem- en asemhalingsoefeninge word as 'n onontbeerlike deel van 'n kooroefening beskou en ongeveer 15 minute van 'n kooroefening word daaraan afgestaan. *Indien ek 'n stemoefening "ontwerp" wat as gevolg van 'n tegniese probleem in 'n sekere werk voorkom, neem die stemoefeninge selfs 'n langer tyd in beslag.* (Venter, 1994:onderhoud)

Besondere aandag word aan die korrekte klankproduksie gegee. Valerie Venter is van mening dat elke koor 'n unieke klank het, ten spyte van die feit dat die koorlede jaarliks wissel. 'n *Vol ronde klank met baie resonansie* word as uitgangspunt in die klankproduksie beskou, terwyl baie aandag aan die projeksie en uniforme vokaalvorming gegee word. (Venter, 1993:onderhoud)

### 3.7.2.1.1 Optredes

□ Eredienste: Die koor sing dikwels tydens eredienste.

□ Kunswedstryde: Deelname aan kunswedstryde vind op 'n gereelde grondslag plaas. *Dit vind in dieselfde jaar as die ATKB-koorkompetisie vir laerskole plaas en bied die geleentheid om op kritiek te verbeter.* (Venter, 1993:onderhoud)

□ ATKB-koorkompetisie vir laerskole: Die koor neem telkens aan dié kompetisie vir laerskole deel. In 1987 het die Junior- en Seniorkoor die

provinsiale kompetisie gewen en in die nasionale kompetisie in Pretoria meegeding. 'n Derde en vierde plek is onderskeidelik verower. In 1989 het die koor in die provinsiale kompetisie 'n tweede plek verower en in 1991[1] en 1993 is die ATKB Cum Laude-toekenning aan die koor gemaak.

□ Republiekfeesvieringe: Vir die geleentheid word alle leerlinge in die skool betrek en vaderlandsliedere word tydens klasmusiekperiodes aangeleer. Die koor lewer gewoonlik individuele items.

□ Kersspel[2]: Die konsep van die Kersspel is op die lees van die Republiekfees-opvoering geskoei. Beide kore en orkes speel 'n prominente rol in die opvoering. 'n Beperkte aantal kore is in die verlede uitgenooi om aan die geleentheid deel te neem.

□ Willem Postma-, Odensia- en Grey-Kollege koorfeeste: Aangesien die koor een van die bekendste en gesogste laerskoolkore in die Oranje-Vrystaat is, ontvang die koor gereeld uitnodigings om op bovermelde koorfeeste op te tree.

---

1 Resensie: **Kore se peil besonder hoog**
*Die koor van die Laerskool Fichardtpark, Bloemfontein, is ook met 'n Cum Laude gekroon* (sic). *Die koor se keuse was die vermaaklikste. Dit is werklik 'n goeie koor met opwindende energie, oorgawe en oortuiging* (*Die Oosterlig*, 1991).

2 **Verstommende Skouspel**
*'n Verstommende skouspel, as jy daaraan dink dat, benewens die essensiële rol wat die verskuilde voorleser gespeel het, 327 kinders uit een skool - koorlede 130, orkesspelers 60 en die res kleurryke figurante - almal gelyk op die verhoog was in die finale tablo van "Hy is wonderbaar" die stuk wat die hele tweede helfte van die program gevul het. Dit is onmoontlik om die lang lys onontbeerlike personeel-helpers se name te noem wat vir die tablo, kostuums, die begeleiding en die siklorama-ontwerp ingestaan het ... Nietemin was die spil om wie alles gedraai het Fichardtpark se sangleerkrag, Valerie Venter, afrigter/dirigent van die kore èn orkes wat haar weer soos in die verlede bewys het as 'n hoogs kundige persoon sover die afronding, die verkryging van suiwer intonasie en voorbeeldige dissipline by albei groepe betref. Indrukwekkend was die wyse waarop sy dit regkry om groot groepe met oënskynlike gemak te hanteer in so 'n mate dat jy nooit die indruk van 'n lompe, logge groep gekry het nie. Bloemfontein is voorwaar bevoorreg om mense van haar kaliber beskikbaar te hê om ons mooi skolemusiektradisie in ere te hou ...* (De Villiers, *Die Volksblad*: datum van knipsel afgesny - in besit van Valerie Venter)

### 3.7.3 Samevatting

Valerie Venter het sedert diensaanvaarding by die Primêre Skool Fichardtpark die skoolorkes en beide kore gestig en die standaard deurgaans so verbeter dat die seniorkoor landswye erkenning geniet. Benewens hierdie veeleisende taak, verrig sy op klasmusiekgebied uitmuntende werk. Haar inisiatief met die Kersspel wat jaarliks deur die skool aangebied word en wye erkenning geniet, stel standaarde wat nouliks geëwenaar kan word.

## 3.8 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Universitas, Bloemfontein

### 3.8.1 Inleiding

Die geskiedenis van die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Universitas is een van die voorbeelde waar 'n koor wat 'n sekere tyd een van die bekendste in die provinsie was, by die wisseling van die koorleierskap agteruit gegaan het[1].

### 3.8.2 *Elsa Viljoen*

Mev. Elsa Viljoen het haar onderwysopleiding aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege gehad, met skoolmusiek as 'n spesialiteitsrigting. Sy begin haar onderwysloopbaan op Ficksburg en is ook later werksaam by

1 Die tendens, wat ook in ander gevalle in die provinsie voorkom, bevestig die standpunt dat die koorleier die stimulus tot 'n prominente kooraktiwiteit is en moet wees.

skole in Dewetsdorp, Alberton, Pretoria en Bloemfontein, waar sy telkens hoofsaaklik vir klavieronderrig en klasmusiek verantwoordelik was. Sedert 1980 is sy aan die Primêre Skool Universitas verbonde.

**3.8.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Elsa Viljoen**

Elsa Viljoen was aanvanklik (1980-1984) aan die Primêre Skool Universitas vir klavieronderrig en die afrigting van die kindertuinkoor (wat uit sub A-, B- en standerd 1-leerlinge bestaan het) verantwoordelik. Twee uurlange repetisies per week is gehou. Naas die kindertuinkoor het daar ook 'n juniorkoor (standerd 2- en 3- leerlinge) en 'n seniorkoor (standerd 4 en 5 leerlinge) bestaan.

**3.8.2.2 Seniorkoor**

Elsa Viljoen was vanaf 1985 tot 1989 vir die afrigting van die seniorkoor verantwoordelik. *Ek het begin om die kinders baie streng vir die koor te keur, aangesien my koor heelwat kleiner as dié van my voorganger was. Intonasie was vir my 'n baie belangrike aspek in die keurproses. Kinders wat nie 100% geïntoneer het nie, het ek nie in die koor toegelaat nie. Kandidate moes gedurende die keuring onbegeleid sing en as gevolg daarvan het ek 'n goeie siftingsproses gehad.* (Viljoen, 1993:onderhoud)

Die volgende relevante inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

- Koorrepetisies het een keer per week (vir een en 'n half uur) in die namiddag, en twee keer gedurende saalperiodes plaasgevind.
- Dat ongeveer 'n halfuur van die repetisietyd in die namiddag aan stemoefeninge afgestaan was, is 'n aanduiding van die waarde wat hieraan geheg is. *Ek het baie van die stemoefeninge wat ek by prof. Petru Gräbe,*

*mnr. Hennie Loock en tydens koorwerkswinkels geleer het, gebruik. Om die kinders se aandag te behou, het ek selde dieselfde oefeninge herhaal, maar met onbekendes afgewissel.* (Viljoen, 1993:onderhoud)

☐ Die koorrepertorium het oorwegend uit driestemmige (soms vierstemmige) literatuur bestaan. Die onderskeie stempartye is afsonderlik aangeleer en vir 'n aansienlike tydperk *apart* gehou voordat dit saamgevoeg is. (Viljoen, 1993:onderhoud)

☐ Korrekte klankproduksie was altyd 'n belangrike oorweging in die afrigting van die koor. *Ek het dikwels (telefonies) met Hennie Loock oor klankproduksie gesels en ek het baie van hom geleer. Die belangrikste beginsel was dat 'n laerskoolkoor met 'n helder klank moet projekteer en nooit die klank moet forseer nie.* (Viljoen, 1993:onderhoud)

☐ Die koor het dikwels tydens die volgende geleenthede opgetree:

* Eredienste en Kerssangdienste.
* Koorfeeste (Willem Postma, Grey-Kollege, Odensia, Ficksburg, en Fichardtpark se Kersspel).
* Kunswedstryde.
* ATKB-koorkompetisie: In 1989 is die koor as wenner in die Vrystaatuitdun[1] aangewys en in die Nasionale ATKB-koorkompetisie is 'n tweede plek aan die koor toegeken.

---

1 **ATKB-kompetisie vir laerskoolkore**

*Die koor van die Primêre Skool Universitas is eenstemmig met persentasies 89, 89 en 87 deur die verskillende beoordelaars tot wenner aangewys. Die volgende opvallende kwaliteite is deur die beoordelaarspaneel by hierdie koor waargeneem: ☐ hoofsaaklik driestemmige SSA-verwerkings deur Suid-Afrikaanse musici is met goeie smaak, musikaliteit en inlewing aangebied; ☐ dinamiese kontraste en tempokeuses was geslaagd; ☐ hoewel die koor nie foutloos gesing het nie, was intonasie gewoonlik suiwer; ☐ goed geproduseerde en meesal eenvormige koortoon is verkry; ☐ uitspraak en diksie was goed versorg; ☐ algemene koordissipline en voorkoms was voortreflik. Huibrie Verster - Hoofbeoordelaar* (Beoordelaarsverslag, 1989:ATKB-koorkompetisie)

* Talle skoolfunksies.

### 3.8.2.3 Samevatting

Onder leiding van mev. Elsa Viljoen het die seniorkoor van Universitas Primêre Skool 'n uitsonderlike standaard gehandhaaf. Haar moeite en aandag aan koorkeuring, stemoefeninge, klankproduksie, geskikte nuwe en uitdagende repertorium is beloon met die ATKB-koorkompetisie in 1989 toe die koor as die tweede beste laerskoolkoor in Suid-Afrika aangewys is.

## 3.9 Die kooraktiwiteit aan die Laerskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein

### 3.9.1 Inleiding

Die Laerskool J. B. M. Hertzog is in die middel van die vyftigerjare gestig. Tot en met 1973 het die laer- en hoërskool saam op een terrein gefunksioneer en die gesamentlike leerlingtal (ongeveer 1 200) het dit aan die begin van die sewentigerjare een van die grootste skole in die Oranje-Vrystaat gemaak.

In 1974 het die laerskool afgestig van die hoërskool en 'n nuwe gebouekompleks is betrek.

Die kooraktiwiteit was besonder aktief sedert die ontstaan van die skool in die middel-vyftigerjare. Onder leiding van mev. Elsabé Aucamp het die koor (in samewerking met die hoërskoolkoor) 'n plaatopname gemaak. In 1972 het die koor 'n baie suksesvolle opvoering van die operette *Vrolike Feesdae* (Ela Spence) in die Bloemfonteinse Stadskouburg aangebied.

Mev. Aucamp het aan die einde van 1971 bedank en sy is deur mev. Leona Geldenhuys opgevolg. Mev. Geldenhuys het die koortradisie aan die skool voortgesit en in 'n kort tydsbestek lofwaardige werk met die koor gedoen. In die tweede helfte van 1973 is sy na die hoërskool oorgeplaas.

Mev. Marietjie Viviers is in 1974 in die pos aangestel en was tot 1990 vir die koorleiding verantwoordelik.

### 3.9.2 *Marietjie Viviers* (neé van der Merwe)

Mev. Marietjie Viviers het haar skoolopleiding aan die Afrikaanse Hoërskool op Kroonstad ontvang. Gedurende dié jare was sy 'n lid van die Vrystaatse Jeugkoor onder leiding van mnre. Dirkie de Villiers en Tersteegen van Huyssteen. Sy bekwaam haar as onderwyseres aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege, waar sy 'n lid van die bekende dameskoor onder leiding van mej. Norah Havenga was. Marietjie Viviers verwerf die Onderwysersdiploma met Afrikaans en Klasmusiek as hoofvakke en in 1972 aanvaar sy 'n betrekking op Parys in die Oranje-Vrystaat.

Die ondervinding in sangopleiding wat sy onder leiding van mev. Grace Butler en mej. Margaret van der Post ontvang het, sou vir haar taak as koorleier 'n besondere bate wees. (Viviers, 1993:onderhoud) In 1974 word sy aan die Laerskool J. B. M. Hertzog in Bloemfontein aangestel, waar sy werk van 'n besondere verdienstelike standaard tot in 1990 gedoen het. In 1991 is sy deur mev. Surita Swanepoel opgevolg.

### 3.9.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Marietjie Viviers

Die koor het uit ongeveer sestig leerlinge bestaan en repetisies het een keer per week in die namiddag plaasgevind. Daar was gedurende skoolure 'n periode wat aan die koor toegesê was, en indien die koor aan kunswedstryde deelgeneem het, het addisionele repetisies voor skool plaasgevind. (Viviers, 1993:onderhoud)

Aanvanklik het die koor vir 'n geruime tyd slegs eenstemmige liedere gesing, maar met die verloop van tyd is twee- en driestemmige liedere in die repertorium ingesluit. *A capella*-werke het ook gaandeweg in die repertorium- samestelling voorkeur verkry. *Die kinderkoorklank het vir my altyd in a capella-werke tot sy reg gekom. Aangesien die klavier 'n perkussie-instrument is, het ek ondervind dat dit nooit vleiend vir die stem is nie.* (Viviers, 1993:onderhoud) Marietjie Viviers het gereeld koorkursusse bygewoon en as gevolg van die invloed van lesings het sy besondere aandag aan stemoefeninge en klankproduksie[1] gegee. Die handhawing van goeie dissipline was vir Marietjie Viviers baie belangrik.

Die koor het onder andere tydens die volgende geleenthede opgetree:

- Operette: Met die skool se inwyding is die operette *Gelukkige Asjas* (deur Dafne de Klerk) opgevoer.
- Kunswedstryde: Die koor het gereeld tydens kunswedstryde opgetree en

---

1 *Ek het altyd gewaak teen 'n yl, "wit" klank. My uitgangspunt betreffende klankproduksie was dat 'n ronde, vol klank met baie resonansie bereik moes word. 'n Geforseerde klankproduksie was ook vir my onaanvaarbaar en ek het dit ten alle koste vermy. Dit was vir my ook belangrik dat die koor nie soos 'n gewone laerskoolkoor moes klink nie. Kore wat in hierdie sin vir my as 'n verwysingsraamwerk gedien het, was dié van Fichardtpark Laerskool onder leiding van Valerie Venter, Universitas Primêre Skool onder leiding van Elsa Viljoen en Hennenman Primêre Skool onder leiding van Hettie Bothma.* (Viviers, 1993:onderhoud)

goeie prestasies is behaal[1].

□ Eredienste: Die koor het dikwels tydens eredienste opgetree. Die kerssangdiens in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Hugenoot was jaarliks 'n belangrike geleentheid. Die uitnodiging om in 1978 tydens die oorhandiging van die nuwe Psalm- en Gesangboek aan die Staatspresident (in die N. G. Gemeente Universitas) te kon optree, is sprekend van die koor se standaard. Korrespondensie[2] na aanleiding van die geleentheid bevestig die hoë standaard wat gehandhaaf is.

□ Met die bekendstelling van die nuwe Psalm- en Gesangboek het die koor prof. Gawie Cillié gereeld vergesel om die nuwe liedere vir die gemeentes aan te leer. *Tydens een van die geleenthede het die SAUK TV-opnames gemaak en die opname op 'n joernaalprogram gebeeldsend.* (Viviers, 1993: onderhoud)

□ Koorfeeste: Die koor het gereeld aan die Grey-Kollege-, Willem Postma-asook die Ficksburg-koorfeeste deelgeneem. J. B. M. Hertzog was ook jaarliks een van die kore wat uitgenooi was om aan Fichardtpark Primêre Skool se Kersspel in die Sand du Plessis-teater deel te neem.

□ SAUK-koorkompetisie: Die koor het in 1979 aan die SAUK-koorkompetisie deelgeneem.

---

1 Kunswedstrydoptrede: **Die Bremenmusikante - Armand Preud Homme**
*Ritmies baie sprankelend en met meelewing gesing. Dame u skep 'n baie genotvolle sangatmosfeer - die kinders ervaar dit - ek kan dit op hulle gesigte sien. Die artikulasie, uitspraak, frasering was 'n musikale belewenis. Geluk! Julle kan dit ver bring. Hou so aan! A+ Awie van Wyk* (Beoordelaarsverslag, 1978:Kunswedstryd)

2 *Geagte mej van der Merwe*
*Namens die eredienskommissie van die N. G. Kerk in die O. V. S. wil ek graag my waardering uitspreek vir die deelname van u koor aan die verrigtinge verlede Sondagaand tydens die oorhandiging van die nuwe Gesangboek aan die Staatspresident en die verskillende kerke. Die koor het 'n besonder voortreflike bydrae gelewer en daar was allerweë lof vir die pragtige sang van die kinderkoor. Dit getuig opnuut van u toegewyde en uiters bekwame afrigting. Wees verseker dat u werk baie hoog waardeer word.*
(1978:korrespondensie)

### 3.9.3 *Surita Swanepoel*

Mev. Surita Swanepoel het aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat studeer, waar sy die B. A. Ed. (Musiek)-graad met Sang en Sielkunde as hoofvakke verwerf het. Sy ontvang sedert standerd 9 sangonderrig van mej. Margaret van der Post, wat meebring dat sy met haar diensaanvaarding in 1991 reeds ses jaar sangonderrig gehad het. *Wat die koorleiding betref, het my sangagtergrond my met klankproduksie en stemoefeninge gehelp. Dit is egter nie voldoende nie en ek ondervind 'n behoefte om gespesialiseerde kooropleiding te kan hê.* (Swanepoel, 1994:onderhoud)

Alhoewel Surita Swanepoel vanaf 1990 aan die skool verbonde is, het sy eers twee jaar later die koorleiding oorgeneem.

#### 3.9.3.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Surita Swanepoel

Die skool beskik oor 'n dogters- en 'n gemengde koor. Beide kore repeteer in die namiddag ongeveer een uur lank. Die gemengde koor het twee keer per kwartaal addisionele oefentye op 'n Saterdagoggend. *Hierdie oefeninge is baie bruikbaar aangesien die kinders na 'n nagrus vars is. Die repetisies duur van 09:00 tot 12:00. Die gewone oefeninge in die namidae is altyd moeilik, aangesien die kinders dan baie moeg is.* (Swanepoel, 1994:onderhoud)

Die koor tree onder andere tydens die volgende geleenthede op:

□ Skoolfunksies: Die koor tree dikwels by saalgeleenthede op en optredes by die skoolsluitingsfunksie is baie belangrik. Die skoolkoor neem ook deel

aan 'n musiekkonsert wat jaarliks by die skool gehou word. (Swanepoel, 1994:onderhoud)

□ Eredienste: Die koor tree gereeld tydens eredienste en by talle kerssang-dienste op.

□ SAUK-opnames: *In 1992 het die koor radio-opnames gemaak en vanjaar* (1994) *word soortgelyke opnames beplan.* (Swanepoel, 1994:onderhoud)

□ Koorfeeste: Die koorfeeste van Grey-Kollege, Willem Postma, Ficksburg, Voortrekker en op Heilbron word gereeld deur die koor ondersteun.

□ ATKB-koorkompetisie vir laerskole - In 1993 is 'n silwer diploma in die Gevorderde Kategorie van die ATKB-koorkompetisie vir laerskole aan die koor toegeken. (Swanepoel, 1994:onderhoud)

### 3.9.4 Samevatting

Die kooraktiwiteit by die Laerskool J. B. M. Hertzog is reeds dekades prominent. Koorleiers soos mev. Elsabe Aucamp en Leona Geldenhuys het die aktiwiteit gevestig. Onder leiding van mev. Marietjie Viviers het die koor een van die bekendste laerskoolkore in Bloemfontein geword. Sy is opgevolg deur mev. Surita Swanepoel, wat tans 'n verdienstelike standaard met die koor handhaaf.

## 3.10 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Onze Rust, Bloemfontein

Mev. Sandra Honniball is sedert 1983 vir die koorleiding by die skool verantwoordelik. Sy ontvang haar opleiding as onderwyser aan die Opleidingskollege te Graaff-Reinet. Daar volg sy 'n kursus in skoolmusiek

onder leiding van mev. Labuschagne, van wie sy ook reeds vanaf haar hoërskooljare sangonderrig ontvang het.

Sy begin haar onderwysloopbaan in 1971 in Natal, waar sy aan die Hoërskool Gelofte en later die Hoërskool in Port Shepstone verbonde was. Sandra Honiball was reeds in die beginjare van haar onderwysloopbaan vir die koorleiding verantwoordelik. *In daardie jare was die koor maar nog 'n geleentheidskoor.* (Honniball, 1994:onderhoud) Gedurende dié jare het sy sangonderrig ontvang en vir 'n tydperk van vyf jaar het sy as lid van die operakoor[1] van NARUK ondervinding opgedoen, wat sy tans met veel vrug in haar taak as koorleier gebruik. Voortvloeiend uit haar sangagtergrond is aspekte soos die regte liggaamshouding, resonansie en klankproduksie vir haar van groot belang. (Honniball, 1994:onderhoud)

Die volgende inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

☐ Die koor bestaan ongeveer 10 jaar as 'n permanente koor. Mev. Marie Louw was die vorige koorleier.

☐ Die ledetal van die koor wissel tussen 60 en 70.

☐ Koorrepetisies vind twee keer per week plaas en die gesamentlike oefentyd beloop twee uur.

☐ Deelname aan die ATKB(V)-koorkompetisie vir laerskole, die Vrystaatse Kunswedstryd, die Grey-Kollege- en Willem Postma koorfeeste maak gewoonlik deel uit van die koor se jaarprogram. *Afgesien van dié geleenthede tree die koor nie dikwels op nie.* (Honniball, 1994:onderhoud)

---

1 Sy het dikwels ook kleiner rolle in operaproduksies gesing. (Honniball, 1994:onderhoud)

☐ Benewens die gereelde toekenning van goeie simbole tydens kunswedstryde, het die koor nie uitsonderlike prestasies gelewer nie.

## 3.11 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Willem Postma, Bloemfontein

Koorleiers van dié skool het mekaar dikwels afgewissel.

Mev. Ingrid van Aardt is sedert 1989 aan die skool verbonde en vir die koorleiding verantwoordelik. Sy het haar tersiêre opleiding aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gehad, waar sy die graad B. A.-(Musiek) verwerf het. Dié studierigting het meegebring dat sy nie musiekopvoedkunde (skoolmusiek) as 'n vak in haar kursus bestudeer het nie; gevolglik het sy geen opleiding van enige aard in koorafrigting gehad nie.

Ingrid van Aardt het egter as pianis op universiteit uitgeblink en dié gespesialiseerde instrumentale agtergrond, vind ook inslag in haar koorleiding. (Van Aardt, 1994:onderhoud) Sy is een van die min skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat wat die direksie sowel as begeleiding van die koor behartig. Die resultaat is verrassend goed en die ferm beheer oor die koor is opvallend. Tydens die ATKB-koorkompetisie van 1993 het die hoofbeoordelaar, prof. Petru Gräbe, pertinent na die koor se dissipline en haar begeleiding verwys. (Beoordelaarsverslag, 1993:ATKB-koorkompetisie)




**Die koor van die Primêre Skool Willem Postma onder leiding van Ingrid van Aardt.**

Die volgende relevante inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

□ Met die keuring van nuwe koorlede is 'n relatief goeie intonasie deur die leerlinge 'n belangrike oorweging. *Té streng keuring van koorlede is nie moontlik nie, aangesien die getalle dan te min sal wees vir die samestelling van 'n koor.* (Van Aardt , 1994:onderhoud)

□ Die koor oefen twee keer per week. Die tydsduur van die oefeninge is telkens een uur. 'n Koorkamp maak gewoonlik deel uit van die jaarprogram. Wanneer voorbereiding vir belangrike geleenthede soos 'n kompetisie dit vereis, word repetisies ook op Saterdae gehou. (Van Aardt, 1994:onderhoud)

□ Die instudering van 'n nuwe repertorium geskied gewoonlik teen 'n baie vinnige pas, aangesien die koorlede oorwegend oor goeie akademiese vermoëns beskik. Willem Postma Primêre Skool is bekend as 'n *musiekskool,* aangesien baie goeie prestasies deur die leerlinge behaal word. Ongeveer 10% van die leerlinge in die skool ontvang musiekonderrig. Talle van dié leerlinge sing in die koor wat ongetwyfeld 'n bevrugtende uitwerking op die kooraktiwiteit het. (Van Aardt, 1994:onderhoud)

□ Daar word met veel vrug van 'n koorkomitee en leiers in die koor gebruik gemaak. Dit is uitsonderlik aangesien die meeste laerskoolkore nie hierdie praktyk volg nie.

□ Aangesien mev. Van Aardt die direksie van die koor en die begeleiding terselfdertyd behartig, word 'n baie hoë premie op die dissipline van die koor geplaas: *Dissipline is vir my baie belangrik en aangesien ek die koorwerke tot in die fynste besonderhede afrond, moet alles tydens die repetisies deurtrap word. Met uitvoerings hoef ek nie eens naby die koor te wees nie; hulle weet presies wat om te doen. Tydens repetisies dring ek aan op 100% dissipline, maar sorg ook dat hulle genoeg geleentheid vir ontspanning gegun word.* (Van Aardt, 1994:onderhoud)

□ Die koor neem aan die ATKB-koorkompetisies vir laerskole deel en in 1993 is 'n Goue Toekenning in die gevorderde afdeling aan die koor gemaak.

□ Die koor sing gereeld op kunswedstryde, waar goeie simbooltoekennings aan die koor eerder die reël as die uitsondering geword het.

□ Koorfeeste soos dié van Grey-Kollege en Ficksburg word dikwels ondersteun. Die skool bied die Willem Postma Koorfees vir laerskoolkore aan, wat uiteraard 'n belangrike optreegeleentheid is.

## 3.12 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Voortrekker, Bethlehem

### 3.12.1 Inleiding

Die Hoërskool Voortrekker is een van die bekendste skole in die Oranje-Vrystaat. Die kooraktiwiteit was veral onder leiding van die bekende koorleier, mev. Nonna Theron[1], besonder prominent. Volgens mnr. Andries Wassermann (voormalige musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat) was daar onder haar leiding 'n uitstekende skoolkoor, maar nadat sy die skool verlaat het, het die kooraktiwiteit gekwyn. Sy was nie besonder lief vir operettes nie, maar het talle koorkonserte gehou. (1994:telefoniese gesprek)

---

1 Nonna Theron is op 26 Augustus 1912 te Frankfort gebore. Sy studeer van 1930 tot 1933 aan die destydse Grey-Universiteitskollege (B. A. U.O.D.). Tydens hierdie studiejare ontvang sy klavieronderrig van mnr. P. J. Lemmer en slaag die finale klaviereksamen van UNISA. Vanaf 1937 was sy verbonde aan verskeie skole in Bethlehem waaronder Truida Kestell, die Huishoudskool, Handelskool (tans Witteberg Hoërskool) en Hoërskool Voortrekker. (Theron, 1995:korrespondensie)

### 3.12.2 *Anette Oosthuizen*

Mev. Anette Oosthuizen behaal die B. Mus.-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys met Sang as hoofvak. Sy is sedert 1986 aan die Hoërskool Voortrekker in Bethlehem verbonde. Mev. Susan Maré was voorheen vir die koorafrigting (dogterskoor) verantwoordelik.

#### 3.12.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Anette Oosthuizen

Die volgende relevante inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

☐ Die permanente gemengde koor bestaan sedert 1986. *Aangesien daar 'n geruime tyd nie 'n gemengde koor by die skool was nie, was dit aanvanklik 'n baie groot probleem om die seuns te oorreed om koor te sing.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud) Die gewildheid van die kooraktiwiteit het met verloop van jare so toegeneem dat die aanvanklike ledetal van 30 tot 92 gegroei het.

☐ Keuring vir die koor word elke jaar in Novembermaand gedoen. Bestaande koorlede word nie weer aan die keuringsproses onderwerp nie. Kandidate word vrywillig en individueel getoets. *Werklike belangstelling in die kooraktiwiteit word as een van die belangrikste vereistes gestel. Die seuns in die koor is baie positief jeens koorsang en motiveer baie ander seuns in die skool om aan te sluit.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud) In die stemtoets moet elke kandidaat 'n bekende lied sing. 'n Omvangtoets word gedoen en die dogters word verder deur middel van 'n streng gehoortoets gekeur. *Die seuns word baie minder streng gekeur aangesien min van*

*hulle oor koorervaring beskik en ek glo dat seuns gewoonlik baie in die koor ontwikkel.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud)

☐ Die koor het vanjaar (1994) die eerste keer 'n koorkamp gehou ter instudering van nuwe repertorium. *Die doel van die kamp is om die nuwe repertorium aan te leer en om 'n koorgees te ontwikkel. Ongeveer die helfte van die repertorium is in die loop van dié naweek aangeleer. Die gebruik van klankopnames om die verskillende stempartye vir die kinders aan te leer, word baie nuttig gevind.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud) Repetisies vind op Maandae 'n uur lank plaas. Indien daar belangrike optredes moet plaasvind, word die oefentyd verleng. Dinsdae vind 'n tweede oefening een en 'n kwart uur lank plaas. (Oosthuizen, 1994:onderhoud)

☐ Baie min koorlede kan musieknotasie lees, maar die koorleier maak van die geleentheid gebruik om notasie onopsigtelik aan die kinders te leer: *Dit word vir my duidelik dat koorlede se bladleesvermoë van jaar tot jaar ontwikkel.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud)

☐ Die aanleer van nuwe stempartye geskied gelyktydig in een lokaal: Elke frase word vir die verskillende stempartye aangeleer en dan saamgevoeg.

☐ Koorrepetisies word met stemoefeninge begin, wat ongeveer 15 minute duur. Die stemoefeninge wat deur Philip McLachlan opgestel is, word hoofsaaklik gebruik. *Ek was die eerste koorleier by die skool wat met die kinders begin stemoefeninge doen het. Die kinders het dit aanvanklik as baie snaaks ervaar, maar later daaraan gewoond geraak.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud)

☐ Vanweë mev. Oosthuizen se sangagtergrond word die aspek van klankproduksie as baie belangrik beskou en sy demonstreer gewoonlik ten einde die gewenste resultaat te kry. *Ek streef as uitgangspunt na 'n warm, helder klankproduksie en vermy 'n skril, yl klank.* (Oosthuizen, 1994: onderhoud)

□ Optredes: Die koor tree dikwels tydens verskillende sosiale geleenthede in Bethlehem op. Kunswedstryde op Bethlehem en Harrismith word jaarliks ondersteun. Optredes in eredienste vind selde plaas, aangesien die koshuiskinders gewoonlik nie naweke beskikbaar is nie. (Oosthuizen, 1994:onderhoud)

□ Die koorrepertorium is beperk tot driestemmige werke: *Die repertorium is oorwegend van 'n meer ligte en vermaaklike*[1] *aard, aangesien die koorlede en gehore meer op hierdie tipe repertorium ingestel is.* (Oosthuizen, 1994:onderhoud)

## 3.13 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Witteberg, Bethlehem

### 3.13.1 Inleiding

Die Hoërskool Witteberg was aanvanklik 'n handelskool onder beheer van die Department van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Mnr. Andries Wassermann was vanaf 1957 tot 1969 as musiekonderwyser aan die skool verbonde. Onder sy leiding het 'n besondere aktiewe en knap dogterskoor gedy in die twaalf jaar wat hy aan die skool verbonde was. *Ons het onder andere drie plate gemaak, baie goed op kunswedstryde presteer en konserttoere na Natal en Transvaal onderneem.* (Wassermann, 1994: onderhoud)

In 1969 het Wassermann 'n betrekking as inspekteur van klasmusiek by die Departement van Indiërsake aanvaar. (Verster, 1987:60) Die koorkultuur

1 * **Gee ons vrede - Robert Lang verwerk Jeanette Peens * Drie Suid-Afrikaanse Volkswysies - Tradisioneel verwerk Gawie Cillié * Halala Afrika - Johannes Kerkorrel verwerk Danie Hyman * Go West - Pet Shop Boys verwerk Jeanette Peens** (Program, 1994:Voortrekker Koorfees)

aan die skool het onvermydelik met sy vertrek gekwyn en die skoolkoor sou eers met die aanstelling van mev. Ester Groenewald in 1985 weer sy regmatige posisie in die musieklewe van Bethlehem inneem. Daar is tans (1994) 620 leerlinge in die skool en weens die ontvolking van die omliggende platteland in die omstreke van Bethlehem is daar die vooruitsig vir verdere dinamiese groei in die leerlingtal van die skool. (Groenewald, 1994:onderhoud)

### 3.13.2 *Ester Groenewald*

Mev. Ester Groenewald het haar aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege as onderwyseres bekwaam. Sy het gedurende haar studiejare in klasmusiek onder leiding van mej. Norah Havenga gespesialiseer en was 'n lid van die bekende Kollegedameskoor: *Norah Havenga was in haar hele benadering baie prakties georiënteerd en ek kon haar voorbeeld as rigtinggewend in my eie situasie toepas.* (Groenewald, 1994:onderhoud) Haar intense belangstelling en liefde vir musiek het daartoe gelei dat sy haar verder in musiek bekwaam en die Onderwyserslisensiaat van UNISA verwerf het. (Groenewald, 1994:onderhoud) Sy beklee onder andere betrekkings by primêre skole in Ficksburg en Bethlehem en is sedert 1985 aan die Hoërskool Witteberg in Bethlehem verbonde.

#### 3.13.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Ester Groenewald

Met Ester Groenewald se diensaanvaarding in 1985 was daar geen koorbedrywighede by die skool nie. Die opbou van die kooraktiwiteit aan die skool het dus besondere insentiewe van haar vereis, aangesien daar 'n antipatie by die seuns jeens koorsang was. *Die situasie het egter so*

*positief verander dat sewe van die eersterugbyspanlede van 1994 koorlede was.* (Groenewald, 1994:onderhoud)

Die volgende relevante gegewens aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

☐ Die ledetal het van 30 in 1985 tot ongeveer 90 in 1994 toegeneem.

☐ Alle leerlinge in die skool word individueel aan 'n stemkeuring onderwerp. Die oudisieprosedure is soos volg: *Die leerling moet 'n bekende lied soos byvoorbeeld "Die Stem van Suid-Afrika" sing. Vervolgens word 'n majeur-arpeggio voorgespeel en die kandidaat moet dit naboots, 'n volgende akkoord word aangeslaan en die leerlinge moet die arpeggio op eie inisiatief sing. 'n Interval van 2 note word voorgespeel en die leerlinge moet die laagste van die twee tone sing. Ten slotte word die stemposisie vasgestel. My metode van keuring stem in 'n groot mate ooreen met dié van die Vrystaatse Jeugkoor.* (Groenewald, 1994:onderhoud)

☐ Die koor sing merendeels vierstemmige repertoria. *In die beginjare het ek meer konsertwerke aangebied en gou besef dat die publiek, die ouers en die kinders nie waardering vir dié werke getoon het nie. Met die verloop van tyd het ek my meer op populêre*[1] *repertoria toegespits en sodoende meer kinders tot die kooraktiwiteit oorgehaal.* (Groenewald, 1994:onderhoud)

☐ Die koorjaar neem 'n aanvang met 'n koorkamp om die aanleer van die nuwe repertorium te bespoedig. Repetisies vind twee keer per week, telkens vir een uur lank plaas. Weens die beperkte oefentyd word stemoefeninge verwaarloos en die koor sing oorwegend repertoria met begeleiding. (Groenewald, 1994:onderhoud)

---

1 Hoërskool Witteberg - Koorprogram

*** Gee ons vrede - Robert Lang verwerk A. van der Watt/Danie Hyman * Lief vir alles hier - H. Haller verwerk Danie Hyman * Sing a bahamba - Tradisioneel verwerk Jeanette Peens** (Program, 1994:Voortrekker Koorfees)

□ Met die instudering van nuwe repertorium word die koorlede van die bladmusiek voorsien en die stempartye word afsonderlik ingestudeer.

□ Die koor neem gereeld aan koorfeeste en kunswedstryde op Bethlehem, Kroonstad en Welkom deel. In 1993 het die koor aan die Vrystaattrofee vir koorsang deelgeneem en die beker in die streekkompetisie verower. (Groenewald, 1994:onderhoud)

□ Weens die groot ledetal van die koor ontstaan logistieke probleme met optredes in kerke. Om die probleem die hoof te bied is die VIVACE-sanggroep bestaande uit 20 dogters gestig om op uitnodiging tydens eredienste in kerke op te tree. (Groenewald, 1994:onderhoud) Die skool beskik ook oor 'n gemengde sanggroep (seuns en dogters) van 20 lede.

□ Volgens Ester Groenewald het die standaard van die koor in die afgelope tien jaar aansienlik verbeter. Die deelname aan koorfeeste, kunswedstryde en die invloed van die Vrystaatse Jeugkoor hou waarskynlik met die standaardverhoging verband. (Groenewald, 1994:onderhoud)

□ Die koor speel soms die rol van 'n revuegroep en dergelike aanbiedinge vind plaas.

□ In die uitvoering van die operette *Lida en die Liedjieskrywer* deur S. le Roux Marais het die koor 'n prominente plek ingeneem.

### 3.13.3 Oorsig: Bethlehem hoërskoolkore

Beide hoërskoolkore in Bethlehem was in die vyftiger- en sestigerjare onder leiding van bekwame koorleiers (Andries Wassermann en Nonna Theron) prominent. Toe hulle die skool verlaat het, het die kooraktiwiteite aan die skole gekwyn. Dit sou eers in die middel van die tagtigerjare onder leiding van Anette Oosthuizen en Ester Groenewald herleef. Die algemene verhoging in die peil van skoolkoorwerk in die provinsie het ook op beide

kore 'n positiewe uitwerking gehad. Optredes op kunswedstryde, koorfeeste, koorkompetisies het die standaard van die kore verder verhoog.
Die werkswyses van koorleiers in Bethlehem met betrekking tot koorsamestelling, repetisies en repetisieprosedures toon talle ooreenkomste met dié van skoolkore in Bloemfontein. Die tipe repertorium wat egter gesing word is, in teenstelling met sommige kore in Bloemfontein, aansienlik eenvoudiger en hoofsaaklik op ligte vermaak ingestel.

## 3.14 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Truida Kestell, Bethlehem

### 3.14.1 Inleiding

Die Primêre Skool Truida Kestell beskik tans oor 'n leerlingtal van 800. (Van Aswegen, 1994:onderhoud) Die skool handhaaf baie jare lank reeds 'n koortradisie wat as voorbeeld vir ander skole kan dien. Mev. Nonna Theron was die pionier van die kooraktiwiteit aan die skool. Sy was volgens mnr. Dirkie de Villiers (onderhoud:1993) tydens sy termyn as musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat, een van die knapste koorleiers by primêre skole. Soos dit by die meeste skole in dié jare die geval was, was die kooraktiwiteit eerder tot dié van 'n geleentheidskoor beperk. Ná mev. Theron se aftrede (sewentigerjare) het die koor 'n minder prominente rol begin speel, en eers met mev. Jennie Reid se aanstelling in 1989 het die koor weer 'n staanplek in die musieklewe van Bethlehem verwerf. Sy het met 'n nuwe entoesiasme die koor voorberei vir die ATKB-koorkompetisie (1989) en selfs togas vir die koor laat maak. Ongelukkig het sy aan die einde van 1989 bedank en mev. Monica Terblanche het haar vir 'n tydperk van twee

jaar opgevolg. Mev. Beulah van Aswegen is sedert 1992 vir die koorleiding verantwoordelik. (Van Aswegen, 1994:onderhoud)

### 3.14.2 *Beulah van Aswegen*

Beulah van Aswegen is die afgelope 15 jaar aan die skool verbonde. Sy het die B. A. (Musiek)-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi, waarna sy die Onderwysdiploma aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. Tydens haar studiejare was sy koorlid van die Vrystaatse Universiteitskoor onder leiding van prof. Chris Swanepoel. *Dié ondervinding het in 'n sekere mate vir die gebrek aan 'n koorleidingskursus in my graadkursus vergoed.* (Van Aswegen, 1994:onderhoud) Sy is vir buitekurrikulêre musiekonderrig en klasmusiek (standerds 2 tot 5) verantwoordelik.

#### 3.14.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Beulah van Aswegen

Die volgende relevante inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

- Die skool beskik tans oor twee kore: Die juniorkoor (sub A tot standerd 1) staan onder leiding van mev. Monica Terblanche en die Seniorkoor (standerds 2 tot 5 ) onder leiding van mev. Beulah van Aswegen.
- Die seniorkoor bestaan sedert 1989 uit 72 lede aangesien daar slegs soveel koortogas beskikbaar is.
- Alle leerlinge wat belangstel om in die koor te sing, word 'n oudisie-geleentheid gebied. Leerlinge word individueel getoets en 'n punt word op 'n oudisievorm aan elke kandidaat toegeken. Die oudisieprosedure bestaan onder andere uit die volgende komponente: *Die sing van 'n bekende liedjie,*

*die naboots van intervalle wat op die klavier voorgespeel word en die sing van toonlere.* (Van Aswegen, 1994:onderhoud)

□ Repetisies vind twee keer per week plaas. *Die koor word geleentheid gebied om in 'n kultuurperiode asook op 'n namiddag te oefen. Beide oefengeleenthede duur een uur. Die koor word ook soms gedurende saalbyeenkomste 'n geleentheid gebied om te oefen. Die juniorkoor oefen gedurende skoolure in periodes wat hiervoor ingeruim word. 'n Koorkamp, waar nuwe koorliteratuur aangeleer word, vind in die tweede naweek van elke nuwe skooljaar plaas. My koorlede is daarvan bewus dat ek byna fanaties oor koorbywoning is en 'n presensielys word baie noukeurig gehou.* (Van Aswegen, 1994:onderhoud)

□ Alle repetisies word met stemoefeninge begin. Beulah van Aswegen beskou die klankproduksie van die koor as baie belangrik en 'n ronde, resonerende klank word nagestreef. (Van Aswegen, 1994:onderhoud)

□ Die koor sing oorwegend tweestemmige literatuur, wat in die meeste gevalle deur die koorleier self verwerk word, en dit word aangeleer by wyse van nabootsing deurdat die stemgroepe verdeel en die werke op die klavier voorgespeel word. *Op die koorkamp word gebruik gemaak van elektroniese musiekinstrumente ("Cassio-orreltjies") om die stempartye voor te speel.* (Van Aswegen, 1994:onderhoud)

□ Die koor sing jaarliks op die koorfeeste van Ficksburg, Bethlehem[1] en Kroonstad. Deelname aan kunswedstryde vind gereeld op Kroonstad of Harrismith plaas. Die koor het in 1993 op die kunswedstryd 'n A+-simbool

---

1 Primêre Skool Truida Kestell - Koorprogram :
*Senior koor* *** Soos 'n wildsbok - Martin Nystrom verwerk Beulah van Aswegen * The Sound of Music - Richard Rogers * Dom Sannie saamgeflans - Volkswysie verwerk Beulah van Aswegen * Die kattebazaar - Onbekend verwerk Beulah van Aswegen** *Junior Koor* *** Lui, o klokke - Onbekend * Nuus of nies - Beulah van Aswegen * Die reën - Salomé Hendrikse** *Gekombineerde kore* *** Jingle Bells - J. Pierpont * Polly put the kettle on - Tradisioneel verwerk H. A. Chambers.** (Program, 1994:Voortrekker Koorfees)

verower en in 1994 'n A++-simbool. In 1989, 1991 en in 1993 het die koor aan die ATKB-koorkompetisie vir laerskole deelgeneem. In 1993 is aan die koor in die gevorderde afdeling 'n Silwer Toekenning gemaak. (Van Aswegen, 1994:onderhoud) Optredes in kerke vind gereeld plaas, selfs op naburige dorpe.

## 3.15 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Jordania, Bethlehem

Die Primêre Skool Jordania beskik oor 'n baie sterk koorkultuur, aangesien daar 'n juniorkoor, seniorkoor en 'n afsonderlike sanggroep bestaan. Die leerlingtal is tans (1994) 620 leerlinge.

### 3.15.1 Juniorkoor en sanggroep onder leiding van *Eunice de Villiers*

Mev. Eunice de Villiers het die B. Mus.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Gedurende hierdie studiejare was sy vier jaar lank 'n lid van die universiteitskoor onder leiding van Philip McLachlan. *Persone soos Hennie Loock, Randall Wicomb, Salomé Hendrikse en Huibrie Verster het saam met my in die koor gesing. Philip McLachlan het ongetwyfeld 'n onuitwisbare indruk op my gemaak.* (De Villiers, 1994:onderhoud)

Mev. Eunice de Villiers is sedert 1989 verantwoordelik vir die afrigting van die juniorkoor en die sanggroep, die *C-kruis-sangers.* Sy het voorheen privaatmusiekonderrig gegee en het sedert 1968 by verskeie skole in Bethlehem betrekkings beklee. Sy tree etlike jare op as orrelis in verskeie gemeentes waar sy ook vir die afrigting van die kerkkore verantwoordelik

was. Voordat Eunice de Villiers die betrekking by die Jordania Primêre Skool aanvaar het, was daar nie 'n sanggroep nie. Die betrokke sanggroep het as gevolg van suksesvolle optredes op kunswedstryde ontstaan.

Die volgende relevante inligting aangaande die juniorkoor en die *C-kruis-sangers* verdien vermelding:

□ Die juniorkoor, bestaande uit 45 leerlinge van sub A tot standerd 1 oefen gedurende skoolure vir twee periodes (een uur op 'n keer).

□ Baie min van die sub A-leerlinge word aan die begin van 'n jaar vir die koor gekeur, aangesien die meeste kinders volgens Eunice de Villiers (onderhoud:1994) op die ouderdom van 7-8 jaar monotone is. Mev. De Villiers is baie streng met die keuring en slegs leerlinge wat werklik suiwer sing, word in die koor toegelaat. *'n Baie eenvoudige stemtoets word gedoen en ek sing saam met die kinders, want hulle kry dit nie alleen reg nie.* (De Villiers, 1994:onderhoud)

□ Die koorrepetisies vind in 'n baie ontspanne atmosfeer plaas. Geen formele stemoefeninge word gedoen nie.

□ Die repertorium wat gesing word, bevat standaardwerke. *Ekself hou nie daarvan om met die juniorkoor tipiese kleuterliedjies soos "Trippe, trappe, tone" te sing nie. Met die pas afgelope koorfees het ek 'n tradisionele gesang en "Jantjie kom huistoe" gesing. Ek sing graag hierdie tipe liedere met spesiale begeleiding op die viool of kitaar. Indien moontlik doen ek ook bewegings met die koor terwyl hulle sing. Alle werke word eenstemmig gesing.* (De Villiers, 1994:onderhoud)

□ Die juniorkoor beskik oor eenvormige koordrag, wat bestaan uit blou rokkies met 'n matrooskraag en 'n oranjekleurige strikkie.

□ Die juniorkoor tree op by koorfeeste (Voortrekker en Ficksburg), kunswedstryde (Harrismith en Bethlehem), eredienste en kerssangdienste.

☐ Eunice de Villiers is daarvan oortuig dat koorsang vir die kinders 'n baie ontspanne en aangename ervaring moet wees en die algemene benadering van alle repetisies en optredes is dienooreenkomstig. (1994: onderhoud)

☐ Die *C-kruis-sangers* bestaan uit 25 lede uit standerd 2 tot 5.

Die groep kan as 'n prestige-groep van die skool beskou word en 'n besonder streng keuringstoets verleen verdere aansien aan lidmaatskap van die groep. *Ek weet dit mag miskien nie opvoedkundig wees nie, maar ek keur nie net die kind nie, maar ook die ouers. Indien die kind uit 'n ongedissiplineerde huis kom, sal die kind ook ongedissiplineerd wees. Die groep se optrede verg 'n baie hoë mate van dissipline en telkens word baie gunstige kommentaar*[1] *oor die groep se optrede ontvang.* (De Villiers, 1994:onderhoud)

☐ Repetisies vind op Woensdae vir 'n tydperk van een uur plaas en indien belangrike optreegeleenthede sou opduik, word daar ook gedurende skoolure geleentheid vir afronding gebied.

☐ Asemhalings- en stemoefeninge word as 'n onontbeerlike deel van die repetisieprosedure beskou.

☐ Die sanggroep tree dikwels op kunswedstryde, koorfeeste[2], eredienste en

---

1 **Korrespondensie na aanleiding van optrede van C-kruis-sangers:**
*Geagte mnr. De Villiers*
*Ek wil u skool se C-kruis-sangers onder die inspirerende leiding van mev. Eunice de Villiers van harte geluk wens met 'n indrukwekkende optrede tydens die Odensia-koorfees in die Ernst Openheimer-teater in Welkom op 28 Augustus 1994. Ek is besonder getref deur hulle optrede weens hulle besondere geïnspireerde sang. Dit is vir my opvallend dat iedere koorlid die musiek intens beleef, dat hulle met hart en siel betrokke is by hulle sang. Hulle projekteer hierdie musikale genot met sukses op die toehoorders. Mev. De Villiers beskik oor 'n unieke vertolkingsvermoë. Elke item is met hart en siel deurleef. Mev. Bessie Oosthuizen se klavierbegeleiding was eweneens keurig en netjies... Dr. P. Krige.* (1994:korrespondensie:onveranderd weergegee)

2 C-kruis-sangers koorprogram
*** El Shaddai - John Thompson verwerk Mark Hayes * Any dream will do - Andrew Loyd Webber**
*** Twee walse - Tradisioneel * From a distance - Onbekend verwerk Jeanette Peens** (Program, 1994:Voortrekker Koorfees)

kerssangdienste op. Gedurende die verloop van 1994 het die sanggroep ongeveer sestien optreegeleenthede gehad. (De Villiers, 1994:onderhoud)

### 3.15.2 Die seniorkoor onder leiding van *Martin Harris*

Mnr. Martin Harris is die afgelope 25 jaar verbonde aan Jordania Primêre Skool en verantwoordelik vir die afrigting van die seniorkoor. Hy is tans (1994) 'n adjunkhoof aan die skool. Voorheen was hy vir klasmusiek verantwoordelik, maar onderrig tans in ander akademiese vakke.

Martin Harris het in 1994 die graad M. Ed. aan UNISA oor klasmusiek op skool verwerf. (Harris, 1994:onderhoud) Hy het sy aanvanklike onderwysopleiding met klasmusiek as hoofrigting aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege, onder leiding van mej. Norah Havenga ontvang. *Sy het 'n groot invloed op my uitgeoefen.* (Harris, 1994:onderhoud) Sy onderwysloopbaan het op Cornelia (1970) 'n aanvang geneem, waar hy vir klasmusiek van standerd 2 tot standerd 10 verantwoordelik was. Na 'n kort tydperk verbonde aan dié skool, het hy 'n betrekking aan die Primêre Skool Jordania in Bethlehem aanvaar.

Volgens Martin Harris het die standaard van skoolkoorsang die afgelope 10 jaar in Bethlehem aansienlik verhoog. *Daar bestaan 'n baie sterk kompetisie tussen die skole in Bethlehem; in so 'n mate dat ek dit as oordrewe en sieklik beskou.* (Harris, 1994:onderhoud)

Die volgende relevante inligting aangaande die seniorkooraktiwiteit verdien vermelding:

□ Met mnr. Harris se diensaanvaarding in 1971 was die koor 'n geleentheids-koor en optredes was slegs tot Bethlehem beperk. Sedert 1975 funksioneer die koor op 'n permanente basis. *Die koorfeeste op Ficksburg en Kroonstad het bepaald as 'n stimulus tot verdere ontwikkeling gedien. Die inisiëring van koorfeeste het in 'n groot mate in die behoefte om meer optreegeleenthede te kon hê, voorsien.* (Harris, 1994:onderhoud)

□ Al die leerlinge in die skool word aan 'n keuringstoets onderwerp: *Ek het ondervind dat as 'n mens slegs belangstellendes toets, is daar goeie stemme wat verbyglip - veral seunstemme. Ek dink egter dat die seuns baie meer geredelik koorsing as wat vroeër die geval was. Die rede hiervoor is moontlik dat die samelewing se siening oor koorsang gunstig verander het.* (Harris, 1994:onderhoud) Kandidate word individueel aan 'n keuringstoets onderwerp wat ritmetoetse en toonhoogtetoetse insluit.

□ Die koor beskik oor 'n ledetal van ongeveer 50.

□ Koorrepetisies vind op 'n middag vir een uur lank plaas, asook gedurende pouses. Voor belangrike optredes word daar addisionele oefentyd ingeruim.

□ Stemoefeninge word as baie belangrik beskou en Martin Harris gebruik stemoefeninge van mej. Norah Havenga, mnre. Tersteegen van Huyssteen en Dirkie de Villiers. (Harris, 1994:onderhoud)

□ Repertoria bestaan hoofsaaklik uit tweestemmige werke. Die twee stem-partye word gelyktydig vir die kinders aangeleer, aangesien daar nie 'n afsonderlike begeleier is nie. Mnr. Harris tree terselfdertyd as begeleier én dirigent van die koor op. *Ek weet daar word soms kritiek oor die gebruik uitgespreek, maar ek voel dat ek as begeleier steeds baie goeie kontak met die koorlede behou.* (Harris, 1994:onderhoud)

□ Optredes: Die koor tree gereeld by koorfeeste (Ficksburg, Kroonstad, Bethlehem[1]) en kunswedstryde (Bethlehem en Harrismith) op. Die koor het voorheen aan die ATKB-koorkompetisie vir laerskoolkore deelgeneem.

## 3.16 Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Kroonstad, Kroonstad

### 3.16.1 Inleiding

Die eerste verwysing na die kooraktiwiteit aan die skool dateer so ver terug as 1939. *In 1939 het die skoolkoor onder leiding van mej. B. van Heyningen en mev. R. Swart die skoolkoorkompetisie tydens die Kroonstadse kunswedstryd gewen ... Toe mnr. Paul Johl in 1951 by die skool aangestel is, het hy die dogterskoor gereeld aan kunswedstryde laat deelneem met goeie gevolg. Mnr. Johl het ook 'n Duitse koor gestig wat na hom deur Rina Swart voortgesit is. In 1952 het mnr. Johl se gemengde koor, begelei deur Rina Swart, die Ferreira-beker gewen. Ook dr. Z. G. Pretorius het goeie prestasies met die hoërskoolkoor behaal en in 1955 het sy Eeufeeskoor by die Amfiteater opgetree as deel van die dorp se eeufees. Vanaf 1956 was Rina Swart alleen verantwoordelik vir die koor ...* (Groenewald, 1986:359, 360)

1 Primêre Skool Jordania - Gekombineerde junior- en seniorkoorprogram
*** Klokkegeskal - Harry Dexter * Hear dem Bells - Negro Spiritual verwerk Danie Hyman**
*** Aandgebed - Humperdinck.** (Program, 1994:Voortrekker Koorfees)

Hierna sou 'n lang tydperk volg waarin die kooraktiwiteit sy prominensie by die skool sou verloor. Dit is eers met die aanstelling (1974) van mev. Yvonne Rossouw dat die koor weer sy regmatige plek in die buitemuurse aktiwiteite van die skool sou inneem. Die skool beskik tans (1994) oor 'n leerlingtal van 1200. (Theron, 1994:onderhoud)

### 3.16.2 *Yvonne Rossouw*

Yvonne Rossouw studeer vanaf 1968 - 1972 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Sy behaal die B. Mus-graad onder leiding van leermeesters soos prof. David Roode, dr. Arend Koohle en mnr. Derik van der Merwe: *Ek het onder leiding van prof. Roode 'n lisensiaat in sang verwerf en veral op dié gebied van stemproduksie baie van hom geleer.* (Rossouw, 1994:onderhoud) In 1973 het sy tot die onderwysberoep toegetree en onder haar leiding het die skoolkoor van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje 'n besonder verdienstelike standaard gehandhaaf. Sy beklee daarna onder andere betrekkings op Ficksburg en aan die Tegniese Kollege in Kroonstad. Yvonne Rossouw is sedert 1974 aan die Hoërskool Kroonstad verbonde. (Rossouw, 1994:onderhoud)

#### 3.16.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Yvonne Rossouw

Met haar diensaanvaarding by die skool was dit duidelik dat die kooraktiwiteit meer as 'n dekade reeds verwaarloos was. Sy het spoedig 'n dogterskoor gestig en gereelde optredes het prominensie aan die kooraktiwiteit verleen. In 1978 het die koor aan die ATKB-koorkompetisie deelgeneem, 'n tweede plek in die provinsie behaal en die jaar daarna[1]

---

1 In hierdie jare het dié kompetisie jaarliks plaasgevind.

gewen. (Rossouw, 1994: onderhoud)

Die gemengde koor is in 1980 gestig. *Om die seuns in die koor te akkommodeer is aanvanklik slegs SABar-repertorium gesing, maar langsamerhand is dit na vierstemmige repertorium uitgebrei.* (Rossouw, 1994:onderhoud) Die gemengde koor het in 1981 aan die SAUKTV-koorkompetisie deelgeneem en kassetbande moes vir die geleentheid gemaak word. Na aanleiding hiervan is die koor as finalis in die kompetisie aangewys en op grond van dié bandopname is die koor[1] deur die *Friends all over the world-vereniging* uitgenooi om 'n toer na België te onderneem. Op 23 Maart 1983 het die koor na België vertrek. Die koorlede het met die toer 'n besonder gunstige indruk[2] (optredes en algemene gedrag) op hul Belgiese gashere gemaak. Hierdie grootse gebeurtenis het ongetwyfeld as 'n aantrekkingskrag vir leerlinge gedien om by die kooraktiwiteit aan te sluit.

Met verloop van tyd het die koorrepetisietyd weens die koorlede se betrokkenheid by ander buitemuurse aktiwiteite aansienlik verminder. Die afname in repetisiegeleenthede sou 'n onvermydelike effek op die standaard van die kooraktiwiteit hê. (Rossouw, 1994:onderhoud)

Die volgende relevante inligting aangaande die kooraktiwiteit verdien vermelding:

---

1 *Die koor was in daardie jaar besonder sterk, met veral uitmuntende talent onder die seuns. Dit was egter 'n moeilike tyd om oorsee te gaan as gevolg van die politieke situasie en die koorlede was bang vir proteste. Orals waar ons opgetree het, is ons egter baie goed ontvang.* (Rossouw, 1994:onderhoud)

2 *Wij zijn gelukkig dat het koor van Uw school naar ons land is geweest. Wij hebben met bewondering gekeken naar de fijne uniform van de school, naar de discipline en vooral naar het groot talent van de jongens en meisjes van Uw koor. Wij houden vooral eraan Uw te feliceteren, zowel voor de houding van de kinderen tijdens hun verblijf, als ter gelegenheid van de optredens, die allen, zonder onderscheid, zijn uitgegroeid tot een triomf voor het koor en haar leiders.* (Groenewald, 1986:360)



**Die koor van die Hoërskool Kroonstad onder leiding van Yvonne Rossouw.**

□ Repetisies het twee keer per week plaasgevind vir 'n gesamentlike oefentyd van twee uur per week.

□ Geen keuring is aanvanklik vir die dogterskoor gehou nie, maar sedert die inname van seuns het keuring van koorlede plaasgevind. Volgens mev. Rossouw (1994:onderhoud) was die akademiese standaard van kandidate 'n belangrike voorvereiste om tot die koor toegelaat te kon word. (Rossouw, 1994:onderhoud)

□ Aangesien die oefentyd so beperk was, was daar nie geleentheid vir stem-oefeninge nie. (Rossouw, 1994:onderhoud)

□ Die koor het hoofsaaklik vierstemmige koorliteratuur gesing, maar soms ook sesstemmige werke.

□ Met die aanleer van 'n nuwe repertorium het die onderskeie stempartye verdeel en mev. Rossouw het die seunstemme laat instudeer terwyl bekwame koorlede die dogterstemme se instudering behartig het. (Rossouw, 1994: onderhoud)

□ Korrekte klankproduksie was vir Yvonne Rossouw baie belangrik en vanweë haar sangopleiding was dit moontlik om basiese beginsels vir die koorlede te demonstreer. (Rossouw, 1994:onderhoud)

□ Suksesvolle optredes op kunswedstryde, koorfeeste (Grey-Kollege Bethlehem-Voortrekker[1] en Kroonstad), tydens eredienste en talle ander geleenthede (skoolfunksies en sosiale geleenthede) het daartoe bygedra dat die koor besondere aansien verwerf het.

---

1 Resensie - *Die Noordelike Stem* - na aanleiding van kooroptrede op Voortrekker Koorfees. *Tydens die Koorfees wat verlede Vrydag en Saterdag op Bethlehem ...was dit 'n fees om na die skoolkoor onder leiding van Yvonne Rossouw te luister. Graag wil ek haar gelukwens dat al die liedere wat sy aangebied het haar eie oorspronklike verwerkings was, haar aanbieding vierstemmig sonder begeleiding so suiwer, humoristies en raak was treffend! Die dawerende applous van 'n stampvol saal koorliefhebbers is waarskynlik die rede waarom die organiseerders van hierdie suksesvolle koorfees haar die derde keer na mekaar uitgenooi het om daar op te tree. - Mev. Natalie Troskie.* (1986:datum van knipsel afgesny - in besit van mev. Yvonne Rossouw)

### 3.16.3 *Retha Theron* en die kooraktiwiteit

Mej. Retha Theron het aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat studeer, waar sy die B. Mus.-graad (hoofvakke Klavier en Musiekopvoedkunde) verwerf het. Gedurende haar studiejare was sy lid van die Pro Eclessia-koor onder leiding van Deon Lamprecht. Sy het op Petrusburg tot die onderwysberoep toegetree, waar sy vir die koorleiding verantwoordelik was. (Theron, 1994:onderhoud)

Inligting aangaande die kooraktiwiteit:

□ Die koor bestaan uit sestig lede.

□ Repetisies vind twee keer per week plaas, met 'n totale oefentyd van drie uur per week. Dertig minute word gedurende 'n week se repetisies aan stemoefeninge afgestaan. (Theron, 1994:onderhoud)

□ Slegs belangstellendes word individueel aan 'n koorkeuringstoets onderwerp. Die toets bestaan onder andere uit die volgende: * *'n Eenvoudige lied word met begeleiding gesing.* * *Dieselfde lied word daarna met dissonante begeleiding gesing.* * *Dieselfde lied word gesing terwyl die onderwyser 'n teenmelodie sing.* * *Die sing van intervalle en drieklanke.* * *Ritmetoetse.* * *Die sing van 'n toonleer terwyl die onderwyser die toonleer in 'n teenoorgestelde rigting, of selfs 'n chromatiese toonleer speel.* (Theron, 1994:onderhoud)

□ Met die aanleer van nuwe repertorium verdeel die onderskeie stempartye en vaardige musiekleerlinge speel die stempartye in die groepe voor.

□ Die koor tree onder andere tydens die volgende geleenthede op: eredienste, jeugsaamtrekke, koorfeeste (Grey-Kollege, Kroonstad, Bethlehem),

kunswedstryde (Kroonstad, Hennenman), koorkompetisies (ATKV, Vrystaattrofee).

### 3.16.4 Samevatting

Die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Kroonstad is sedert die einde van die dertigerjare in dié deel van die Vrystaat bekend. Na 'n tydperk van kwyning het die koor veral onder leiding van mev. Yvonne Rossouw besonder prominent geword en die deelname aan en sukses in die koorkompetisies is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Die koortoer na België in 1983 was ongetwyfeld die hoogtepunt van dié era. Mej. Retha Theron het mev. Yvonne Rossouw as koorleier opgevolg.

## 3.17 Die kooraktiwiteit aan die Afrikaanse Hoërskool, Kroonstad

### 3.17.1 Inleiding

Die ontstaan van die kooraktiwiteit aan die Afrikaanse Hoërskool Kroonstad is in 1943 deur die opvoer van die operette *Pêrel die Vissermeisie* (deur Clementine Ward) gestimuleer. Die begeleiding is deur die Vrystaatse Strykkwartet met dirigent Tersteegen van Huyssteen gedoen. In 1960 het die koor aan 'n massakoor by die Uniefees in Bloemfontein deelgeneem. (Groenewald, 1986:364) Dit sou egter eers vanaf 1986 wees dat die koor op 'n meer permanente grondslag sou funksioneer. Die volgende aktiwiteite van die koor sedert die sestigerjare tot tagtigerjare kan as hoogtepunte in sy funksionering genoem word:

□ Trudie van Niekerk was tot aan die einde van die sestigerjare vir die koorleiding verantwoordelik.

□ In 1963 het die koor aan die Goudveldse en Kroonstadse kunswedstryde deelgeneem.

□ Op 26 Oktober 1963 het die koor aan 'n musiekfees in Bloemfontein deelgeneem.

□ In 1964 het die koor aan die kunswedstryde op Kroonstad en Odendaalsrus deelgeneem waartydens sewe A-simbole by die onderskeie geleenthede aan die koor toegeken is.

□ Met die plaaslike kunswedstryd in 1965 is die koor as die beste hoërskoolkoor aangewys.

□ In 1965 het die koor 'n plaatopname[1] gemaak.

□ In 1967 is die Maria Masing-beker vir die beste hoërskoolkoor by die kunswedstryd in Kroonstad aan die koor toegeken. In dieselfde jaar is 25 koorlede gekeur om onder leiding van Anton Hartman saam met die SAUK-simfonieorkes op te tree. In dieselfde jaar het die koor 'n kantate deur die koorleier, Trudie van Niekerk, in 'n kerk uitgevoer.

□ In 1970 het die koor onder leiding van mev. M. M. Wels by die kunswedstryd in Steynsrus presteer.

□ In 1976 het die koor met die inwyding van die Burgersentrum opgetree.

□ Die koor het aan die Totiusfees (1977), die Republiekfees (1981) en die Bybelfees (1983) deelgeneem.

□ In 1981 het die koor aan die ATKB-koorkompetisie in Bloemfontein deelgeneem en in dieselfde jaar ook saam met die Natalse Jeugorkes in Kroonstad opgetree. (Groenewald, 1986:364)

---

1 Die volgende werke is opgeneem: *** Wiegelied - F. Schubert * Engelekoor - F. Mendelssohn * Psalm 23 * Die Heiland is gebore * Die Christuskind verwerk T. van Huyssteen * Lofsang van Maria - S. le Roux Marais * Die Heer is groot - verwerk A. Wassermann en S. Smuts * The robe * Al sou ek die tale spreek - Witty * Eriskay Love - M. Kennedy-Fraser * Vuka-Vuka - J. Bowke * Die Skoollied.** (Groenewald, 1986:365)

### 3.17.2 *Jan Jacobs*

Mnr. Jan Jacobs was gedurende sy skoolopleiding 'n lid van die Vrystaatse Jeugkoor en op universiteit het hy in die koor onder leiding van prof. Chris Swanepoel gesing. Hy ontvang sangonderrig van Grace Butler en tree in 1985 en 1986 op as chaperon van die Vrystaatse Jeugkoor. Sy kollega by 'n buurskool, mev. Yvonne Rossouw, het veral wat koorleiding betref vir hom as 'n definitiewe verwysingspunt gedien. (Jacobs, 1994:onderhoud)

#### 3.17.2.1 Die kooraktiwiteit onder leiding van Jan Jacobs

Jan Jacobs was vanaf 1977 tot 1991 verantwoordelik vir die koorleiding aan die Afrikaanse Hoërskool op Kroonstad. Die koor het uit sestig lede bestaan en 'n oorwegend vierstemmige repertorium is met die koor uitgevoer. Met die instudeer van nuwe repertoria is daar gewoonlik van kassetopnames gebruik gemaak. Koorrepetisies het drie keer per week plaasgevind en 'n koorkamp is jaarliks gehou. (Jacobs, 1994:onderhoud)

Die koor het dikwels tydens eredienste, kerssangdienste, en kunswedstryde opgetree. In 1986 het die koor aan die Roodepoortse Eisteddfod deelgeneem.

Jan Jacobs het nie noodwendig 'n uitsonderlike standaard van skoolkoorsang nagestreef nie, maar dit was vir hom baie belangriker om eerder 'n liefde vir koorsang by die koorlede aan te wakker. (Jacobs, 1994:onderhoud)

### 3.17.3 *Marlene Steenkamp*

Marlene Steenkamp het aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer waar sy die B. Mus.-graad verwerf het. Sy het in

1978 haar eerste betrekking in die onderwys aan die Hoërskool Vereeniging in Vereeniging beklee, en daarna betrekkings by die Hoërskool Drie Riviere en die Primêre Skool Kroonheuwel. By al genoemde skole was sy vir die koorleiding verantwoordelik. Sedert 1992 is sy aan die Afrikaanse Hoërskool in Kroonstad verbonde. (Steenkamp, 1994:onderhoud)

Die volgende gegewens aangaande die kooraktiwiteit is relevant:

☐ Daar is tans (1994) 600 kinders in die skool, waarvan sestig koorlede is. *Die samewerking van seuns was aanvanklik 'n probleem, aangesien hier 'n stigma gekleef het aan seuns wat in die koor gesing het. Dit wil egter voorkom of die situasie aansienlik verander het.* (Steenkamp, 1994: onderhoud)

☐ Slegs belangstellendes in die skool word individueel aan 'n stemtoets vir toelating tot die koor onderwerp.

☐ Repetisies vind twee keer per week in die aande plaas. In skoolure oefen die koor ook tydens twee saalperiodes, sodat die gesamentlike repetisietyd dus vier uur per week beloop. (Steenkamp, 1994:onderhoud)

☐ 'n Nuwe repertorium word afsonderlik vir stempartye aangeleer, waarna die betrokke koorwerk frase vir frase gesamentlik gedoen word. (Steenkamp, 1994:onderhoud)

☐ Die koor tree dikwels tydens eredienste, kunswedstryde en koorkompetisies op. In 1994 het die koor aan die ATKV-koorkompetisie vir hoërskole deelgeneem en 'n Goue Toekenning is in die minder ervare afdeling aan die koor gemaak. (Steenkamp, 1994:onderhoud)

### 3.17.4 Oorsig: Kroonstad Hoërskoolkore

Kroonstad is reeds dekades as kultuursentrum in die provinsie bekend. Die band van bekende musiekpersoonlikhede soos onder andere Tersteegen van Huyssteen[1] met Kroonstad het dié opvatting gesterk. Dit is dan ook nie verbasend dat 'n sterk koorbewussyn 'n belangrike komponent van die aktiewe musieklewe in Kroonstad geword het nie.

Dit was veral die koor van die Hoërskool Kroonstad onder leiding van mev. Yvonne Rossouw wat van 1974-1990 'n besonder verdienstelike standaard gehandhaaf het.

1 *Tersteegen (Ters) van Huyssteen, soos hy by almal bekend was, is op 13 November 1908 op Riebeeck-Wes gebore. Van Huyssteen matrikuleer op Malmesbury waar hy 'n Voordraerslisensiaat onder leiding van P. J. Lemmer verwerf. Hy het sy musiekstudie op Robertson onder leiding van die bekende klavierpedagoog prof. Maria Fismer voortgesit. In 1932 het Van Huyssteen 'n pos as musiekonderwyser aan die Hoërskool Lichtenburg aanvaar. Van Huyssteen het hierna na Londen vertrek waar hy aan die Royal Academy sy musiekstudie voortgesit het. Na sy terugkeer uit Londen het hy hom weer in Lichtenburg gaan vestig. Gedurende die volgende 15 jaar het van Huyssteen in Wes-Transvaal bekend geraak as 'n uitstekende klavier- en sangonderwyser, orrelis en koorleier. In 1946 is van Huyssteen as departementshoof aan die Kroonstadse Tegniese Kollege aangestel. Hier was hy orrelis en het onder andere 'n mannekoor en 'n dameskoor afgerig. Sy behoefte om steeds sy kwalifikasies te verbeter het daartoe gelei dat hy verdere studie in Bloemfontein by die twee bekende musiekpedagoë David Roode en Petrus Lemmer onderneem het. In Kroonstad was van Huyssteen verantwoordelik vir die opbloei van 'n musiekkultuur en sy werk aan die Tegniese Kollege was merkwaardig. - Hy het die musiekdepartement in so 'n mate opgebou dat toe hy dit in 1960 verlaat het, was daar 300 ingeskrewe musiekstudente en 13 dosente.* (Verster, 1987:51,53) Dit is egter sy werk as mede-afrigter van die Vrystaatse Jeugkoor en die invloed wat dit op skoolkore in die provinsie uitgeoefen het, wat allerweë as merkwaardig beskou word.

## 3.18 Die kooraktiwiteit aan die Primêre Skool Hennenman, Hennenman

### 3.18.1 Historiese perspektief

Die dorp Hennenman het aanvanklik as *Ventersburg Road* bekend gestaan, maar op 28 Mei 1927 is die naam na *Hennenman*[1] verander. Die eerste skool (aanvanklik met Engels as onderrigtaal) is in Maart 1904, met mev. Minnie Turner as skoolhoof, gestig. Op 19 Januarie 1955 het die hoërskool van die laerskool afgestig en vanaf 3 Junie 1955 staan die laerskool as die *Volksskool Hennenman* bekend. Mnr. J. C. de Bruin was die eerste hoof van die nuwe volksskool. Op 1 April 1960 is 'n nuwe primêre skool met mnr. Dolf Brits as skoolhoof in gebruik geneem en in 1982 is hy deur mnr.Will Spies opgevolg. Die geboue van die nuwe primêre skool is in 1986 in gebruik geneem en die huidige skoolhoof, mnr. Kobus Potgieter is in dieselfde jaar aangestel. Die skool het tans (1994) 'n leerlingtal van ongeveer 400. (Bothma, 1994:onderhoud)

Sedert die vyftigerjare het die koor en individuele leerlinge van die skool dikwels aan die Kroonstadse kunswedstryd deelgeneem en uitsonderlik presteer:

- In 1955 het die koor aan die Kroonstadse kunswedstryd deelgeneem en vanweë die talle diplomas wat aan deelnemers van die skool toegeken is, is die beker vir die meeste diplomas ook aan die skool toegeken.
- Op 27 April 1956 het die skool weer eens aan die Kroonstadse kuns-

1 Die dorp is na 'n sekere mnr. en mev. Hennenman (voorletters onbekend) vernoem. (Bothma, 1994:telefoniese gesprek)

wedstryd deelgeneem en 37 Goue en 54 Silwer diplomas verower.

□ In 1959 het die skool aan die Kroonstadse kunswedstryd deelgeneem en 85 Goue en 137 Silwer diplomas is aan deelnemers van die skool toegeken. Die skool het hiermee weer eens die beker vir die meeste diplomas op die kunswedstryd gewen. (Bothma, 1994:telefoniese gesprek)

Uit bostaande blyk dit duidelik dat die uniekheid[1] van die skool se kultuuraktiwiteite, en in die besonder die kooraktiwiteit, etlike dekades gelede reeds gevestig is.

### 3.18.2 *Hettie Bothma* en die kooraktiwiteit

Hettie Bothma is as onderwyser (met geen musiekkursus nie) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat opgelei. Gedurende haar studiejare het sy klavieronderrig van mnr. O. Karstell, bekende klavierpedagoog in Bloemfontein, ontvang. Onder sy leiding verwerf sy die Voordraers-lisensiaat van UNISA in klavier. Sy ontvang terselfdertyd sangonderrig van prof. David Roode. *Wat ek by hom geleer het, het so 'n groot indruk op my gemaak dat dit vir die res van my lewe van waarde sou bly.* (Bothma, 1994:onderhoud)

Voor haar aanstelling as onderwyser aan die Primêre skool Hennenman het sy ook betrekkings op Vrede en Kroonstad (Voorwaarts en Kroonheuwel primêre skole) beklee. Hettie Bothma is sedert 1965 aan die Primêre Skool Hennenman verbonde en gedurende die afgelope drie dekades het sy 'n merkwaardige koorsangtradisie by die skool opgebou.

1 Aangesien Hennenman oor gemiddelde en ondergemiddelde leerlingpotensiaal beskik en die dorp relatief geïsoleerd van 'n kultuursentrum soos Bloemfontein is, kan die prestasies op musiekgebied daar as uniek beskou word.

Sy is verantwoordelik vir klasmusiek en buitekurrikulêre klavieronderrig. Benewens die welslae met die koor, behaal sy ook uitsonderlike prestasies as klavierpedagoog.

In die sestigerjare was die koor, soos dit by die meeste skole die geval was, 'n geleentheidskoor[1], maar sedert die begin van die sewentigerjare funksioneer die koor op 'n permanente basis. Die klasmusieksituasie dien as 'n vertrekpunt vir die kooraktiwiteit[2].

Die eerste keuring van leerlinge vind gedurende die klasmusiekperiode in die eerste twee weke van die eerste kwartaal plaas. As gevolg van hierdie siftingsproses word die klasmusiekklasse in drie groepe verdeel[3]. Daar ontstaan jaarliks ongeveer 26-28 koorvakatures wat met standerd 2-leerlinge gevul moet word. Die koor word saamgestel uit leerlinge van standerd 2 tot standerd 5.

---

1 *Indien daar een of ander geleentheid was, het 'n mens 'n paar kinders bymekaargeskraap* (sic) *en iets vir hulle geleer. Die klasmusiek was tussen verskillende onderwysers verdeel en dit het die ontstaan van 'n permanente koor bemoeilik. Die koor het eintlik eers toe klasmusiek in die skoolopset belangriker geword het, meer gestruktureerd en gespesialiseerd geraak en in 1972 sy beslag gekry.* (Bothma, 1994:onderhoud)

2 Daar word egter op geen wyse van die klasmusiekperiode tot voordeel van die koor misbruik gemaak nie. Die volgende aspekte maak gereeld deel uit van die klasmusiekperiode en het ongetwyfeld 'n bevrugtende effek op die kooraktiwiteit:

* *Asemhalings- en ontspanningsoefeninge*
* *Stemoefeninge*
* *Notasieleer*
* *Sing van kanons.* (Bothma, 1994:onderhoud)

3 *Die suiwer stemme (hulle sit agter),* * *die middelgroep (sit in die middel) en* * die *brommertjies* (word heel voor in die klas geplaas). *Die minder musikale leerlinge wat in die middel en voor sit, word gehelp deur die sterker stemmetjies wat van agter na hulle toe kom. Klasintonasie word hierdeur bevorder en ek ondervind dit jaar na jaar dat my agterste rye in getalle groei en die middelste en voorste rye krimp. Op die manier ontwikkel 'n leerling wat in standerd 2 nie oorweeg kon word nie, so doeltreffend dat ek hom/haar die volgende jaar met vrymoedigheid in die koor kan plaas.* (Bothma, 1985:lesing)

Hettie Bothma beskou 'n maksimum van sestig as die ideale getal vir 'n laerskoolkoor en waarsku teen die oorskryding daarvan[1]: *Met elke leerling wat hierdie getal oorskry, vermeerder jou probleme.* (Bothma, 1985:lesing) Daar word van die volgende oudisieprosedure gebruik gemaak:

* Die leerling moet 'n pentatoniese patroon wat voorgespeel word, naboots: *Indien die kind dit nie kan doen nie, toets ek nie eers verder nie.* (Bothma, 1994:onderhoud)

* Indien die vorige toets bevredigend was, moet die leerling nou intervalle waarvan die spronge groter word, naboots.

Die koor bestaan uit ongeveer vyftig leerlinge wat meebring dat 9%[2] van die leerlinge in die skool in die skoolkoor sing. Dit is verbasend dat alle kandidate aanvanklik as soprane gekeur word. *'n Kind moet die hoë B[3] kan sing anders word hy nie in die koor toegelaat nie.* (Bothma, 1994:onderhoud) Hettie Bothma (1985:lesing) beskou die volgende aspekte tydens 'n oudisie van belang:

□ Veilige intonasie.

□ Die stemomvang.

---

1 *Die gevaar bestaan dat 'n deelnemer aan 'n groepprojek geneig sal wees om lyf weg te steek omdat sy bydrae nie so maklik gemeet kan word nie. Proefneming het aan die lig gebring dat die sosiale druk wat op 'n individu uitgeoefen word om sy maksimum bydrae te lewer, verswak word in die groepsituasie en dat hierdie verswakking in direkte verhouding staan met die individuele aantal deelnemers aan die groep.* (Smit, 1984:18)

2 Indien dit in aanmerking geneem word dat slegs 250 leerlinge vir koorkeuring beskikbaar is (aangesien sub A- en B -leerlinge nie oorweeg word nie), sing nogtans ongeveer 25% van die kinders in die skoolkoor.

3 *Hierdie praktyk is uiters ongewoon aangesien kinders op laerskool se omvang van ongeveer Middel-C tot E-vierde spasie strek. Seuns het egter 'n wyer omvang (van ongeveer die B onder Middel-C tot die hoë G.* (Du Plooy, 1994:telefoniese gesprek) *Aangesien seuns op laerskool 'n neiging het om hoër as dogters te sing is dit ook vreemd dat Hettie Bothma seuns hoofsaaklik vir alte gebruik. Die rede hiervoor het waarskynlik meer psigiese as stemtegniese konnotasie. 'n Foutiewe en gedwonge klassifikasie van stemme kan egter skadelik vir die stem wees.* (Latherow, McKiney soos aangehaal deur Verster, 1987:186)

□ Klank en volume - dit hoef nie 'n groot stem te wees nie - veral nie skerp of dik nie.

□ Intelligensie.

□ 'n Goeie sin vir ritme.

□ Die praatstem[1] van die kind.

Repetisies vind twee keer per week vir 'n gesamentlike tydsduur van drie uur plaas. Benewens hierdie weeklikse oefeninge is daar ook drie Saterdae per kwartaal waarop van 09:00 tot 13:00 gerepeteer word. Aangesien Hettie Bothma stembouing as 'n onontbeerlike faset van koorleiding beskou, word alle repetisies met stemoefeninge begin, en dit duur ongeveer 15 tot 20 minute.

Gedurende 'n jaar word ongeveer sestien tot twintig nuwe koorwerke instudeer, waarvan nie meer as vyf of ses werke in die eerste kwartaal aangeleer word nie. Die verhouding tussen gewyde en sekulêre werke is gewoonlik eweredig verdeel. Hettie Bothma het deur die jare 'n besondere smaak vir goeie koormusiek en dit is opvallend dat sy nooit populêre[2] tipe werke wat op blote ligte vermaak ingestel is, sing nie.

Die koor tree tydens die volgende geleenthede op:

□ Kunswedstryde[3]. Die koor neem jaarliks deel aan die kunswedstryde op

1 *Omdat sang en spraak funksies van dieselfde organe is, is daar 'n noue verband tussen die twee.* (Gardinar soos aangehaal deur Verster, 1987:197) 'n Musikale kandidaat wat oor natuurlike en duidelike uitspraak, sowel as diksie beskik, sal 'n aanwins in koorverband wees. (Verster, 1987:197)

2 *Ek sing graag werke met goeie musikale waarde en sing nooit van die Afrikaanse luisterliedjies nie - ek voel dat die kinders dit genoeg oor die radio hoor; hulle hoef dit nie ook nog in die koor te sing nie.* (Bothma, 1994:onderhoud)

3 *My koor het deur die jare ongeveer 70 Goue Diplomas op kunswedstryde verower (waarvan 'n paar A+++ was). Die koor het ook op Kroonstad 'n trofee ontvang as die algehele wenner van die kunswedstryd.* (Bothma, 1994:onderhoud)

Kroonstad en Hennenman[1].

□ Roodepoortse Eisteddfod. Die koor het in 1987, 1989[2], 1991 en 1993 *aan die Eisteddfod deelgeneem. As gevolg van die prestasies op die Eisteddfod ontvang die koor baie uitnodigings om tydens geleenthede op te tree.* (Bothma, 1994:onderhoud)

□ ATKB-koorkompetisie vir laerskole: Die deelname aan die ATKB-koorkompetisie vir laerskole in 1985 was die eerste werklike sukses wat die koor behaal het. In die daaropvolgende nasionale kompetisie in Stellenbosch is 'n derde plek aan die koor toegeken. (Bothma, 1994:onderhoud)

□ Koorfeeste: Die koor neem gereeld aan die volgende koorfeeste deel: Grey-Kollege, Ficksburg, Kroonstad, Kroonheuwel, Bethlehem en Odensia.

□ Optrede in die Staatsteater: In 1990 is die koor uitgenooi om tydens 'n Sondagmiddaguitvoering in die Staatsteater in Pretoria op te tree. Na afloop van die koor se program was daar 'n staande ovasie: *Anna Rudolph het die koorfees georganiseer en sy het vir my gesê: "Mevrou Bothma, Pretoria staan nie vir kore op nie, jy het vandag geskiedenis gemaak!"* (Bothma,

---

1 ***Hennenmanse kunswedstryd 1989***

*** 1 Ek wag op die Heer - Mendelssohn *2 Gevoude Sambreeltjie - Pierre Malan en Coenie Rudolph**

***3 Landelike koorsildus - Lourens Faul a) Waar rooibekkies luister b) Die bloedrooi kapokhaan van Vandaan**

#1 *Met goeie stilistiese begrip en musikale toon uitgevoer. Die koorklank was ryk en vol. Deurgaans suiwer gesing met goeie intonasie en woordvorming. Waak teen gebed (gu-bed) Heer (Heur).*

#2 *Met aansteeklike betrokkenheid voorgedra. Die koorklank was skoon en ryk en die woorduitspraak effektief. Pragtige hoë tone en resonante lae tone. Belowende toonvariasie het die musikale gehalte verhoog.*

#3 *a) Mooi a capella-koorsang met 'n skoon koorklank. Die woorde was effektief en duidelik uitgespreek. Intonasie voortreflik.*

#3 b) *Met puik intonasie en effektiwiteit voorgedra - 'n Puik Primêre skoolkoor wat in sy eie klas is. Sulke koorsang word nie elke dag gehoor nie. Puik Afgerig! A++* Erns Conradie 1989-08-10. (Beoordelaarsverslag, 1989:Hennenman Kunswedstryd)

2 ***Verslag van hoofbeoordelaar Eisteddfod 1989:***

*The choir had incredible audience appeal and good communication with the conductor. The balance, diction, phrasing and interpretation were all very good. A superb choral conductor who understood student capability at this age - 90% (Gene Brooks).* (Beoordelaarsverslag, 1989:Eisteddfod)




**Die koor van die Primêre Skool Hennenman onder leiding van Hettie Bothma.**

1994: onderhoud)

#### 3.18.2.1 Individue wat as verwysingsraamwerk dien

Mnr. Tersteegen van Huyssteen (musiekinspekteur) was gedurende die sestiger- en sewentigerjare 'n persoonlike vriend van Hettie Bothma. *Hy het my die meeste van almal van koorafrigting geleer. Met geleenthede soos kunswedstryde het hy my gehelp om die laaste afronding met die koor te doen.* (Bothma, 1994:onderhoud)

Die Tygerbergse Kinderkoor dien vir Hettie Bothma, veral wat klankproduksie betref, as 'n verwysingsraamwerk. Op versoek van mnr. Hennie Loock (dirigent van die Tygerbergse Kinderkoor) het die skoolkoor van die Primêre Skool Hennenman met twee geleenthede uitvoerings saam met die Tygerbergse Kinderkoor gegee. (Bothma, 1994:onderhoud) Die invloed van die Tygerbergse Kinderkoor kan ook in die repertoriumsamestelling van die skoolkoor bespeur word.

### 3.18.3 Samevatting

Die Primêre Skool Hennenman handhaaf reeds dekades 'n tradisie van kultuuraktiwiteite en -prestasies. Mev. Hettie Bothma is die afgelope dertig jaar aan die skool verbonde en onder haar leiding het die koor landswyd bekendheid verwerf. Haar entoesiasme, ondernemingsgees, deursettingsvermoë, kennis en ondervinding dra daartoe by dat sy 'n standaard van koorsang bereik wat nie gewoonlik van kore op die platteland verwag kan word nie.

### 3.19 Oorsig: Koorleiers en die aktiwiteite van geselekteerde skoolkore

In die hoofstuk is daar gefokus op prominente skoolkore en skoolkoorleiers wat 'n beduidende rol in die skoolkoortoneel van die Oranje-Vrystaat gespeel het. Talle skoolkoorleiers het onder dikwels ongunstige omstandighede uitmuntende werk gedoen, veral in 'n tydperk waar musiekopvoeding en koorsang die *stiefkind* van die onderwysstelsel was. In hierdie hoofstuk is erkenning aan sodanige koorleiers verleen. Die werk van veral Michael Casaleggio met die koor van die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein, verdien vermelding. Aangesien hy reeds sover terug as 1934 met 'n permanente skoolkoor begin het, kan hy as 'n pionier van skoolkoorleiding gesien word.

Die werkswyses van skoolkoorleiers met skoolkore, asook die aktiwiteite van die skoolkore is in die hoofstuk bespreek. Aangesien daar heelwat onderlinge ooreenkomste te bespeur is, is dit duidelik dat die verskillende kooraktiwiteite mekaar beïnvloed. Die invloed van die kooraktiwiteit aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein op die standaard van koorsang in die Vrystaat, maar veral in Bloemfontein, moet uitgesonder word.


Sommige skoolkore beskik oor 'n lang koortradisie, terwyl ander vir slegs korter tydperke merkwaardige prestasies gelewer het. Waar skole die kundigheid van prominente koorleiers verloor het en geskikte plaasvervangers nie gevind is nie, het die kooraktiwiteit aan die betrokke skole gekwyn.

Uit koorkompetisieuitslae blyk dit dat die sametrekking van die beste skoolkore in Bloemfontein is. Wat die laerskoolkore betref, is die Primêre Skool Hennenman onder leiding van Hettie Bothma hierop 'n uitsondering.

Uit die beluistering van plaatopnames blyk dit dat die koorsangstandaard van laerskoolkore reeds in die sestigerjare besonder gunstig met dié van die huidige era vergelyk. Dit is daarenteen opvallend dat die hoërskool-standaard in sommige gevalle tans aansienlik hoër is as vroeër.

In die afgelope dekade het veral sekere skoolkooraktiwiteite nuwe standaarde gestel. Die skoolkore het vanweë suksesvolle optredes op kunswedstryde, provinsiale- en nasionale koorkompetisies en weens beter repertorium-samestellings 'n nuwe dimensie aan skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat verleen.

Die volgende is 'n grafiese voorstelling van watter skoolkore die huidige toonaangewende hoër- en laerskoolkore in die provinsie is en hoe hul bevrugtend die skoolkoorsang in die Vrystaat beïnvloed:



# HOOFSTUK 4

## DIE HUIDIGE STAND VAN SKOOLKORE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT (statistiek)

### 4.1 Inleiding

Die statistiese gegewens in hierdie hoofstuk is deur middel van 'n vraelys (Vraelys 1 in Bylaag B op p. 364) ingewin. Die vraelys is aan skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat versend en in die ondersoek is 34 laerskoolkore en 38 hoërskoolkore betrek. Talle vraelyste is gedurende onderhoude met skoolkoorleiers hanteer en sodoende is 'n terugvoeringsyfer van **80%** behaal.

Aangesien die inligting deur middel van vraelyste van skoolkoorleiers in die *platteland* én in *kultuursentra* soos Bloemfontein, Kroonstad, Welkom en Bethlehem verkry is, kan die gegewens as verteenwoordigend van die huidige skoolkoorsituasie in die provinsie beskou word.

### 4.2 Die aard van die skoolkore in die provinsie


Vóór die sewentigerjare was skoolkore hoofsaaklik geleentheidskore, maar die situasie het sedertdien verander. Huidiglik is **82%** van die skoolkore in die provinsie kore wat op 'n permanente basis funksioneer. Hierdie stand van sake is 'n aanduiding van die sterk koorlewe in die provinsie. Die **12%** geleentheidskore word hoofsaaklik by kleiner plattelandse skole aangetref. By slegs **6%** van skole in die provinsie is daar geen kooraktiwiteit nie[1].

---

1 Van die redes wat vir die gebrek aan 'n kooraktiwiteit by 'n skool aangevoer word, is:

- 'n besonder klein leerlingtal by 'n betrokke skool;
- die gebrek aan 'n bekwame onderwyser vir die taak.

### 4.2.1 Die tydperk wat permanente skoolkore bestaan




Die taak van 'n koorleier word gewoonlik vergemaklik indien 'n betrokke skool 'n lang koortradisie het. 'n Sterk koorbewussyn (as gevolg van die koortradisie) by leerlinge, ouers, personeel en skoolhoof dien as motivering vir die leerlinge om aan die kooraktiwiteit deel te neem.

Die relatief eweredige verspreiding ten opsigte van die bestaansduur van skoolkore dui daarop dat sedert twee dekades gelede telkens nuwe permanente kore gestig word. Dit is opvallend dat 51,6% van die skoolkore in die provinsie die afgelope dekade (waarvan 29% in die afgelope vyf jaar) ontstaan het.


### 4.3 Sommige faktore wat die kooraktiwiteit beïnvloed

Die volgende statistiese gegewens het te doen met faktore wat die suksesvolle voortbestaan van die kooraktiwiteit by 'n skool medebepaal. Al die faktore is nie noodwendig ewe bepalend nie, maar indien 'n skool ten opsigte van enige van die volgende faktore afsteek, behoort dit die kooraktiwiteit by daardie skool nadelig te beïnvloed.

### 4.3.1 Die leerlingtal van die skool

Die leerlingtal van 'n skool het gewoonlik 'n direkte invloed op die keuse om 'n koor te stig of te laat voortbestaan. Indien 'n skool min leerlinge het, is die keuse vir die koor beperk en die bestaan van 'n koor by so 'n skool is problematies. Die teendeel is ook waar: Indien die skool oor baie leerlinge beskik, behoort dit die voortbestaan van die kooraktiwiteit te bevorder.

Die verspreiding van die leerlingtalle by die skole wat in die ondersoek betrek is, verskyn hieronder:




Uit bogenoemde word bepaal dat die meerderheid skoolkore in die Oranje-Vrystaat nie negatief deur kleiner leerlingtalle by die betrokke skole beïnvloed word nie. In ongeveer 6,6% van die gevalle (waar daar minder as 200 leerlinge in 'n skool is) sal die klein leerlingtal waarskynlik die kooraktiwiteit negatief beïnvloed, aangesien daar 'n te min leerlinge is waaruit gekeur moet word[1]. Hierteenoor is in 42,7% van die gevalle meer as

1 In sommige skole met 'n groot leerlingtal word byvoorbeeld slegs 10 uit 'n moontlike 200 kandidate gekeur. Indien klein skole dus dieselfde keuring sou doen, sou die koor te klein wees om behoorlik te bestaan.

600 leerlinge, sodat die instandhouding van die kooraktiwiteit by dié skole maklik behoort te wees.


### 4.3.2 Die koorleier

Die koorleier is waarskynlik die vernaamste bepalende faktor in die totstandkoming en instandhouding van 'n suksesvolle kooraktiwiteit by 'n skool. Ten spyte daarvan dat aspekte soos die leerlingtal van die skool, die potensiaal van die leerlinge, die samewerking deur die ouers, skoolhoof en personeellede, die opleiding van die koorleier of selfs die bestaan van 'n lang voorafgaande koortradisie besonder gunstige faktore mag wees, kan die sukses van 'n kooraktiwiteit sonder 'n entoesiastiese en bekwame leier nie moontlik wees nie.

#### 4.3.2.1 Ander akademiese verpligtinge

Die akademiese verpligtinge van skoolkoorleiers blyk nie 'n beduidende invloed op die kooraktiwiteit uit te oefen nie. Indien die koorleier egter verantwoordelik is vir die doseer van 'n vak (soos buitekurrikulêre onderrig) waar hy selde met 'n groot deel van die leerlingkorps in aanraking kom, kan dit moontlik die werwing van en algemene kommunikeringskanaal met voornemende koorlede bemoeilik.

Die persentasies van skoolkoorleiers wat ander akademiese verpligtinge het, is soos volg:




Die volgende opmerkings en afleidings kan na aanleiding van bostaande grafiese voorstelling gemaak word:

* 81,8% van die skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat is vir die onderrig van klas- of buitekurrikulêre musiek, of beide verantwoordelik.
* Die wanopvatting dat dit net klasmusiekonderwysers is wie vir die koorleiding verantwoordelik is, word deur die statistiek weerlê. 'n Geringe meerderheid van die ondervraagde klasmusiekonderwysers behartig wel kooraktiwiteite by skole.
* Die persentasie buitekurrikulêre leerkragte wie vir koorleiding verantwoordelik is, (feitlik net soveel as klasmusiekonderwysers) het vermoedelik gedurende die afgelope dekade toegeneem. Tradisioneel was klasmusiekleerkragte vir die koorleiding verantwoordelik.
* Die veeleisende taak en standaard van vakmusiekonderrig is waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat vakmusiekonderwysers nie meer in dieselfde mate hul weg oopsien om die koorleiding te behartig nie.
* 12,6% van die skoolkoorleiers doseer ander akademiese vakke[1].

1 Dié tendens word ook gemanifisteer ten opsigte van volwassenekore in Suid-Afrika. Proff. Johan de Villiers en Petru Gräbe is byvoorbeeld beide hoogleraars in wiskunde, en drr. Kobus de Witt en John Pauw beide mediese dokters.

### 4.3.2.2 Kontinuïteit

Die kontinuïteit in die koorleierskap by 'n skool het 'n invloed op die voortbestaan van die kooraktiwiteit. In die tydperk vóór die tagtigerjare was getroude dames in 'n tydelike hoedanigheid aangestel sodat dit 'n voortdurende wisseling van personeel teweeg gebring het. Die verandering in die onderwyssituasie in Suid-Afrika en die afskaling van die aantal onderwysposte in die afgelope dekade bring mee dat die wisseling van personeel (ook musiekpersoneel en dus koorleiers) in 'n groot mate beperk is.

In 82% van die ondersoekgevalle waar daar 'n kooraktiwiteit was, was daar kontinuïteit in die koorleierskap, terwyl slegs 18% van die skole wat kore het, 'n gedurige wisseling van koorleiers ervaar.

### 4.3.2.3 Opleiding van koorleiers en koorkursusse

Die opleiding van musiekonderwysers het in die afgelope dekade aansienlik verbeter, aangesien die besit van 'n graadkursus in musiek (B. Mus. of B. A. Mus.) tans eerder die reël as die uitsondering geword het. Onderwysers op die platteland het voorheen dikwels slegs oor 'n UNISA-eksamensertifikaat beskik, maar hierdie situasie het egter sedertdien baie verbeter.

Van die ondervraagde koorleiers wie oor musiekkwalifikasies beskik het, het 62,3% een of ander vorm van kooropleiding as deel van hul opleidingskursusse (soos byvoorbeeld musiekopvoedkunde) gehad, en 37,7% nie. 52,5% van die koorleiers wat wel opleiding in koorleiding gehad het, beskou hul opleiding as nie-relevant vir die praktyk, terwyl 37,7% van diesulkes dit as relevant beskou. Hierdie gegewens dui dus daarop dat slegs 23% van die skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat oor geskikte opleiding in koorleiding beskik. Weens dié leemte in die opleiding van


skoolkoorleiers, word koorkursusse, -simposiums en -werkswinkels as 'n belangrike bron van indiens-opleiding beskou. 78,7% van die skoolkoorleiers in die ondersoek het aangedui dat hulle wel koorkursusse bywoon, terwyl 21,3% nie van sulke geleenthede gebruik maak nie.

Die inisiatief van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging met die Philip McLachlan-werkswinkels wat sedert 1983 plaasvind, bied aan koorleiers 'n waardevolle geleentheid om hul kennis van koorleiding te verbeter. Sedert dié inisiatief geloods is, het daar ses koorwerkswinkels plaasgevind. Slegs sowat **8%** van die skoolkoorleiers in die ondersoek het egter die Philip McLachlan-werkswinkels bygewoon.

Aangesien die werkswinkels gedurende skoolvakansies plaasvind en dit in verskillende sentra in die land gehou word, is dit nie vir koorleiers altyd moontlik om dit by te woon nie. Waar die afstande egter kleiner is en dit gedurende die kwartaal plaasvind, is die bywoning beter. Die Sesde Philip McLachlan-werkswinkel, wat in Julie 1994 in Bloemfontein plaasgevind het, is deur 15% van die koorleiers in die ondersoekgroep bygewoon, terwyl die provinsiale kursus wat in September 1993 in dieselfde stad gehou is, deur 49,3% van die respondente bygewoon is.


### 4.4 Die kooraktiwiteit

Die samestelling van die skoolkore in hierdie ondersoek kan soos volg grafies ingedeel word:




### 4.4.1 Koorledetal

Die ledetalverspreiding van skoolkore in die Oranje-Vrystaat is:





Die ledetal van 78,4% skoolkore bestaan uit 40 of meer koorlede elkeen en feitlik 30% van skoolkore beskik oor 'n ledetal van meer as 60.

### 4.4.2 Koorrepetisies


Die lengte en frekwensie van die koorrepetisiegeleentheid is van die belangrikste voorvereistes vir die beoefening van 'n suksesvolle kooraktiwiteit by 'n skool. Die dramatiese standaardverhoging van sommige skoolkore in

die afgelope dekade hou regstreeks verband met die toename in repetisietyd. Ondersoekgegewens aangaande repetisies van Vrystaatse skoolkore word grafies soos volg weergegee:


### 4.4.2.1 Frekwensie




### 4.4.2.2 Tydsduur van koorrepetisies



### 4.4.2.2.1 Die geskeduleerde tydsgleuf van koorrepetisies




### 4.4.2.3 Wedywering om repetisietyd met ander buitemuurse aktiwiteite:

Gedurende die afgelope dekade het kooraktiwiteite by skole besonder prominent geword. Dit is daarom opvallend dat 75,4% van die respondente aantoon dat hulle met ander buitemuurse aktiwiteite moet meeding om geskikte oefentyd vir die skoolkoor.

### 4.4.3 Stemoefeninge

### 4.4.3.1 Die stand van stembouing by skoolkore in die Oranje-Vrystaat

Op vrae met betrekking tot stembouing van skoolkoorlede het die respondente soos volg gereageer:


□ By 88,5% van die skoolkore is stemoefeninge 'n algemene gebruik.

□ In 11,5% van die gevalle doen skoolkore geen stemoefeninge nie. Die kleiner groep respondente voer die volgende redes aan:

* Die *koorlede hou nie van stemoefeninge nie* en daarom word dit deur koorleiers vermy - 12,5%.

* *Daar is 'n gebrek aan repetisietyd* en die tyd wat wel beskikbaar is kan nie deur stemoefeninge in beslag geneem word nie - 87,5%.

□ Die tydsduur (in minute) wat gedurende 'n repetisie aan stemoefeninge bestee word, is soos volg deur die respondente aangedui:




### 4.4.3.2 Gevolgtrekkings

Die feit dat 88,5% van die skoolkore stemoefeninge as 'n onontbeerlike deel van hul koorrepetisies beskou, is insiggewend[1]. Binne drie dekades het die gebruik van stemoefeninge in groepsverband in die Oranje-Vrystaat 'n algemene praktyk geword en die waarde daarvan word deur skoolkoorleiers erken.

Waar stemoefeninge nie gereeld gedoen word nie, is dit hoofsaaklik weens beperkte repetisietyd. In gevalle waar kore slegs vyf minute van 'n kooroefening aan stemoefeninge afstaan, word die voordele wat dit mag inhou, betwyfel.

McLachlan (1983:8) beveel aan dat kore tien minute aan die begin van 'n


1 Die invloed van die Vrystaatse Jeugkoor in hierdie verband moet nie onderskat word nie. Beide pionierdirigente, Dirkie de Villiers en Tersteegen van Huyssteen, was vurige McLachlan-aanhangers en het as eksponente van sy *stemoefeningpropaganda* in die Oranje-Vrystaat gedien. (Geldenhuys, 1994:onderhoud)

oefening of uitvoering aan stemoefeninge bestee. Die grootste persentasie (38,2%) skoolkore volg hierdie aanbeveling. 33,6% van die skoolkore doen vyftien minute en langer stemoefeninge. Laasgenoemde groep is hoofsaaklik hoërskoolkore wat oor genoegsame repetisietyd (minstens vier uur per week) beskik. Indien so 'n skoolkoor dus twee repetisie-geleenthede per week het, word ten minste dertig minute (12,5%) van die totale oefentyd aan stemoefeninge afgestaan. Die 8,6% skoolkore wat meer as vyftien minute lank stemoefeninge doen, is meer gevorderde skoolkore.

### 4.4.4 Repertorium

#### 4.4.4.1 Aantal stempartye (besetting)

Die hoeveelheid stempartye waarin die kore in die ondersoekgroep sing, is soos volg versprei:




Die volgende moet op gelet word:


* 65% van skoolkore sing twee- en driestemmige koorrepertoria.
* Die 14,3% skoolkore wat eenstemmige literatuur sing, is oorwegend (junior) laerskoolkore.

* Talle (gemengde) hoërskoolkore sing SABar-repertoria en slegs 20,7% van die kore (uit die hoër- en laerskool) durf vierstemmige (of meer as vierstemmige) koorliteratuur aan.

### 4.4.4.2 Aantal koorwerke wat jaarliks ingestudeer word

Die aantal koorwerke wat 'n skoolkoor gedurende die loop van 'n jaar aanleer, is soms 'n weerspieëling van die standaard van die betrokke skoolkoor. 'n Kleiner repertorium is egter nie altyd 'n aanduiding van onderontwikkeldheid nie; dit is moontlik dat die koor besonder kompetisiegerig is en derhalwe min werke ingestudeer het, maar dit met die oog op uitmuntendheid uitvoer. Eweneens is 'n groot repertorium nie noodwendig 'n bewys van 'n besondere standaard van koorwerk nie. 'n Koor beskik soms oor 'n groot repertorium, maar kwaliteit word ter wille van kwantiteit ingeboet.

Die volgende statistiese gegewens toon die verspreiding van die aantal koorwerke wat deur skoolkore in die ondersoek gedurende een jaar aangeleer is:




Uit dié gegewens is die volgende van belang:

Die groep met die kleinste repertoria is hoofsaaklik junior-laerskoolkore. Hulle repetisietyd val gewoonlik binne skoolure en dit sou onrealisties wees om meer werke aan te pak. Die grootste persentasie (37,3%) van die skoolkore leer tussen 5 en 10 koorwerke gedurende een jaar aan. Skoolkore wat meer as 15 koorwerke instudeer (11,5% van die totaal), is hoofsaaklik hoërskoolkore.

### 4.4.4.3 Beskikbaarheid van geskikte repertoria

Vir 67,2% van skoolkoorleiers in die ondersoekgroep is die onbekombaarheid van koorliteratuur 'n struikelblok in hul taak. 32,8% van die respondente ondervind in hierdie opsig geen probleem nie. Redes vir dié respons is waarskynlik die volgende:


* Sommige skoolkoorleiers weet in die eerste instansie nie wat as 'n *geskikte* repertorium vir skoolkore (of hul betrokke skoolkore) behoort te wees nie.
* Vir sommige koorleiers is die voortdurende versameling van koorliteratuur nie 'n prioriteit nie.
* Dit is baie problematies om geskikte koorliteratuur by bladmusiekwinkels te kry.

### 4.4.4.4 Begeleiding

Die klavier oorheers as begeleidingsinstrument omdat 57,4% van die skoolkore in die ondersoekgroep daarvan gebruik maak. In 39,3% van die gevalle sing kore soms begeleid en soms onbegeleid, terwyl 3,3% van die kore hoofsaaklik onbegeleide koorliteratuur sing. In laasgenoemde geval is uitsluitlik hoërskoolkore betrokke.

### 4.4.5 Optredes

Die response ten opsigte van skoolkooroptredes was soos volg:





Die volgende afleidings kan uit die gegewens gemaak word:

* Die feit dat 66,8% van die skoolkore gereeld optree, is 'n aanduiding van 'n lewendige koorkultuur in die Oranje-Vrystaat.
* Die skoolkore wat aangedui het dat hulle slegs tydens koorfeeste optree, is skoolkore wat vanweë geografiese[1] ligging geïsoleerd is of wat 'n sukkelbestaan voer.

#### 4.4.5.1 Koorfeeste

Koorfeeste word soos volg deur die skoolkore in die ondersoekgroep ondersteun:


1 Skole op plattelandse gebiede wat ver van kultuursentra soos Bloemfontein, Bethlehem, Kroonstad of Welkom geleë is, het gewoonlik min optreegeleenthede.




Aangesien 93,3% van die kore aan koorfeeste deelneem, moet koorfeeste as een van die gewildste optreegeleenthede vir skoolkore beskou word.

### 4.4.5.2 Koorkompetisies (kunswedstryde uitgesluit)

Die ondersteuning van sulke geleenthede is soos volg:




Dit blyk dat die ATKB-koorkompetisie voorrang geniet as kompetisie, maar dit is insiggewend dat die grootste meerderheid skoolkore aan geen koorkompetisie deelneem nie.

### 4.4.5.3 Kunswedstryde

Kunswedstryde vind sedert die instelling daarvan in 1926 groot byval by skoolkore. Dit is steeds baie gewild en 70% van die skoolkore in die ondersoekgroep neem aan kunswedstryde deel. Die feit dat meer as een skoolkoor in 'n afdeling goeie simbole kan verwerf, is waarskynlik vir die gewildheid van dié wedstryde verantwoordelik.

### 4.4.5.4 Eredienste

In hierdie verband was die response soos volg:





Aangesien 89,3% van die respondente aangedui het dat hulle tydens eredienste optree, kan dit as een van die gewildste optreegeleenthede vir skoolkore beskou word. Optredes tydens eredienste bied aan alle skoolkore

(ongeag die koorstandaard) die geleentheid om in liturgiese verband voor 'n gehoor op te tree.

## 4.4.6 Prominensie van die kooraktiwiteit

By 62,3% van die skole met kore word die kooraktiwiteit as 'n prestige-aktiwiteit beskou, terwyl 37,7% van die respondente aangedui het dat daar aan die skoolkoor geen prominensie verleen word nie.

Die koorleiers het op 'n 5-puntskaal die positiewe houdings van die skoolhoof, personeel en leerlinge jeens die volgende gemiddeld só aangedui:





Die gegewens dui daarop dat dit die persepsie van koorleiers is dat sportaktiwiteite steeds 'n aansienlike voordeel bo kultuuraktiwiteite en veral die kooraktiwiteit het.

## 4.4.7 Kore wat as verwysingsraamwerk dien

Daar hulle voel dat die opleiding in koorleiding in Suid-Afrika nie toereikend is nie, dien ander koorleiers by prominente kore as 'n verwysingsraamwerk vir sekere skoolkoorleiers (byvoorbeeld wat klankproduksie, repertorium en repetisieprosedures betref).


Die gewildheid van 'n aantal sodanige kore is soos volg:




Uit dié grafiese voorstelling blyk dit dat die Vrystaatse Jeugkoor en ander skoolkore as die belangrikste verwysingsraamwerk vir skoolkoorleiers in die Oranje-Vrystaat dien.

### 4.4.8 Koorlede van die Vrystaatse Jeugkoor of Bloemfonteinse Kinderkoor - 'n bate[1] vir die skoolkooraktiwiteite?

In hierdie verband was die response soos volg:




1 Die redes vir hierdie negatiewe respons is deur skoolkoorleiers gedurende onderhoude soos volg aangegee:

- Kinders wat in die buiteskoolse kore sing, wil as gevolg van dié kore se intensiewe oefen- en optreeprogramme nie aan die skoolkooraktiwiteit deelneem nie.
- Die optredes van skoolkore en die Vrystaatse Jeugkoor of Bloemfonteinse Kinderkoor bots dikwels. In dié verband moet genoem word dat optredes van die Vrystaatse Jeugkoor (indien botsings ontstaan) voorrang geniet.

## 4.4.9 Revues

Die populariteit van revues het die afgelope dekade aansienlik toegeneem. Dit is insiggewend dat 40% van skoolkoorleiers die mening toegedaan is dat daar meer klem op revuewerk gelê behoort te word. By 34,4% van skole is daar benewens die kooraktiwiteit 'n afsonderlike revuegroep. In 41% van die ondersoekgroep word daar met die skoolkore terselfdertyd addisionele revuewerk gedoen. Die inisiëring van die Hoërskool Sand du Plessis om jaarliks 'n revuefees (soortgelyk aan die Grey-Kollege Koorfees) te organiseer en die toename in populariteit van die fees bevestig die prominensie wat aan revues verleen word.

# HOOFSTUK 5

## REPERTORIUMTENDENSE BY SKOOLKORE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT IN DIE TYDPERK 1980 - 1994[1]

### 5.1 Inleiding

Acama Fick (1993:onderhoud), voormalige koorleier van die Stellenbosse Universiteitskoor huldig die mening dat koorleiers in Suid-Afrika weens die ontoereikendheid van opleiding as outodidakte beskou kan word. Ten spyte van hierdie leemte en agterstand (in vergelyking met 'n land soos Swede[2]) is dit nogtans merkwaardig wat in die afgelope dekade op koorgebied en veral aangaande vernuwing in repertoriumkeuse in Suid-Afrika bereik is.

Uit onderhoude met skoolkoorleiers blyk dit dat die regte repertoriumkeuse en -samestelling 'n voorvereiste vir sukses en verdere stimulering en ontwikkeling van 'n koor is. Dié beskouing het waarskynlik grotendeels gevestig geraak deur gereelde deelnames aan koorkompetisies, kunswedstryde en koorfeeste. Die beter kontinuïteit[3] in koorleiding het verder bevrugtend op die ontwikkeling van koorwerk ingewerk.

In hierdie hoofstuk word daar op koorleiers in die Oranje-Vrystaat se voor-

1 Die afgelope vyftien jaar (1980-1994) word gekenmerk deur 'n merkwaardige verbetering in die ontwikkeling van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat. Repertoriumkeuses hou gewoonlik verband met standaardverhoging en daarom word die tydperk (1980-1994) vir repertoriumnavorsing in die hoofstuk uitgesonder.

2 Die besondere koorkultuur in Swede geniet huidig in die internasionale koorwêreld hoë aansien en prof. Eric Ericson se bydrae tot die koorkultuur in daardie land geniet soortgelyke erkenning.

3 Die koorleiers by skole wissel nie meer so dikwels as wat dit vantevore wel die geval was nie.

□ invloed van koorlede se voor- en afkeure op die koorleier se beslissings ten opsigte van repertoriumsamestelling

□ die musikale betekenis van 'n komposisie

□ die invoer van nuwighede in die koorrepertoria

□ die inkorporering van gewyde literatuur (Neger Geestelike liedere uitgesluit)

□ die insluiting van volksliedjies (eg Suid-Afrikaanse volksliedjies)

□ die insluiting van Neger Geestelike liedere

□ die insluiting van die Afrikaanse luisterliedjie (verwerkings van die oorspronklike solokomposisies).

□ die insluiting van werke uit musiekblyspele

□ verteenwoordiging van twintigste-eeuse musiek

□ die insluiting van verwerkings van populêre musiek uit rolprente en van bekende nie-Suid-Afrikaanse kunstenaars


□ die vermaaklikheidsaspek en die reaksie van die gehoor op die repertorium wat aangebied word as 'n riglyn in programsamestelling

□ die insluiting van werke wat solosang vereis

□ die inkorporering van werke deur Suid-Afrikaanse komponiste (byvoorbeeld S. le Roux Marais, P. J. Lemmer, Pieter de Villiers, Pieter van der Westhuizen en Chris Lamprecht).

Koorleiers moes die belang van bogenoemde oorwegings in hul repertoriumkeuse op 'n 5-punt skaal aantoon, en die resultate kan grafies soos volg voorgestel word:

# RESULTAAT VAN VRAELYS: REPERTORIUMSAMESTELLING



## 5.2.1 Gevolgtrekkings

Uit die onderhoude en die resultate van die vraelys blyk die volgende:

### 5.2.1.1 Koorleiers beplan met betrekking tot repertoriumsamestelling

In teenstelling met 'n era (1930-1980) waar koorleiers enige beskikbare koorrepertorium aangebied het, is dit duidelik dat koorleiers gedurende veral die afgelope dekade verantwoordbare repertoria sing. Voorheen is sinvolle beplanning in dié verband belemmer deur onder meer 'n gebrek aan geskikte koorliteratuur, 'n gebrek aan basiese musiekopleiding, die politieke en nasionale klimaat (die opkoms van Afrikaner-nasionalisme en die gevolglike beklemtoning van die volkseie), en die voorliefde vir romanties-georiënteerde Engelse koorwerke.

Beplanning ten opsigte van repertoriumkeuse en repertoriumsamestelling het vandag byna oral by skole praktyk geword. Die voorbeeld van suksesvolle koorleiers en die persoonlike ervaring in repertoriumsamestelling noop skoolkoorleiers tot sinvoller en meer verantwoordbare repertoriumkeuses. Die meer geredelike beskikbaarheid en die groter verskeidenheid in koorrepertoriumstukke[1] het voorts sinvolle beplanning moontlik gemaak.

1 Komponiste en verwerkers uit eie bodem soos onder andere Chris Lamprecht, Pieter van der Westhuizen, Pieter de Villiers, Dirkie de Villiers, Gawie Cillié, Andries Wassermann, Danie Hyman, Zandra den Hartog, Niel van der Watt, Johan van der Sandt, asook talle populêre Afrikaanse vermaaklikheidskunstenaars soos Koos du Plessis, Anton Goosen, Laurika Rauch, Randall Wicomb en Christa Steyn, (om net enkeles te noem), vermenigvuldig die keusemoontlikhede vir hedendaagse koorleiers, in teenstelling met wat in die vorige era die geval was.

### 5.2.1.2 Koorleiers differensieer tussen repertoriumsamestellings vir onderskeidelik koorkompetisies en koorfeeste

Die meeste koorleiers tref onderskeide in repertoriumkeuses vir koorkompetisies, kunswedstryde en koorfeeste. Die herlewing van koorkompetisies in die Vrystaat sedert die inisiatief van die ATKB in 1978, en die instelling van die wedstryd om die Vrystaattrofee vir koorsang in 1987, het talle koorleiers gedwing[1] om tussen kompetisie- en koorfeesrepertoria te onderskei. Skoolkoorleiers wat in koorkompetisies en op koorfeeste deur middel van 'n gedifferensieerde repertoriumtegniek sukses behaal het, het as voorbeeld vir ander koorleiers gedien.

#### 5.2.1.2.1 Koorkompetisies

Die repertoriumkeuses van koorleiers vir koorkompetisies toon 'n positiewe ontwikkeling. (Verster, 1993:onderhoud) Hierdie tendens word ook in nasionale koorkompetisies waargeneem. 84% van die programme wat skoolkore tydens die Nasionale ATKB-koorkompetisie in 1980 aangebied het, was literatuur uit die FAK-sangbundel. In 1994 is daar tydens die ATKV-Applous Galakonsert geen repertoriumitems uit genoemde bundel afkomstig nie. Hieruit blyk dat skoolkoorleiers hulle tot ander bronne[2] vir literatuur wend en meer relevante en gevorderde repertoria vir kompetisiedoeleindes kies. Die invloed van universiteitskore in Suid-

---

1 Weens die fel kompetisie tussen vooraanstaande skoolkore is koorleiers genoop om 'n aspek soos repertoriumkeuse vir veral koorkompetisies te verfyn.

2 Nuwe koorbundels, soos dié deur die Suid-Afrikaanse Koorvereniging, en werke wat by komponiste en verwerkers soos Dirkie de Villiers, Danie Hyman, Andries Wassermann, Pieter de Villiers, Pieter van der Westhuizen en Chris Lamprecht verkrygbaar is, het alternatiewe bronne vir koorleiers geword.

Afrika moet in dié verband nie onderskat word nie[1].

Uit die response op die vraelys (gemiddeldes op 'n 5-puntskaal) blyk dit dat die volgende as baie belangrik beskou word in die samestelling van 'n program vir 'n koorkompetisie:

□ verskeidenheid en afwisseling in die programsamestelling. (Gewyde koorwerke, musiek uit verskillende styltydperke, madrigale, jazz-verwerkings en volkswysies word in programme afgewissel.) - 4,52

□ die musikale betekenis van die komposisie - 4,48

□ die insluiting van gewyde liedere - 4,37

□ die insluiting van musiek uit verskillende styltydperke. (Barokmusiek, musiek uit die Klassieke Tydperk, en twintigste-eeuse musiek word in programme aangetref.) - 4,0

□ afwisseling tussen begeleide en onbegeleide sang - 3,9.

**5.2.1.2.2. Koorfeeste**

Uit die resultate van die vraelys (gemiddeldes op 'n 5-puntskaal) blyk dit dat die volgende as belangrike oorwegings in die samestelling van 'n koorprogram vir 'n koorfees geld:

□ die vermaaklikheidswaarde vir die gehoor - 4,66

□ verskeidenheid en afwisseling in die programsamestelling - 4,40

□ die insluiting van werke uit musiekblyspele - 4,28

□ die insluiting van volksliedjies - 4,04

□ die insluiting van verwerkings van sogenaamde populêre musiek - 3,72

□ die insluiting van Afrikaanse luisterliedjies - 3,56.

---

1 Oud-koorlede wat later self in die praktyk staan en werke wat deur die universiteitskoor gesing is gebruik, sorg vir heelwat vernuwing op skoolkoorvlak.

## 5.3 Die samestelling van koorfeesprogramme

Die deelname aan koorfeeste het sedert die begin van die tagtigerjare[1] een van die belangrikste optreegeleenthede vir skoolkore geword. Optredes by koorfeeste het as stimulus vir die ontstaan van nuwe skoolkore gedien. (Aitchison, 1993:onderhoud) Die fenomeen dat 'n baie groter persentasie van die bestaande skoolkore aan koorfeeste as aan koorkompetisies deelneem, bring mee dat die meeste repertoria wat skoolkore sing in der waarheid koorfeesrepertoria is. In die beplanning van 'n repertorium vir 'n nuwe koorjaar is een van die belangrikste prioriteite dus die saamstel van 'n koorfeesprogram.

### 5.3.1 Koorfeesprogramme 1980 - 1993

Uit die bestudering van programme van koorfeeste wat in Bloemfontein, Bethlehem, Kroonstad en Welkom in die tydperk 1980-1993 gehou is, blyk die volgende:

#### 5.3.1.1 Repertorium met die doel om die gehoor te vermaak

Soos uit die resultate van die repertoriumvraelys blyk, weeg die vermaaklikheidsfaktor die swaarste in die samestelling vir 'n koorfeesprogram. Dit verbaas dan nie dat van die **704 liedere** wat (volgens die betrokke programme) op koorfeeste in Bloemfontein, Bethlehem, Kroonstad en Welkom sedert 1980 gesing is, 37,6% populêre liedere was.

---

1 Voor die tagtigerjare het daar koorfeeste plaasgevind, maar hoegenaamd nie met die prestige-waarde wat met die Grey-Kollege koorfees, Voortrekker koorfees (Bethlehem), Odensia koorfees (Welkom) of die Hoërskool Kroonstad koorfees (Kroonstad) vereenselwig word nie.

Dit sluit nie die 7% Afrikaanse luisterliedjies en die 5,9% musiekblyspelewerke in nie.

**Gesamentlik verteenwoordig die repertoria wat blote vermaak as oogmerk het, dus 50,5% van die koorfeesprogramme.**

Die tendens tot vermaaklikheidrepertoria was in die tydperk 1992-1993 10% sterker in die plattelandse sentra as in Bloemfontein.

### 5.3.1.2 Die Afrikaanse luisterliedjie


Die gewildheid van die Afrikaanse luisterliedjie het sedert die begin van die tagtigerjare aansienlik toegeneem. Op die 1982 en 1983 koorfeeste het dié repertoriumtipe slegs 1,3% van die programme (op die Odensia- en Grey-Kollege-koorfeeste) in beslag geneem, teenoor 18,2% in die tydperk 1991-1992. Dit wil voorkom asof dié repertoriumtipe veral in die plattelandse sentra in gewildheid toegeneem het. Die volgende statistiek het betrekking:



### 5.3.1.3 Gewyde liedere (Neger Geestelike liedere uitgesluit)

Uit die response op die repertoriumvraelys het dit geblyk dat gewyde liedere nie so 'n sterk voorkeurkeuse vir koorfeeste as vir koorkompetisies is nie. Die 10,7% repertoriumaandeel wat sedert 1980 op koorfeeste aan gewyde liedere afgestaan is, is hiervan 'n weerspieëling. Koorkompetisie-instansies (soos die ATKB) vereis gewoonlik dat een van vier liedere van gewyde aard moet wees, wat beteken dat 25% van koorkompetisieprogramme uit gewyde liedere bestaan.

By die Grey-Kollege Koorfees in Bloemfontein[1] word egter 'n groter wordende deel van die program aan gewyde liedere afgestaan:




### 5.3.1.4 Afrikaanse volksliedjies


Uit die response van die koorleiers op die repertoriumvraelys blyk dit dat volksliedjies nie belangriker geag word vir koorfeeste as vir koorkompetisies nie. Op die 1992 en 1993 koorfeeste is gemiddeld 9,4% van die repertoria aan volksliedjies afgestaan, teenoor 25% in die geval van koorkompetisies. Volksliedjies word gewoonlik vir koorkompetisies voorgeskryf en die spanning wat gewoonlik met koorkompetisies gepaard gaan, is waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat 'n antipatie jeens dié liedtipe ontstaan het. 'n

1 Die konsentrasie van skoolkore wat aan kompetisies deelneem, is in Bloemfontein die sterkste, en dit is waarskynlik waarom gewyde liedere so sterk op die Grey-Kollege koorfeesprogramme figureer.

Afname in die voorkoms van Afrikaanse volksliedjies word ook waargeneem:




Dit is opvallend dat volksliedjies in die huidige dekade aansienlik minder (in persentasie uitgedruk) op die Grey-Kollege koorfeeste in Bloemfontein as op die plattelandse koorfeeste gesing is:




## 5.3.1.5 Neger Geestelike liedere

Dit is verbasend dat, hoewel Neger Geestelike liedere as belangrik vir koorfeesprogramme beskou word, dit nie in die werklikheid gereflekteer word nie. Aangesien hierdie liedtipe inderdaad onder die vermaakliheids-repertorium kan resorteer, doen genoemde stand van sake vreemd aan. Die rede hiervoor is waarskynlik dat Neger Geestelike liedere gewoonlik sodanig verwerk is dat dit relatiewe hoë koorsanggehalte vereis. Slegs 3,8% van koorfeesrepertoria in die tydperk 1980-1993 bestaan uit hierdie liedtipe.

### 5.3.1.6 Erkende koorliteratuur van standaard (gewyde liedere ingesluit)

Erkende koorliteratuur van gehalte, wat hoofsaaklik op koorkompetisies gesing word, is vanselfsprekend nie 'n voorkeurkeuse vir koorfeeste nie. Die feit dat koorfeeste meer op vermaak aan die gehoor ingestel is, is vir sowel die koorlede en koorleier van belang. Skoolkore wat 'n gemiddelde en ondergemiddelde standaard handhaaf en nie werke van hoër ingewikkeldheidsgraad kan aandurf nie, bring mee dat gemiddeld 7,2% van koorfeesprograminhoude (1992-1993) aan erkende koorliteratuur van standaard afgestaan word.

Dit is opvallend dat hoër-standaard koorwerke 14,7% van die programme op die Grey-Kollege koorfeeste in Bloemfontein uitmaak, terwyl dit in die plattelandse sentra soos Bethlehem (2,4%) en Welkom (4,6%) heelwat minder is.


### 5.3.1.7 Taalvoorkeure


Soos ten opsigte van die ander koorfeesprogramtendense, is die taalvoorkeure by repertoriumsamestelling in Bloemfontein verskillend van die ander (plattelandse) sentra. Tydens koorfeeste in Bloemfontein (1993) is byvoorbeeld die grootste persentasie Engelse liedere (45,5%) en die kleinste Afrikaanse repertorium (28,4% van die totaal) gesing. By die Odensia Koorfees (1992) word die meeste Afrikaanse liedere (52,3% van die totaal) en die minste Engelse liedere (32,3% van die totaal) gesing. Op die 1993 Grey-Kollege Koorfees in Bloemfontein is 'n aansienlike hoeveelheid items (26,1%) in ander tale as Afrikaans en Engels gesing.


### 5.3.1.8 Geografie


Dit is opvallend dat die koorfeesprogramtendense in die onderskeie sentra in die provinsie verskil. Politieke oortuigings bepaal waarskynlik aspekte soos taalvoorkeure ten opsigte van repertoria. Dat in Bloemfontein die grootste persentasie goeie, erkende koorliteratuur gesing word, reflekteer die feit dat daar 'n konsentrasie van uitstaande skoolkore in dié stad is.


Die onderskeie bevindinge (tipe liedere en tale waarin die liedere gesing is) na aanleiding van koorfeesprogramondersoek kan grafies só voorgestel word:










Grey-Kollege Koorfees 1982
(17.0%) Tradisionele liedere van ander lande
(18.0%) Afrikaanse volkswysies
(0.0%) Afrikaanse Luisterliedjie
(6.8%) Neger Geestelike liedere
(10.2%) Gewyde liedere
(13.6%) Liedere uit musiekblyspele
(3.0%) Koorliteratuur van gehalte
(31.4%) Populêre repertorium



Grey-Kollege Koorfees 1984
(19.0%) Tradisionele liedere van ander lande
(12.6%) Afrikaanse volkswysies
(4.0%) Afrikaanse Luisterliedjie
(10.7%) Gewyde liedere
(5.4%) Neger Geestelike liedere
(2.7%) Liedere uit musiekblyspele
(14.9%) Koorliteratuur van gehalte
(30.6%) Populêre repertorium



Grey-Kollege Koorfees 1985
(17.0%) Afrikaanse volkswysies
(17.5%) Tradisionele liedere van ander lande
(12.5%) Gewyde liedere
(3.7%) Afrikaanse Luisterliedjie
(5.0%) Neger Geestelike liedere
(2.5%) Liedere uit musiekblyspele
(13.7%) Koorliteratuur van gehalte
(28.1%) Populêre repertorium



Kroonstad Koorfees 1991
(8.8%) Tradisionele liedere van ander lande
(11.7%) Afrikaanse volkswysies
(17.6%) Afrikaanse Luisterliedjie
(11.7%) Gewyde liedere
(8.8%) Neger Geestelike liedere
(3.0%) Liedere uit musiekblyspele
(5.0%) Koorliteratuur van gehalte
(33.4%) Populêre repertorium



Voortrekker Koorfees 1992
(13.4%) Tradisionele liedere van ander lande
(14.6%) Afrikaanse volkswysies
(6.3%) Afrikaanse Luisterliedjie
(13.4%) Gewyde liedere
(1.2%) Neger Geestelike liedere
(4.8%) Liedere uit musiekblyspele
(2.4%) Koorliteratuur van gehalte
(43.9%) Populêre repertorium



Odensia Koorfees 1992
(10.6%) Tradisionele liedere van ander lande
(24.3%) Afrikaanse Luisterliedjie
(9.1%) Afrikaanse volkswysies
(1.5%) Neger Geestelike liedere
(4.5%) Gewyde liedere
(1.5%) Liedere uit musiekblyspele
(4.5%) Koorliteratuur van gehalte
(44.0%) Populêre repertorium



Grey-Kollege Koorfees 1993
(14.8%) Tradisionele liedere van ander lande
(5.6%) Afrikaanse volkswysies
(3.4%) Afrikaanse Luisterliedjie
(1.1%) Neger Geestelike liedere
(18.2%) Gewyde liedere
(6.8%) Liedere uit musiekblyspele
(14.8%) Koorliteratuur van gehalte
(35.3%) Populêre repertorium



Odensia Koorfees 1980
(43.4%) Afrikaans
(14.6%) Ander tale
(41.9%) Engels



Odensia Koorfees 1982
(52.7%) Afrikaans
(23.0%) Engels
(24.3%) Ander tale



Grey-Kollege Koorfees 1983
(44.3%) Afrikaans
(13.7%) Ander tale
(42.0%) Engels



Grey-Kollege Koorfees 1984
(34.8%) Afrikaans
(45.5%) Engels
(19.7%) Ander tale


Grey-Kollege Koorfees 1985
(36.2%) Afrikaans
(40.0%) Engels
(23.8%) Ander tale


Kroonstad Koorfees 1991
(44.1%) Afrikaans
(11.8%) Ander tale
(44.1%) Engels


Voortrekker Koorfees 1992
(46.3%) Afrikaans
(14.7%) Ander tale
(39.0%) Engels


Odensia Koorfees 1992
(52.3%) Afrikaans
(15.4%) Ander tale
(32.3%) Engels


Grey-Kollege Koorfees 1993
(28.4%) Afrikaans
(45.5%) Engels
(26.1%) Ander tale

# HOOFSTUK 6

# RIGLYNE VIR DIE REPERTORIUMSAMESTELLING VAN HOëRSKOOLKORE

## 6.1 Inleiding

Koorrepertoriumsamestelling en verbandhoudende aspekte soos die beskikbaarheid en bekombaarheid van literatuur, opleiding in dié verband, kennis van die verskillende liedgenres en die betrokke uitvoeringspraktyke, smaakontwikkeling en ewolusionêre ontwikkeling ten opsigte van repertoriumaanpassings, is van die belangrikste fasette van koorleiding. Daar is egter in die land en in die besonder in die Oranje-Vrystaat, dekades lank nie genoegsaam hieraan aandag gegee nie.

Die programkeuses vir Grey-Kollege se koorfeeste en selfs vir koorkompetisies in die provinsie in die algemeen, word die afgelope dekade deur eensydigheid en oppervlakkigheid gekenmerk. Die volgende uittreksels uit 'n Grey-Kollege koorfeesprogram is verteenwoordigend, ook van ander koorfeeste in die provinsie[1] en selfs van koorfeeste in nasionale verband[2]:

| | |
|---|---|
| **There's no business like show business** | **- Lerner/Loewe** |
| **They say that falling in love** | **- Lerner/Loewe** |
| **Oklahoma** | **- Rodgers/Hammerstein** |
| **Glen Miller Medley** | **- Miller** |
| **Hello Dolly** | **- J Herman** |

1 Die programme van koorfeeste op Welkom, Kroonstad, Bethlehem, Ficksburg en ander koorfeeste in Bloemfontein toon dieselfde tendens van oppervlakkige repertoriumkeuses. Die opvallende is dat soveel liedere nie oorspronklik vir koor geskryf is nie en dikwels op ligte vermaak en gewildheid ingestel is.

2 Die feit dat prof. Petru Gräbe (1993:7) so heftig beswaar teen dié tipe repertorium maak, dui daarop dat hy die tendens ook in ander sentra in die land ervaar.

| | |
|---|---|
| **Ma, she's making eyes at me** | **- S Clare/C Conrad** |
| **Some enchanted evening** | **- Rodgers/Hammerstein** |
| **Her mother came too** | **- I Novello** |
| **Deer Hunter** | **- S Myers** |
| **Cabaret** | **- John Kander** |
| **Goodnight Sweetheart, Auf Wedersehn** | **- Noble/Camble/Conolly** |

(Program, 1984:Grey-Kollege Koorfees - Grey-Kollege-koor)

| | |
|---|---|
| **Deep in the heart of Texas** | **- Tradisioneel** |
| **Lily Marlene** | **- Tradisioneel** |
| **Smile** | **- Charlie Chaplin** |
| **Chitty Bang! Bang!** | **- Sherman-broers** |
| **Song sung blue** | **- Neil Diamond** |
| **A Winters Tale** | **- David Essex** |
| **Skielik is jy vry** | **- Koos du Plessis** |
| **Rooi kitaar** | **- Ruben Lennox** |

(Program, Grey-Kollege Koorfees 1984 - Welkom Gimnasium-koor)

Die volgende resensie het in *Die Volksblad* (1984:datum van knipsel afgesny) oor die Grey-Kollege Koorfees van 1984 verskyn: ... *dis altyd goed om te sien met watter interessante nuwe werke of verwerkings kore mee vorendag kom. Dit was ook duidelik dat niks soos 'n goeie strydros is. Dis opvallend watter bydrae Koos du Plessis tot die kooraand gehad het - en dan ook Israeliese volksliedjies. Nie baie kore het op die dissipline en gewyde musiek gekonsentreer nie. Pop-liedjies is gaaf - gee die kinders iets om mee te identifiseer, veral as 'n mens 'n slag sit met stemme en 'n musikaliteit wat nie die fyner kunsies van goeie koorsang kan vermag nie.*

Die (dikwels) gebrekkige kennis van resensente[1] aangaande kore en koorrepertorium dra ongetwyfeld soms by tot die dowwe beeld van

1 Acama Fick is ook van mening dat resensente dikwels uit onkunde onjuiste opmerkings aangaande kore maak en gehore daardeur beïnvloed: *Op toer in Transvaal het my kamerkoor 'n Monteverdi-mis van die partituur gesing. Die resensent het die opmerking gemaak dat die werk knap uitgevoer was, maar dat dit jammer was dat ons dit nie uit die kop* (sic) *gesing het nie!* (Fick, 1993:onderhoud)

repertoriumkeuses wat op koorfeeste gesing word. Uit bogenoemde resensie blyk dit dat die sogenaamde populêre repertorium byval vind en volgens die resensent ook geregverdig kan word. Koorleiers, koorlede en gehore word reeds dekades lank onder 'n wanindruk gebring as gevolg van sieninge soos in die resensie aangehaal. Die grootste deel van die repertorium wat op koorfeeste gesing word, is nie oorspronklik vir koor bedoel nie.

Feitlik 'n dekade na bogemelde koorfees verskyn dieselfde tipe repertorium steeds op die programme van koorfeeste:

| | |
|---|---|
| **Amagugu** | **- Tradisioneel Zulu** |
| **Ken jy jouself** | **- Christa Steyn verwerk Hettie Gouws** |
| **Lady in red** | **- Chris de Burgh verwerk Charl du Plessis** |

(Program, 1993:Grey-Kollege Koorfees - Grey-Kollege-koor)

| | |
|---|---|
| **Cantate Domino** | **- Nathalie Sleeth** |
| **Wonderland by Night** | **- Molley verwerk Annatjie Schoonwinkel** |
| **Bloubergstrand** | **- Laurika Rauch verwerk Annatjie Schoonwinkel** |
| **Katryntjie** | **- Tradisioneel verwerk Annatjie Schoon-winkel** |

(Program, 1990:Odensia Koorfees - Welkom Gimnasium-koor)

Om verskeie redes[1] het repertoriumkeuses gestagneer en het weinig ontwikkeling plaasgevind. Sogenaamde populêre musiek het 'n deel van die koorrepertorium geword en verdring selfs die goeie koormusiek wat

---

1 Die volgende is redes wat aangevoer kan word: * 'n Gebrek aan algemene (basiese) musiekopleiding.
* Die gebrek aan sinvolle opleiding van koorleiers in Suid-Afrika. * Sommige kore (veral in die platteland) is geïsoleerd en neem nie van nuwe tendense in repertoriumkeuses kennis nie. * Baie koorleiers het 'n beperkte (of geen) verwysingsraamwerk ten opsigte van ander kore in die provinsie, land en buiteland.
* Sekere koorleiers lei uit die gehoorreaksies af dat die oppervlakkige repertorium 'n *wenresep* is en volstaan daarmee. * Persentasiegewys neem 'n klein aantal skoolkore in die Vrystaat aan koorkompetisies deel. Hulle toon as gevolg daarvan dikwels nie vordering in die algemene standaard van koorsang nie. Moeilike, gewaagde en uitdagende keuses is dikwels buite hierdie kore se vermoë.

persone soos Petrus Lemmer, Dirkie de Villiers en Tersteegen van Huyssteen as norm daargestel het. Daar het, waarskynlik as gevolg van die invloed van Philip McLachlan[1], ook 'n aansienlike ontwikkeling in die repertorium van die Vrystaatse Jeugkoor plaasgevind. *Die Vrystaatse Jeugkoor se programme was na my mening vir my aanvanklik skokkend, maar later het mens die invloed van Philip McLachlan in die repertoriumkeuses begin raaksien.* (Aitchison, 1993:onderhoud) Die volgende voorbeeld illustreer die genoemde ontwikkeling:

| | |
|---|---|
| **Juig, mensdom, roem op hoë toon** | **- Vulpius** |
| **Veni, veni Emmanuel** | **- French Missal, verwerk Kodály** |
| **Want so lief het God die wêreld gehad** | **- Palestrina** |
| **Ascendit Deus** | **- Gallus** |
| **Also hat Gott die Welt geliebt** | **- Schütz** |
| **Ere en lof uit die *Magnificat*** | **- Bach** |
| **Die Here is my Herder** | **- gewyde lied Jacob** |
| **This little Babe, from *Ceremony of Carols*** | **- Britten** |
| **Kersfees-kantate** | **- Pinkham** |
| **Glory be to God** | **- Rachmaninoff** |
| **Hospodi Pomilui** | **- Lvovsky, verwerk Lamont** |

(Program, 1972:Vrystaatse Jeugkoor)

Die Vrystaatse Jeugkoor en Philip McLachlan het vir sekere Vrystaatse skoolkoorleiers as verwysingsraamwerk gedien. Tog is hul voorbeeld nie ten opsigte van repertoriumsamestellings nagevolg nie. Die sing van onbeduidende musiek is waarskynlik verder deur die sogenaamde Afrikaanse luisterliedjiebeweging bevorder. Suid-Afrikaanse vermaakliheidskunstenaars soos Coenie de Villiers moedig ook kore aan om meer populêre musiek te

1 Philip McLachlan word allerweë as die *vader van koorsang* in Suid-Afrika beskou. *Hy is die skakel tussen Kurt Thomas en dit wat ons vandag het.* (Conradie, 1994:onderhoud)

sing. (Geldenhuys, 1994:onderhoud) Hierdie situasie, waar die populêre musiek die koorrepertoria oorheers, stem bekende koorleiers in die land onrustig en hulle is dit eens dat daar 'n verandering in dié verband moet kom. Acama Fick (1993:onderhoud), voormalige koorleier van die Stellenbosse Universiteitskoor, laat haar hieroor soos volg uit: *Ten spyte van al die koorfeeste en -kompetisies hoor ons nog die grootste nonsens* (sic) *wat kore sing.* (1993:onderhoud) Dat dit die geval is, is betreurenswaardig, aangesien die *koorliteratuur waarmee die koorlede in aanraking kom, bydra tot die standaard van musikale verfyndheid*[1] *wat hulle aan die einde van hul skoolloopbaan bereik* (Smit, 1984:174). Acama Fick (1993:onderhoud) beveel aan dat 'n matrikulant ten minste met die volgende tipe repertorium sou kennis gemaak het gedurende sy/haar skoolloopbaan: ... *'n Paar middeleeuse werke, Vroeg-Renaissance- en Laat-Renaissancewerke, Vroeg- en Laat-Barok, ander styltydperke, sy/haar eie volksmusiek, Negro Spirituals en ander populêre musiek.* Hierdie ideaal is egter ver verwyder van dít wat in die praktyk realiseer.

Dit is verbasend dat daar op koorkursusse geen aandag aan repertoriumkeuse gegee word nie. Koorleiers woon dikwels koorkursusse by in 'n desperate poging om nuwe repertoriummateriaal te bekom. Onlangse pogings in dié

1 Koorlede moet deur middel van die repertorium wat hulle sing, in die estetiese ontwikkel. *The human spirit responds to artistic and musical stimuli. Research studies have demonstrated that aesthetic responsiveness and sensitivity can be increased. The conductor who values aesthetic responsiveness will select repertory judiciously. He or she will choose choral literature that can evoke aesthetic responses in varying degrees, and will assess each work to ascertain its potential for aesthetic satisfaction by asking such questions as: ... Will satisfaction be intensified by repetition? Will the music's formal structure and internal design develop artistic sensitivity in performers? Are the sonoroties and the excitement produced by bringing the musical score to life capable of evoking aesthetic responses to beauty?* (Decker; Kirk, 1988:152)

verband behoort opgevolg en uitgebrei word[1].

## 6.2 Die doel van die opstel van riglyne vir repertoriumkeuse

Repertoriumkeuses kan nie voorgeskryf word nie, aangesien sodanige keuses tog persoonlike[2] smaak sal reflekteer, wat op sy beurt onlosmaaklik met die opleiding en agtergrond van die koorleier in verband staan. Die uitgangspunt sal dus wees om aan skoolkoorleiers

- die *belangrikheid* van geskikte repertoriumkeuses op die hart te druk, sodat daar
- definitiewe *beplanning*[3] hiervoor sal wees; en
- die beplanning volgens *aanbevole riglyne* sal geskied.

## 6.3 Standaardverhoging

Een van die belangrikste ontwikkelings op die koorterrein in ons land die afgelope twee dekades is ongetwyfeld die verhoging van die gehalte van skoolkoorsang. Saritha Hauptfleisch (1992:6), verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, laat haar soos volg hieroor uit: *In the late 1970's a great number of school choirs began to maintain an exceptionally high standard. Together with the remarkable growth in the number of school choirs, this can be regarded as one of the most significant directions in modern South African music education.*

---

1 Op McLachlan VI (koorwerkswinkel) is 'n referaat oor repertoriumkeuses gelewer en op die KUESTA-koorfees op Potchefstroom (September 1994) is bladmusiek van oorsee beskikbaar gestel.

2 Persoonlike smaak/voorkeur word egter soms met oordeel verwar.

3 Werklike, sinvolle beplanning by skoolkoorleiers is eers die afgelope dekade in koorfees- en koorkompetisieprogramme te bespeur, aangesien dit ongetwyfeld met die verhoging in standaard verband hou.

Wat die besondere standaard van skoolkore in die Oranje-Vrystaat[1] spesifiek betref, maak prof. Petru Gräbe (1994:onderhoud), jarelange adviseur vir die Applous-koorkompetisie, die volgende opmerking: *Ek moet eerlik sê: As ek dink aan die kore in die Vrystaat, dan is daar by my onmiddellik 'n positiewe klank. Daar is besonder goeie toonproduksie by baie van daardie kore; daar is goeie intonasie en dit is 'n skaars ding by skoolkore, en daar is impuls en goeie oordeel.* 'n Veteraan-koorleier in die Vrystaat, Norah Havenga[2] (1993:onderhoud), huldig 'n soortgelyke standpunt. *Almal sê vir my hoe goed my kore gesing het, maar dit kan hoegenaamd nie met die standaard van vandag vergelyk word nie. Die vordering in standaard sedert my tyd is ongelooflik!*

Daar is ook diegene wat minder entoesiasties oor die standaard is. *Die deelname aan koorfeeste (in die Vrystaat) het veroorsaak dat elke skool spoedig 'n koor gehad het, maar 'n mens kan jouself afvra: 'Wat het nou eintlik uit die Vrystaat gekom wat kwaliteit betref?* (Aitchison, 1993:onderhoud) Dirkie de Villiers (1993:onderhoud) meen dat die Vrystaat net soos in ander provinsies 'n persentasie goeie en 'n persentasie minder goeie kore het. *In die Vrystaat is daar uitstekende kore, middelmatiges en swakkes. So kry 'n mens in die einste Stellenbosch uitstekende kore, middelmatiges en swakkes.*

Die ATKV verwag 'n hoë standaard koorsang, soos duidelik gereflekteer

---

1 Mnr. W. H. B. Rall (1994:telefoniese gesprek), voormalige Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, meen dat *die Vrystaat in ander provinsies vir gehalte musiekonderrig bekend is, maar veral vir die standaard van sy skoolkore*

2 Norah Havenga was jare lank bekend as koorleier by Eunice Meisieskool, maar veral weens haar knap werk met die dameskoor van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege.

deur die voorgeskrewe werke vir die APPLOUS-koorkompetisie vir hoërskoolkore[1]. Verskeie faktore het tot hierdie verhoging van standaard aanleiding gegee. Een voor-die-hand-liggende rede is die feit dat 'n eerste geslag van koorleiers wat in prominente universiteits- en kollegekore onder prominente koorleiers gesing het, nou self in die praktyk staan. Gepaardgaande met hierdie ontwikkeling is ook (in sekere gevalle) die verandering in *repertoriumkeuses* wat skoolkore veral op provinsiale en nasionale koorkompetisies sing. Die verandering en aanpassing van repertoriumkeuses vir koorkompetisies bevestig dat 'n *vernuwing van repertorium* dikwels gepaard gaan met *standaardverhoging.*

Om 'n sekere standaard te handhaaf, is dit belangrik dat die koorafrigter die regte repertoriumkeuse uitoefen. *Die repertoriumkeuse van 'n koorleier is inderdaad 'n akkurate weerspieëling van daardie persoon se persoonlikheid en vermoëns as musikus en onderwyser. Indien 'n koorleier ook eerlik is met homself, is die musiek wat hy kies 'n weerspieëling van sy persoonlike smaak, skeppingsdrang en lewensfilosofie.* (Smit, 1984:174) Dit is juis hierdie aspekte wat die keuse van repertorium so 'n ingewikkelde proses maak, want die koorleier moet nie alleen sy eie voorkeure in ag neem nie, maar ook dié van sy koorlede[2] en die gehoor.

---

1 'n Voorbeeld hiervan is die *Mountain Nights* van Zoltán Kodály, wat in die 1994 kompetisie vir dogterskore in die gevorderde afdeling voorgeskryf was. In 1974 het die Vrystaatse Jeugkoor ook die werk van Kodály uitgevoer. (Verster, 1987:130) In 1969 is die werk deur die Stellenbosse Universiteitskoor onder die leiding van Philip McLachlan in hulle program ingesluit. (Jankowitz, 1990:248)

2 Repertorium het ook 'n invloed op die koorlede, wat verder inslag vind in die kooraktiwiteit as sodanig: *Trained choristers, as well as singers with less experience, are attracted to choral participation by the quality of repertory.* (Decker; Kirk, 1988:152)

## 6.4 Repertoriumkeuse - 'n groot uitdaging

Repertoriumkeuse is een van die grootste uitdagings waarvoor die koorleier te staan kom, aangesien foute met keuses in kore se aanvangstadium daartoe kan lei dat die koor nie van die begin af voldoende vorder nie of dat die vordering belemmer en uitgestel word. Dit is ongelukkig so dat die vermoë om repertorium te kies volgens Smit (1984:174) een van die fasette in die koorleier se kuns is wat in baie gevalle weinig ontwikkeling toon. Om te stagneer[1] wat repertoriumontwikkeling betref, is 'n aanduiding dat die vorderingskurwe van die koor geen vertikale neiging het nie.

## 6.5 Die belangrikheid van repertoriumkeuse

'n Gesonde oordeel ten opsigte van repertoriumkeuses is vir koorleiers in alle stadia van die ontwikkeling[2] van hul kore van ewe veel belang. Vir die beginnerkoorleier is die regte repertoriumkeuse van kardinale belang om die koor se voortbestaan te verseker. Die koorleier in 'n meer ervare koorgroep moet die belangrikheid van repertoriumkeuse besef sodat dit 'n medium kan wees om die koor te laat promoveer tot 'n gevorderde koorgroep. In die gevorderde koorgroep kan repertoriumkeuses lei tot stagnering of dit kan 'n stimulus tot verdere ontwikkeling wees.

## 6.6 Beplanning van 'n repertorium

Die beplanning van 'n repertorium is noodsaaklik, aangesien die koorleier self die werke vóór die tyd moet instudeer. Die voorbereiding van die

1 Kore wat reeds 'n lang pad van sukses geloop het, toon die neiging om 'n sogenaamde wenresep te herhaal sonder om steeds innoverend ten opsigte van toekomstige keuses te beplan.

2 Ontwikkeling wat regstreeks verband hou met die aantal jare wat die koorleier by die koor is, is hier ter sprake.

bladmusiek vir die koorlede neem gewoonlik ook 'n aansienlike tyd in beslag. In baie gevalle word hierdie taak reeds so vroeg as 'n jaar vooruit uitgevoer. Dit word aanbeveel dat die werke wat 'n koor in 'n volgende jaar gaan sing deurlopend in die voorafgaande jare versamel word. In die praktyk kom dit daarop neer dat 'n koorleier voortdurend op die korttermyn en terselfdertyd op die langtermyn met repertoriumbeplanning besig is.

## 6.7 Riglyne aangaande repertoriumkeuses

Dit is verbasend dat daar in gesaghebbende literatuur[1] oor koorleiding weinig aandag aan repertoriumkeuses bestee word. Die rede is waarskynlik te vind in die uitgangspunt dat musiekagtergrond, smaakontwikkeling en oordeel as 'n gegewe veronderstel moet word. Die volgende riglyne is grotendeels gebaseer op skoolkoorpraktykervaring en het óf betrekking op die komposisie, óf die dirigent, óf die koor self. Die komponente komposisie/koor/koorleier is altyd interafhanklik en word derhalwe nie in die aanlê van die volgende riglyne afsonderlik gehanteer nie.

### 6.7.1 Algemene riglyne

#### 6.7.1.1 Komposisie - mooi of interessant

As uitgangspunt geld dat 'n komposisie vir die koorleier self mooi of interessant moet wees. 'n Koorleier behoort hom met die werk te kan identifiseer. Die sieninge van koorleiers oor wat mooi of interessant is

---

1 In die bekende publikasie *Koorsang en Koorleiding* deur Philip McLachlan (1983:50) is daar byvoorbeeld slegs een paragraaf wat aan hierdie onderwerp afgestaan word. Dit is ook opvallend dat die vermoë om die korrekte of 'n smaakvolle repertoriumkeuse uit te oefen in 'n verhandeling oor die Vrystaatse Jeugkoor (Verster, 1987:200) nie as een van die belangrikste eienskappe van 'n koorleier beskou word nie.

verskil uiteraard, maar die verskil van opinie hoef nie noodwendig negatief beskou te word nie. Dit kan die rede wees hoekom sommige koorleiers met sekere werke uitmunt en ander nie. Diversiteit[1] word ook op hierdie wyse bevorder.

### 6.7.1.2 Komposisie - oorspronklik of populêr

Die koorwerk wat die koorleier kies moet oorspronklik[2] van inslag wees en die waarde en bekoorlikheid daarvan moet van blywende[3] aard wees. Walter Ehret (1959:59) sluit ook by die riglyn aan as hy vra: *Is its appeal lasting, or is it spontaneous but ephemeral?* Baie van die populêre musiek voldoen nie aan hierdie vereiste nie, vanweë die tydelike trefkrag daarvan. As voorbeeld van sodanige populêre repertorium wat slegs 'n kortstondige lewensduur gehad het, is die talle koorverwerkings van die *ABBA-liedere* (van die bekende Sweedse popgroep). Na die groep se ontbinding het dié koorverwerkings van koorfeesprogramme verdwyn.

Oor die vermenging van populêre[4] musiek met koormusiek spreek prof. Petru Gräbe hom soos volg uit: *In die uitvoerende kuns, net soos in die geval van tentoonstellings van die kunste* (skilderkuns, beeldhoukuns - C. v. P.), *word dit as 'oneties' beskou om ernstige kuns met populêre*

1 'n Verskeidenheid repertorium (op een program, of volgens die uiteenlopende voorkeure van verskillende dirigente op hulle onderskeie koorprogramme) word hierdeur moontlik gemaak. Verskillende interpretasies van dieselfde werke vind ook as gevolg van verskillende sieninge plaas.

2 Die werk moet 'n sterk identiteit hê - in teenstelling met baie popmusiekrepertorium waar die een soos die ander klink vanweë die oorheersende gebruik van die slagwerk.

3 *The question is often asked: "What is meant by great or good music?" Some define it as that which has lasting quality; that in which elements of aesthetic satisfaction are so inherent in the composer's artistic design that each study and performance can bring new insights and discoveries.* (Decker; Kirk, 1988:153)

4 *Many popular tunes that offer an immediate appeal to relatively inexperienced musicians and audiences can become dated and grow tiresome with repetition.* (Decker; Kirk, 1988:153)

*te vermeng. Is die populêre trefferliedjies wat deur solosangers (soms op voortreflike wyse) gewild gemaak is, goeie koorrepertorium? Die liedjies het meestal 'n intieme karakter wat beswaarlik deur 'n groep oorgedra kan word. Dit wil voorkom asof die sogenaamde 'ligter' musiek steeds 'n groeiende komponent van ons koorprogramme word.* (Gräbe, 1993:6)

Oor die sogenaamde *luisterliedjie* handhaaf Edward Aitchison (1993: onderhoud), voormalige dirigent van die Drakensbergse Seunskoor, die volgende standpunt: *Die luisterliedjie het gewoonlik 'n sentimentele strekking, word gewoonlik met lae beligting gesing, met kitaar begelei ... die teks, melodie en harmoniese verloop is nie geskik vir koor nie.* Dirkie de Villiers (1993:onderhoud), voormalige hoof van musiek in die Oranje-Vrystaat, huldig dieselfde standpunt: *Ek dink die kore sing te veel van die luisterliedjies. Wat nog so ellendig is, is dat iemand soos Bles Bridges se lirieke so swak is. ... dan is daar juffrouens wat van sy werke sing, sonder om te besef hoe swak die lirieke is.* Ook dr. Erns Conradie (1994:onderhoud), voormalige dirigent van die Vrystaatse Universiteitskoor, ontmoedig die sing van luisterliedjies deur kore.

### 6.7.1.3 Onbeduidende musiek

Koorleiers het, wat repertoriumkeuse betref, 'n definitiewe verantwoordelikheid teenoor hulle koorlede. *Indien 'n koorleier sy sangers respekteer sal hy nie hulle tyd in beslag neem met onbeduidende musiek nie.* (Smit, 1984:174) Die skoolkoorleier moet voortdurend in gedagte hou dat hy 'n opvoedkundige is en hy moet hom ook in koorverband as sodanig daarmee besig hou. Ongelukkig word daar vandag ten spyte van al die mooi vordering wat daar op koorgebied gemaak word, steeds 'n groot persentasie

onbeduidende musiek gesing. Dikwels word werke gekies met slegs die oogmerk om applous[1] van die gehoor te ontlok. Aangesien die enigste maatstaf by die keuse van die werke dan die verwagte gunstige reaksie van die gehoor is, is die werke dikwels onbeduidend. Gräbe (1993:7) spreek hom sterk teen hierdie neiging uit: *Ek hoor u sê: "Ja maar as ons nie arbeidstrekkers sing nie, loop ons koorlede en ons gehore; die hoof is nie tevrede nie". Miskien is dit tyd dat ons met 'n opvoedingsprogram*[2] *begin, waardeur ons gehore help om goeie musiek te verstaan en te waardeer. Van al die musiekgenres is koormusiek seker die mees geskikte hiervoor. Teenoor die gehoor en teenoor die koorlede het ons 'n verantwoordelikheid. Ons moet hulle leer onderskei tussen goeie en swak koormusiek. Hulle moet 'n smaak ontwikkel vir die goeie, die egte en die blywende. Hulle moet leer dat effeksoekery met bewegings en ongemotiveerde crescendo's en fp's 'n goedkoop manier is om aandag te trek. ... vandag se koorlede is môre se koorleiers en gehore en daarom het ons 'n baie belangriker en groter taak as om ons eie koor 'op die kaart' te kry.* Ook in 'n koerantresensie van 'n uitvoering van die Vrystaatse Jeugkoor is beswaar gemaak teen 'apploustrekkers': *Dit bly 'n ope vraag of die min of meer geslaagde treffers van Lehar, Mascagni en Bizet ... of die min-om-die-lyf deuntjies (van die laaste items) enigsins verdien om*

1 Ehmann (1968:148) spreek hom teen dié gebruik uit: *Under no circumstances in any serious music making situation should one choose a choral work because of the "effect" which one hopes it may have on the listeners. Die taak van 'n goeie koorleier is waarskynlik om die musiekopvoeding van beide koorlede en die deursnee-publiek te bevorder.* (Verster, 1987:127)

2 Volgens Pieter van der Westhuizen het ook Philip McLachlan: *niksseggende, minderwaardige musiek wat nie 'n opvoedkundige doel kon dien nie, ontmoedig.* (Jankowitz, 1990:50) Volgens Jan Bouws, soos aangehaal deur Jankowitz (1990:50), het Philip McLachlan met repertoriumkeuses geen toegewinge aan goedkoop smaak, om daardeur maklike sukses te behaal, gemaak nie. *Ek dink daar is nog in ons land 'n geweldige opvoedingstaak om ons breë publiek sin vir goeie koormusiek te gee. By die KUESTA-koorfees kry 'n mens dit selfs onder koorsangers dat die lawwe goed* (sic) *die meeste applous kry - musiek van die hoogste kunswaarde kry soms geen goeie applous nie.* (Lamprecht, 1994:onderhoud)

*ingekleurd op die konsertverhoë te verskyn.* (Verster, 1987:111) In 1977 in reaksie was soortgelyke kommentaar op 'n konsert te vinde: *Die insluiting van 'Moon River' en 'Some enchanted evening' as koorwerke was jammer.* (*Die Volksblad* soos aangehaal deur Verster, 1987:111) Smit (1984:175) spreek hom ook uit teen hierdie tipe repertorium: *Koorleiers behoort dus af te sien van die idee dat 'populêre smaak' bevredig moet word.*

P. J. Lemmer (1949:57), die pionier van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat, maak in sy boekie *Hoe Luister Ons?* heftige beswaar teen die speel (en sing) van swak musiek (wat vir hom jazz was): *Vir koeie, en mense wat nie meer hoop het nie, mag die soort musiek miskien goed wees, maar seer sekerlik nie vir die individu wat soek na onvervalste kuns nie.* Philip McLachlan[1] het inderdaad besef dat hy as opvoedkundige 'n taak het om die gehoor op te voed betreffende goeie musiek. *Sy ingesteldheid as opvoedkundige was om die breë Suid-Afrikaanse publiek te probeer lei tot die ontdekking van die skoonheid in goeie musiek.* (Jankowitz, 1990:250)

### 6.7.1.4 Entoesiasme

Met *entoesiasme* kan 'n koorleier feitlik enige goeie werk[1] vir 'n koor aanleer en dit suksesvol uitvoer. Koorlede word deur entoesiasme vir 'n betrokke werk *gewen* en die entoesiasme sal ongetwyfeld ook in die uitvoeringstadium uiting vind. Daar bestaan 'n algemene siening dat 'n koor enige werk kan

1 Die voorbehoud is natuurlik dat die koorleier oor 'n goeie musikale agtergrond, deursettingvermoë, ondervinding en 'n redelike potensiaal in sy koorlede moet beskik .

sing wat die koorleier by magte is om vir die koor te leer[1] - juis entoesiasme kan dit vermag. Die nuwe rewolusionêre repertorium (soos die grafiesgenoteerde *Rondes* deur Volke Rabe en die *Missa Criola* deur Ariel Ramirez) wat Philip McLachlan aan ons land bekendgestel het, het by die koor en gehoor byval gevind juis omdat hy dit met soveel entoesiasme benader het. Entoesiasme was 'n uitstaande karaktertrek van Philip McLachlan. *Een van sy uitstaande eienskappe was dat hy verskriklik entoesiasties[2] kon raak - of dit oor die see was of mooi musiek, of kleinkinders of 'n nuwe rok.* (Jankowitz, 1990:38)

### 6.7.1.5 Verhouding tussen koor en koorleier

Indien daar 'n besonder goeie verhouding tussen koorleier en koor is, sal die koorlede feitlik enige tipe repertorium sing omdat hulle die koorleier se oordeelsvermoë blindelings vertrou. Dit plaas die verantwoordelikheid op die koorleier om hierdie vertroue waardig te wees en musiek van waarde te kies.

### 6.7.1.6 Ritme, melodie en harmonie

Die keuse van werke waarin daar interessante/goeie melodiek, harmoniek en ritmiek aanwesig is, is deurslaggewend. Leerlinge identifiseer hulle graag met interessante sterk ritmiese werke - waarskynlik as gevolg van die sterk ritmiese inslag van die hedendaagse populêre werke waarna hulle so

1 Hierdie siening hou verband met die stelling dat 'n koor net so goed is as wat sy koorleier is en dat daar geen swak kore is nie, net swak koorleiers. (Fick, 1993:onderhoud)

2 Na aanleiding van 'n kooruitvoering wat mnr. Waldo Stephens, 'n Amerikaanse oliemagnaat en koorliefhebber bygewoon het, het hy in die verband die volgende opmerking gemaak: *You can't beat this man's enthusiasm.* (Jankowitz, 1990:38)

graag luister. Skoolkoorlede ondervind min moeite om koorwerke met komplekse ritmes aan te leer. 'n Voorbeeld hiervan is tydens die ATKB-koorkompetisie vir hoërskoolkore in 1992 uitgevoer: *Sing vir die Heer - Emma Lou Diemer*, uitgevoer deur die Sand du Plessis Hoërskool-koor. (Program, 1992) Indien 'n koor daaraan gewoond is om werke met interessante harmonieë te sing, sal ook werke met gekompliseerde harmonieë nie vir die koor problematies wees nie.


**6.7.1.7 Teks**

Volgens Walter Ehret (1959:48) is een van die kriteria vir die keuse van 'n repertorium dat die teks van die koorwerk literêre waarde moet besit. Die teks kan beskou word as die *kontoere* wat in 'n groot mate die vertolking van 'n werk inisieer en daarom is nie enige tipe teks aanvaarbaar om te sing nie.

**6.7.1.7.1 Vertaling**

Om werke te vertaal is aanvaarbaar en word ook aanbeveel. (Lamprecht, 1994:onderhoud; Du Plessis, 1994:onderhoud) In 'n vertaling moet die melodie se samestelling sinchroniseer met die teksritme en inhoud. Die vertaling moet ook steeds by die musiek pas. Die koor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Pro Eclessia-koor aan dieselfde universiteit het veral oor die afgelope dekade talle gewyde werke suksesvol laat vertaal en tydens eredienste uitgevoer. Skoolkoorleiers behoort koorwerke te vertaal met die oog op sinvolle uitvoering tydens eredienste. Die ATKB-koorkompetisie (waar alle werke in Afrikaans gesing moet word) noodsaak koorleiers om koorwerke in vertaalde vorm te sing om sodoende nuwe en andersins ontoelaatbare repertorium by dié kompetisie aan te bied. In die ATKB-koorkompetisie van 1990 (gehou op 7 Julie 1990 in die Ou Mutual-

ouditorium aan die Universiteit van Suid-Afrika) was selfs die voorgeskrewe lied (die *Maria-wiegelied* deur Max Reger) vir dogterskore in die gevorderde afdeling in vertaalde vorm gesing. (Program, 1990) Die verhouding van vertaalde en onvertaalde werke wat tydens die geleentheid uitgevoer was, kan grafies soos volg voorgestel word:




Dit is opvallend dat die kore van die Afrikaanse Hoër Meisieskool van Pretoria en die Hoërskool D. F. Malan van Belville tydens die ATKB-koorkompetisie van 1992, die helfte van hul program in vertaalde vorm gesing het. Vergelyk:

| | |
|---|---|
| **'n Kind is vir ons gebore** | **- Hennie Coetzee** |
| **Verhoor o God my klag** | **- Edvard Grieg** (vertaal) |
| **Al lê die berge nog so blou** | **- Verwerk Johan van der Sandt** |
| **Danslied** | **- Zoltán Kodály** (vertaal) |

(Program, 1992:ATKB-koorkompetisie - Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria)

In 'n resensie van die konsert is in die *Die Volksblad* (29 Junie 1992) melding gemaak van die vertaalde liedere van dié koor: ... *Afrikaanse vertalings van Grieg se "Verhoor o God my klag" en Kodály se "Danslied"*

*gee 'n ander dimensie aan die Afrikaanse lied.* Die vertaling van die komposisies deur Grieg en Kodály het dit ongetwyfeld moontlik gemaak om *nuwe* repertorium vir die betrokke kompetisie te sing. Vergelyk ook:

| | |
|---|---|
| **Kom ons loof die Here** | - **A Scarlatti** (vertaal) |
| **Heilig, hoogverhewe Heer** | - **S Rachmaninov** (vertaal) |
| **Keer'ie ding** | - **Rosa Nepgen** |
| **Daar kom die Alibama** | - **Tradisioneel verwerk Edward Aitchison** |

(Program, 1992:ATKB-koorkompetisie - D. F. Malan Hoërskool-koor)

Die vertaling van veral die Rachmaninov-komposisie het dit 'n werk vir 'n skoolkoor toeganklik gemaak wat andersins slegs vir universiteitskore beskore sou wees.

Die Vrystaatse Jeugkoor het ook dikwels van vertaalde tekste in komposisies gebruik gemaak. (Verster, 1987:129) Vanweë die missie van die Pro Eclessia- koor[1] was en is ook dié koor steeds aangewese op vertaalde tekste.

Oor die vertaling van prominente en bekende werke bestaan daar egter soms meningsverskille. Vertalings is voordelig deurdat bepaalde werke vir meer mense verstaanbaar gemaak word. (Vergelyk byvoorbeeld die vertaling in 1994 van die *Messias* deur Handel in Zulu.) Sekere werke moet egter onder geen omstandighede in 'n vertaalde vorm gesing word nie, aangesien die oorspronklike idioom[2] verlore gaan in ander tale. Voorbeelde

1 *Pro Eclessia* beteken: Vir die koninkryk. Die koor is oorspronklik gestig om 'n *universiteitskerkkoor* te wees (in navolging van die Stellenbosse Studentekerkkoor). Die koor tree hoofsaaklik in kerke tydens eredienste op.

2 Sekere genres word so sterk met 'n spesifieke taal geassosieer (*Negro Spirituals* is byvoorbeeld met Amerikaanse Engels) dat die spesifieke idioom in 'n ander taal verlore gaan. Dié tipe liedere word so onlosmaaklik met 'n spesifieke taal geassosieer dat dit vreemd op die oor val in 'n ander taal. Heffernan (1982:48) sluit hierby aan: *The outward structure and the soul of the different languages vary so greatly that each language requires a unique treatment.*

hiervan is *Negro Spirituals*, *Sea Shantys*, Engelse madrigale en bekende volksmusiek.

### 6.7.1.8 Vokale uitgangspunt

Dit word aanbeveel dat werke gekies moet word wat 'n vokale inslag het. Instrumentaal-geïnspireerde werke laat talle tegniese probleme ontstaan[1]. So 'n voorbeeld is die verwerking van die Suid-Afrikaanse volksliedjie *Môre Oompie, Môre Tannie* deur Henk Temmingh (kyk Bylaag C op p. 377), soos deur die Hoërskool Belville in die ATKB-koorkompetisie van 1992 gesing is. (Program) Ook Smit (1984:176) is van mening dat instrumentaal-geïnspireerde werke vermy behoort te word.

### 6.7.1.9 Styl en vermoë van die koorleier en koor

'n Repertorium moet so gekies word dat dit by die koor en koorleier se styl en vermoëns pas. Die koorlede se vokale, emosionele en intellektuele vermoëns moet ernstige oorweging geniet. Indien hierdie vermoëns nie in aanmerking geneem word nie, sal die repertorium wat die koorleier kies dalk nie prakties uitvoerbaar wees nie. Wanneer 'n skoolkoor byvoorbeeld in kompetisie probeer tree met 'n universiteitskoor sal dit in hierdie opsig 'n onreg aan die leerlinge wees, omdat hulle eenvoudig nie gereed is daarvoor nie. Die vermoëns en beperkinge van die hoërskoolleerlinge se stemme moet veral in ag geneem word.

Indien hierdie aspekte nie by repertoriumkeuses in berekening gebring word

1 Toonleerpassasies, arpeggiofigure, uiterste spronge en -tessiture is gewoonlik eie aan instrumentale werke. Wanneer 'n stem hierdie elemente van 'n instrumentale komposisie moet naboots, word hoë tegniese eise gestel. Met amateurstemme (soos in skoolkore) is die hantering hiervan dikwels problematies en daarom moet dit liefs vermy word.

nie, sal dit uiteindelik negatief in die koor se aanbieding reflekteer. Die tienderjarige bevind hom nog in 'n fisiese (en emosionele) groeiproses en die stemapparaat is nog nie volledig ontwikkel nie. Latherow, soos aangehaal deur Verster (1987:129), huldig ook sodanige mening: *Many teachers over-estimate the potential capacities of young singers and choose choral arrangements which have been created for professional singers - the ranges and dynamic levels of such arrangements are too extreme, the music is often too dramatic in character, and the necessary musical interpretations are beyond the vocal development of the secondary school singer ...*

### 6.7.1.9.1 'n Té moeilike repertorium

Repertorium wat té moeilik[1] is vir 'n hoërskoolkoor, behoort vermy te word. Ambisieuse koorleiers het egter die volgende probleem by die keuse van repertorium: *Wat veral moeilik is, is om te kan oordeel of die werk nog nie wil slaag nie aangesien dit so vroeg in die jaar is, en of dit is omdat die werk eintlik buite die koor se bereik is.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud) Dit is moeilik om te onderskei tussen hierdie twee moontlikhede en selfs ervare koorleiers wat gereeld ambisieuse repertorium aandurf, ondervind hiermee 'n probleem. In 'n koorjaar behoort daar 'n keusemoment te wees wanneer 'n finale besluit oor so 'n problematiese werk geneem moet word. Om met so 'n werk voort te gaan en dan te ontdek dit slaag nie, is 'n ernstige verspilling van tyd en energie en dit kan ook die vordering van die koor belemmer. *In such overly ambitious situations, the notes have to be pounded in, literally, and such a long period passes between the initial*

1 *It is common (mainly because of false ego) to select and attempt to sing music which is too difficult for the choir. One should make it a principle to perform music which the choir can sing with the greatest amount of perfection.* (Ehmann, 1968:146)

*exposure to the composition, that progression of learning ceases.* (Heffernan, 1982:71) In die afgelope paar jaar het leidende skoolkore egter bewys[1] dat repertorium wat normaalweg nie met skoolkore geassosieer word nie, wel deur sekere skoolkore suksesvol uitgevoer kan word. Voorbeelde hiervan is:

*** Trisagion: Pieter de Villiers (Hoërskool Sand du Plessis - 1986)**
*** The Fog: Marcha Geyer (C en N Sekondêre Meisieskool Oranje - 1987)**
*** Motet: Pieter van der Westhuizen (Hoërskool Sand du Plessis - 1988)**
*** Exultate Deo: Allesandro Scarlatti (Hoërskool Sentraal - 1989)**
*** Psalm 150: Pieter de Villiers (Hoërskool Sentraal - 1990)**
*** Boesmanliedere: Marcha Geyer (C en N Sekondêre Meisieskool Oranje - 1991)**
*** Praise die Lord: Emma Lou Diemer (Hoërskool Sand du Plessis - 1991)**
*** 'n Kind is vir ons gebore: Hennie Coetzee (C en N Sekondêre Meisieskool Oranje - 1992)**
*** Glorificamus te: Eugene Butler (Hoërskool Sentraal - 1993)**
*** Daar kom die Alibama: verwerk Edward Aitchison (Hoërskool Sand du Plessis - 1993)**
*** Halleluja: Peter Wishart (Hoërskool Sand du Plessis - 1994)**
*** Mountain Nights: Zoltán Kodály (C en N Sekondêre Meisieskool Oranje - 1994)**
*** Psalm 95: Pieter van der Westhuizen (Hoërskool Sentraal - 1994)**

(Sommige van bogenoemde werke verskyn in Bylaag D op p. 382)

### 6.7.1.9.2 'n Maklike repertorium

'n Maklike repertorium wat geen uitdaging vir die koor bied nie, is teenproduktief aangesien die koor nie daardeur die geleentheid vir groei en stimulasie gebied word nie. In so 'n geval leer die koor die werk vinnig aan en die lang periode wat dan verloop tussen die aanleerproses en die uiteindelike deelname aan uitvoerings of 'n kompetisie laat verveling by die

1 Al die werke is deur die genoemde kore met sukses op kompetisies en kunswedstryde gesing. (Die meeste van die werke is op die Nasionale ATKB-koorkompetisie of op die Vrystaattrofee-koorkompetisie deur die kore gesing.)

koorlede ontstaan. Die huidige leefpatroon is gelaai met uitdagings, soos die koorlede dit ook op akademiese en sportgebied ervaar. Die uitdaging wat 'n ambisieuse werk bied is 'n intrinsieke motivering vir die koorlede. 'n Moeilike repertorium behoort nooit vermy te word omdat die koorleier van mening is dat dit nie die gehoor sal aanspreek nie. Die erkende grondlegger van koorsang in Suid-Afrika, Philip McLachlan, was hierin 'n voorbeeld. Philip McLachlan het nooit teruggedeins voor ingewikkelde musiek omdat dit moontlik nie vir gehore toeganklik sou wees nie. *Alle musiek is met soveel oorgawe voorgedra dat selfs die moeilikste musiek vir* (sic) *die publiek aangespreek het.* (Jankowitz, 1990:250)

### 6.7.1.10 Selfevaluering/kritiek

Na aanleiding van die kritiek wat van beoordelaars op koorkompetisies ontvang word, behoort koorleiers repertoriumkeuses aan te pas. Kritiek ten opsigte van geforseerde klankproduksie behoort te lei tot die vermyding van werke wat 'n groot koortoon vereis. Wanneer die koor kritiek ontvang dat dit lewelose en futlose sang lewer, behoort meer beweeglike en dinamies-kontrasterende werke gekies te word. Koorleiers begaan soms die fout om repertorium te kies wat nie die algemene kritiekpunte van vorige kompetisies uitskakel nie. Indien 'n spesifieke repertorium nie vir koorkompetisies gekies word nie, sal dit ook sinvol wees om werke in te sluit waarmee aan knelpunte van vorige kompetisies gewerk kan word.

Dit is nie realisties of eerlik om te beweer dat koorleiers alle style ewe goed vertolk nie. As gevolg van verskille in persoonlikheid, musikale agtergrond, ondervinding en koorlidmateriaal (wat stemkwaliteit betref) tot die koorleier se beskikking, munt sekere koorleiers in sekere werke uit en ander weer nie. Vir die Vrystaatse Jeugkoor het Wassermann kontrapuntale werke met gedrae

melodiese lyne en magtige koorklank bevoorkeur, terwyl Hyman veral lief is vir werke met harmoniese en ritmiese vervlegtheid. (Verster, 1987:103) Philip McLachlan is vir sy vertolking van sestiende eeuse polifoniese kerkmusiek gekritiseer. *Hy het dit volgens die kritici "te subjektief" en met "te groot kontraste deur middel van skielike crescendo's en diminuendo's" gedirigeer.* (Jankowitz, 1990:173) Volgens Jankowitz (1990:173) is dit juis sy styl van uitdrukking en dinamiese persoonlikheid wat vir hierdie uitvoeringspraktyk verantwoordelik was. Andries Wassermann, voormalige dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor, is weer vanweë sy agtergrond (teologiese opleiding) verbind met die suksesvolle vertolking van veral die gewyde lied. *Vir 'n prestige-konsert wat op 14 Augustus 1985 deel gevorm het van die inwyding van die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein en waarin die Vrystaatse Jeugsimfonie-orkes en die Vrystaatse Jeugkoor gesamentlik opgetree het, het Wassermann slegs werke met 'n gewyde strekking gekies.* (Verster, 1987:65)

'n Koorleier moet bewus wees van sy eie tekortkominge in hierdie verband en behoort veral in koorkompetisies op die positiewe kwaliteite in sy mondering as koorleier te fokus.

### 6.7.1.11 Grootte van 'n saal en akoestiek

Volgens Ehmann (1968:147, 148) moet die grootte en akoestiek van die saal waarin 'n uitvoering gaan plaasvind, die keuse van repertorium bepaal. 'n Stadige, gedrae koorwerk uitgevoer in ongunstige akoestiese omstandighede kan moontlik intonasieprobleme[1] tot gevolg hê.

1 Ehret (1959:19) huldig ook die standpunt: *Poor acoustics on the stage or in the auditorium which prevent members of the group from hearing each other properly. "Dead" halls do not give the acoustical "lift" necessary to the establishment of vocal contact between chorus members.*

### 6.7.2 Riglyne met die keuse van repertorium in die aanvangs- of beginnerstadium

Die term *aanvangstadium* dui aan dat daar óf van * 'n nuutgestigte koor sprake is, óf dat * die koorleier nog onervare is, óf * dat die koorleier én koor nog onervare is. Dit is so dat 'n kooraktiwiteit etlike jare by 'n skool kan bestaan, maar dat die koor weens die lae standaard steeds as 'n koor in die aanvangstadium geklassifiseer kan word.

#### 6.7.2.1 Unisoonlied

Geen koorleier moet die waarde van die unisoonlied gering[1] ag nie. Juis met die unisone lied kan die regmatige aandag aan klankproduksie, vokaalvor- ming, resonansie en ander koortegnieke gegee word. Selfs vir kore verby die beginnerstadium word aanbeveel dat 'n unisoonlied[2] in die repertorium ingesluit moet word. Walter Ehret (1959:49) steun ook die beginsel: *Build a personal library of single octavos and refer to it often.* Ehmann (1968:152) huldig selfs die mening dat die unisoonlied ook simboliese waarde het: *The singing of only one melodic line signifies unanimity of spirit and is the symbol of intimate fellowship.*

#### 6.7.2.2 Die verdeling in té veel stempartye

'n Gemengde koor in die beginnerstadium behoort eerder SAB-komposisies

---

1 *The singing of monodic music is usually looked down upon by the people in many choral organisations because it is not regarded as artistic singing - artistic singing being associated with part singing, more specifically with four-part singing. The history of artistic unison singing goes back much farther than the history of multivoiced singing.* (Ehmann, 1968:151)

2 Volgens Alldahl (1990:3) kan elke koorlid in 'n unisoonlied of -oefening van die volgende bewus word:

- *that intonation requires concentration*
- *how one's own voice sounds in relation to the other voices in the same part*
- *how the pitch is affected by the vocal register, dynamics and timbre.*

met sukses te sing as SATB-werke met onbevredigende resultate. Vir 'n dogterskoor op 'n soortgelyke ontwikkelingsvlak word 'n SA- of SSA-repertorium aanbeveel en nie SSAA-werke nie.

Dogters het 'n natuurliker geneigdheid om meerstemmig te sing, aangesien seuns se stemme nog nie in die hoërskool gestabiliseer het nie. Seunskore behoort as gevolg hiervan eerder tweestemmige en selfs eenstemmige werke te sing. Die resultaat sal wees dat daar baie gouer op ander belangrike aspekte soos uniforme koortoon, resonansie, vokaalvorming, intonasie, diksie en vertolking van koorsang gefokus kan word en dat tyd nié onnodig deur die instudering van stempartye in beslag geneem word nie. 'n Uniforme koorklank word makliker met min stempartye verkry, terwyl dit moeiliker is om met meer stempartye dieselfde resultaat te verkry. Vokaalvorming hou regstreeks hiermee verband en die intonasie kan ook hierby baat vind. Seunskore met intonasieprobleme behoort 'n onrealistiese verdeling van stempartye ten alle koste te vermy.

### 6.7.2.3 Tessiture

In 'n koor se aanvangstadium is die potensiaal van die stemme nog nie (deur middel van stembouing) benut nie en daar moet met omsigtigheid op die omvang van werke gelet word. Té hoë tone vir soprane of tenore kan 'n geknypte klank en onsuiwerheid teweeg bring. Té lae tone vir basse kan die plasing van onontwikkelde seunstemme bemoeilik en intonasieprobleme tot gevolg hê. Werklike basse in skoolkore is eerder 'n uitsondering as 'n reël en daar behoort nie met onoordeelkundige repertoriumkeuses nog verder klem op hierdie tekortkominge by seunstemme geplaas te word nie. 'n Koorwerk behoort nie onnadenkend laer getransponeer te word om die

soprane en tenore te pas nie, omdat die alte en basse in so 'n geval weer té laag geleë kan wees.

### 6.7.2.4 Homofoniese komposisies

Stadige homofoniese komposisies met lang legatolyne behoort verkieslik in die aanvangstadium vermy te word. Hierdie tipe koorstyl is een van die moeilikste om te bemeester en kom vir onervare koorleiers misleidend as maklik voor. Die meeste koorleiers het waarskynlik 'n instrumentale agtergrond (hoofsaaklik klavier) en moet nog met betrekking tot die vokale aanslag ervaring opdoen. Meer beweeglike werke, wat wissel tussen legato- en non-legatosang, word vir die aanvangstadium van kore aanbeveel. Klankproduksie, vokaalvorming en intonasie word deur stadige homofoniese werke (soos die toonsetting van *Psalm 42* deur Louis Bourgeois en *Locus Iste* deur Anton Bruckner - kyk Bylaag C op p. 373) onder die vergrootglas geplaas. 'n Baie hoë mate van koordissipline word vir hierdie styltipe vereis.

### 6.7.2.5 Dinamiese uiterstes

Werke met dinamiese uiterstes behoort vermy te word. Om 'n fortissimoklank en werklike pianissimosang te produseer is van die moeilikste tegnieke wat in koorverband bemeester kan word. 'n Koorleier moet bewus wees van koortegniese aspekte soos

- eenvormige vokaalvorming
- resonansie
- klankkleur (timbre)

□ die beginsels[1] van klankproduksie

□ en intonasie[2] om dinamiese uiterstes suksesvol te kan hanteer.

Dinamiese uiterstes beïnvloed intonasie. Fortissimosang kan waarskynlik 'n geforseerde klank meebring, terwyl pianissimosang die intonasie kan laat huiwer, aangesien koorlede nog nie in die aanvangstadium van koorontwikkeling die ondersteuning-met-die-diafragma-tegniek baasgeraak het nie. Kritiek van dié aard is op die 1989 koorkompetisie vir hoërskole om die Vrystaattrofee van 1989 teen een van die deelnemende kore gelewer: *... Die koor het intonasieprobleme gehad en die sang was té sag...* (*Die Volksblad*, 1989:datum van knipsel afgesny) Heffernan (1982:69) laat hom oor die beginsel van dinamiese uiterstes soos volg uit: *Loud singing is very difficult to keep in tune. A choral fortissimo must be gradually built up from a mezzo-forte or forte level with careful attention being given to vocal technique, especially resonance.*

By repertoriumkeuse is bogenoemde beginsels van belang, maar daar moet seker gemaak word dat repertorium wat gekies word wel vertolkingsmoontlikhede inhou.

**6.7.2.6 'n Bekende repertorium**

Die kies van bekende repertorium, soos werke wat al telkens deur universiteitskore en provinsiale jeugkore gebruik is, het die nadeel dat die

1 Ehmann (1968:34) beklemtoon vyf basiese beginsels van klankproduksie:
** The pharynx, consisting of the spaces of the throat, nose, and mouth, and comprising the entire space from the vocal cords to the upper front teeth, must be opened as much as possible. * The larynx (Adam's apple) should be maintained in a low but comfortable position at all times. * The voice should be focused high and forward (between the eyes) * The resonances of the voice should be stimulated. * Vowels and consonants should be formed in die front part of the mouth*

2 Intonasie kan deur dinamiek beïnvloed word. (Alldahl, 1990:3)

gehoor en beoordelaars (in die geval van 'n kompetisie) 'n definitiewe klankbeeld van die werke het en die koor onvermydelik daarvolgens sal beoordeel. In 'n program van die 1993 kompetisie om die Vrystaattrofee vir hoërskoolkore is voorbeelde[1] van hierdie tipe repertoriumkeuse te vind.

### 6.7.2.7 Onbegeleide koorsang

In Suid-Afrika bestaan 'n gesonde tradisie van a capella-koorsang, maar dit vereis 'n dissipline waaroor kore in die aanvangstadium nie noodwendig beskik nie. Dit is nie noodsaaklik nie, en word dus ook nie aanbeveel dat 'n koor alles in hierdie stadium onbegeleid moet sing nie.

In die geval van begeleide werke is die volgende van belang:

- Die begeleiding moet interessant wees.
- Die begeleiding moet onafhanklik van die stempartye wees.
- Begeleiding behoort komplementerend vir die stempartye te wees.

Ehret (1959:49) sluit aan by hierdie beginsel as hy vra: *If accompanied, does the piano enhance the vocal parts or does it detract because of over-elaborate and showy?*

### 6.7.2.8 Tempo

Werke met 'n baie vinnige of stadige tempo vereis 'n hoë mate van koordissipline vir suksesvolle uitvoering. Die dirigent en koor moet veral

1 Hoërskool Fichardtpark * **Come Again Sweet days- John Dowland** * **Die Overbergse liefdesliedjies - verwerk Reino Otterman**

Grey-Kollege Hoërskool * **Die Magaliesburgse aandlied**

Hoër Landbouskool Jacobsdal * **Dis'ie linne- verwerk Chris Lamprecht** * **Die Overbergse liefdesliedjies - verwerk Reino Otterman** (Program, 1994:Vrystaattrofee-koorkompetisie)

goed met mekaar vertroud wees wanneer vinnige werke aangepak word. Heffernan (1982:69) is ook van mening dat werke met 'n baie vinnige tempo intonasieprobleme tot gevolg kan hê, aangesien koorlede nie tyd het om die verskillende toonhoogtes noukeurig genoeg te plaas nie.

### 6.7.3 Riglyne vir kore in die Gevorderde Afdeling

Alhoewel die algemene riglyne vir repertoriumkeuse ook vir gevorderde kore relevant is, behoort daar 'n nuwe dimensie in die repertoriumkeuses in hierdie afdeling te wees, aangesien dit grotendeels die kategorisering van dié afdeling bepaal. In die Gevorderde Afdeling is die veronderstelling dat die koorleier en koor ervare sal wees en gevolglik werk van 'n hoër standaard sal lewer. Volgens die bepalings vir die ATKB(V)-Applous koorkompetisie vir hoërskoolkore is die afdeling vir gevorderde kore die hoogste afdeling waarvoor 'n koor kan inskryf. Die norme waarvolgens die kore in dié kategorie beoordeel word, is streng. Die standpunt van die ATKB(V) is dat 'n koor waaraan 'n Cum Laude-toekenning gegee word met internasionale standaard kan meeding. (Gräbe, 1994:onderhoud)

Heffernan (1982:71) beskou die vermoë om 'n werklik geskikte repertorium vir 'n koor te kan kies, as 'n onderskeidende kenmerk van 'n bekwame koorleier:

> ***A distinguishing mark of a successful conductor is the ability to determine objectively the technical level of ability of a choir and to select music for study that is within that ability but at the same time advancing it.***

Die vereistes wat hy noem, kan as die essensie van repertoriumkeuse in die Gevorderde Afdeling beskou word. Skoolkore wat in staat is om 'n hoë standaard te handhaaf, behoort 'n ander benadering tot repertoriumkeuse te

openbaar, naamlik met die oog daarop om hul ontwikkeling daardeur verder te stimuleer. Koorleiers wat reeds sukses bereik het, ly dikwels aan tonnelvisie - in dié sin dat hulle geslaagde repertorium dikwels herhaal.

Gevorderde kore het die baie belangrike verantwoordelikheid om as verwysingsraamwerk vir ander kore te dien. Die D. F. Malan Hoërskoolkoor in Belville stel langer as 'n dekade 'n voorbeeld van goeie, interessante en uitdagende repertoriumkeuses. Die koorleier (mnr. Danie Smit) het ook die weg vir unieke keuses gebaan, maar weinig skoolkore volg dié voorbeeld. Reeds in 1982 het hierdie skoolkoor tydens die Nasionale ATKB-koorkompetisie vir hoërskoolkore in Durban 'n buitengewone koorsang-standaard gelewer. 'n Opvallende, onderskeidende kenmerk was die eiesoortige repertoriumkeuse van dié skoolkoor.

Ook in die repertoriumkeuse van ander werklik goeie skoolkore in die land is hierdie element van andersheid bespeur. Dit is waarskynlik 'n onderskeidende kenmerk van werklik goeie kore in nasionale en internasionale verband. Dit is bevestig by geleentheid van die Tweede Internasionale Koorsimposium wat in 1990 in Swede en Finland gehou was. In Swede word repertorium gesing wat Suid-Afrikaanse kore om verskeie redes[1] nog nie kan waag nie. Die repertorium wat daar as algemeen beskou

1 Van die redes is waarskynlik: * gebrekkige opleiding wat koorleiers in Suid-Afrika ontvang * In Swede word koorsang as medium vir musiekopvoeding gebruik. Koorlede leer dus musieknotasie lees en gevolglik word 'n nuwe wêreld van koorrepertorium toeganklik gemaak. Dit gebeur nie hier te lande nie. * In Swede word ook baie gedoen om komponiste van eie bodem te motiveer om vir kore nuwe repertorium te skep.
* Die invloed van prof. Eric Ericson (gebore 1918), een van die wêreldfigure in die twintigste-eeuse koorkuns, het sy vaderland, Swede, in hierdie verband op die voorgrond geplaas. * Koorsang het in Swede 'n massabeweging geword. *In a city like Uppsala, with 125, 000 inhabitants, there are 120 choruses who practice and perform regularly!* (Laserskyfomslag: 1987)

word, is nie vir baie van die koorleiers en gehore[1] in Suid-Afrika bevatlik nie. Die repertorium wat tydens die genoemde simposium ook deur skoolkore gesing was, het 'n nuwe perspektief op koorrepertoriumkeuses gebring. Komponiste van eie bodem word in Swede sterk aangemoedig om oorspronklike nuwe koorwerke te skryf. In Suid-Afrika gebeur dit nie. Suid-Afrikaanse komponiste wat nuwe, uitdagende koorrepertorium daarstel, vind dat daar nie belangstelling vir hulle werke is nie. Die gevolg is dat komponiste nie sulke werke skryf nie. Daar is nie 'n afset vir hulle werke nie, en daar is nie kore om as uitvoeringsmedium te dien nie.

## 6.8 Riglyne vir programsamestelling

### 6.8.1 Koorkompetisies

Die samestelling van 'n geskikte program vir 'n kompetisie is 'n tegniek wat ten nouste met ervaring saamhang. Sonder ervaring het die koorleier nie die voordeel om uit suksesse óf mislukkings van die verlede te kon leer nie. Vir dié soort koorleier is basiese riglyne dus noodsaaklik.

#### 6.8.1.1 Kompetisiekeuses

As uitgangspunt moet die vermoë en beperkinge van die koor en die koorleier in berekening gebring word. Onrealistiese keuses verhoed sukses nog voordat die repetisies 'n aanvang geneem het. Die feit dat die vermoëns van die koor van jaar tot jaar mag verskil, moet ook in gedagte gehou word.

1 Die koorkonsertpubliek in Suid-Afrika is wat musieksmaak en oordeel betref, nog onderontwikkeld. Toegewings deur koorleiers ten opsigte aan die populêre smaak vererger die situasie en weinig ontwikkeling vind plaas.

'n Koorleier wat suksesvol aan 'n kompetisie wil deelneem, moet deeglik daarvan bewus wees dat nie enige repertoriumtipe geskik is vir 'n kompetisie nie. Koorleiers moet die vermoë ontwikkel om onderskeid[1] te kan tref tussen goeie kompetisiekeuses en werke wat vir die doel vermy behoort te word. Baie koorleiers is onbewus hiervan, of kan nie 'n onderskeid tussen 'n kompetisierepertorium en 'n sogenaamde koorfeesrepertorium tref nie. Daar word egter baie vordering op die terrein van repertoriumkeuses vir koorkompetisies gemaak[2].

***Naas die vasstelling van die vermoëns van die koor is die kuns by die kies van 'n kompetisierepertorium geleë in die insluiting van 'n verskeidenheid style, tempi, dinamieke, klankkleure, atmosferiese kwaliteite en 'n vermyding van duplisering.***

Duplisering van genoemde elemente veroorsaak dat die program wat 'n koor aanbied, inboet aan balans en interessantheid. Die koor se optrede kan 'n indruk van eensydigheid, eentonigheid en gevolglike verveling laat ontstaan. 'n Kritiese ingesteldheid aan die kant van die koorleier is dus noodsaaklik sodat 'n opstapeling van eie voorliefdes vermy kan word.

'n Repertorium vir 'n koorkompetisie behoort so saamgestel te word dat

1 *Hierdie onderskeid hang ten nouste saam met ervaring.* (Du Plessis, 1994:onderhoud) Voorbeelde van verkeerde keuses vir kompetisies is: * Verwerkings van orkesmusiek * Koorwerke uit operas (gewoonlik) * *Breezie Bach*-verwerkings * Werke uit musiekblyspele en rolprente * Gospelliedjies * Werke van Suid-Afrikaanse populêre vermaaklikheidskunstenaars (of verwerkings daarvan) * Verwerkings van sogenaamde popmusiek * Baie bekende repertorium wat deur universiteitskore op voortreflike wyse bekend gemaak is en vanweë die standaard wat daarmee verbind word die skoolkoor gaan laat afsteek. * Enige minderwaardige musiek.

2 *Dit is vir my opvallend dat die kore vandag werke sing wat veral op kompetisies ingestel is. 'n Dekade gelede was daar nie so baie hieraan aandag gegee nie.* (Dyer, 1994:onderhoud) *Internasionale skakeling en die algemene ontwikkeling van standaard in die land, ook wat repertorium betref, beïnvloed ongetwyfeld die repertorium wat op koorkompetisies gesing word.* (Verster, 1993:onderhoud)

'n sinvolle koorprogram geskep kan word. Die musikale strategie agter 'n bepaalde koorprogramkeuse behoort nie net volgens die onderlinge samehang en balans van die programstukke gekies te word nie, maar ook wat die samestelling van die algehele kompetisieprogram betref gemotiveer te kan word.

Dit is wenslik om 'n spil- of hoofwerk te kies waaromheen die res van die repertorium beplan kan word. 'n Nuwe, onbekende, uitdagende en steeds prakties-uitvoerbare werk word aanbeveel. Die aard van dié werk word bepaal deur voorkeur van die koorleier en kan 'n tegnies uitsonderlike werk of ook een met 'n besondere atmosfeer of ander musikale kwaliteit wees. Aangesien hierdie werk die meeste van die repetisietyd in beslag sal neem, behoort dit 'n werk van hoogstaande musikale waarde te wees. Indien dit nie die geval is nie, kan koorlede belangstelling verloor en sal die werk nie die gewenste resultate lewer nie. 'n Opstapeling van te veel prominente repertorium sal onrealisties wees, aangesien daar altyd rekening gehou moet word met die realiteite van beperkte oefentyd[1] en koorvermoëns.

Die aanvangswerk van die kompetisieprogram is belangrik aangesien die eerste indrukke dikwels bepalend is. Om met 'n gewyde werk te begin is geensins gebiedend[2] noodsaaklik nie en 'n afwyking in dié verband kan

1 *An important consideration in selecting concert repertory is the amount of rehearsal time available.* (Decker; Kirk, 1988:152)

2 Volgens Acama Fick (1993:onderhoud) het die voorbeeld van repertoriumkeuse en programsamestelling wat Philip McLachlan daargestel het, soms 'n beperkende uitwerking op koorleiers. Ook Edward Aitchison (1993:onderhoud) steun haar in dié verband. *Almal volg dit so slaafs na, dat inisiatief buite hierdie raamwerk selde voorkom.* (Fick, 1993:onderhoud) So beveel dié twee koorleiers aan dat 'n program met 'n sekulêre werk mag begin en dat daar in 'n programopset 'n interessante vermenging van sekulêre en gewyde genres kan wees. Die tradisionele plasing en skeiding van repertorium moet vermy word om nie in "koorclichés" te verval nie. Prof. Petru Gräbe (1994:onderhoud) meen egter dat dit nie Philip McLachlan is wat 'n beperkende invloed het nie, maar dat dit eerder 'n geval is van koorleiers wat nie verder eksperimenteer en nuwe moontlikhede verken nie.

eerder 'n element van verrassing inhou. Indien die spesifieke keuse en die programopset dit regverdig, kan daar selfs met 'n gewyde werk afgesluit word.

Die slotwerk is baie belangrik aangesien dit aan die program 'n afgerondheid behoort te verleen. 'n Riskante, nie-geslaagde keuse kan 'n koor se kans op sukses belemmer. Daar moet op gewys word dat dit nie noodsaaklik is om met 'n sogenaamde bravura-werk (wat forte eindig) af te sluit nie. Gräbe bevraagteken byvoorbeeld dié gebruik[1].

Dit is uit 'n musikale oogpunt noodsaaklik dat die klankkleur van die koor behoort te wissel, om sodoende die musikale gehalte van die voordrag te komplementeer. Dit sou byvoorbeeld interessant wees om 'n helder madrigaal of 'n werk deur Heinrich Schütz met die donker klankkleur van 'n volgende werk soos 'n Hebreeuse volkslied af te wissel.

Tensy dit uit aard van 'n spesifieke werk self geregverdig kan word, moet repertorium met instrumentale ensembles eerder op kompetisies vermy[2] word. Wanneer die instrumentale ensemble egter 'n outentieke karakter aan die werk verleen, (soos wanneer 'n deel uit die *Orgelmesse* van J. Haydn met orrel en strykerinstrumente uitgevoer word) behoort dit te slaag.

Repertorium van die *luisterliedjie-tipe* behoort met koorkompetisies vermy te word. Hierdie werke leen hulle nie tot die volledige toepassing

---

1 *Waarom moet 'n koorprogram juis met 'n fortissimo eindig? Is 'n graad van forte wat 'n koor moet produseer hoegenaamd 'n aanduiding van sy kwaliteit?* (Gräbe, 1993:7)

2 Indien die spel van die ensemble nie van 'n goeie standaard is nie, kan dit die algemene uitvoering van die koor tot nadeel strek. Logistiese oorwegings, soos om die koor en ensemble saam te laat oefen, kan soms ook problematies wees en uiteindelik tot nadeel van die koor wees as daar nie voldoende saamoefeninge was nie.

van belangrike koorbeginsels nie, omdat hulle oorspronklik nie bedoel is om deur 'n koor uitgevoer te word nie. Uitsonderings hiervan is moontlik by baie goeie[1] verwerkings van luisterliedjies.

Daar bestaan onder bekende koorleiers interessante meningsverskille of hierdie repertoriumtipe enigsins gesing behoort te word. Gräbe (1993:6) keur dit af: *Die liedjies het meesal 'n intieme karakter wat beswaarlik deur 'n groep oorgedra kan word. Dit wil voorkom asof die sogenaamde ligter musiek steeds 'n groeiende komponent van ons koorprogramme word. Ek wil beweer dat hierdie kortpad na "sukses" wat deur so baie jong kore gekies word, 'n doodloopstraat is. Jong koorsangers word daardeur mislei en bederf, want dit wat werklik die moeite werd is, vra harde eerlike werk en toewyding.*

Hennie Loock, dirigent van die Tygerbergse Kinderkoor, het oor die sing van die luisterliedjie 'n ietwat meer verdraagsame houding: *Dit hang vir my baie af van die verwerking self. Sommige van die luisterliedjies is nie geskik vir verwerking nie, terwyl 'n mens soms 'n kompromie moet tref met solowerk en 'n koorrefrein gedeelte. My uitgangspunt is: indien die lied hom daartoe leen en nie 'n plaasvervanger is vir jou goeie koorliteratuur of van die volksliedjie nie, dan het ek nie 'n probleem daarmee nie. Ek*

1 By die ATKB-koorkompetisie van 1992 het die hoërskoolkoor van Sentraal tydens die galakonsert 'n verwerking van 'n sogenaamde luisterliedjie gesing. Na aanleiding daarvan is die volgende in 'n resensie in die *Volksblad* (29 Julie 1992) geskryf: *Die intense vertolking van "Drie Uur in die Môre" het die gehoor deurgaans geboei sodat 'n mens byna te bang was om asem te haal.* Dit is egter interessant om daarop te let dat die organiseerders van die ATKV-koorkompetisie nie die sing van verwerkings van luisterliedjies vir kompetisiedoeleindes aanbeveel nie. (Greef, 1994:onderhoud)

*het wel 'n probleem daarmee as die gewig te swaar na die een kant toe is; dit moet in balans wees met die res van die program.* (Loock, 1993:onderhoud)

Danie Hyman (1994:telefoniese gesprek) dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor, verwerk en sing gereeld van die luisterliedjies met sy koor en huldig dié volgende standpunt hieromtrent: *Ek het navorsing in dié verband gedoen en strokies na afloop van konserte aan die konsertgangers uitgedeel. In die meeste gevalle het die gehore vir meer ligte musiek en Afrikaanse luisterliedjies gevra, daarom grond ek my standpunt oor die luisterliedjie op wat ek in die praktyk ervaar het. Hulle wil graag die liedere hoor, veral as dit goed verwerk is en die koor dit mooi sing. In baie van die liedere is pragtige poësie. 'n Mens moet 'n aanvoeling hê vir dié soort musiek - as jy dit nie het nie, moet jy dié soort musiek nie sing nie.*

### 6.8.12 Koorkompetisies in die praktyk

Koorkompetisieprogramme van sekere prominente kore wat in 1993 om die Vrystaattrofee vir hoërskole en in die ATKV-Applous-koorkompetisie meegeding het, word hieronder deur die betrokke dirigente bespreek. Duidelike verskille én ooreenkomste is aan te toon:

VOORBEELD 1: Die seniorkoor van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein

**Procession & This little Babe**
**uit Ceremony of Carols - Benjamin Britten**
**Suid-Afrika Ons Erfdeel - Hendrik Pieter van der Westhuizen**
**What saith my dainty darling - Thomas Morley**

**Voorjaarsvreugde en Tsitsikamma** - **Chris Lamprecht**

(Program, 1993:Vrystaattrofee-koorkompetisie)

Die uitgangspunt van die koorleier in die programsamestelling was soos volg: *Met 'n koorkompetisie hou ek drie dinge in gedagte; eerstens wil ek die sterk punte van my koor uitwys; tweedens is dit vir my belangrik dat daar teenstelling en variasie moet wees; en derdens moet daar ook eenheid wees. 'n Ander aspek wat vir my belangrik was in die programkeuse, was die aspek van toonaardverwantskap van die liedere.* (Geyer, 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 2: Sand du Plessis Hoërskool, Bloemfontein

| | |
|---|---|
| **Alleluja, a new work is come on hand** | **- Peter Wishart** |
| **Lobt Gott in seinem Heiligtum** | **- Heinrich Schütz** |
| **Heimwee** | **- S le Roux Marais verwerk Andries Wassermann** |
| **Daar kom die Alibama** | **- Tradisioneel verwerk Edward Aitchison** |

(Program, 1993:Vrystaattrofee-koorkompetisie)

Die dirigent van hierdie koor laat graag nuwe, onbekende, oorspronklike en uitdagende repertorium sing. Die koorlede se voorkeure word nie in aanmerking geneem met repertoriumkeuse nie. Afwisseling tussen begeleide en onbegeleide werke is 'n verdere oorweging. Aangesien die eerste twee werke beide onbekende repertorium was, is daar van die standpunt uitgegaan dat die derde werk 'n bekende moes wees wat 'n intense melodiese skoonheid

en 'n besonder klankkleur besit. Met die laaste werk was die bedoeling om 'n teenstelling met *Heimwee* te verkry en ook om 'n hoogtepunt aan die einde van die program te bereik.

VOORBEELD 3 Juvenes Cantantes - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein

| | |
|---|---|
| **Glorificamus Te** | **- Eugene Butler** |
| **My hart blom wit** | **- Pieter de Villiers** |
| **Swing low** | **- Tradisioneel verwerk H Livingstone Jr.** |
| **Ai, Ai die Witborskraai** | **- Martin Watt** |

(Program, 1993:Vrystaattrofee-koorkompetisie)

Die uitgangspunt van die koorleier aangaande die beplanning van die programsamestelling was soos volg:

*Ek kies werke waarvan ek hou en waarmee ek myself kan identifiseer. Ek sluit ook 'n gewyde werk en Jazz-werke in omdat ek voel laasgenoemde is my eie sterkpunt. Ek hou daarvan om 'n nuwe werk te sing en kies nooit werke om die koorlede te pas nie. Die eerste werk was gekies omdat dit 'n opwindende werk was om mee te begin. Die aspek van afwisseling is baie belangrik in my repertoriumsamestelling.* (Geldenhuys, 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 4 Hoërskool Fichardtpark, Bloemfontein

| | |
|---|---|
| **Die Here is my Herder** | **- Chris Lamprecht** |
| **Come Again Sweet days** | **- John Dowland** |
| **Die Blou Berg** | **- Verwerk Reino Otterman** |

**Younger Generation - Aaron Copland**

(Program, 1993:Vrystaattrofee-koorkompetisie)

Vir die koorleier was die volgende aspekte belangrik in die samestelling van die program:

*My uitgangspunt is dat ek eerstens werke kies wat my koor pas. Ek kies die werke deur dit vooraf op die klavier te speel. Die musiek wat ek kies moet ook vir my koorlede aanvaarbaar wees. Ek hou verder in gedagte dat die tydperke en stemminge van werke moet wissel en ek sing graag werke wat by die ervaringswêreld van tienerkoorlede pas.* (Du Plessis, 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 5 Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein

**Gesang 63 - Hugo Distler**
**Met Duimpie**
**Holderste Boller - Johan Potgieter**
**Die Nimfie van Harholdsbaai - Chris Lamprecht**
**Nuwe Jaar - Chris Lamprecht**

(Program, 1994:ATKV-koorkompetisie)

Vir die koorleier is die volgende oorwegings belangrik:

*Sekerlik die belangrikste oorweging in repertoriumkeuse is dié van verskeidenheid. Die aanvangswerk moet 'n goeie indruk maak. Die laaste werk moet opwindend wees en moet ook 'n goeie afsluiting van die program wees. "Nuwe Jaar" het ek gesing in die afdeling vir volksmusiek;*

*ek hou nie self van die werk nie. Ek het met die werk afgesluit omdat dit 'n baie vrolike einde het.* (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

### 6.8.1.2.1 Samevatting

Uit die aangehaalde motiverings deur die verskillende koorleiers kan die volgende opgemerk word:

- In die meeste gevalle kan die koorleiers besliste motiverings vir die programkeuses en -samestelllings gee. Net soms het dit voorgekom of spesifieke keuses nie werklik deurdag was nie.
- In een geval is werke gekeur deur dit op die klavier voor te speel, wat nie 'n realistiese klankbeeld van 'n vokale komposisie kan gee nie.
- In 'n ander geval is 'n werk gekies waarvan die koorleier nie self hou nie, en wel om 'n gepaste vrolike atmosfeer aan die einde van die program te kon skep.
- Die aspek van verskeidenheid word deur al vyf koorleiers as baie belangrik beskou en vir hulle is dit waarskynlik die vanselfsprekendste riglyn in repertoriumbeplanning vir kompetisies.
- Daar bestaan nie eenstemmigheid oor of die koorlede se voorkeure bevredig behoort te word nie. Vir twee van die koorleiers is dit van belang en vir die ander drie was dit geen oorweging nie.
- Vir twee koorleiers is dit 'n belangrike faset van hul programsamestelling om nuwe, oorspronklike werke te laat sing, maar vir ten minste twee is dit geen oorweging nie.
- In twee gevalle word die riglyn om nie oorbekende werke te laat sing nie, verontagsaam. Volgens prof. Deon Lamprecht (1994:onderhoud), Departementshoof: Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, het universiteitskore 'n geruime tyd die repertorium wat Philip McLachlan met

die Stellenbosse Universiteitskoor laat sing het, slaafs nagevolg. Tans volg universiteitskore egter nuwe rigtings, terwyl veral skoolkore nog die repertoriumkeuses van McLachlan handhaaf[1]. (Lamprecht, 1994:onderhoud)

□ Om met 'n opwindende[2] werk te begin en/of daarmee af te sluit is ook vir die koorleiers 'n verder oorweging in repertoriumbeplanning. Dit is opvallend dat nie een van die koorleiers daaraan oorweging skenk om met 'n meer gedempte of kontemplatiewe werk af te sluit nie. 'n Uiters bevredigende resultaat kan aan die einde van 'n program hierdeur verkry word, aangesien so 'n repertoriumtipe inderdaad 'n hoogtepunt kan wees.

□ Die koorleiers ag dit belangrik om die werksoorte te laat sing waarin hulle as koorleiers self uitmunt, aangesien hulle van mening is dat die koor dan die werke die beste sal kan uitvoer.

□ Vir twee koorleiers was die aspek van klankkleurverskille 'n belangrike oorweging, aangesien dit verskeidenheid bevorder.

□ 'n Afwisseling van begeleide en onbegeleide werke was 'n verdere aspek wat in ag geneem is by programrangskikking, aangesien dit ook kon bydra tot die indruk van verskeidenheid.

□ Die interessante oorweging van naverwante toonaarde in die programsamestelling ter wille van intonasiesekerheid, was in een geval van belang.

---

1 Vergelyk *Come Again Sweet Days* deur John Dowland en *Nuwejaar* deur Chris Lamprecht.

2 Met *opwindend* word hoofsaaklik 'n snelle tempo en sterk wisselende dinamiek geïmpliseer.

### 6.8.2 Koorfeeste

Dieselfde riglyne betreffende variasie en verskeidenheid in repertoriumkeuse geld vir koorfeeste as vir koorkompetisies. Dit is egter wenslik dat daar 'n klemverskuiwing na 'n meer feestelike karakter sal wees. Daar kan egter 'n oorbeklemtoning wees, sodat die belangrike norm van gehalte in die slag bly by die keuse van musiek. Kore wat in koorkompetisies nie suksesvol is nie, openbaar in hierdie opsig nie altyd goeie oordeel nie omdat hulle met die sing van populêre repertorium op koorfeeste sogenaamde sukses wil behaal. As gevolg van die sing van dié repertoriumtipe word 'n verwronge beeld van koorrepertorium op koorfeeste by gehore geskep. Dit lei daartoe dat gehore nie begrip ontwikkel vir die koor as 'n unieke medium met 'n eiesoortige repertorium nie. Soms word van die kore verwag om musiek van sekere gewilde Suid-Afrikaanse vermaaklikheidskunstenaars te sing. Gevolglik word 'n ligte, populêre musiekkultuur deur die koormedium beklemtoon. Aan die veel hoër doelstellings waarna onder andere deur middel van repertoriumkeuse gestreef behoort te word, laat sulke kore nie reg geskied nie.

#### 6.8.2.1 Riglyne vir koorfeesrepertorium

Aangesien die meeste kore jaarliks aan een of ander koorfees deelneem, beïnvloed die feesrepertorium van sulke kore die repertoria van skoolkore in die algemeen.

Met inagneming van die bepaalde gestemdheid van die koorfeesgeleenthede moet daar steeds gestreef word om oorspronklike koorwerke, waarin die ideale van koorsang as eiesoortige genre vergestalt is te kies. Koorleiers

moet nie aan druk van koorlede of die gehoor toegee om hierdie beginsel prys te gee nie. Koorleiers het op sowel koorfeeste as koorkompetisies 'n opvoedingstaak ten opsigte van die gehoor.

Die repertoriumsamestelling waarin 'n verskeidenheid style, atmosfeer, tempi, dinamiese vlakke en tale voorkom, kan die gedagte van 'n volledige koorprogram in gereduseerde vorm skep. Talle kore se koorfeesprogramme is bewustelik of onbewustelik só saamgestel. Om aan die ander kant eenheid in 'n programsamestelling te verkry, kan 'n deurlopende tema soos die natuur, die seisoene, kleur of verskillende lande as bindende faktor en met interessante effekte gekies word.

Met die repertoriumsamestelling vir koorfeeste word gewyde liedere dikwels buite rekening gelaat. 'n Sekere tipe gewyde lied sou egter op 'n koorfees gepas wees en die meer feestelike, jubelende lied word vir koorfeeste aanbeveel. Koperblaasmusiek word soms by die Grey-Kollege Koorfees gespeel wanneer kore wissel en 'n gedrae Palestrina-werk sal ná een van dié marse moeilik tot sy reg kom. By die Grey-Kollege Koorfees van 1994 was 20,2% van die werke (Neger Geestelike liedere nie ingereken nie) gewyde werke. By die 1983 Grey-Kollege Koorfees was egter slegs 1,2% van die liedere wat gesing was, gewyde liedere. Dit is duidelik dat die sing van gewyde liedere op hierdie koorfees in die afgelope dekade gewilder geword het.

Neger Geestelike liedere is oor die algemeen baie gewilde keuses vir koorfeeste en moontlik ook meer gepas as by koorkompetisies. Dié repertoriumtipe maak egter 'n geringe deel van die totale koorfeesprogramme uit. 'n Moontlike rede hiervoor aangevoer is dat verwerkings van Neger

Geestelike liedere gewoonlik 'n redelik hoë koorstandaard vir die suksesvolle uitvoering daarvan vereis. Die sing van besonder oorspronklike verwerkings van Neger Geestelike liedere is egter op koorkompetisies ook aanvaarbaar.

Volksliedjies word gewoonlik vir koorkompetisies voorgeskryf, maar vir koorfeeste is dit die prerogatief van die koorleier om werke te kies. By die Grey-Kollege Koorfees van 1994 was slegs 1% van die liedere wat gesing was volksliedjies. In 1983 was die syfer 2,9%. 'n Afname in gewildheid van volkswysies op koorfeeste is duidelik te bespeur. Reeds in 1949 was P. J. Lemmer (1949:14) oor dié tendens bekommerd: *Ongelukkig het die eentonige gedreun van die moderne masjien die menslike stem verdring, en word die volksliedere van die nasies nie meer so dikwels en spontaan gehoor nie.* Daar is egter 'n skaarste aan veral nuwe, oorspronklike verwerkings van volkswysies alhoewel De Villiers (1994:lesing) van mening is dat daar gedelf moet word vir sulke verwerkings, want daar bestaan tog nuwe, oorspronklike verwerkings, soos byvoorbeeld dié van Albie Louw.

Vervolgens die verskillende uitgangspunte van koorleiers van prominente kore in Bloemfontein ten opsigte van koorsangfeesrepertorium:

### 6.8.2.2 Koorfeeste in die praktyk

VOORBEELD 1 C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein

**This Little Babe uit**
*Ceremony of Carols* **- Benjamin Britten**

| | |
|---|---|
| **Karoonag** | **- Coenie de Villiers - verwerk Hettie Gouws** |
| **Summertime** | **- George Gershwin - verwerk Danie Hyman** |

(Program, 1993:Grey-Kollege Koorfees)

*Met 'n koorfees redeneer ek heeltemal anders as met 'n koorkompetisie, in dié sin dat ek standaardwerke met ander werke - waar die klem op genot val - afwissel.* (Geyer, 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 2 Hoërskool Sentraal, Bloemfontein

| | |
|---|---|
| **Glorificamus Te** | **- Eugene Butler** |
| **Swing low, sweet chariot** | **- Tradisioneel** |
| **Let the river run** | **- Carly Simon verwerk John Higgens** |

(Program, 1993:Grey-Kollege Koorfees)

*By 'n koorfees sing ek graag meer populêre repertorium. Dit is egter altyd vir my belangrik om 'n meer formele werk ook te sing, aangesien ek 'n opvoedingstaak met betrekking tot die gehoor het. Ek voel daar is by 'n koorfees altyd 'n nie-koorgeskoolde gehoor teenwoordig en ek wil hê dat hulle my koor moet geniet.* (Geldenhuys, 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 3 Fichardtpark Hoërskool, Bloemfontein

| | |
|---|---|
| **Come again sweet days** | **- Dowland** |
| **Summertime** | **- Gershwin** |
| **As jy my kan volg** | **- Koos du Plessis verwerk Danie Hyman** |

(Program, 1993:Grey-Kollege Koorfees)

*Ek redeneer ten opsigte van koorfeeste baie soos oor koorkompetisies. Die beginsel van verskeidenheid bly vir my dieselfde, maar ek het meer die gehoor in my agterkop by keuses vir koorfeeste. Die konsiderasie vir die gehoor is vir my die wesentlike verskil van koorfeeste met koorkompetisies. Ek sou nie 'Summertime' of 'As jy my kan volg' gesing het in 'n koorkompetisie nie.* (Du Plessis 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 4 Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.

| | |
|---|---|
| **Lied van die Grenssoldaat** | **- Dirkie/Dol de Villiers** |
| **Die Ou Kalahari - Danie Pretorius** | **- Verwerk Andries Wassermann** |
| **Perhaps Love** | **- John Denver- Verwerk Markus Mostert** |
| **Cocomo** | **- Beach Boys - Verwerk Markus Mostert** |

(Program, 1989:Grey-Kollege Koorfees)

*Ek sing op koorfeeste werke wat by die algemene publiek maklik op die oor val en ek probeer iets sing wat by die kinders gewild is. Ek sal maklik 'n popmusiekwerk vir 'n koorfees verwerk. As daar 'n moontlikheid van dans en beweging saam met die musiek is, sal ek die geleentheid aangryp. Ek probeer ook om 'n Afrikaanse werk (met Afrikaanse teks) te laat sing.* (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

VOORBEELD 5 Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein.

| | |
|---|---|
| **Verbly jul in die Here** | **- Gesang 229 verwerk Corné van Pletzen** |
| **Dis julle wat die wind laat waai** | **- verwerk Andries Wassermann** |
| **Heimwee** | **- S le Roux Marais - verwerk Andries Wassermann** |
| **Gallop** | **- Jacques Offenbach** |

(Program, 1993:Grey-Kollege Koorfees)

Die koorleier besef dat 'n mens op 'n koorfees werke moet sing wat uiteraard meer op vermaak ingestel is, maar dit is vir hom belangrik om nooit goeie smaak prys te gee nie. Hy hou steeds die idee van verskeidenheid in gedagte en begin graag met 'n gewyde werk. Op 'n koorfees is die indruk wat die aanvangswerk laat vir my hom 'n belangrike oorweging. Die koorfeeste is altyd so lank en die gehoor raak gewoonlik verveeld met al die kore. Wanneer hy die eerste werk laat sing, wil hy graag die gehoor se aandag weer by die musiek kry - derhalwe is die eerste werk altyd 'n dinamiese werk. Die laaste werk moet ook op 'n hoogtepunt eindig -sodat 'n indruk van afgerondheid daarmee verkry kan word.

### 6.8.2.2.1 Samevatting

Uit die verskillende koorleiers se beskouinge oor repertoriumkeuse en -samestelling met die oog op 'n koorfees, het die volgende na vore gekom:

□ 'n Totale ander uitgangspunt geld by die keuse en samestelling van 'n koorfeesprogram as van 'n kompetisieprogram. Daar is 'n klemverskuiwing na die feestelike toe.

□ In die meeste gevalle is die beginsel van goeie smaak steeds as 'n norm in die keuse van koorliteratuur aangelê.

□ In ten minste drie gevalle was die sing van 'n standaardkoorwerk met substansie beslis 'n oorweging in die samestelling van 'n koorfeesprogram. Dat só 'n uitgangspunt steeds geld, is verblydend, maar wanneer die hele spektrum van koorliteratuur wat op koorfeeste in die provinsie uitgevoer word in ag geneem word, is daar eerder 'n tendens te bespeur om juis nie werke met substansie op koorfeeste te sing nie. Een van die skoolkoorleiers wat in dié verband uitgevra is, het na aanleiding van die sing van 'n standaardwerk op 'n koorfees in Kroonstad kritiek van die organiseerders op die keuse van dié besondere werk ontvang, naamlik dat dit nie tot vermaak van die gehoor was nie. (Geyer, 1994:onderhoud)

□ Die verskeidenheidsbeginsel is ook op die repertoriumkeuse vir koorfeeste van toepassing, alhoewel in 'n mindere mate as vir koorkompetisies.

□ Sekere koorleiers is van mening dat 'n koorfees ook vir opvoeding van die gehoor gebruik moet word. Gräbe (1993:6) huldig ook hierdie mening: *Miskien is dit tyd dat ons as koorleiers met 'n opvoedingsprogram begin, waardeur ons ons gehore help om goeie musiek te verstaan en te waardeer. Van al die musiekgenres is koormusiek seker die mees geskikte hiervoor.*

□ In verband met repertoriumsamestelling vir koorfeeste is die ondervraagde koorleiers van mening dat die repertorium vir die koorlede self baie aangenaam moet wees om te sing. Met die keuse van werke vir koorkompetisies was dié vereiste nie noodwendig 'n oorweging nie.

□ Populêre musiek en selfs verwerkings van popmusiek is in sommige gevalle 'n gewilde keuse.

□ Volgens enkele van die respondente is die kohesiebeginsel in 'n koorfeesprogram van belang. Daar moet dus 'n tipe spanningslyn met 'n definitiewe swaartepunt tussen die verskillende liedere wees.

### 6.8.3 Riglyne vir repertoriumkeuse vir die erediens

Eredienste bied aan kore die geleentheid om deurentyd te kan optree, en is ook 'n geleentheid vir oefening om voor gehore te kan optree. Beplanning van 'n program vir dié doel kan so gedoen word dat die gewyde werk(e) wat in 'n kompetisie of op 'n koorfees gesing word, ook in die erediens gebruik word. Dit word aanbeveel dat die beplanning van repertorium vir gebruik in die erediens, indien die repetisietyd dit moontlik maak, op belangrike geleenthede in die kerkjaar soos Lydenstyd, Paasfees, Hemelvaart, die Hervormingsfees en Kersfees gemik wees.

'n Gewyde repertorium moet so gekies word dat daar 'n sinvolle bydrae tot die liturgiese verloop van die erediens gemaak kan word, byvoorbeeld vir sang na die votum, vir lofsang, vir skuldbelydenis- en geloofsbelydenissang, vir sang voor Skriflesing, en/of sang na die boodskap, na die slotgebed en voor die slotsang. Dit word ook aanbeveel dat die liedere en teksinhoud vroegtydig aan die leraar voorsien moet word ten einde 'n eenheid tussen teksboodskap en koorsang te bewerkstellig. Op hierdie wyse word ook voorkom dat die koor slegs 'n *item* in die erediens lewer.

'n Koorprogram vir gebruik in die erediens moet so gekies word dat daar wisseling in tempo, atmosfeer en klank is. Die nakoming van al hierdie riglyne is waarskynlik nie haalbaar in die loop van een jaar nie, maar indien

'n erediensprogram vir 'n tydperk oor drie jaar beplan word, kan al die riglyne wel nagekom word.

Dit is belangrik dat die taal waarin die werke in 'n erediens gesing word dieselfde sal wees as dié wat in die betrokke gemeente gepraat word. Indien nie, bestaan die gevaar dat die koor nie 'n sinvolle bydrae tot die erediens kan maak nie. Wanneer die koor 'n werk met 'n Latynse teks sing, behoort die gemeente van 'n vertaling daarvan voorsien te word.

## 6.9 Probleme met repertoriumkeuse

### 6.9.1 Die opleiding/gebrek aan opleiding van koorleiers

Daar is weinig of geen sprake van opleiding van koorleiers in Suid-Afrika nie. Die koorleiding wat in die musiekopvoedkundekursusse van universiteite of kolleges ingesluit word, is van so 'n geringe omvang dat dit weinig relevansie vir die praktyk het.

Studente aan universiteite, universiteitskoorlede uitgesluit, maak gewoonlik nie kennis met goeie koorliteratuur uit verskillende stylperiodes nie en smaakontwikkeling vind derhalwe nie plaas nie. Dit is ironies dat studente in 'n musiekonderwysgerigte kursus met goeie klavierliteratuur uit verskillende periodes vertroud is, maar dat daar nie dieselfde ontwikkeling ten opsigte van koorliteratuur plaasvind nie.

In baie gevalle is die minder musiekonderlegde musiekonderwyser vir die koorafrigting verantwoordelik. Die onderwyser wat wel 'n goeie musikale agtergrond het, is gewoonlik verantwoordelik vir vakmusiek en

klavieronderrig en distansieer hom/haar dikwels van die kooraktiwiteit. Indien laasgenoemde musiekonderwysers vir die koorafrigting verantwoordelik was, sou daar moontlik koorrepertorium van 'n hoër gehalte gesing wees.

### 6.9.2 Die beskikbaarheid/bekombaarheid van repertorium

Die beskikbaarheid van repertorium is ongelukkig 'n aansienlike probleem. As gevolg van die gebrek na die aanvraag van kwaliteit-repertorium is dit nie vir bladmusiekwinkels[1] ekonomies aanvaarbaar om die literatuur in voorraad te hou nie. Volgens 'n verteenwoordiger van 'n algemene bladmusiekhandelaar in Bloemfontein is koormusiek baie moeilik bekombaar. Die groot hoeveelheid verwerkings van ligte musiek en ander soortgelyke werke wat in omloop is, het natuurlik bykomend die effek dat daar nie na ander repertorium gesoek word nie.

Koorleiers doen egter nie genoeg moeite om 'n eie repertoriumbiblioteek op te bou nie. Koorrepertorium moet voortdurend versamel word, selfs al kan van die repertorium nie op die gegewe oomblik deur die koor gesing word nie.

## 6.10 Repertoriumewolusie

In die afgelope dekade (vanaf die tagtigerjare) het daar as gevolg van horisonne wat verruim is, 'n repertoriumvernuwing by sekere kore

1 *In die huidige ekonomiese situasie is dit nie moontlik om 'n hoeveelheid koormusiek op die rakke te hou nie. Bladmusiek het so duur geword dat, indien dit van oorsee bestel moet word, 'n deposito van die klant vereis word. Vroeër het dit gebeur dat klante musiek van oorsee bestel en wanneer dit in Suid-Afrika teen 'n onrealistiese prys arriveer, weier die klant om dit te betaal. Die bladmusiekhandelaar is gevolglik self vir die betaling daarvan verantwoordelik.* (Erasmus, 1994:telefoniese gesprek)

plaasgevind: *Ek dink die repertorium wat die kore voorheen gesing het, was meer konserwatief. Dit was nie baie eksperimenteel nie. 'n Mens moet ook altyd voor oë hou dat ons 'n baie geïsoleerde bestaan in Suid-Afrika gevoer het. Die musiek wat 'n mens vroeër gesing het was wat universiteitskore en jeugkore gesing het. 'n Mens het maar probeer om die musiek op 'n manier in die hande te kry. In die laat tagtigerjare het daar beslis 'n vernuwing in koorkeuses plaasgevind.* (Verster, 1993:onderhoud)

Ten opsigte van repertoriumkeuse is daar in sekere gevalle ook vooruitgang, maar die gebrek aan geskikte en kwaliteit repertorium vir kore is problematies. In die meeste gevalle is 'n koersaanpassing ten opsigte van koorrepertorium noodsaaklik om aan die skoolkoorkultuur in die provinsie verdere statuur te verleen.

***Die aspekte van koorleieropleiding en die musiekgeletterdheid van koorlede behoort aandag te geniet; hiersonder sal geskikte, goeie en nuwe repertoria én verdere vooruitgang slegs 'n hersenskim op die horison bly.***

# HOOFSTUK 7

## KOORKOMPETISIES EN KOORFEESTE

### A Koorkompetisies

### 7.1 Die filosofie van kompetisie

Die kompetisiebeginsel kan waarskynlik so ver as die ontstaan van die skepping self teruggevoer word. Nadat die mens vanweë die sondeval uit die Paradys verdryf is, moes hy met moeite met die natuur en natuurelemente meeding om die alledaagse voortbestaan. Die oermens was daagliks, in die proses om elke dag kos aan sy gesin te kon voorsien, in kompetisie met diere en die natuurelemente. (Le Roux, 1994:telefoniese gesprek) Vir die mens van die twintigste eeu is dié kompeteringsaspek om voortbestaan steeds, miskien meer as vantevore, relevant.

Om te kompeteer hou verband met die mens se selfbeeld in verhouding tot ander: ... *Die self word gevorm deur die tweelingprosesse van kategorisering en vergelyking.* (Louw; Edwards, 1993:801) Daar bestaan by die mens die neiging om hom van ander mense te onderskei deur onder andere kompetisie. (Nel, Sonnekus en Garbers, 1965) *Volgens die teorie van Festinger (1954) het mense 'n behoefte daaraan om hulle eie vermoëns, menings, houdings en waardes te evalueer. Die beste wyse om dit te kan doen, sou natuurlik volgens 'n objektiewe fisiese standaard wees. Jy kan byvoorbeeld jou vermoë om 'n naelloop te hardloop, meet aan die getal sekondes wat dit jou neem om 100 m af te lê.* (Louw; Edwards,

1993:776) Die begrip *kompetering* kan moontlik die beste met verwysing na sport beskou en verstaan word.

### 7.1.1 Historiese gegewens

Kompetisie word onlosmaaklik met sportaktiwiteite, wat inherent kompeterend is, verbind. Die vernaamste eksponent van die kompetisiebeginsel in sport is die Olimpiese Spele. Die Spele het van 776 v.C.-395 n.C. inwoners van oor die hele antieke wêreld na Olympia[1], die terrein waar die Spele gehou is, getrek. Dit het oor 'n tydperk van vyf dae gestrek, maar die voorbereidings vir die Spele het die voorafgaande jaar in beslag geneem. Dit is insiggewend dat die program van Dag 1 'n kompetisie[2] vir trompetspelers ingesluit het, en dat gesamentlike sang[3] 'n belangrike deel van die aandprogram[4] op Dag 2 uitgemaak het. (Swaddling, 1984:37)

## 7. 2 Herlewing van koorsang en koorkompetisies in Engeland

### 7.2.1 Die tonika-solfastelsel

John Curwen (1816-1880) het as predikant die nut daarvan ingesien om kinders in die Sondagskoolklasse uit veral die minder gegoede deel van die bevolking die geleentheid te bied om musiekgeletterd te raak. *Sy lewenswerk en doelstellings was dus nie suiwer musikaal nie, maar*

1 *Olympia is situated in a fertile, grassy plain on the north bank of the broad river Alpheios, just to the east of its confluence with the Kladeos, which rushes down to meet it from the mountains of Elis.* (Swaddling, 1984:7)

2 Daar was ook koorkompetisies tydens die Olimpiese Spele. (Fick, 1993:onderhoud)

3 Die liedere wat gesing was, was oorwinningsliedere. (Swaddling, 1984:37)

4 *In addition to the public banquet for victors there were various private celebrations in the evenings. The wine flowed, and there was song and revelry. Victors and friends alike decked themselves in garlands and processed round the Altis singing victory hymns, which were either time-honoured chants or odes specially composed for the occasion by leading poets such as Pindar or Bacchylides.* (Swaddling, 1984:76)

*ook sosiaal en godsdienstig georiënteer.* (Fick, 1984:67) Beïnvloed deur Sarah Glover[1] het hy 'n stelsel ontwerp waarvan die basiese beginsels in 1842 in die *Independent Magazine* gepubliseer is. Verdere publikasies het baie belangstelling gaande gemaak en sy werk het spoedig nasionale erkenning verkry. Kore het, gestimuleer deur die stelsel, uitvoerings gegee en massagehore het van die stelsel kennis geneem. In 1869 het die Londonse Skoolraad die Curwen-stelsel in al sy skole[2] aanvaar. (Fick, 1984:68) Die belangstelling in hierdie musieknotasiestelsel het daartoe aanleiding gegee dat talle kore ontstaan het. Kore was in werklikheid niks anders as groot musiekklasse nie en koorsang het as gevolg hiervan prominensie in Engeland gekry.

Die feit dat in die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat die lees van tonika-solfa aanvanklik as 'n verpligte afdeling van koorkompetisies beskou is, dui daarop dat die stelsel ook in die Britse kolonies inslag gevind het. Dit is waarskynlik dat sendelinge ook die tonika-solfa sou propageer. Die *Curwen Tonic-Solfa* het veral deur bemiddeling van John Henry Ashley[3] in Suid-Afrika neerslag gevind. (Aitchison, 1991:117) Philip McLachlan het die volgelinge van die Curwen-metode gekritiseer[4], alhoewel nie die stelsel

---

1 Glover, Sarah Anna (1786-1867) Sy was 'n Engelse onderwyseres: *Her Norwich So-fa Ladder provided the basis for John Curwen's tonic sol-fa system of teaching singing.* (Sadie, 1988:295)

2 In 1891 het ongeveer 3 000 000 skoolkinders onderrig volgens die stelsel ontvang en in 1892 ongeveer 6 000 000. (Fick, 1984:71)

3 Hy was 'n musiekonderwyser en latere sangdosent aan die opvoedingsinstituut in Kaapstad. (Aitchison, 1991:117)

4 *Baie Curwen-volgelinge het egter die opvoedkundige fout begaan om hulle leerlinge slegs in die solfasisteem op te lei en die gebruik van die balknotasie heeltemal agterweë te laat. Uit die oogpunt van volwaardige musiekopleiding, het hierdie onderrig natuurlik na 'n doodloopstraat gelei en het dit veroorsaak dat selfs die korrekte toepassing van solfa gedurende die eerste dekades van hierdie eeu by musici in groot onguns verval het. Dit was egter van verbygaande aard en met die twintigste-eeuse herlewing van klassikale musiekonderwys in skole, het die waarde van solfa as hulpmiddel by die vokale tref van intervalle spoedig duidelik geblyk. Dit word vandag algemeen toegepas in die meeste Westerse skoolstelsels.* (McLachlan soos aangehaal deur Aitchison, 1991:117)

self nie.

### 7.2.2 Kompetisies

#### 7.2.2.1 Eisteddfod

Die Walliese Eisteddfod-idee kan na die Middeleeue teruggevoer word. Dit het die kompetering in uitvoerende kunste behels en in baie lande, onder andere Suid-Afrika, sou hierdie idee nagevolg word. Die Eisteddfod was aanvanklik bedoel as 'n geleentheid aan kunstenaars om voor gehore op te tree. Langsamerhand het dit egter tot 'n wedstryd ontwikkel, soos dit huidig steeds die geval is.

#### 7.2.2.2 Koorkompetisies

Georganiseerde musiekkompetisies is reeds in 1773 en 1783 in Engeland gehou, maar dit sou egter nie voor 1855 'n kenmerk van die Engelse musiekpraktyk word nie. Die kompetisies is met oorweldigende entoesiasme deur deelnemers en toeskouers ondersteun: *Met vyf mededingende kore en 21 000 mense in die gehoor... die inskrywings was so talryk dat uitdunrondes gehou moes word.* (Fick, 1984:77)

Benewens die talle openbare musiekkompetisies wat in Engeland in swang was, het onderwysowerhede ook skoolsangkompetisies georganiseer. *Die verslag van* ***The School Music Review*** *van Desember 1892 oor die vierde jaarlikse skoolsangwedstryd vir Londense laerskole gee 'n duidelike beeld van die vereistes en verloop van die wedstryde. Hieruit blyk dit dat alle skole kon deelneem. Die skole wat ingeskryf het, is in distrikte ingedeel en*

*in 'n reeks preliminêre wedstryde* (uitdunrondtes) *geëvalueer om 'n keuse van die beste kore te kon maak vir die finale mededinging om die wisseltrofee. Tydens die finale wedstryd moes elke koor 'n voorgeskrewe driestemmige komposisie en 'n komposisie van eie keuse sing. Daarbenewens moes elke koor ook 'n driestemmig stuk, wat spesiaal vir die geleentheid gekomponeer is, op solfasillabus bladsing.* (Fick, 1984:77-78)

## 7.3 Koorkompetisies in die Kaapprovinsie

As gevolg van die Britse besetting van die Kaap in 1806 en die daaropvolgende verengelsingsbeleid wat op alle vlakke, ook in die onderwys, deurgevoer moes word, het die idee van koorkompetisies ook in Suid-Afrika inslag gevind. Op hierdie wyse het die konsep van massakore, wat in Engeland aan die orde van die dag was, ook in die Kaapprovinsie sy beslag gekry. Die eerste skoolkoorkompetisies het in 1897 in Kaapstad en Port Elizabeth plaasgevind. *Die belangrikste motivering agter die kompetisiegedagte was die bevordering van klas- en koorsang en die daarstelling van 'n addisionele stimulus vir die vinnige verspreiding van bladlees deur middel van die tonika-solfastelsel. In 1915 was daar 37 verskillende jaarlikse skoolkoorkompetisies in die Kaapprovinsie.* (Fick, 1984:256) Die groter areas was in verskillende streke verdeel. Die Eerste Wêreldoorlog, die Depressiejare en die Tweede Wêreldoorlog het egter die hou van kompetisies oor langer tydperke gefnuik.

Die eerste skoolkoorkompetisies in Oos-Londen het teen die einde van September 1899 plaasgevind. *Die instelling van 'n sangkompetisie vir die skoolgaande jeug was 'n prysenswaardige stap wat sekerlik bygedra het tot 'n groter waardering van musiek onder die jeug. Intensiewe persdekking,*

*die betrokkenheid van talle ouers en onderwysers, bekwame, onpartydige beoordelaars en 'n gesonde kompetisiegees het van hierdie geleenthede van die min werklike betekenisvolle musiekgebeure in die Grensstreek gemaak. Nie alleen het die kompetisie vertolkingsbewustheid in die hand gewerk nie, maar het die bladsang en "hand-sing"-toetse die skoliere se gehooropleiding bevorder. Nog 'n lofwaardige aspek van die kompetisie was die feit dat die verslae beredeneerd en objektief was. Hulle is sekerlik met aandag deur al die belanghebbendes bestudeer, en kon net lei tot meer kennis en 'n verhoogde standaard.* (Du Toit, 1985:209)

## 7.4 Koorkompetisies in die Oranje-Vrystaat

Die talle koorkompetisies wat in die Kaapprovinsie gehou is en deur die Oranje-Vrystaat nagevolg is, het 'n baie belangrike uitwerking op klasmusiekonderrig op skool gehad, aangesien die koorsangstandaard die belangrikste kriterium geword het om die klasmusiekaktiwiteit te evalueer. Die koorkompetisies in die Transvaal was ook vir die klasmusiekprogram op skool belangrik: *Choral music became the starting point of music education and school choirs started to compete regularly.* (Hauptfleisch, 1992:6)

Die bedoeling met die kompetisies was om die algemene skoolsangstandaard te bevorder. In 1923 word reeds van skoolkoorkompetisies in die Oranje-Vrystaat melding gemaak, maar die Vrystaatse Onderwysdepartement het die eerste koorkompetisies in 1928 onder sy vaandel laat plaasvind. *Op 27 Oktober 1928 is 'n kompetisie, tussen vyf skole uit die rondgang van inspekteur P. C. de Bruyn, naamlik Smithfield, Wepener, Bethulie, Trompsburg en Philippolis, gehou, waarop meegeding is om die Gertenbachskild. Teen 1930 het die koorkompetisies reeds in tien*

*inspekteursrondgange plaasgevind. Vanaf 1930 was P. J. Lemmer vir die organisasie van die kompetisies verantwoordelik. Die belangstelling in die koorkompetisies was oorweldigend. Op 20 Augustus 1932 het daar 'n kompetisie in Bethlehem op die inspekteursrondgang van mnr. Retief plaasgevind met 'n gehoor van 1 100 teenwoordig.* (Human, 1976:244-246)

Volgens mev. Ria Ferreira[1] (1994:onderhoud) was die ouers so begeesterd oor die kompetisie dat baie ontberinge van vervoer en swak (grond)paaie hoegenaamd nie hulle entoesiasme kon demp nie. Hierdie kompetisies het mettertyd so 'n uitwerking op deelnemers gehad dat dit 'n verbete stryd tussen alle betrokkenes ontketen het. *Die intense mededinging en spesialisasie het mettertyd 'n doel op sigself geword en so die aanvanklike idee daarvan, naamlik die bevordering van 'n sangtradisie op skool, teëgewerk.* (Aitchison, 1991:134)

Dié intrinsieke motivering van prestasie het talle skoolkore laat ontstaan. Aan die einde van die dertigerjare het die kompetisies as gevolg van negatiewe kritiek doodgeloop en 'n nuwe stelsel van sangfeeste het dit oor 'n tydperk van veertig jaar oorheers. P. J. Lemmer het reeds met die koorkompetisies wat hy georganiseer het die klemverskuiwing na sangfeeste laat plaas deur almal, koor- en gehoorlede, tydens die kompetisies in samesang te laat deelneem. (Kyk hoofstuk 2 oor P. J. Lemmer) Die sangfees-idee is vanuit die staanspoor as baie geslaagd beskou. *Die nuwe idee is al op sommige plekke met groot sukses uitgeprobeer. Kinders sing vir die genot daarvan en sing net so mooi en minder senuweeagtig as in die*

1 Ria Ferreira het as hoërskoolleerling self in dié jare aan die eerste skoolkoorkompetisies deelgeneem.

*geval van die kompetisies. Almal kry 'n kans om uitdrukking te gee namate die talent waarmee die Skepper hulle bedeel het.* (Jaarverslag soos aangehaal deur Aitchison, 1991:147)

## 7.5 Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging

Die stigting van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging is direk geïnspireer deur die Walliese Eisteddfod. In die geval van die Eisteddfod was die optrede voor 'n gehoor die aanvanklike uitgangspunt eerder as dié van kompetering. Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging is op 15 Julie 1926 in Bloemfontein, op inisiatief van die *Ons Taal-vereniging*, gestig. (Human, 1976:43) Eersgenoemde vereniging het aanvanklik as die Kunswedstrydkomitee van die Oranje-Vrystaat bekend gestaan en in 1927 is daar nog na 'n geskikte naam vir dié vereniging gesoek. Die volgende name is toe oorweeg: *Die Oranje Vrystaatse Eisteddfod, Die Vereniging Kunsbloei van die O. V. S. en Die Vereniging Volksflyt van die O. V. S. Eers in 1930 is die naam* ***Die Vrystaatse Kunswedstryd-vereniging****, soos dit tans nog heet, aanvaar.* (Human, 1976:44)

Alhoewel die kunswedstryd die kompetisiebeginsel aanvanklik verskans het, het die inherente kompetisiegedagte met verloop van tyd toegeneem. P. J. Lemmer het hom egter ten gunste van die kunswedstryd uitgespreek: *Lemmer verheug hom dat by hierdie samekomste die kompeterende element ontbreek en dat kinders nou die kuns beoefen omdat dit genot verskaf. Selfs by die kunswedstryde word ook geen punte meer toegeken nie maar die gehalte van die werk volgens klasse of simbole beoordeel.* (Jaarverslag soos aangehaal deur Aitchison, 1991:148) Reeds vanuit die staanspoor het kore

kunswedstryde besonder goed ondersteun; in 1933 was daar byvoorbeeld negentien kore wat deelgeneem het.

Met die verloop van jare het deelname aan die kunswedstryd 'n maatstaf vir die beoordeling van die kooraktiwiteit aan 'n skool geword. In sentra soos Bethlehem, Harrismith, Ficksburg, Vrede, Kroonstad en Hennenman sou later ook kunswedstrydverenigings ontstaan. (Bothma; Wassermann, 1994:telefoniese gesprekke)

Die verskeie kunswedstrydverenigings het deur die jare ingeburgerde en gewaardeerde instellings in die kultuurlewe van die Oranje-Vrystaat geword. Human (1976:41) beskou die rol van die kunswedstrydvereniging soos volg: *Die rol van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging in die bevordering van die kultuurlewe in Bloemfontein, sowel as die Vrystaat as geheel, is onberekenbaar. Dit het die gemeenskap kultuur- en kunsbewus gemaak; dit het musiek- en kunsonderwysers gestimuleer om op kulturele gebied doelgerig te werk; dit het sluimerende talente wakker gemaak; dit het vir begaafde studente en leerlinge gedien as 'n uitdaging om hul vermoëns tot die maksimum in te span en dit het vir die gewone liefhebbers van die kuns standaarde gestel.*

### 7.5.1 Optredes van skoolkore by kunswedstryde

Die optrede van 'n skoolkoor by die kunswedstryd dien dekades reeds as 'n motivering vir die instandhouding van 'n koor by 'n skool. Selfs in die jare toe skoolkore slegs geleentheidskore was, het die kooraktiwiteit in die tyd van die jaar wanneer die kunswedstryd sou plaasvind vanuit hibernering ontwaak en is daar vir die kunswedstryd voorberei. In die jare voor die ontstaan van

die ATKB-koorkompetisie sou dit vir skoolkore die vernaamste optrede buite skoolverband wees. Gedurende die afgelope dekade het die optrede by die kunswedstryd egter slegs een van die talle verpligtinge van skoolkore geword. Differensiasie ten opsigte van koorgroeperings en -repertoria is 'n verdere uitstaande kenmerk van die afgelope dekade, soos uit die volgende kategorieë blyk:

* gemengde kore
* enkelgeslag kore
* kamerkore
* skoolkoor en personeelkoor
* afdeling met of sonder simbooltoekenning
* koorprogram
* afdeling vir gewyde liedere
* afdeling vir Afrikaanse luisterliedjie of ligte Afrikaanse musiek
* koorverwante-afdelings soos kwartette, dubbelkwartette en talle afdelings vir sanggroepe
* afdelings waarin spesifieke musiektydperke se werke bevorder word: (Barokmusiek, musiek van die Klassieke Tydperk, musiek van kontemporêre komponiste en musiek van Suid-Afrikaanse komponiste).

Uit die getal deelnemers en veral die grootte van gehore, blyk dit dat koorsangkompetisie steeds die gewildste afdeling van die kunswedstryd is.

### 7.5.2 Pogings om die kompetisie-element af te skaal

In 1989 was daar 'n doelbewuste poging om die hewige kompetisiedrif wat onder skoolkore bestaan het, ten minste op die kunswedstryd te demp. Die vokale afdeling van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging het op aanbeveling met mnr. Hennie Loock besluit om 'n paneel beoordelaars te kry om slegs geskrewe kommentaar[1] op die optrede deur die kore te lewer. Die

1 *Die kunswedstrydkomitee het die beoordelaarspaneel versoek om geen negatiewe openbare kommentaar aangaande 'n koor se optrede te maak nie. Niemand in die gehoor het dus van die spesifieke aard van die beoordelaars se kritiek geweet nie en sodoende is kompetisie uitgeskakel.* (Smith, 1994:onderhoud)

voordeel van die gedagte was dat baie meer kore (ook minder knap kore) vir die kunswedstryd ingeskryf het. Die algemene reaksie van die kompetisie-honger publiek en selfs van koorleiers was egter oorwegend negatief. Die gevolg van hierdie reaksie was dat op 'n kompromie besluit is: In die toekoms sou daar afdelings met simbole en afdelings sonder simbole wees.

## 7.6 Die ATKB-koorkompetisie en die herlewing van koorkompetisies in die Oranje-Vrystaat

Na vier dekades sonder formele koorkompetisies in die Oranje-Vrystaat het die Afrikaanse Taal en Kultuurbond in 1978 met 'n skoolkoorkompetisie van nasionale omvang begin. Volgens Greef was die motivering vir die instelling van die kompetisie die bevordering van Afrikaans deur middel van Afrikaanse koorsang. In 1994 het die ATKV die organisasie van die kompetisie oorgeneem met doelstellings soortgelyk aan dié van die ATKB: *Die primêre doelstelling van die Applous-koorfees is steeds die bevordering van die Afrikaanse lied en jeugkoorsang.* (Greef:1994:onderhoud)

### 7.6.1 Aanvanklike funksionering van die ATKB-koorkompetisie

Skole is in die verskillende provinsies deur middel van 'n omsendbrief aangaande die kompetisie in kennis gestel. Bandopnames is vir die uitdunne op provinsiale vlak gemaak en vir beoordeling na die SAUK in Johannesburg gestuur waarna provinsiale wenners bepaal en na die nasionale kompetisie uitgenooi is. *Die bandopnames is in 1979 in Oranje Meisieskool se skoolsaal gemaak en in 1981 is daar opnames in Kroonstad en ook by die Odeion by die Vrystaatse Universiteit gemaak.* (Rossouw, 1994:telefoniese gesprek) Die beoordeling van bandopnames het negatiewe kritiek ontlok en sedert 1981 is uitvoerings voor gehore gehou. In die Transvaal was daar

so 'n groot aantal inskrywings dat streekuitdunne gehou is en 'n provinsiale wenner in die daaropvolgende halfeindrondte aangewys is. (Greef, 1994:onderhoud) Die provinsiale wenkoor het 'n kontantprys ontvang.

In die beginjare van die kompetisie is die kore nie in verskillende afdelings ingedeel nie en enkelgeslag- en gemengde kore het saam meegeding. Die kore moes 'n program bestaande uit 4 liedere uit die volgende kategorieë lewer:

**'n Gewyde werk, 'n volksliedjie, 'n eie keuse en 'n kanon.**

Vanaf 1979 tot 1984 was die kompetisie net tot hoërskole beperk, maar sedert 1985 word die kompetisie al om die ander jaar vir hoërskoolkore en laerskoolkore aangebied. Dit was ook die eerste jaar waarin die kompetisie vir laerskoolkore aangebied was. *Die idee was ook dat 'n koor een jaar byvoorbeeld 'n operette kon doen en dan die volgende jaar weer aan die kompetisie kon deel neem.* (Greef, 1994:onderhoud) Die instelling van die kompetisie vir laerskole het vir die hoërskole, wat elke jaar aan die kompetisie deelgeneem het, 'n verposing gebring.

Die volgende hoër- en laerskoolkore uit die Oranje-Vrystaat is sedert 1979 as provinsiale wenkore aangewys om in die nasionale kompetisie mee te ding:

***1979: Hoërskool Kroonstad *1980: Hoërskool Kroonstad *1981: Hoërskool Sentraal *1982: Hoërskool Sentraal *1983: Hoërskool Sentraal *1984: Hoërskool J B M Hertzog *1985: Hennenman Primêre Skool *1986: C en N Sekondêre Meisieskool Oranje *1986: Hoërskool Sand du Plessis *1987: Fichardtpark Primêre Skool *1988: Hoërskool Sand du Plessis *1989: Universitas Primêre Skool**

Vrystaatse kore het besonder goed in die nasionale kompetisie gevaar:

- **1983: Hoërskool Sentraal onder leiding van Huibrie Verster - tweede plek**
- **1984: Hoërskool J. B. M. Hertzog onder leiding van Corné van Pletzen - derde plek**
- **1985: Hennenman Primêre Skool onder leiding van Hettie Bothma - derde plek**
- **1986: Hoërskool Sand du Plessis onder leiding van Corné van Pletzen - derde plek**
- **1987: Fichardtpark Primêre Skool onder leiding van Valerie Venter - Juniorkoor - derde plek, Seniorkoor - vierde plek**
- **1988: Hoërskool Sand du Plessis onder leiding van Corné van Pletzen - eerste plek**
- **1989: Universitas Primêre Skool onder leiding van Elsa Viljoen - tweede plek**
- **1991: Fichardtpark Primêre Skool onder leiding van Valerie Venter - Cum Laude**
- **1993: Fichardtpark Primêre Skool onder leiding van Valerie Venter - Cum Laude**

Daar het egter baie kritiek teen hierdie stelsel gekom, aangesien nie die beste kore in die land aan die kompetisie deelgeneem het nie. *Dit het byvoorbeeld gebeur dat 'n provinsiale wenkoor nie op dieselfde hoë standaard was as 'n koor wat die tweede plek in 'n ander provinsie verower het nie. Kore in die Kaap het byvoorbeeld nie meer deelgeneem nie, aangesien hulle baie ontmoedig was omdat die D. F. Malan Hoërskool-koor van Belville telkens as die wenkoor aangewys was en hulle geen kans gestaan het om na die nasionale kompetisie uitgenooi te kon word nie.* (Greef, 1994:onderhoud)

### 7.6.2 Wysiging van die ATKB-kompetisiestelsel

Op raadgewing van die ATKB se advieskomitee[1] is die kompetisiestelsel

1 Die advieskomitee bestaan hoofsaaklik uit prof. Petru Gräbe en dr. Thinus Khüne. (Greef, 1994:onderhoud)

sedert 1990 gewysig. Dit is voorafgegaan deur briefwisseling met skole om hulle opinie te verneem. Die houding van die skole was oorwegend positief en in 1990 is die stelsel vir die hoërskole geïmplementeer. Sedert dieselfde jaar is dit vir hoërskoolkore moontlik om in die volgende afdelings deel te neem:

**Gevorderde kore**
**Meer ervare kore**
**Minder ervare kore**

In die afdelings vir Gevorderde en Meer ervare kore word kore in die volgende kategorieë geplaas:

| | |
|---|---|
| **ATKB-Cum Laude** | **90% en meer** |
| **ATKB-Goud** | **80% tot 89%** |
| **ATKB-Silwer** | **75% tot 79%** |
| **ATKB-Brons** | **70% to 74%** |
| **ATKB-sertifikaat van verdienste** | **65% to 69%** |

Die afdeling vir minder ervare kore is soortgelyk aan die ander twee afdelings, maar die ATKB-Cum Laude-toekenning[1] kategorie verval. 'n Rondreisende beoordelaar het met die nuwe APPLOUS noodsaaklik geword, sodat 'n algemene standaard gepeil kon word.

Die beste kore uit die verskillende afdelings word na die Galakonsert uitgenooi. In 1990 was dit nog die gebruik dat daar tydens die Galakonsert

1 Waarskynlik omdat die ATKB-Cum Laude-toekenning nie met 'n minder ervare koor geassosieer word nie. Die minder ervare kore is gewoonlik beginnerkore.

beoordeel is, maar die uitnodiging na die Galakonsert word sedert 1992 as die beloning beskou. (Greef:onderhoud) In die nuwe konsep van die ATKB het Vrystaatse Hoërskoolkore besonder goed gevaar:

**□ 1990: Hoërskool Sentraal en die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje het in die gevorderde afdeling 'n goue toekenning ontvang en Oranje is na die Galakonsert in Pretoria genooi.**
**□ 1992: Hoërskool Sentraal, Hoërskool Sand du Plessis en die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje het in die gevorderde afdeling 'n goue toekenning ontvang. Die hoërskoolkoor van Grey-Kollege het in die meer ervare afdeling (vir seunskore) 'n goue toekenning ontvang. Al vier genoemde skole is na die Galakonsert in Bloemfontein uitgenooi.**
**□ 1994: Hoërskool Sentraal, Hoërskool Sand du Plessis en die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje het in die gevorderde afdelings goue toekennings ontvang. Die koor van Oranje Meisieskool is na die Galakonsert genooi.**

Die volgende vereistes word met betrekking tot die voordrag en voordragprogram gestel:

□ Elke koor moet vier koorwerke sing en die program mag nie vyftien minute oorskry nie.
□ Een werk is 'n verpligte[1] voorgeskrewe werk.
□ 'n Eie keuse Afrikaanse volksliedjie of lied uit 'n Afrikaanse operette.
□ Twee eie keuses wat nie noodwendig enige van bogenoemde liedere hoef te wees nie.
□ Alle werke moet in Afrikaans gesing word.
□ Geen toegifte mag gesing word nie.
□ Die volgorde waarin die liedere gesing word, word deur die koorleier

1 Daar is 'n tendens dat die voorgeskrewe werk se standaard jaarliks verhoog in samehang met die verhoging van standaard van die kore. (Greef, 1994:onderhoud)

bepaal.

☐ Begeleiding moet alleenlik gebruik word as dit 'n integrale deel van die komposisies vorm en moet nie slegs 'n duplisering van stempartye wees nie. Begeleiding word nie net tot die klavier beperk nie, maar dit moet *lewendige* instrumente wees, met ander woorde daar mag nie van elektroniese middele gebruik gemaak word nie.

☐ Die gebruik van solostemme word nie aanbeveel nie en sal nie by evaluering in aanmerking geneem word nie. (Greef:onderhoud)

Hierdie nuwe stelsel van die ATKB het 'n nuwe belangstelling in die kompetisie tot gevolg gehad: *Inskrywings het die hoogte ingeskiet as gevolg van die feit dat die kompetisie-element verswak en die sangelement versterk is.* (Gräbe, 1994:onderhoud)

### 7.6.3 Die bydrae van die ATKB(V) tot skoolkoorsang in die land, met spesifieke verwysing na die Oranje-Vrystaat

#### 7.6.3.1 Nuwe belangstelling in koorsang

Die ATKB-koorkompetisie het met verloop van tyd, soos al hoe meer skoolkore daaraan deelgeneem het, 'n nuwe belangstelling in koorsang teweeg gebring. Saritha Hauptfleish (1992:6), navorser by die RGN beskou die bydrae van die ATKB in dié verband as deurslaggewend.

#### 7.6.3.2 Identifisering van potensiaal

Die ATKB-kompetisie het in die eerste plek die prominensie aan die beste skoolkore in die land verleen. Dirkie de Villiers (1994:onderhoud) beskou die bydrae van die ATKB(V)-kompetisie soos volg: *Alhoewel ek nie 'n*

*voorstander van koorkompetisies is nie, het die ATKB begin om die room van die Suid-Afrikaanse skoolkore in die land uit te wys. Die feit dat so 'n organisasie bereid is om geld te gee vir 'n suiwer kulturele aktiwiteit, is prysenswaardig.*

**7.6.3.3 Verhoging van standaard**

Die standaard van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat het baie dekades, tot voor die instelling van die ATKB-koorkompetisie, gestagneer en weinig ontwikkeling het plaasgevind. *Die instelling van die ATKB-koorkompetisie het 'n nuwe belangstelling in skoolkoorsang laat ontstaan. Daar was skielik 'n maatstaf waaraan jou koor gemeet kon word.* (Rossouw, 1994:telefoniese gesprek) Die ATKB-kompetisie het prestige aan die skoolkore wat met sukses daaraan deelgeneem het, verleen. Dit het daartoe aanleiding gegee dat skole, soos op sportgebied, wat koorsang betref nie wou terugstaan vir mekaar nie. 'n Algemene standaardverhoging was die gevolg. Hiervan getuig prof. Petru Gräbe (1994:onderhoud): *Niemand kan die geweldige standaard- verhoging misken nie; daar is vandag koorsang op skoolvlak wat 10 jaar gelede as onmoontlik beskou was.*

Verster (1993:onderhoud) beskou die ATKB as 'n primêre faktor in die standaardverhoging van skoolkore in die Oranje-Vrystaat: *Die ATKB-koorkompetisie het landswyd en dus ook in die Oranje-Vrystaat 'n onberekenbare invloed op die gehalte van koorsang uitgeoefen. Niemand kan die waarde en aansien van die kompetisie, wat eintlik van nasionale omvang was, ontken nie.* Gräbe (1994:onderhoud) huldig ook hierdie standpunt: *Die ATKB is die een enkele instansie wat vir die geweldige vooruitgang op skoolkoorvlak verantwoordelik is.*

### 7.6.3.4 Die byeenbring van talent en kundigheid

Hennie Loock (1993:onderhoud), dirigent van die Tygerbergse Kinderkoor, is van mening dat die ATKB verantwoordelik is dat die beste skoolkoordirigente in die land bymekaar gebring word en dat hulle deur mekaar se kore te hoor, 'n bevrugtende invloed op mekaar uitoefen As voorbeeld hiervan kan die D. F. Malan Hoërskool-koor van Belville onder leiding van mnr. Danie Smit genoem word. *Ek dink dat Danie Smit 'n groot invloed op skoolkoorsang uitgeoefen het, omdat die beste koorleiers in die onderskeie provinsies sy koor in die landskompetisies en latere Galakonserte gehoor het.* (Verster, 1993:onderhoud) Die bymekaarbring van die beste kore in die land het daartoe gelei dat hulle as 'n verwysingsraamwerk vir mekaar begin dien het; voorheen was dié kore geïsoleer.

## 7.7 Die Oranje-Vrystaattrofee[1] vir koorsang

### 7.7.1 Ontstaan van die kompetisie

Die kompetisie om die Vrystaattrofee het in 1987 sy beslag gekry. Die inisiëring van en aanvoorwerk vir die kompetisie het egter reeds aan die einde van 1983 plaasgevind. Prof. Ben de Koker (1983:korrespondensie - onveranderd weergegee), hoof van die Departement: Drama- en Toneelkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het aan die destydse administrateur van die Oranje-Vrystaat, mnr Louis Botha, die volgende skrywe gerig:

1 Ook algemeen bekend as die Vrystaattrofee

22 November 1983
Sy Edele mnr Louis Botha
Administrateur van die O.V.S.
Privaatsak X20538
Bloemfontein
9300
Geagte mnr Botha

ADMINISTRATEURSBEKER OF ADMINISTRATEURSTROFEE VIR KULTUUR

My voorstel is niks nuuts nie. Ek het verlede week in Johannesburg gehoor dat die administrateur van Transvaal 'n jaar gelede 'n beker vir kultuur geskenk het.

Daar was verlede jaar 'n geweldige opbloei in die kulturele aktiwiteite in die skole in Transvaal. Waar daar in vorige jare slegs 4 skole aan redenaarskompetisies deelgeneem het, was daar verlede jaar 22. Die inskrywings vir die ATKV skoletoneelfees, die koorkompetisie en vir die kunswedstryd het baie groot afmetings aangeneem.

Wil u nie miskien so 'n trofee oorweeg nie? 'n Komitee kan saamgestel word om die kriteria vir so 'n beker of trofee op te stel, byvoorbeeld, prestasies op die gebied van: sangkore (nasionaal, provinsiaal, en plaaslik); toneelfeeste; redenaarskompetisies; debatskompetisies; deelname aan orkeste; prestasies op kunswedstryde; bywoning van kulturele aktiwiteite soos, toneel, opera, ballet, simfoniekonserte ens. ens.

Ons moet stadigaan begin om gehore vir die toekoms op te bou.
Dis maar net 'n nederige voorstel.

Met vriendelike groete.
Die uwe

Prof Ben de Koker

(1983:korrespondensie - onveranderd weergegee)

In reaksie op die voorstel is die volgende komitee saamgestel om die aangeleentheid te ondersoek: mnr. J. E. P. H. Johl (sameroeper), prof. B. de Koker, mnr. J. M. Steyl en mnr. J. D. Bouwer (Hoof:Musiek). Die komitee het aanbeveel dat die skoolhoofde se menings hieroor ingewin moet word en 'n rondskrywe is aan die prinsipaalverenigings gestuur, wat op die volgende vrae kommentaar moes lewer:

□ *Sal die instelling van 'n Administrateurstrofee vir kultuur noodwendig lei tot 'n opbloei in of lei tot 'n groter belangstelling in kulturele aktiwiteite by skole?*

□ *Is daar nie reeds genoegsame geleenthede vir leerlinge en/of skole om op die kulturele terreine te presteer nie byvoorbeeld redenaarskompetisies, kunswedstryde, debatskompetisies, toneelkompetisies, koorkompetisies, ensovoorts?;*

□ *Kry prestasies op die verskillende gebiede van kultuur genoegsame erkenning?;*

□ *Dink u daar behoort so 'n trofee (ë) of beker(s) vir kultuur ingestel te word?* (Steyn, 1984:korrespondensie - onveranderd weergegee)

Die verskeie (5) prinsipaalverenigings het die gedagte ten sterkste afgekeur en wel om die volgende redes:

□ Daar is op kulturele vlak binne die provinsie ruim geleentheid om aan kompetisies deel te neem. Die kompetisies het gewoonlik op nasionale vlak eindrondtes.

□ Die bestaande kompetisies, soos die ATKB-koorkompetisies, voldoen aan die behoeftes.

□ Dit word betwyfel hoe alle fasette van kultuur regverdig beoordeel kan word.

□ Skole probeer 'n balans handhaaf tussen sport- en kulturele aktiwiteite, maar voel as kulturele bedrywighede sodanig uitgelig word, meer skade aan die saak gedoen word. (Johl, 1984:korrespondensie)

Prof. Ben de Koker is deur die administrateur van die uiteindelike besluit in kennis gestel. (Botha, 1984:korrespondensie) In 'n skerpbewoorde brief het prof. De Koker hierop gereageer:

**Geagte mnr Botha**

**Hartlik dank vir u brief van 9 Oktober wat ek vandag ontvang het.**

**Ek is natuurlik bitter teleurgesteld, maar ek het dit verwag. Toe ek verneem het dat die Onderwysdepartement verskillende skoolhoofde om 'n meningspeiling skakel, en nadat die aangeleentheid vir byna 'n jaar lank gesloer het, het ek besef dat daar teenkanting is.**

**Graag verskaf ek die volgende kommentaar op die teenkantingspunte:**

1 'n Goeie en gesonde balans word wel by die meeste skole gehandhaaf tussen kulturele en ander aktiwiteite en daar bestaan genoegsame geleenthede vir deelname en prestasies op kultuurgebied.

**Dit is korrek: daar bestaan genoegsaam geleenthede vir deelname, maar hoeveel skole maak daarvan gebruik? (En dit is die belangrikste punt). Verlede jaar het slegs 4 skole in die Vrystaat aan die ATKV - Toneelfees deelgeneem.**

2 Daar bestaan genoegsaam kompetisie op hierdie gebied en daar is nie behoefte aan nog 'n kompetisie nie.

**Dit is 'n misverstand. Dit is nie nog 'n kompetisie nie. Die trofee is slegs 'n bekroning vir prestasies op reeds bestaande kompetisies. Ons wil net die skole aanmoedig om aan die reeds bestaande kompetisies deel te neem.**

3 Dit word betwyfel of die instelling van 'n trofee sal lei tot opbloei of groter belangstelling in kulturele aktiwiteite by skole.

**Bogenoemde betwyfeling het hom reeds as feit in Transvaal bewys. Voordat die Adminsitrateur van Transvaal 'n trofee beskikbaar gestel het, het daar gemiddeld 32 skole aan die ATKV-toneelfees deelgeneem. Toe die trofee in 1983 ingestel is, het die inskrywing opgeskiet na 70. Hierdie jaar (1984) het 86 skole aan die kompetisie deelgeneem. Ek dink dit is 'n geweldige opbloei en baie groot belangstelling.**

4 Dit sou bykans onmoontlik wees om alle fasette van kultuur te beoordeel.

**Ons besef dit; daarom het die Komitee hom net tot die redenaarskuns, debatkompetisie, toneelkuns en kore beperk.**

**... Mnr Botha, die besware van die skoolhoofde hou nie water nie; hulle stel net nie belang nie. .. ek kan nie verstaan waarom die skoolhoofde die kultuursaak opponeer nie. Geen skool word verplig om deel te neem nie; dis vrywillig. Alles gaan net so voort soos dit was.**

**Mnr Botha, gaan asseblief voort met hierdie baie belangrike versoek.**

**Baie dankie vir u belangstelling**

**Die uwe**

**Prof Ben de Koker**

**16 Oktober 1984**

(De Koker, 1984:korrespondensie - onveranderd weergegee)

Prof. De Koker (1994:onderhoud), wat alles veil gehad het vir die saak, het uiteindelik die aangeleentheid persoonlik verder op ministriële vlak gevoer. Aan die einde van 1984 is aanbeveel dat die instelling van die trofeë moet voortgaan. Die besluit is op 7 Februarie 1985 deur die administrateur, mnr. Louis Botha, bekragtig en daarvolgens sou drie bekers beskikbaar gestel word, naamlik:

- Die Oranje-Vrystaattrofee vir Spraak en Drama (Afrikaans)
- The Orange Free State Trophy for Speech and Drama (English)
- Die Oranje-Vrystaattrofee vir Koorsang.

(Odendaal, 1984:korrespondensie)

Volle besonderhede van die voorgestelde kompetisies is op 29 Oktober 1986 op sy telefoniese versoek aan minister Piet Clase deur middel van 'n memorandum gegee. (Odendaal, 1986:korrespondensie)

Mnr. Jacobus Bouwer het die Vrystaattak van die Suid-Afrikaanse koorvereniging genader om die kompetisie vir die Vrystaatse Onderwysdepartement aan te bied. *Ons as koorvereniging was baie dankbaar dat ons op so 'n wyse erken is en het met graagte in oorleg met die onderwysdepartement die kompetisie georganiseer.* (Ellis, 1994:telefoniese gesprek) Die skole is by wyse van 'n omsendbrief (Prins. 27/87) op 27 Februarie 1987 van die kompetisies ingelig:

**Kompetisies om hierdie trofeë word vanjaar ingestel. Die Onderwysdepartement het 'n aantal organisasies wat alreeds sodanige kompetisies reël, versoek om kompetisies om die Oranje-Vrystaattrofeë by hulle bestaande kompetisies in te skakel. Die betrokke organisasies het ingestem om, sover moontlik, verteenwoordigers van die Onderwysdepartement, deur die Direkteur van Onderwys benoem, by hulle beoordelaarspaneel tydens die finale ronde in te sluit.**

Die eerste koorkompetisie om die Vrystaattrofee vir Koorsang het op 15 Augustus 1987 in die Odeion by die Vrystaatse Universiteit plaasgevind. Die Vrystaattrofee-koorkompetisie sou elke tweede jaar (alternatiewe jaar van die ATKB-koorkompetisie) plaasvind. In die eerste jaar van die kompetisie was daar nie afsonderlike kategorieë vir gemengde en enkelgeslagkore nie.

### 7.7.2 Wysiging van die kompetisie

Na afloop van die kompetisie in 1987, en op grond van die kritiek betreffende die gesamentlike beoordeling van gemengde en enkelgeslag-kore is daar 'n aanbeveling gemaak dat daar 'n tweede trofee vir koorsang ingestel moes word[1]. (Odendaal, 1987:korrespondensie) In 1989 is die enkelgeslag-

---

1 Die volgende redes is aangevoer waarom dit moeilik is om gemengde en enkelgeslag kore saam te beoordeel:□ *Hoe meer stemme betrokke is, hoe moeiliker word dit om foute uit te skakel. Beoordelaars plaas 'n hoë premie op korrekte vertolking en sang-tegniese vereistes. Suiwer seuns- en dogterskore het dus hier 'n voordeel en kan makliker hoë punte behaal.* □ *Sang deur gemengde kore het weer gewoonlik groter impak op die gehoor, vir wie korrekte vertolking en sang-tegniese vereistes van minder belang is. Sommige lede van die gehoor gee self klasmusiek en beskou hulleself as kenners, maar laat hulle slegs deur hul*

van die gemengde afdeling geskei. In 1993 is 'n verdere onderskeid tussen dogterskore en seunskore gemaak. 'n Belangrike koersaanpassing het egter in 1993 'n nuwe impuls aan die kompetisie verleen: *Die koorvereniging het nie veel waarde aan die kompetisie geheg nie, aangesien slegs 6 Bloemfontein-kore elke jaar aan die kompetisie deelgeneem het. Op aanbeveling van die koorvereniging het die Onderwysdepartement wysigings aan die kompetisie gemaak. Daar is toe besluit om die kompetisie in verskillende streke in die Vrystaat te hou. Dit het meegebring dat die inskrywings na 21 verhoog het. Die nuwe neiging van die ATKV-koorkompetisie het ons ook in die vernuwing beïnvloed.* (Ellis, 1994:telefoniese gesprek) Die nuwe formaat van die kompetisie om die Vrystaattrofee het in 1993 in die volgende streke (wenkore aangedui) plaasgevind:

**7.7.2.1 Streekkompetisie**

□ Bloemfontein - C en N Sekondêre Meisieskool Oranje onder leiding van Marcha Geyer

□ Bultfontein - Hoërskool Hoopstad onder leiding van R. Maré

□ Jagersfontein - Hoër Landbouskool Jacobsdal onder leiding van J. van den Berg

□ Kroonstad- Hoërskool Kroonstad onder leiding van Retha Theron

□ Bethlehem - Hoërskool Witteberg onder leiding van Ester Groenewald

'n Verdere verandering het die kompetisiegedagte verder verswak. *Die wenkore in die verskeie streke was nie verplig om na die finale kompetisie te kom nie en dit was opsioneel vir kore wat wel gekom het om aan die kompetisie deel te neem.* (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

Die volgende vereiste met betrekking tot die programkeuse vir die Vrystaattrofee-kompetisie word tans gestel:

Drie of vier werke uit van die volgende kategorieë moet voorgedra word:

- Gewyd.
- Onbegeleid.
- Volksliedjie.
- Afrikaans of verwerking.
- Engels. (Meer as een aspek mag in een lied gekombineer word.)
- Begeleiding mag nie 'n maksimum van 2 melodiese of harmoniese instrumente oorskrei nie.
- Begeleiding moet onafhanklik van die stemparty wees.
- Gebruik van soliste is nie toelaatbaar nie.
- Liedere moet so ver as moontlik in die oorspronklike taal gesing word. Die program word as 'n eenheid beoordeel en moet daarom as 'n eenheid voorgedra word.
- Die liedere moet kontrasterend van aard georden wees. (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

### 7.7.4 Uitslae van die Vrystaattrofee-koorkompetisie

Sedert die instelling van die kompetisie was die volgende kore as wenkore aangewys:

1987 C en N Sekondêre Meisieskool Oranje
1989 Hoërskool Sentraal
1991 C en N Sekondêre Meisieskool Oranje (Dogterskoor)
1991 Hoërskool Sand du Plessis (Gemengde Koor)
1993 Hoërskool Sand du Plessis (Gemengde Koor)
1993 Grey- Kollege (Seunskoor)
1993 C en N Sekondêre Meisieskool Oranje (Dogterskoor)

## 7.8 Bydrae van koorkompetisies tot skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat

Tesame met die ATKB(V)-koorkompetisie het die kompetisie wat deur die Departement van Onderwys en die Suid-Afrikaanse Koorvereniging in die Vrystaat geloods word 'n intensivering van die kompetisiekultuur onder skoolkore in die Oranje-Vrystaat teweeg gebring. Terselfdertyd het 'n bewuswording van koorsang by skole wat vir die kompetisie ingeskryf het, posgevat. Die skoolkooraktiwiteite in die Oranje-Vrystaat het as gevolg van dié kompetisie prominent geword.

Dit is seker ironies dat die Onderwysdepartement, wat aan die einde van die dertigerjare die nadeel van die kompetisiegedagte by skoolkore aangetoon het, in 1987 verantwoordelik was vir die instelling van dié kompetisie. Die kompetisie kan egter nie geïsoleerd gesien word nie, aangesien die Vrystaatse skoolkore ook aan die ATKB(V) deelneem en laasgenoemde kompetisies as voorbereider van die Vrystaattrofee-kompetisie gesien kan word. As gevolg van die twee kompetisies het 'n intensivering en 'n waarskynlike oorbeklemtoning van koorsang as 'n medium tot prestasie in die Oranje-Vrystaat ontstaan.

Die wysiging aan die aard van die kompetisie (1993), sodat ongeveer 21 skoolkore nou daaraan deelneem, is egter 'n positiewe ontwikkeling. Waar die ATKB(V)-koorkompetisie met verloop van tyd slegs die beste skoolkore in die Oranje-Vrystaat getrek het, maak die Vrystaattrofee-koorkompetisie dit nou vir 'n baie breër spektrum skoolkore aantreklik om deel te neem.

Die kompetisie het, weens die aard van die vorige politieke en staatkundige bedeling, uitsluitlik tussen blanke skoolkore plaasgevind. Die bestuur van die kompetisie staan tans voor 'n nuwe uitdaging om skoolkore uit alle bevolkingsgroepe te betrek. *Die toekoms van die kompetisie is hoofsaaklik in die hande van die nuwe onderwysowerhede.* (Mostert, 1994:telefoniese gesprek)

### 7.9 Die voor- en nadele van skoolkoorkompetisies

Die Britse Victoriaanse onderwysstelsel, met sy drang om alles te meet, het vanweë Suid-Afrika se sterk historiese verbintenis met Engeland ook in die plaaslike onderwysstelsel neerslag gevind. Aangesien geen onderwys sinvol sonder 'n kurrikulum en evaluering daarvan kan bestaan nie, is evaluering en meting in musiekonderwys vanselfsprekend. Evaluering, en die gepaardgaande kompetering, is 'n integrale deel van musiekonderrig en bring normaalweg vordering, vooruitgang en perfeksie teweeg.

Die musiekkuns is deel van die estetiese ontsluiting van die mens en word gevolglik gesien as deel van die ontwikkeling van die totale kind. Vanuit hierdie perspektief is die ontwikkeling van 'n sin vir die estetiese (deur byvoorbeeld musiek) nie so vanselfsprekend versoenbaar met die kompetisiebeginsel soos ontwikkeling op die fisies-biotiese terrein (via

byvoorbeeld sportbeoefening) nie. Juis as gevolg daarvan is daar, ten spyte van die klaarblyklike voordele wat kompetisie in die kunste mag inhou, ernstige bedenkinge oor kompetisie op die estetiese terrein.

### 7.9.1 Die voordele van koorkompetisies

#### 7.9.1.1 Die ontstaan van skoolkore

Die talle koorkompetisies wat gedurende die dertigerjare in Kaapland en die Oranje-Vrystaat deur die onderskeie onderwysdepartemente geïnisieer is, het tot die ontstaan van talle skoolkore aanleiding gegee. Aangesien daar gewoonlik wedywering tussen verskillende skole bestaan, is die geleentheid om op 'n verder terrein vir die skool *naam* te maak met beide hande aangegryp. Om 'n skoolkoor te kon hê wat aan kompetisies deelneem, het prestige vir die skool beteken. (Hauptfleisch, 1992:6)

Vanaf die laat-twintigerjare tot 1938 het die koorkompetisies in die Vrystaat en Kaapland aan skoolsang en in die besonder skoolkoorsang, prominensie verleen. In 1934 het Wansbrough Poles, destydse musiekinspekteur in Kaapland, hom soos volg oor die positiewe invloed van koorkompetisies uitgespreek: *In minstens een aangrensende provinsie het wedstryde sang uit 'n hopelose toestand gered...* (Fick, 1984:259) Klasmusiekonderrig was in hierdie vroeë jare van koorkompetisies in so 'n mate op die koorkompetisies afgestam, dat geen onderskeid te tref was tussen gewone klassang en gereedmaking vir kompetisiesang nie.

#### 7.9.1.2 'n Geleentheid tot evaluering

Verhoging van koorsangstandaard is slegs moontlik indien evaluering plaasvind. 'n Koorleier kry met evaluering die geleentheid om sy koor se standaard te meet. Smit (1984:220) bevestig hierdie siening: *Kompetisie bied 'n mens die geleentheid om homself te evalueer, nie net met betrekking tot andere nie, ook met betrekking tot ware standaarde.*

#### 7.9.1.3 Koorkompetisies maak 'n skoolkoor bekend

Aangesien ons vandag in 'n uiters kompeterende samelewing leef, is die samelewing terdeë daarvan bewus dat kompetisie baie energie en deursettingsvermoë vereis. Die blote deelname aan 'n kompetisie het reklamewaarde en dien as vertoonvenster vir die kooraktiwiteit by 'n skool. Indien die koor uitsonderlik presteer, is die reklamewaarde uiteraard veel groter. Dit gebeur soms dat 'n skool wat nie andersins besonder prominent is nie, uitsluitlik deur die skoolkoor bekend gemaak word[1].

#### 7.9.1.4 Koorkompetisies verleen 'n bestaansreg en prestige aan die kooraktiwiteit

In gevalle waar skoolkore uitsonderlik presteer het, het die houding van veral skoolhoofde en personeellede aansienlik teenoor die kooraktiwiteit verander. Die feit dat die koor presteer, plaas dit op die vlak van die ander, inherente kompeteringsaktiwiteite. Fick (1993:onderhoud) stel dit selfs só: *Die skoolkoor het 'n waardiger plaasvervanger vir die eerste rugbyspan geword.*

---

1 Die Hennenman Primêre Skoolkoor onder leiding van Hettie Bothma is 'n voorbeeld. Dié koor het op nasionale vlak presteer.

Reeds in die twintigerjare was koorkompetisies in die Oranje-Vrystaat, met die moontlikheid om skilde te verower, belangrike geleenthede op die skoolkalender. *Met verloop van tyd het die kompetisies al groter afmetings aangeneem, sodat die verowering van 'n skild deur 'n skool 'n ware statussimbool geword het. Sangafrigters en skoolhoofde het mettertyd al hoe meer hulle kragte ingespan om die gesogte erkenning in te palm.* (Human, 1976:244, 245)

### 7.9.1.5 Koorkompetisies dien as motivering

Die fenomenale tegniese ontwikkeling en sogenaamde *kennisontploffing* wat tiperend van die twintigste eeu is, het ook op die terrein van die musiek neerslag gevind. Die ontwikkeling het die mens van die twintigste eeu besonder prestasiebewus gemaak. Waar ookal geleentheid tot prestasie gebied word, word die mens se belangstelling geprikkel. *Die hele situasie van 'n koorkompetisie stel eise aan 'n mens, wat goed is. 'n Mens word as koorleier gedwing om na sekere standaard te streef. Sonder 'n kompetisie sal dit heerlik wees, maar 'n mens sal nie soveel aandag aan besonderhede gee nie.* (Geldenhuys, 1994:onderhoud) Die blote geleentheid tot prestasie dien as motivering; eerstens om deel te neem en tweedens om insette van energie en deursettingsvermoë te lewer.

Die kind vind deelname op alle terreine van die skoollewe uitdagend. Die koorkompetisies en prestasies in dié verband maak dit vir leerlinge aantreklik om deel te neem. Die geleentheid tot kompetisiedeelname, prestasie en kompensasie dien as motivering vir deelname aan dié aktiwiteit. Indien 'n skoolkoor nie aan koorkompetisies deelneem nie, word die moontlikheid van

prestasie verskraal, soos die moontlikheid van kompensasie. Die gevolg hiervan kan 'n gebrek aan belangstelling in die kooraktiwiteit wees.

### 7.9.1.6 Koorkompetisies verhoog die standaard

Koorkompetisies noop koorleiers tot standaardverhoging. Sonder dié ingesteldheid is suksesvolle deelname uitgesluit. In die twintiger- en dertigerjare het die vele koorkompetisies ook daadwerklik aanleiding tot die verhoging in standaard gelei en die tendens is deur die Onderwysdepartement (1930) waargeneem. *Met die sangkompetisies in die verskillende rondgange gaan dit uitstekend goed. Met die grootste geesdrif word meegeding en die sang verbeter elke jaar.* (Human, 1976:246)

#### 7.9.1.6.1 Repetisietyd neem toe (frekwentatief en kwantitatief)

In die doelbewuste poging om fyner koortegnieke te verbeter en te bemeester, word die aantal repetisie-ure gewoonlik vermeerder, met gevolglike verhoging in standaard. 'n Toename in repetisietyd maak ook stemontwikkeling meer moontlik. Daar is dan tyd om aan aspekte soos stem- en asemhalingsoefeninge aandag te gee. Regmatige aandag aan hierdie aspekte van koorsang het gewoonlik 'n positiewe uitwerking op die algemene standaard van die koor.

#### 7.9.1.6.2 Kennis van gesaghebbendes op koorgebied word ingewin

Aangesien koorleiers weens die herhaaldelike oefening en voordra van repertorium naderhand nie meer objektief teenoor sy koor se uitvoering daarvan staan nie, word ander ervare koorleiers dikwels gevra om raad. In

die groter sentra in die Oranje-Vrystaat, waar kundige persone werksaam is, word onderlinge hulp dikwels ingeroep. 'n Samesnoering van kragte vind gevolglik plaas en beter begrip vir probleme in koorverband word verkry. In die praktyk resulteer hierdie samewerking eventueel in 'n verhoging van die standaard.

**7.9.1.6.3 Nuwe repertoriumneigings ontstaan**

Nuwe, uitdagende repertoria het veral die afgelope dekade van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat gekenmerk. Koorleiers het met verloop van tyd en veral in die afgelope dekade besef dat prestasie in kompetisies grotendeels met repertoriumkeuse en -aanpassing saamhang. Moderne, twintigste-eeuse werke is in die koorkompetisierepertorium opgeneem - koorkomposisies wat gewoonlik nie op koorfeeste of ander geleenthede in 'n programsamestelling sou tereggekom het nie.

**7.9.1.6.4 Koorkompetisies bied 'n geleentheid tot ontwikkeling van smaak**

As gevolg van die aandurf van nuwe repertoria, ontwikkel die smaak van koorleiers, koorlede en gehore. Deur na kore wat sukses op kompetisies behaal het te luister, het koorleiers besef dat 'n koersaanpassing ten opsigte van repertoriumsamestelling noodsaaklik is, veral ten opsigte van kompetisies. Koorleiers kom tydens koorwerkswinkels en -simposiums met nuwe koorwerke in aanraking. Op hierdie wyse vind die vernuwende repertoriumtendense in skoolkoorprogramsamestellings neerslag.

Koorleiers ontwikkel nuwesoortige repertoria (wat smaak en interpretasie betref) en indien dit goed aangebied word, ontwikkel die koorlede veral ten opsigte van 'n nuwe ervaringswêreld en smaak. Gehore word ook die geleentheid gebied om te ontwikkel wat hul ervaring van koorrepertorium betref: *In gebiede waar koorsangers en die gemeenskap nie werklik geïnteresseerd is in musiek van hoogstaande gehalte nie, bied koorkompetisies die gulde geleentheid om diesulkes se musikale smaak te verbeter.* (Smit, 1984:222)

**7.9.1.6.5 Koortegnieke word bestudeer**

Kompetisies dwing koorleiers om inligting aangaande koortegnieke soos asembeheer, vokaalvorming, klankproduksie, diksie en intonasie in te win, en veral deur middel van eksperimentering self maniere te vind om die genoemde tegnieke te verbeter en te vervolmaak.

**7.9.1.7 Koorkompetisies dien as sosiale saambindingsfaktor**

Aangesien die koorlede en die leier van 'n koor as gevolg van voorbereiding vir koorkompetisies meer dikwels met mekaar in aanraking kom, kan hegte bande onderling ontstaan. Die belangrike sosiale aspek van koorsang word deur die toename in repetisietyd gestimuleer. *Die kind het immers in sy jeugdige ontwikkelingsfase 'n groepsdrang wat bevredig moet word.* (Du Toit; Van der Merwe, 1968:390)

Deelname aan koorkompetisies hou dikwels die moontlikheid van 'n uitstappie in. 'n Voorbeeld hiervan is die ATKB(V)-koorkompetisie se Galakonsert, wat in verskillende hoofsentra in die land plaasvind. Die blote

moontlikheid van so 'n uitstappie dien op sigself as 'n motiveringsfaktor. Indien kore wel uitstappies as gevolg van kompetisiedeelname onderneem, het dit gewoonlik 'n heilsame uitwerking op die groepsgees en sosiale samesyn van die koorgroepe. Die geleenthede het nie net 'n uitwerking op die huidige koorlede nie, maar dien ook as 'n aantrekkingskrag vir voornemende koorlede.

Dekades gelede is die sosiale sy van koorkompetisies reeds as 'n belangrike bate beskou. *Die publiek het altyd met groot belangstelling na die kompetisies uitgesien. Die uitgestrektheid tussen plattelandse dorpe het nog in die begin van hierdie eeu geïsoleerde gemeenskappe tot gevolg gehad. Die samekoms van kinders uit verskeie sentra het dus sosiaal en kultureel aangename en positiewe implikasies gehad*[1]. (Fick, 1984:272)

#### 7.9.1.8 Selfbeeld van die individu

Leerlinge wat nie die vermoëns of geleentheid het om as individu te presteer nie, vind in die koor(kompetisies) 'n geleentheid tot prestasie in groepsverband. Die selfbeeld en menswaardigheid van diesulkes vind veral daarby baat indien die koor presteer, aangesien hulle die prestasie vir hulleself toe-eien.

#### 7.9.1.9 Samewerking van skoolhoof

Skoolhoofde verleen dikwels meer geredelik hul samewerking indien die koor

---

1 *Lee rapporteer dat die kompetisies in baie gevalle vir soveel as 75% van die koorlede die geleentheid gebied het om vir die eerste maal uit hul geboortedorp te kom.* (Fick, 1984:272)

aan kompetisies deelneem. Uitsonderings op die reëls aangaande roosterbenutting word ter wille van koorrepetisietye gemaak. Indien die koor 'n gereelde presteerder tydens koorkompetisies is en die skool se beeld daardeur bevorder word, staan die skoolhoof dikwels positief teenoor die kooraktiwiteit.

### 7.9.2 Die nadele van koorkompetisies

#### 7.9.2.1 Kompetisie is vreemd aan die kunsvorm

Musiek as kunsvorm, as estetiese uiting, is nie inherent op mededinging afgestem nie. Volgens Louw en Edwards (1993:220) het musiek 'n bepaalde emosionele kwaliteit wat daarop ingestel is om gevoelens van liefde, toewyding, nederigheid, teerheid en onselfsugtigheid te bevorder. Koorsang behoort primêr op sang as kunsvorm gemik wees en die estetiese moet voortdurend as vertrekpunt en einddoel figureer. Koorsang behoort by die skool as opvoedkundige inrigting op die estetiese ontsluiting van die opvoedeling gerig te wees. *The arts are the most powerful tool for man for refining and deepening his experience of feeling.* (Reimer, 1970:38)

#### 7.9.2.2 Koorkompetisies is slegs 'n korttermynmotivering

Koorlede neig om vir 'n koorkompetisie te werk, maar geleenthede waaraan geen kompetisie-element verbonde is nie, word as onbelangrik beskou. Wanneer die kompetisie iets van die verlede is, kwyn belangstelling van koorlede en selfs ouers. Reeds in 1907 het dr. G. G. Cillié (senior) koorkompetisies met wantroue bejeën: *Wij leven voor de kompetisie en menig leerling en knap student houdt op als de kompetisie ophoudt.* (Fick, 1984:275)

### 7.9.2.3 'n Ongewenste klemverskuiwing vind plaas

Met die voorbereiding vir koorkompetisies gaan dit nie meer slegs oor koorsang nie. Ook in dié verband spreek dr. G. G. Cillié hom soos volg uit: *De wedijver kan so licht in naijver ontaarden, en men verliest zo gemakkelik het hoofdoel uit het oog.* (Fick, 1984:275) Die estetiese doel van koorsang gaan dikwels verlore met koorkompetisies, aangesien die mededingingsaspek van koorkompetisies oorbeklemtoon word. *Dit is dikwels die sportiewe deelnemer in kompetisies wat wen en die werklike musikale deelnemer kom nie bo uit nie.* (Korsten, 1994:televisieprogram) Reeds in 1936 het daar ook van owerheidsweë 'n teenkanting teen die kompetisies ontstaan. *Die gevoel is uitgespreek dat dit nie gaan om die liefde vir sang nie, dog meer om die wedstryde.* (Human, 1976:248)

### 7.9.2.4 Koorkompetisies beperk deelname

Aangesien ons in 'n *wenner-is-alles-era* leef, is koorleiers huiwerig om aan koorkompetisies deel te neem. Slegs die (oorwegend) beste kore neem gewoonlik aan kompetisies deel. Die groot meerderheid kore word deur kompetisies afgeskrik en moet hulle tot sangfeeste beperk wat optree-geleenthede betref. In die Oranje-Vrystaat is daar die tendens dat in die afgelope dekade nie meer as ses kore aan die ATKB-koorkompetisie of die kompetisie om die Vrystaattrofee deelneem nie. Die meeste skoolkore vermy kompetisies.

### 7.9.2.5 Koorkompetisies lei nie noodwendig tot algemene verhoging in standaard nie

Die kore wat telkens aan kompetisies deelneem se standaard verhoog wel, maar die res word hierdeur onaangeraak gelaat. Die koorleiers wat nie aan

kompetisies deelneem nie, woon ook nie noodwendig die kompetisie by nie en sodoende word hulle van die bevrugtende wisselwerking uitgesluit; hulle kan gevolglik ook nie in die voordele van nuwe repertoria en tegnieke deel nie.

### 7.9.2.6 Koorkompetisies verleen soms 'n negatiewe konnotasie aan koorsang

Aangesien lede van sekere skoolkore elke jaar van hul skoolloopbaan aan kompetisies (met die gepaardgaande spanninge) deelneem, kan 'n negatiewe gevoel jeens koorsang by hulle ontstaan. Acama Fick (1993:onderhoud), voormalige dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor, huldig die volgende mening: *Daar is te veel mense wat wil siek word as jy die woord koor gebruik. Die "koor-establishment" het 'n beeld begin kry van 'n kompeterende, sieklike iets. Die kinders moet op skool akademies vir punte werk, hy moet vir die sport werk en nou vir die kultuur ook.*

Dit is insiggewend dat die sogenaamde prominente skoolkore (wat elke jaar aan koorkompetisies deelneem) nie as 'n primêre voedingsbron vir die Vrystaatse Universiteitskoor dien nie. Slegs 12 van die 71 koorlede van die Vrystaatse Universiteitskoor van 1994 was voorheen lede van prominente skoolkore in die Vrystaat. (Lamprecht, 1994:telefoniese gesprek) 'n Moontlike rede hiervoor is dat die kinders koorsang met kompetisie verbind en nie op universiteit daarvan 'n herhaling wil hê nie. Acama Fick (1993:onderhoud) is eweneens van mening dat van die beste skoolkore in die Wes-Kaap nie as voedingsbron vir die Stellenbosse Universiteitskoor dien nie, en betreur die feit. Prof. Petru Gräbe (1994:onderhoud), dirigent van die Universiteitskoor van Pretoria, is ook van mening dat koorkompetisies en

die verbintenis wat dit met koorsang het, studente van kooraktiwiteite op universiteit weerhou.

Vanweë die baie tyd wat die voorbereiding vir kompetisies in beslag neem, ontwikkel ouers en medekollegas by skole 'n antipatie teenoor die kooraktiwiteit, aangesien akademiese vordering volgens hulle deur die kooraktiwiteit in die wiele gery word. Mnr. Jacobus Bouwer (1993:onderhoud), voormalige Hoof:Musiek in diens van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat, spreek hom ook negatief teenoor die koorkompetisies uit: *Ek dink daar is korttermynvoordele soos die verhoging van standaard, maar die kinders word eventueel daarvoor keelvol.*

**7.9.2.7 Musiekopvoeding in koorverband word vanweë koorkompetisies belemmer**

Daar is geen aanduiding dat die samelewing méér bewus van goeie musiek raak nie. Die grootste persentasie skoolkoorlede sing nie na hul skoolopleiding verder in kore nie. Acama Fick (1993:onderhoud) sluit hierby aan: *'n Mens moet die vraag vra of die Suid-Afrikaanse volk meer musiekbewus geraak het vandat ons weer in die kompetisie-manie verval het? Wat my van koorlede in die verband hinder, is dat 'n mens die koorlede nêrens by ander musiekkonserte sien nie. 'n Baie klein persentasie van persone wat na skoolkoorkompetisies gaan luister, tref 'n mens ook by simfonie- of kamermusiek- of solokonserte aan. Iets is mos dan verkeerd! Hulle kom na hierdie massafenomeen van 'n klomp mense wat op 'n verhoog kompeteer luister en jy sal hulle by geen ander konsert vind nie. 'n Skool is mos 'n opvoedkundige inrigting. Die koor moet mos 'n ekstensie van die inrigting se ideaal met betrekking tot musiek wees.*

#### 7.9.2.8 Die inherente skoonheid van die musiek gaan soms verlore

Aangesien die klem in kompetisies op perfeksie geplaas word, verdwyn die inherente skoonheid van die musiek soms weens herhaling van die repertorium in die nastrewing van volmaaktheid. *Met die kompetisie-ingesteldheid van ons mense het dit 'n noodwendige gevolg dat 'n klompie kinders sekere stukke oor en oor herhaal totdat dit later 'n kliniese stuk perfeksie is. Dit word met ander woorde later 'n stuk steriele soort musiek wat niemand meer geniet nie, allermins die koorlede. Die gevolg is dat liefde vir koorsang daarmee doodgemaak word.* (Gräbe, 1994:onderhoud)

#### 7.9.2.9 Naywer en afguns is gewoonlik sinoniem met koorkompetisies

*Daar is vreeslik baie onmin en afguns met kompetisies. As rondreisende beoordelaar van die ATKB(V)-koorkompetisie sien ek dit jaarliks toeneem* (Gräbe, 1994:onderhoud). Koorleiers, koorlede, ouers en skoolhoofde het almal deel aan die onmin. Mnr. Michael Casaleggio, voormalige koorleier van Sentraal Hoërskool, onthou dat daar in die dertigerjare geweldige naywer tussen skole was rondom die inpalm van skilde en trofeë: *In 1934 het ouers na afloop van 'n koorkompetisie by Ramblers letterlik vuisgeslaan.* (1993:onderhoud)

Tydens 'n koorindaba waar die onderwerp oor koorkompetisies onder die loep geneem is, het mnr. Mokoale Koapeng (1993:seminaar) die opmerking gemaak dat daar besonder baie agressie onder swart deelnemers in die Ou Mutual-Caltex-koorkompetisie teenwoordig is vanweë die prysgeld wat daaraan verbonde is.

## 7.10 Samevatting

Die kompetisiedrif is deel van die samestelling van die mens. Kompetisies, veral op sportgebied, is reeds eeue lank 'n meganisme om mense te vergelyk. Hiervan is die Olimpiese Spele die vernaamste eksponent. Op die antieke Spele het kompetering op musiekgebied 'n deel van die program uitgemaak. Die Walliese Eisteddfod, wat uit die middeleeue dateer, het die kompetisie in die musiekkuns verder aangemoedig.

Die ontwaking van koorsang in Engeland en die skoolkoorkompetisies het onvermydelik in Suid-Afrika neerslag gevind. Skoolkoorkompetisies het in die Kaapprovinsie 'n instelling geword wat die Oranje-Vrystaat beïnvloed het. Die felle kompetisiestryd en kompetisiekultuur het die aanvanklike voordeel gehad dat bykans elke skool 'n koor gehad het en koorsang op skoolvlak dus prominensie verkry het.

Aan die einde van die dertigerjare het negatiewe kommentaar van owerheidsweë die kompetisiemanie in die kiem gesmoor, en sangfeeste sou die volgende vier dekades die plek van koorkompetisies inneem. Kunswedstryde het sedert die einde van die twintigerjare steeds 'n mate van kompetering gebied, dog in 'n mindere mate as die koorkompetisies. Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging het 'n baie groot bydrae tot die ontwikkeling van die musiekkultuur in die provinsie gelewer.

Met die instelling van die ATKB-koorkompetisie in 1978 het 'n herhaling van die koorkompetisie-era van die twintiger- en dertigerjare ontstaan. Skoolkoorsang het hernude prominensie verkry en standaarde het aansienlik verhoog. Die instelling van die Oranje-Vrystaattrofee vir koorsang het

verder bygedra tot 'n intense kompetisiekultuur, wat voor- maar ook nadele het.

***Ten spyte van die oënskynlike voordele van koorkompetisises en die onteenseglike enorme bydrae wat dit veral tot die standaard van sommige skoolkore in die Oranje-Vrystaat gemaak het, word die langtermynvoordele (indien enige) bevraagteken. Die gebrek aan belangstelling in koorsang op tersiêre vlak, in kerkkore en kwynende gehore hou moontlik met die negatiewe ervarings rondom skoolkoorkompetisies verband.***

## B KOORFEESTE

### 7.11 Verskeie tipes koorfeeste

Soos voorheen in hierdie hoofstuk aangetoon, het die sterk koorkompetisiekultuur van die twintiger- en dertigerjare by onderwysowerhede in onguns verval. Die instelling van koorfeeste sou die formele koorkompetisies vervang ten einde weg te doen met die intense wedywering tussen skoolkore.

Koorfeeste van 'n klein en groot omvang word reeds dekades in verskeie sentra in die Oranje-Vrystaat georganiseer en verskeie musiekinspekteurs was ten nouste met die inisiëring en beplanning daarvan betrokke. 'n Voorbeeld hiervan is die koorfeeste wat mnr. Andries Wassermann, voormalige musiekinspekteur (standplaas Bethlehem) in die Bethlehem-streek georganiseer het. Die koorfeeste is soms in groot graansuile gehou en kore in die omgewing is uitgenooi om tydens die geleentheid op te tree. *Die Vrystaatse Jeugorkes is ook soms vir die geleentheid gebruik om die massakooritems te begelei.* (Bouwer, 1994:onderhoud) Soortgelyke koorfeeste is ook deur mede-kollegas soos mnre. Chris Heyns, Danie Hyman en Jacobus Bouwer in hul onderskeie streke georganiseer. *Al hierdie koorfeeste was besonderse geleenthede vir die hele gemeenskap en die winkels op 'n dorp soos Fauresmith het byvoorbeeld al vroeg die middag gesluit ten einde almal die geleentheid te bied om te kan meedoen. Daar het tydens sulke geleentheid 'n regte karnaval-atmosfeer geheers en die gemeenskap het dit as 'n hoogtepunt van die jaar (soos 'n kermis) beskou.* (Bouwer, 1994:onderhoud)

Bogenoemde koorfeeste het sporadies en nie op 'n deurlopende grondslag plaasgevind nie. Sedert die begin van die tagtigerjare het skole soos Grey-Kollege Hoërskool (Bloemfontein), die Primêre skool Willem Postma (Bloemfontein), Afrikaanse Hoërskool (Kroonstad), Primêre Skool Odensia (Odendaalsrus), Voortrekker Hoërskool (Bethlehem), Primêre Skool Ficksburg (Ficksburg) die inisiatief geneem om koorfeeste onder die vaandel van die betrokke skool te organiseer. Hierdie koorfeeste sou voortaan op 'n deurlopende basis plaasvind - sommige jaarliks soos die Grey-Kollege Koorfees en ander tweejaarliks.

Skoolkore van die betrokke streek, maar ook van oor die hele provinsie word uitgenooi. Met die toeneem in aansien van die betrokke koorfeeste (soos dié van Grey-Kollege) is ook toonaangewende skoolkore uit ander provinsies uitgenooi. Voorbeelde hiervan is die D. F. Malan Kamerkoor (Belville), die koor van die Afrikaanse Hoër Meisieskool (Pretoria), die Randburg Hoërskoolkoor, die koor van die Afrikaanse Hoër Seunskool (Pretoria), die Framesby Hoërskoolkoor en die Noord-Natal Jeugkoor. (Venter, 1994:onderhoud) Sodoende is daar selfs sprake van 'n interprovinsiale koorfees. Om prestige aan die geleentheid te verleen word die koorfeeste in prestige-lokale soos die Sand du Plessis-teater (Bloemfontein), Ernst Openheimer Skouburg (Welkom) en in die skouburg in Kroonstad gehou.

Benewens hierdie koorfeeste wat gereeld jaarliks of tweejaarliks plaasvind is daar terselfdertyd steeds koorfeeste wat deur skole op 'n kleiner skaal georganiseer word. Daar vind ook, benewens die erkende groot koorfeeste, soms ander groot koorfeeste plaas wat deur 'n instansie soos die Departement van Onderwys georganiseer word. 'n Voorbeeld hiervan is die koorfees met die geleentheid van *Venster op die Vrystaatse Onderwys* in 1988.

Verskeie skoolkore het individuele optredes tydens die fees gelewer en massakooritems het 'n besondere deel van die fees uitgemaak.

Talle van hierdie koorfeeste het mettertyd so in aansien toegeneem dat dit 'n besondere eer geword het om daarvoor uitgenooi te word. Weens die standaardverhoging van skoolkore het die organiseerders met verloop van tyd ook meer selektief te werk gegaan om net die beste kore uit te nooi.

### 7.11.1 Die onderskeie koorfeeste

Die volgende koorfeeste vind op 'n gereelde grondslag plaas en geniet wye erkenning in die Oranje-Vrystaat en sommige selfs landswyd:

| | |
|---|---|
| Grey-Kollege Koorfees, Bloemfontein | (vir hoër- en laerskoolkore) |
| Voortrekker Koorfees, Bethlehem | (vir hoër- en laerskoolkore) |
| Kroonstad Koorfees, Kroonstad | (vir hoër- en laerskoolkore) |
| Odensia Koorfees, Welkom | (vir hoër- en laerskoolkore) |
| Willem Postma Koorfees, Bloemfontein | (vir laerskoolkore) |
| C en N Primêre Meisieskool Oranje Koorfees, Bloemfontein | (vir junior-laerskoolkore) |
| Ficksburg Koorfees, Ficksburg | (vir laerskoolkore) |

## 7.12 Koorfeeste 'n verskuilde kompetisie?

Daar moet gelet word dat die beeïndiging van koorkompetisies aan die einde van die dertigerjare nie noodwendig die kompetisiegees geblus het nie. Optredes tydens kunswedstryde het steeds aan skoolkore 'n geleentheid om wedywering gebied. Indien die verskeie kore met kunswedstryde gewedywer het, sou dit onrealisties wees om te beweer dat die kompetisie-element nie steeds, moontlik in 'n mindere mate, ook tydens koorfeeste teenwoordig was nie.

Die instelling van koorkompetisies soos die ATKB-koorkompetisie en die Vrystaattrofeekompetisie het, soos reeds vroeër in die hoofstuk aangetoon, 'n intense kompetisiegees tussen skoolkore, skoolkoorleiers, skole en die ouergemeenkskap laat ontstaan. Die selektering van slegs die beste skoolkore vir deelname aan sommige koorfeeste is 'n verdere teelaarde vir kompetisie[1] tussen skoolkore.

## 7.13 Kritiek teen koorfeeste

### 7.13.1 Koorlede deel nie aan die fees nie

Aangesien die beperkte ruimte in die verskillende gehoorsale dit nie moontlik maak om die kore ook daarin toe te laat nie, moet kore dikwels in lokale wag voor en na hulle optrede. Dit bring mee dat die koorlede nie die geleentheid gebied word om na mekaar te luister en ook te deel in die musisering van ander groepe nie. Die moontlike waarde wat dit vir die koorlede inhou word hierdeur van die koorlede weerhou.

1 In onderhoude met skoolkoorleiers het dit na vore gekom dat optrede op koorfeeste vir hulle slegs van kompetisies verskil in die sin dat daar nie 'n wenner aangekondig word nie.

### 7.13.2 Té veel koorfeeste

Aangesien die organisering van 'n koorfees vir 'n betrokke skool voordeel inhou, soos die geleentheid vir bemarking van die skool en die generering van addisionele fondse, is 'n te groot aantal skole besig om koorfeeste te organiseer. Sekere kore word uiteraard in die loop van een jaar na talle koorfeeste uitgenooi wat tesame met die normale verpligtinge van 'n skoolkoor die optreeskedule van sommige skoolkore onrealisties maak. Prof. Petru Gräbe (1994:onderhoud) is van mening dat die situasie ook in die Transvaal kommerwekkend geword het.

## 7.14 Die waarde van koorfeeste

Koorfeeste toon inherente ooreenkomste met sommige voordele van koorkompetisies soos byvoorbeeld:

- ☐ dit lei tot die ontstaan van skoolkore
- ☐ dit kan 'n skoolkoor bekend maak
- ☐ koorfeeste dien as 'n motivering vir koorleier en koorlede
- ☐ dit dien as sosiale saambindingsfaktor, veral wanneer die koor moet reis vir deelname aan koorfeeste.


Die besonderhede soos in die hoofstuk uiteengesit, dui daarop dat koorkompetisies en koorfeeste reeds dekades as gewilde optreegeleenthede van skoolkore beskou kan word. Ten spyte van leemtes is die verwagting dat koorkompetisies en -feeste steeds as motivering vir die ontstaan van skoolkore én die verhoging in skoolkoorstandaard sal dien.

# HOOFSTUK 8

# DIE BYDRAE VAN DIE SKOOLKOORAKTIWITEITE TOT DIE MUSIEKOPVOEDING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

## 8.1 Inleiding

Die skoolkooraktiwiteite kan reeds vanaf die twintigerjare as 'n voortsetting van die klasmusiekonderrig in die skole beskou word. Die klasmusiekprogram en skoolkooraktiwiteite was in die twintiger- en dertigerjare so verweef dat verwarring aangaande die onderskeie doelstellings en afbakeningsterreine van elkeen ontstaan het.




Die aktiwiteite rondom koorkompetisies in die dertigerjare het die wanopvatting laat ontstaan dat prestasies van die skoolkoor vanselfsprekend op voortreflike klasmusiekonderrig by 'n betrokke skool gedui het. Die sangkompetisies het volgens Human (1976:242) die toneel van sangonderrig sedert 1929 in so 'n mate op skool oorheers dat die inspekteursverslae eerder van die skoolkoor se prestasies melding gemaak het as van die situasie in die sangklas. Gelukkig het die onderwysowerhede met verloop van tyd dié

mistasting reggestel, naamlik deur in die toekenningkriteria van bekers en trofeë vir koorsang ook die standaard van skoolsang (klasmusiek) in berekening te bring. (Human, 1976:248)

Die aanvanklike doel van klasmusiekonderrig in die Vrystaat was om die kinders aan te moedig om te sing: *In 1923 het Daisy Bosman deur middel van lesings en artikels 'n daadwerklike poging aangewend om die belangrikheid van skoolsang te bepleit ... Haar ideaal, so het **Die Skoolblad** verklaar, was dat die Suid-Afrikaner 'n singende volk moes word. Sy het op die voordele van sangonderrig op skool gewys en gesê dat sang 'n veredelende uitwerking op die kinders het, dat sang 'n gevoelsuiting is wat 'n kind gelukkig stem sodat hy sy werk met groter vlyt kan verrig.* (Human, 1976:235) Oor die destydse stand van skoolsang het een van die skoolinspekteurs, mnr. J. Z. van Schalkwyk hom soos volg krities uitgelaat: *Daar word te min sang en musiek op ons skole gedoen. As ons opvoeding nie van ons 'n singende werkende volk maak nie, dan is dit gedaan met ons volk.* (Human, 1976:236)

Met verloop van tyd het daar 'n klemverskuiwing ten opsigte van koorsang plaasgevind. Volgens Michael Casaleggio (1994:onderhoud), oud-klasmusiekonderwyser en koordirigent verbonde aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein, het hy 'n behoefte gehad om met die skoolkoor werk van 'n hoër standaard te doen as wat in die klasmusiekperiode haalbaar was. Dit het met ander woorde nie meer oor die blote beginsel van lekkersing in koorverband gegaan nie; die artistieke verfyning het koorsang van klasmusiekaktiwiteite onderskei. Koorkompetisies het veral die afgelope dekade opgebloei en die invloed daarvan op koorsang het waarskynlik meegehelp om dié ideaal te verwesentlik. Koorsang het gevolglik in baie

gevalle 'n meduim, soortgelyk aan 'n orkes of individuele instrumente, vir verfynde musiekbeoefening geword.

## 8.2 Koorsang as medium vir musisering

Die standaard van skoolkoorsang het sedert die sewentigerjare in so 'n mate verhoog dat musisering deur middel van dié medium in sekere gevalle 'n standaard bereik het wat selfs dié van sommige orkesgroepe (met gepaardgaande intensiewe musiekonderrig) in die provinsie oortref. Weens die toename in kennis aangaande koorafrigting en die verfyning van aspekte soos koorkeuring en -samestelling, repertoriumkeuse, repetisieprosedures en -tegnieke, klankproduksie, vokaalvorming, diksie en algemene vertolking, het die skoolkooraktiwiteite in so 'n mate gegroei dat musisering in koorverband een van die hoekpilare van musiekbeoefening in die provinsie geword het.

Bogenoemde besonderhede dui daarop dat 'n belangrike deel van leerlinge se musiekopvoeding in koorverband plaasvind.

## 8.3 Musiekonderrig in koorverband

Volgens Acama Fick (1993:onderhoud) behoort musiekonderrig in koorverband een van die belangrikste doelstellings van kooraktiwiteite op skool te wees. Sy is verder van mening dat hierdie konsep soos dit in Swede toegepas word 'n moontlike rede vir die hoë koorsangstandaard in daardie land is.

Die verwantskap van koorsang met klasmusiekonderrig word weer hierdeur beklemtoon. Net soos in die klasmusiekprogram word musiekont-

wikkeling aan talle leerlinge op hierdie wyse gebied. Soos in die geval van enige instrumentale onderrig, word die volgende aspekte in koorverband by leerlinge tuisgebring:

□ **Boustene van musiek**: Soos in die geval van enige ander musiekonderrig word leerlinge in koorverband aan die boustene van musiek blootgestel, te wete melodie, ritme en harmonie.

□ **Musieknotasie**: Waar koorleiers vantevore slegs die woorde van 'n koorwerk aan die koorlede verskaf het, het dit soos die tegnologie ontwikkel[1] het, gebruik geword om musiekgenoteerde manuskripte aan elke koorlid te voorsien. Sodoende maak elke koorlid (onbewustelik) kennis met musieknotasie. 'n Meer beplande en doelbewuste kennismaking met musieknotasie is egter die ideaal. Koorleiers is dit eens dat koorlede wat geen vorige kennis van musieknotasie gehad het nie, met verloop van tyd *toevallig* 'n bladleesvaardigheid ontwikkel. (Geldenhuys, 1994:onderhoud; Geyer, 1994:onderhoud; Venter, 1993:onderhoud)

□ **Gehoorontwikkeling**: In die herhaling van 'n spesifieke stemparty tydens die instudering van 'n nuwe koorwerk moet koorlede op gehoorgeheue staatmaak. Koorlede moet, in die konsentrasie om die betrokke stempartye in die kooropset saam met ander stempartye te sing, noodwendig 'n verdere gehoorontwikkeling en -dissipline ondergaan.

□ **Ontwikkeling in toonhoogtesin en ritmiese ontwikkeling**: 'n Koorlid wat byvoorbeeld 'n tenoorstemparty sing, moet in die kooropset die betrokke stemparty in konteks van toonhoogte én ritme kan bemeester - in samehang met stemme in sy betrokke stemparty, maar ook in verhouding tot dié van ander stempartye en begeleiding.

---

1 Die sogenaamde *inbrandmasjien* is later deur die meer doeltreffende (en kontroversiële) fotostaatmasjien vervang.

□ **Musiekbegrippe**: Gedurende 'n koorlid se betrokkenheid by die kooraktiwiteit word daar met begrippe soos onder andere melodielyn, frase, frasering, kadens, harmoniese implikasies, musikale lyn en vorm in musiek kennis gemaak.

□ **Vokale tegniekontwikkeling**: Soos in die geval van instrumentale onderrig, waar tegniese vaardighede die leerlinge in staat stel om 'n komposisie suksesvol te kan uitvoer, ontwikkel 'n koorlid se tegniese sangvermoëns (en sodoende die koor se vermoëns) deur middel van stemoefeninge, maar ook deur bemeestering van nuwe komposisies.

□ **Timbre**: Klankkleur, die nabootsing en herkenning daarvan, behoort by ontwikkelde skoolkore in die soeke na 'n bevredigende koortoon 'n voortdurende doelwit van koorrepetisies en -uitvoerings te wees.

□ **Musisering in ensembleverband**: Koorlede word, soos orkeslede, die geleentheid gebied om in ensembleverband te musiseer. Die musikale ontwikkeling en sosiale voordele is wat beide mediums betref, 'n erkende en belangrike bate.

□ **Kennismaking met 'n wye verskeidenheid repertoriumtipes**: Soos in die geval van enige ander musiekonderrigmedium behoort 'n koorlid kennis te maak met verskillende repertorium- asook styltipes.

□ **(Toevallige) kennismaking met besonderhede aangaande komponiste**: Indien 'n koorleier na 'n stylgetroue vertolking van 'n bepaalde koorwerk streef, is relevante inligting oor die betrokke stylperiode en komponis noodsaaklik vir sinvolle instudering daarvan. Sodanige kennis word dan onvermydelik deel van die koorlid se musiekopvoeding.

□ **Musiekopvoeding as estetiese opvoeding**: Koorlede word deur middel van musisering in koorverband die geleentheid vir onderrig in die estetiese gebied.

## 8.4 Die doel van musiekopvoeding

### 8.4.1 Opvoeding - omhoogleiding

As vertrekpunt moet die begrip *opvoeding* gedefinieer word. Volgens Schoeman (1975:98) word opvoeding tereg as omhoogleiding getipeer. *Uit 'n woordontleding blyk dit dat "opvoeding" letterlik "opwaartse voeding", dit wil sê "voeding na bo" beteken. In die opvoedingsaktiwiteit kry ons te doen met doelbewuste, planmatige handeling van die kant van die mondige (opvoeder) waardeur hy hom met die onmondige of mondig-wordende (opvoedeling) op so 'n wyse bemoei dat hy hom daardeur tot "mondigheid" sal begelei. Omdat die mens 'n ewigheidsbestemming het, volg dit uiteraard dat hierdie omhoogleiding van die opvoedeling, omhoogleiding na God Self sal wees.* (Schoeman, 1975:98) Die doel van enige opvoeding, ook dié in koorverband, sal dus wees om die opvoedeling anastaties[1] terug na God te lei.

### 8.4.2 Die ontsluiting van die kind in sy totaliteit

Die ontwikkeling van die kind in sy totaliteit word wêreldwyd in die onderwysbeleide van ontwikkelde lande as een van die fundamentele beginsels erken. Aangesien die musiekopvoeding die kind juis hierdie geleentheid bied om in sy totaliteit te ontwikkel, is musiekopvoeding op skool regverdigbaar en noodsaaklik. Musiekopvoeding bied egter nie net aan die kind die moontlikheid van musiektalentondekking en -ontplooing nie, maar ook talle ander ontwikkelingsmoontlikhede buite die musikale. Gevolglik


---

1 *Vanweë die erfsonde het die mens van God afvallig geword, en rig nou "van nature" sy lewensuitgange in die afval van God, dit wil sê apostaties.* (Shoeman, 1975:101)

kan musiekonderrig 'n medium vir omhoogleiding van die opvoedeling in alle fasette van die werklikheid wees.

Die mens word met talle sluimerende talente gebore en dit is juis die taak van die onderwys om hierdie moontlikhede in die kind te ontsluit. Die jong kind besit die vermoë tot gewaarwordinge en gevoelige bewusssyn, maar dit is nog net nie tot estetiese gevoel verruim, verdiep of ontsluit nie. (Schoeman, 1975:81) In hierdie ontsluitingsmoontlikhede lê die sin, doel en uitdaging van die onderwys en weliswaar ook in die van die musiekonderwys.

Volgens die wysgeer Herman Dooyeweerd (Schoeman, 1988:25) word die ontsluiting van die volledige mens in die volgende 15 wetskringe verdeel:




Deur middel van deelname aan koorsang op skoolvlak word die kind die geleentheid gebied om in al 15 wetskringe te ontsluit. Die volgende toon

kortliks die moontlikhede van ontsluiting in die onderskeie wetskring (aktstruktuur) deur middel van skoolkoorsang aan:

□ *Die ontwikkeling van die logies-analitiese vermoë by die opvoedeling is van besondere betekenis en belang aangesien dit die volwassene-wordende in staat stel om op logiese wyse te dink en te handel.* (Schoeman, 1975:101) Die logiese ontwikkeling van die kind moet dus nie net tot wiskunde en wetenskapvakke beperk word nie, maar musiek, en in dié geval - in koorverband - is by uitstek geskik om die logiese-analitiese vermoë van die kind te ontsluit. Vaardigheid in die bemeestering van musieknotasie wat koorlede met verloop van tyd (gewoonlik nie doelbewus nie) aanleer, is 'n elementêre vorm van die ontwikkeling van logies-analitiese vermoëns in musiekonderrig. **(Logiese)** □ Die koorleier en koorlede handel dikwels na aanleiding van vorige oefeninge of na aanleiding van ondervinding van vorige jare. Daar word gewoonlik gedurende 'n repetisie na historiese gegewens verwys ten einde die betrokke koorwerk stylgetrou te kan vertolk. **(Historiese)** □ Die programsamestelling van skoolkore sluit gewoonlik liedere in verskillende tale in. Die samehang van taalteks en musikale teks behoort 'n belangrike komponent van die vertolking van 'n koorwerk te wees. **(Linguale)** □ 'n Belangrike komponent van 'n kooroefeninge is die sosiale wisselwerking. Koorlede maak op die wyse kennis met kinders uit die hele spektrum in die skool. □ Koortoere en -uitstappies het gewoonlik 'n bevrugtende uitwerking op 'n kooraktiwiteit. **(Sosiale)** □ Koorlede moet dissipline aan die dag lê om ten spyte van 'n druk akademiese en buitemuurse program kooroefeninge ingepas te kry. □ Die deelname aan die skoolkore behels gewoonlik sekere finansiële implikasies soos die aankoop van koorklere. Inherent aan musiek as kunsvorm is die ekonomiese aspek - byvoorbeeld om met die minimum die makimum te sê, of om soms in

vertolking te onderbeklemtoon, of ander kere deur herhaling te beklemtoon. **(Ekonomiese)** □ Namate koorlede met 'n nuwe koorwerk vorder, kom die skoonheid van die komposisie na vore. **(Estetiese)** □ Koorlede en koorleier ontwikkel 'n liefde vir mekaar. Vaderlandsliefde kan bevorder word deur die sing van volksliedjies. Uit die sing van tradisionele liedere van ander lande kan respek en begrip vir ander kulture voortspruit. **(Etiese)** □ Koorlede en koorleier glo dat hulle gereed sal wees vir 'n uitvoering. □ Skoolkore tree dikwels in kerke op en gewyde werke word gesing. **(Pistiese)**

Alhoewel musiekopvoeding in koorverband oor die potensiaal beskik om die kind in sy totaliteit te ontwikkel, is die ontsluiting van die estetiese uit 'n musiekopvoedingsperspektief waarskynlik die belangrikste doelwit.

### 8.4.2 Ontsluiting in die estetiese

Die einddoel van musiekopvoeding en -ontwikkeling in koorverband behoort die ontsluiting in die estetiese te wees. Die musiekopvoeding word wêrelwyd toenemend op die ontsluiting van die estetiese gefundeer. Reimer (1970:2) laat hom hieroor soos volg uit:

> ***If music educataion in the present era could be characterized by a single, overriding purpose, one would have to say that this field is trying to become "aesthetic education".***

Volgens mnr. Jacobus Bouwer (1994:onderhoud), voormalige Hoof:Musiek van die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement, is talle musiekonderwysers en koorleiers so besig met *afrigting* van kandidate en kore dat hulle nie van hierdie doelwit bewus is nie en dit selfs buite rekening laat.

(1994:onderhoud) Die vraag ontstaan: Op watter wyse kan musiek-onderrrig, in dié geval binne koorverband, estetiese onderrig wees?

Reimer (1970:53) laat hom hieroor soos volg uit:

*First, the music used in music education, at all levels and in all aspects of the program, should be music which contains, in its created aesthetic qualities, conditions which can give insights into human feeling. Not every bit of music used in teaching will plumb the depths of the human psyche, nor be a masterpiece of aesthetic excellence. The criteria for selection of music are:*

* *genuine expressiveness,*

* *the possibility of at least some of the expressiveness being shared by the particular students being taught,*

* *the impetus for discovering new shades of feeling through discovering new aesthetic qualities in the piece, and*

* *the addition of some further ability to share the insights in a wider variety and complexity of music.*

*Second, opportunities must constantly be provided for the created aesthetic qualities of a work to be shared. The total impact of the music must come first and last, with systematic exploration of its subtleties in between. The teaching process should never get in the way of aesthetic sharing, but should illuminate aesthetic qualities of the music in a context of aesthetic experiencing of the music. Third, teaching which effectively increases the ability of children to share and explore the sense of feeling in musical works must focus on that in the music which contains the conditions of feeling. Aesthetic education in music - or any art - is no seance-like waiting for*

*mystical spirits to appear. It is an active searching out of the conditions - objective conditions - through which insights into feeling can be shared and explored.*

Aangesien musiekopvoeding in koorverband gewoonlik nie doelbewus plaasvind nie, is die geskikte (estetiese) repertoriumsamestelling vir die skoolkoordirigent van groot belang ten einde estetiese onderrig moontlik te maak.

**8.4.2.1 Vind estetiese opvoeding deur middel van musisering in koorverband plaas?**

Die volgende vraag is hier die vertrekpunt ten einde 'n toepaslike gevolgtrekking te kan maak: Het skoolkoorleiers 'n definitiewe begrip van die wese en essensie van hul vak? Reimer (1970:90) huldig hieroor die volgende standpunt: *It is a shocking fact that the nature and value of music are not understood by many who teach it.* Die eensydige kurrikula aan universiteite is waarskynlik hiervoor verantwoordelik.

Om die estetiese ontsluiting van die leerling via musiekopvoeding in koorverband te evalueer, is geen geringe taak nie en ook nie die doel van hierdie verhandeling nie. 'n Mens sou kon volstaan deur te sê dat estetiese opvoeding in sommige gevalle waarskynlik plaasvind, en in die gevalle waar dit nie plaasvind nie, kan die volgende as redes aangevoer word:

- gebrekkige kennis (aan die kant van die skoolkoorleier) aangaande die potensiaal van die kooraktiwiteit as estetiese musiekopvoedingsmedium; en
- die prestasiebeheptheid as gevolg van die oormatige fiksering op koorkompetisies.

## 8.5 Skematiese voorstelling van musiekopvoeding deur middel van verskillende mediums

Die volgende voorstelling toon die potensiaal van musiekopvoeding deur middel van koorsang naas ander musiekaktiwiteite aan. Al die verskillende komponente van musiekonderrig is nie noodwendig hierby ingesluit nie.

| KOOR | KLAVIER | ORKESINSTRUMENT |
|---|---|---|
| □ Spontane musiekbeoefening in ensembleverband.<br>□ Deur middel van deelname aan kompetisies word die standaard van musisering verhoog. Die aanleer van musieknotasie is 'n toevallige proses.<br>□ Gehoor- en tegniese ontwikkeling vind plaas.<br>□ Kennismaking met verskillende tipes repert-torium- en styltipes.<br>□ Toevallige kennismaking met besonderhede aangaande komponiste. | □ Aanvangsonderrig, wat die kennismaking met musieknotasie behels.<br>□ Tegniek- en gehoorontwikkeling vind plaas.<br>□ Kennismaking met repertorium- en styltipes.<br>□ Kennismaking met besonderhede aangaande komponiste.<br>□ Ensemblespel vind gewoonlik eers op 'n relatief gevorderde stadium plaas.<br>□ Musiekeksamens is gewoonlik die maatstaf om die vordering in spelvaardigheid te meet. | □ Aanvangsonderrig, wat die kennismaking met musieknotasie behels.<br>□ Gehoor- en tegniekontwikkeling vind plaas.<br>□ Die karakteristieke eienskappe van die betrokke instrument word 'n belangrike deel van die onderrig.<br>□ Na bereiking van 'n bevredigende standaard word ensemblespel onlosmaaklik deel van die onderrig. |
| □ Einddoel - ESTETIESE ONTSLUITING | □ Einddoel - ESTETIESE ONTSLUITING | □ Einddoel - ESTETIESE ONTSLUITING |

## 8.6 Musiekopvoeding - Toekomsvisie

Die waarde van musiekopvoeding deur middel van koorsang word toenemend besef. Volgens mnr. Jacobus Bouwer, huidig hoof van die Musicon in Bloemfontein, word 'n musiekkursus met koorsang as *instrument* vir die nabye toekoms beoog. 'n Persoon is reeds in so 'n betrokke pos aangestel. (1994:onderhoud) Op tersiêre vlak word 'n soortgelyke studiemoontlikheid aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat beoog. (Lamprecht, 1994:onderhoud) Indien die moontlikhede van doelbewuste,

beplande musiekopvoeding in koorverband in die praktyk neerslag vind, sal die koorkultuur in Suid-Afrika ongetwyfeld daarby baat.

## 8.7 Samevatting

Skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat kan reeds dekades as 'n filiaal van musiekopvoeding beskou word. Alhoewel nie bewustelik of noodwendig bedoeld nie, het die gehalte van musiekopvoeding in die verband namate die standaard van kooraktiwiteite verbeter het, ook gestyg. Die moonlikhede van musiekopvoeding in koorverband word toenemend besef. Ongelukkig het onkundigheid oor die potensiaal van musiekopvoeding in koorverband, asook die prestasiebeheptheid van skoolkoorleiers, die realisering van die ideaal in die verlede verhinder.

Die bydrae van skoolkooraktiwiteit tot die musiekopvoeding in die provinsie is waarskynlik van 'n beduidende omvang. Die beginsels van musiekopvoeding in koorverband in die hoofstuk bespreek, is egter huidiglik die ideaal, maar die verwesenliking daarvan nog slegs 'n strewe.

# HOOFSTUK 9

## GEVOLGTREKKINGS EN SLOTOORSIG

### 9.1 Gevolgtrekkings

In die ondersoek na die skoolkoorsituasie in die Oranje-Vrystaat en die invloed wat dit op die musiekopvoeding in die provinsie gehad het, het 'n aantal belangrike sake na vore getree. Die studie dek 'n tydperk van ongeveer agt dekades (1920-1994), en begryplikerwys is talle uiteenlopende tendense, ontwikkelinge en veranderinge waargeneem.

Voor die sewentigerjare was die oorgrote meerderheid skoolkore hoofsaaklik geleentheidskore. Die kore het slegs voor belangrike funksies bymekaargekom, geoefen en dan opgetree. Die sogenaamde *koor* was dus bloot instrumenteel om luister aan die betrokke funksie of geleentheid te verleen. Die skoolkoor van die Hoërskool Sentraal onder leiding van Michael Casaleggio is hierop 'n uitsondering aangesien die koor reeds vanaf 1934 as permanente koor funksioneer. Die voorbeeld van Casaleggio, die toename aan optreegeleenthede en die instelling van gereelde koorkompetisies (met die moontlikheid van prestasie wat dit gebied het), het waarskynlik as motivering vir die ontstaan van permanente skoolkore gedien. Die groot meerderheid skoolkore is tans permanente kore wat op 'n gereelde grondslag oefen en in die meeste gevalle dikwels optree.

Vrystaatse skoolkore het reeds in die twintiger- en dertigerjare, in navolging van die kore in die Kaapprovinsie, 'n prominente plek in die buitemuurse aktiwiteite by skole ingeneem. Die talle koorkompetisies wat tot aan die

einde van die dertigerjare gehou is, het as aanvanklike stimilus gedien. Die stigting van die Vrystaatse Jeugkoor in 1965 het 'n verdere impetus aan die skoolkoorbeweging verleen, aangesien daar op provinsiale vlak erkenning aan skoolkoorsang gegee is. 'n Hernieude belangstelling in skoolkoorsang is deur die instelling van koorkompetisies soos die ATKB-koorkompetisie (hoërskoolkore - 1978, laerskoolkore - 1985) en die kompetisie om die Vrystaattrofee vir Koorsang (1987) ingelui. Optredes op koorfeeste en deelname aan kunswedstryde dien terselfdertyd reeds dekades as 'n verdere aansporing vir skoolkooraktiwiteite.

Die ruim geleentheid vir skoolkooroptredes (en die gevolglike blootstelling en reklamewaarde wat daarmee saamhang) tydens koorfeeste, kunswedstryde, koorkompetisies, eredienste, skoolfunksies, koortoere en radio-opnames het daartoe gelei dat die skoolkoor 'n prestige-aktiwiteit by talle skole in die Oranje-Vrystaat geword het. In sommige gevalle oorskadu die skoolkoor selfs die bekendste sportaktiwiteite by 'n skool. Weens die reklamewaarde van die kooraktiwiteit het skoolhoofde se houding jeens die aktiwiteit met verloop van tyd aansienlik verander.

Baie skoolkoorleiers is steeds van mening dat die kooraktiwiteit met ander buitemuurse aktiwiteite om oefentyd moet meeding. Tog is die meeste skoolhoofde van mening dat die tydsgleuf van die koor teen ander aktiwiteite beskerm moet word. Seuns se houding jeens koorsang het volgens koorleiers ook verander, in dié sin dat hulle meer geredelik koorsing en nie meer ander negatiewe houdings daaromtrent handhaaf nie. Die publiek se veranderde siening aangaande koorsang en ander kulturele aktiwiteite is waarskynlik hiervoor verantwoordelik.

Die optreegeleenthede vir skoolkore het veral die afgelope dekade egter in so 'n mate toegeneem dat optreeskedules van skoolkore soms onrealisties is. Talle skoolkore in die provinsie het ongelukkig sulke druk programme dat dit nie die kooraktiwiteit by die betrokke skool werklik tot voordeel strek nie. Botsings met ander skoolaktiwiteite, met die aansprake van die Vrystaatse Jeugkoor en die Bloemfonteinse Kinderkoor, asook die uiteindelike antipatie van mede-kollegas en ouers is gevolglik onvermydelik. Hierdie tendens kom nie slegs by hoërskoolkore voor nie, maar word reeds op laerskoolvlak waargeneem.

Weens die oorversadiging wat kinders ten opsigte van koorsang op skool ervaar en 'n gevolglike gebrek aan belangstelling in koorsang op tersiêre vlak, het universiteitskoorleiers die dilemma dat voldoende geskikte koorlede slegs met groot moeite gevind word. (Fick, 1993:onderhoud; Lamprecht, 1994:onderhoud) Deelname aan koorkompetisies het ook daartoe gelei dat die repetisietyd van skoolkore oor die algemeen so toegeneem het dat hoërskoolkore wat aan kompetisies deelneem, vier en meer ure per week moet oefen. (In die geval van laerskoolkore is dit ongeveer twee uur per week.) Volgens Acama Fick (1993:onderhoud), behoort laerskoolkinders nie langer as 45 minute per week te oefen nie, aangesien dit vir hulle uitsluitlik oor die genot van die saak behoort te gaan.

Met verloop van tyd het die intensiteit en gestruktureerdheid van kooraktiwiteite, net soos in die geval van ander buitemuurse aktiwiteite, aansienlik toegeneem. Koorleiers het die afgelope dekade toenemend besef dat selektiewe koorkeuring, stemoefeninge, geskikte repertoriumkeuses en beproefde repetisieprosedures kardinale komponente is ten einde 'n vertikale vorderingskurwe in die koorstandaard te toon. In sommige gevalle word

besondere aandag aan klankproduksie en bevredigende koortoon verleen. Die intonasie van hedendaagse skoolkore is aansienlik beter as plaatopnames van skoolkore in die sestigerjare. Vordering betreffende die kennis van koorleiers aangaande stembouing, asook die toename in repetisietyd en die oorkoepelende bevrugtende uitwerking van die Vrystaatse Jeugkoor hou waarskynlik regstreeks hiermee verband.

Die musiekkwalifikasies van skoolkoorleiers het met verloop van tyd so verbeter dat dit ook in die skoolkoorsang neerslag gevind het. Ongelukkig bestaan daar steeds 'n leemte ten opsigte van die formele opleiding van skoolkoorleiers in die provinsie, soos in die land as geheel. Uit onderhoude met skoolkoorleiers het dit geblyk dat die ondervinding wat oud-koorlede in die Vrystaatse Jeugkoor, Vrystaatse Universiteitskoor en die Pro Eclessia-koor opgedoen het, grotendeels hierdie leemte in opleiding gevul het. Koorwerkswinkels, met die kundigheid van ervare referente, dien die afgelope dekade as 'n addisionele vorm van opleiding aan koorleiers.

Waar repertoriumkeuses voor die sewentigerjare hoofaaklik op vaderlands- en volksliedere afgestem was, word daar tans in die meeste gevalle veral op repertoria met vermaaklikheidswaarde gefokus. Liedere wat deur populêre kunstenaars bekend en gewild gemaak is, word dikwels vir kore verwerk. Sommige skoolkoorleiers probeer ongelukkig om op hierdie wyse iets van die sogenaamde roem en populariteit van die vermaaklikheidskunstenaars deelagtig te word. Dit is egter verblydend dat daar in die afgelope dekade 'n groeiende tendens is om koorliteratuur van hoogstaande gehalte te sing.

Die kooraktiwiteite by skole kan dekades reeds as 'n uitbreiding van die klasmusiekprogram op skool beskou word. Deelname aan 'n kooraktiwiteit

bied aan leerlinge 'n soortgelyke geleentheid vir ontsluiting in die estetiese as deur onderrig in 'n ander instrumentonderrig. Soos in die geval van laasgenoemde word leerlinge in skoolkore die geleentheid gebied om met die volgende in aanraking te kom en selfs daarmee vertroud te raak:

* musieknotasie
* gehoorontwikkeling
* ontwikkeling in 'n sin vir toonhoogte en ritme
* algemene en spesifieke musiekbegrippe
* vokale tegniekontwikkeling
* timbre
* musisering in ensembleverband en die sosiale voordele wat dit mag inhou
* kennismaking met 'n wye verskeidenheid repertoriumtipes
* kennismaking met 'n verskeidenheid styltipes
* kennismaking met die biografiese besonderhede aangaande talle komponiste
* dissipline in musiekkonteks, maar ook in algemene verband
* bewuswording en ervaring van die estetiese as deel van die mens in sy totaliteit.

Uit bogenoemde blyk dit dat die onderskeie kooraktiwiteite ongetwyfeld as 'n komponent van die musiekopvoedingsveld in die Oranje-Vrystaat beskou kan word. Net soos in die geval van instrumentonderrig moet daar egter gewaak word teen prestasiebeheptheid. Indien musiseringsvreugde deur die eersug van sommige koorlede, koorleiers, ouers, bestuursrade en skoolhoofde verdring word, is die kooraktiwiteite op klein plattelandse dorpe (waar daar nie noodwendig na bogenoemde gestreef word nie) van meer betekenis.

## 9.2 Slotoorsig:

Die rol van P. J. Lemmer in die vestiging van 'n skoolkoortradisie in die Oranje-Vrystaat was rigtinggewend. Sy beeld as 'n gesiene musikus en dinamiese leier het die musiekonderrigprogram by skole tot voordeel gestrek. Lemmer het skoolkoorleiers met 'n aansteeklike entoesiasme gemotiveer om kore te stig en was intens by skoolkooraktiwiteite betrokke. Met die opvoer van operettes deur skole het Lemmer dikwels as dirigent van ad hoc-orkeste opgetree. David Roode, 'n tydgenoot, het deur middel van sy onderrig aan voornemende skoolkoorleiers 'n verdere beduidende rol gespeel.

Die pionierswerk van Lemmer is voortgesit deur Dirkie de Villiers, wat met sy inisiatief vir die stigting van die Vrystaatse Jeugkoor en die instelling van talle koorleidingskursusse as 'n verdere versterking van die skoolkoortradisie in die provinsie, verantwoordelik was. Hy is in sy taak deur kollegas soos Tersteegen van Huyssteen, Andries Wassermann, Chris Heyns en Danie Hyman ondersteun.

Een van die pionierskoolkoordirigente, Michael Casaleggio, se sleutelrol in die vestiging van 'n skoolkoortradisie kan waarskynlik nie oorbeklemtoon word nie. Hy het met sy werk by die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein prestige aan die afrigting van 'n skoolkoor verleen. Sy voorbeeld, en die sukses wat hy bereik het om aan skoolkoorsang prominensie te verleen, is deur ander skoolkoorleiers in die provinsie beny en nagevolg. Sy opvolger, Huibrie Verster, het eweneens met die Sentraalkoor uitmuntende werk gedoen en 'n nuwe era van skoolkoorsang in die provinsie ingelui. Die sukses van beide genoemde dirigente het aan hierdie koor 'n besondere status in die skoolkoorhiërargie van die provinsie en selfs landwyd verleen.

Op die gebied van laerskoolkoorsang is die name van Frieda Jaekel, Nonna Theron en Ruth Davis bekend. Die koorsangstandaard wat deur hul laerskoolkore in die sestiger- en sewentigerjare gelewer is, vergelyk selfs gunstig met die huidige standaard van laerskoolkore in die provinsie.

'n Ander merkwaardige skoolkoordirigent (en latere dosent aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege) was Norah Havenga. Die standaard van haar koorleiding en invloed op voornemende skoolkoorleiers het 'n beduidende uitwerking op die skoolkoorsang in die provinsie gehad.

## 9.3 Toekomsvisie

Die skoolkoorkultuur wat reeds dekades sinoniem met die Oranje-Vrystaat beskou is, getuig steeds van 'n energieke en bloeiende musiseringsmedium. Ten spyte van leemtes soos die gebrek aan opleiding van koorleiers en repertoriumkeuses wat om reeds genoemde redes as 'n knelpunt beskou kan word, het die standaard die afgelope dekade aansienlik verhoog. Koersaanpassing ten opsigte van die realisering van die ideaal om ontsluiting in die estetiese teweeg te bring, is nodig ten einde die besondere potensiaal van skoolkoorsang in die musiekopvoeding te benut. Indien die leemtes en knelpunte by Vrystaatse skoolkore (as verteenwoordigend van ander skoolkore in die land) aangespreek kan word, kan dit ongetwyfeld ook 'n bevrugtende uitwerking op die algehele koorkultuur in Suid-Afrika hê.

***Met verwysing na die voorafgaande besonderhede vorm die skoolkooraktiwiteite die nukleus van die koorkultuur in die land. Hierdie musiseringsverband beskik oor die potensiaal om vernuwend en opbouend op die algehele musiekkultuur in Suid-Afrika in te werk.***

# BYLAAG A

Radioles van P. J. Lemmer

Korrespondensie van C. F. Broeksma gerig aan Lemmer

Lys van komposisies deur P. J. Lemmer

The tinkling of the bells

Kokkewiet

## HUMOR IN MUSIEK DEUR P. J. LEMMER

Goeie môre seuns en dogters

As 'n mens nog nie geleer het om te luister na musiek waaraan daar nie juis betekenis of program verbind is nie, bestaan daar so dikwels die begeerte om te weet wat 'n stuk musiek eintlik voorstel, of wat in die gedagte van die komponis was toe hy een of ander spesiale stuk geskryf het. Dit is heeltemal 'n natuurlike begeerte. Naderhand sal die vrae nie meer nodig wees nie, veral as ons eers geleer het om na so baie mooi dinge, so baie punte van belang in musiek te luister. Om julle egter stapsgewys te lei, wil ek vanmôre nog 'n praatjie hou oor die nabootsende eienskappe in musiek. Ek gaan vir julle 'n baie humoristiese fantasie deur Saint Saëns speel.

Dis eienaardig, kinders, hoeveel komponiste die karaktertrekke van diere, voëls en selfs insekte in hulle musiek verklank het. In hierdie fantasie *Karnaval van die diere* word verskillende diere aan ons op 'n baie humoristiese wyse uitgebeeld. Dis - humor in musiek!

Stel julle nou so 'n feestelike gebeurtenis voor. Ons is in 'n dieretuin. Die diere is almal uitgedos vir die geleentheid en word een vir een toegelaat om voor 'n groot en waarderende skaar te paradeer en te pronk, om sodoende 'n paar ekstra punte in te oes vir die eerste prys. Julle kan al natuurlik raai wie graag eerste aan die beurt gaan wees! Dit is ongetwyfeld leeu wat vir homself tot koning van die diere verklaar het. Met die feesgeleentheid sien

ons allerlei goeters: leeus, hoenderhenne, wilde muile, skilpad, olifante, fossiele, visse, 'n swaan en nog baie ander.

Julle moet nou mooi kyk as die hele sirkus verby kom. Eers kom Koning Leeu. Met groot opgewondenheid en gelui van klokke word hy begroet. Hy loop so stadig en hoogmoedig voor ons. Hy moet sy meerderwaardigheid terdeë laat geld. 'n Hap na links en na regs met nog 'n geweldige brul is vir hom nie onvanpas nie.

Tweede kom 'n trop hoenderhenne (nie 'n kompliment vir leeu nie nê?) As 'n hen 'n eier lê dan moet die hele wêreld weet van die kordaatstuk. So sal julle hulle hier hoor kekkel.

Derde aan die beurt is die wilde muile wat vryelik op die vlug gaan. 'n Mens kry die idee van uitgelate speelsheid en vryheid. Hulle blink van vettigheid as hulle verby hardloop. Hier is die eerste drie soorte: 1) Leeu 2) Hoenderhenne 3) Wilde muile Luister nou mooi!

SPEEL COL. (LX 82) (3 min)

Kom kyk nou na 'n skilpad. Hy is pynlik stadig en het heeldag tyd. Waarom sal hy hom bekommer? Die twee lelike wanklanke wat julle in die musiek sal hoor is seker as skilpad hond-se-gedagte kry dat hy nie eintlik kans staan om 'n prys te wen nie, of miskien trap olifant op sy dop, want ... Net langs hom dans olifant. Al is hy so groot en lomp moet julle tog net kyk hoe windmakerig hy wals. Ek sal nie verbaas wees om te sien dat hy ook 'n blou lint om sy kop laat bind het nie.
Hier is nou skilpad en olifant.

SPEEL COL. (LX 83) 9519 (3 min)

Daar is nog heelwat om te sien met die oor soos donkies, fossiele, visse in die akwaruim, kangaroe's en 'n swaan.

Luister na die musiek en kyk of julle hulle self kan onderskei. Die swaan is seker die mooiste. Hy gly statig oor die water terwyl die gemurmel van 'n waterstroompie in die verte gehoor word. Totsien hoor.

SPEEL COL. (LX 84) 9519 EN DIE SWAAN (NALN:nommer 247/98)

Mss/126

C. R. BROEKSMA
M.U.R.P. B.Sc., L.(S.A.). M.I.G.L.S.
LANDMETER
STADSBEPLANNER
LAND SURVEYOR
TOWN PLANNER

POSBUS / P.O. BOX 34

FOON / PHONE 2-3186

Boland Bank-gebou,
Hoofstraat 139,
Somerset-Wes.
7130

6 Mei 1976.

Prof. P. J. Lemmer,
Kingsgate 2,
Seepunt.

Geagte Prof. Lemmer,

As iemand wat ook die voorreg gehad het om na u musiek-waarderingslesse te kon luister, wil ek u ook graag hartlik geluk wens met u tagtigste verjaarsdag.

Ek onthou u nog baie goed toe u in ongeveer 1940 - 1942 die Boshofse Hoërskool, waar ek matrikuleer het, besoek het.

Ons as familie is vandag almal baie lief vir musiek. U was ook toevallig my vrou se een eksaminator toe sy in 1970 haar onderwys-lisensiaat behaal het. My twee dogters en tweeling seuns ontvang ook almal klavier onderrig.
Ek het ongelukkig nie daardie voorreg gehad nie - was nie eers toegelaat om aan klassang deel te neem nie. ( te vals ! )

Vandag egter hou ek baie van klassieke musiek en het al dikwels vir my familie vertel hoedat 'n sekere Mnr. Lemmer vir my op skool Finlandia van Sibelius gespeel en die meegaande verhaal vertel het.
U kan dus dink hoe aangenaam verras ons was toe daar gister in u radio onderhoud met Mnr. Dirkie de Villiers, melding gemaak is van Finlandia.
Hierin het u vertel van die seun van Edenburg, wat na

twee jaar nog kon onthou dat Nr. 6 die gebed gedeelte was.
Wel ek kan na ongeveer 35 jaar goed onthou dat een van die vorige gedeeltes die inval van die vyandige soldate in hulle land voorgestel het.

Nogmaals baie geluk met u onlangse verjaarsdag en baie dankie dat u ook by my 'n liefde vir musiek aangewakker het, sodat ek vandag goeie musiek kan geniet en waardeer.

Beste wense en vriendelike groete,

G. R. Boeksma

# P. J. LEMMER - KOMPOSISIES

## KOORWERKE

1923 Looft den Heer: koor, sopraan, klavier of orrel

1932 Sluimerlied: driestemmig dameskoor

1937 Voortrekkerkoor: vierstemmig

1937 Die nag: tweestemmig

1939 Skemeraand: vir sopraan, mezzo-sopraan en alt

1942 Bergrivier: tweestemmig - opgedra aan Michael Casaleggio

1946 Reisang: vyfstemmig - vir die Bloemfonteinse Eeufees

1947 The tinkling of the bells: sopraan en alt - opgedra aan Grace Butler

1942 Motte: sopraan en alt - opgedra aan Eunice Meisieskool

1962 Pacific coast ('n Ballade van die see): drie stemme

1964 Mr Acorn: tweestemmig

1970 Pacific coast: tweestemmig

1970 Rooi Disa: vierstemmig en diskant in vers 4

1970 Herfsblomme: koorkomposisies vir skole en universiteite - (Carrilon, Gebed van Franciskus van Assisi, Rooi Disa, Skemering, Soen haar, Jan Pierewiet, Vat jou goed en trek Ferreira)

1971 My siel is siek van heimwee: vir diskantstem, koor, vioolobligaat en klavier

1971 Sirkusmusiek: koorsiklus met trompet, kontrabas, trom en klavier (Fanfare nr. 1 en 2, Fanfare nr. 3 en 4, Kadenza, Intreemars, Dance grazioso, Die ruiters, Koda)

1971 Vlammende herinnering: vir koor en klavier - vir die Vrystaatse Jeugkoor van 1971

1974 John Barleycorn: tweestemmig - vir Norah Havenga

Verwelkomingslied: vir SATB met klavier

Want waar u gaan, sal ek gaan: vierstemmig met orrel

1977 Boerperdlied: vir mannekwartet

ANDER LIEDERE

1921 Die Here is my Herder: vir Nellie du Toit

1921 A harvest time joy

1929 Trek vorentoe - trek boontoe: Voortrekkerlied

1931 Jeffrey's baai

1934 Hou koers, Voortrekkers

1935 Kokkewiet: lied vir sopraan

1935 Prinses van verre: lied vir tenoor

1941 Ons eie: 10 liedjies gekomponeer vir die kleinspan

1942 Waar die Landsdienskampe staan

1948 Rots by die see: vir bariton

1949 Karoovlakte: vir sy vrou Millicent wat van Steynsburg gekom het

1950 Kom in my tuin

1950 Ek is die seëlring

1958 My siel is siek van heimwee

1968 Jeug van my volk

1970 Aan Stella: Goue Gerf

1970 Sproetenooi: Goue Gerf

1970 Die hinke-pinkeman

1974 Onderonsies: Ses liedere vir klein mensies

1974 Vyf nuwe kuns- en volksliedere

SKOOL- EN KOLLEGELIEDERE

Primêre Skool Universitas

Sentraal Laerskool

Primêre Skool Willem Postma

Hennenman

Villiers

Upington Laerskool

Upington Hoërskool

Grens Hoërskool

Parys Laerskool

Postmasburg Hoërskool

Lichtenburg Laerskool

Odendaalsrus Laerskool

Bethulie Laerskool

Kroonstad Volkskool

President Steyn Hoërskool

Brandfort Hoërskool

Normaalkollege

VERWERKINGS

Aan die musiekkuns: (Tschaikovski) vierstemmige koor

Ek hou van blou: vierstemmig

Ek soek na my Dina: sopraan, alt en diskant

Japie my skapie: vierstemmig

Kom ons stap

Sing, sing lustig en bly

Stille Nag, heilige nag: driestemmige dogterskoor

Vanaand gaan die volkies koring sny

Tiemtamtoutjie

Were you there?

KLAVIERWERKE

1915 Grand Marche di orchestra

1922 Romanse in D

1937 Etude in F

1964 15 Klavierminiature

1964 'n Ernstige dialoog

1964 Rowers op parade

1964 Smeekgebed

1964 Saluut

1968 Spuitfonteine

1970 Tema met variasies: Drink to me only

1979 'n Gebed (Variasies)

1978 Stemmingslied, 'n nocturne

Variasies op 'n welbekende tema 1) Berusting 2) Glinsteroog 3) Treurmars 4) Afskeidsgroet

Berceuse (Unisa-eksamen)

Vier gevorderde klavierwerke (Unisa): Andante, Allegretto, Allegretto ma rubato, Aandlied

Tempo di marcia

Orrelfuga in G (Bach) verwerk vir twee klaviere

## ORRELWERKE

1922 Toccata

Vier orrelwerke: geen besonderhede

## KAMERMUSIEK

Fantasie vir fluit en klavier: vir sy seun Leonard

Romance in D vir klarinet en klavier: vir sy seun Richard

## ORKES

1935 Sehnsucht: simfoniese toondig

1938 Hou koers: georkestreer vir militêre orkes

*To my friend Grace Butler*
*In recognition of her fine contribution towards choral music*

# The Tinkling of the Bells

## Two-part song for Girls' Choir. (S.A.)

rds by
ALLAN POE

Music by
P. J. LEMMER




cresc.
stars that o - ver sprink - le, all the hea - vens seem to twink - le, with a
cresc.
stars that o - ver sprink-le, all the hea - - - vens seem to
M.S.
cresc.
M.S.
M.S.
Ped.
* Ped.
* Ped.
*
poco rit.
mp tempo
crys - - - tal - line de - light. How they
poco rit.
mp tempo
twink-le a crys-tal light. How they
poco rit.
mp tempo
twink - le twink-le in the i - cy air of night. While the
twink - le twink-le twink-le in the i - cy air of night. While the
8
loco


mf
dim.
stars that ov - er sprink-le all the hea - vens seem to twink - le with a
mf
dim.
stars that sprink - - le seem to twink - le with a
mf
dim.
poco rit.
a tempo
crys - tal-line de - light.
Keep-ing
poco rit.
a tempo
crys - tal-line de-light, de - light.
Keep-ing
a tempo
poco rit.
Ped.
* Ped.
mf
p
time, time, time in a sort of Ru-nic rhyme to the
mf
p
time, time, time in a sort of Ru-nic rhyme to the
marcato
mp
p
*


poco a poco cresc.
tin-tin-na-bu-la-tion that so mu-si-cal-ly swells, from the
poco a poco cresc.
tin - - tin-na - bu - - la - - tion, that
poco a poco
bells, bells, bells, bells, bells, — bells, bells, bells. from the
f poco rit. dim. molto p tempo
mu - - si-cal - - ly swells. bells, the bells from the
f poco rit. fp p tempo
cresc. fz poco rit. molto rall. tempo
Ped.
jing - ling and the ting-ling of the bells. from the
rall. f dim. molto mf tempo
jing-ling and ting-ling of bells, the bells from the
rall. f fp mf tempo
molto rit.
rall. mf tempo
Ped.


poco rit.
mp tempo
jing - ling and the ting-ling of the bells
Keeping time, time, time in a
p
mp tempo
jing-ling
the bells Keeping time, time, time in a
poco rit.
mp tempo
p
poco
sort of Ru - nic Rhyme to the tin - tin - na - bu - la - tion that so
p
poco
sort of Ru - nic Rhyme to the tin - tin - na - bu -
p
poco
a poco cresc.
mu - si - cal - ly swells, from the bells, bells, bells, bells,
a poco cresc.
la - tion, that mu - si - cal - ly
a cresc.


poco rit.
p tempo
rall.
bells, bells, bells, bells. from the jing-ling and the ting-ling of the
p tempo
swells. bells, the bells. from the jing-ling and ting-ling of
molto rit.
poco rit.
rall.
tempo ma meno mosso
bells. from the jing - ling and the ting-ling of the
bells, the bells from the jing-ling
molto rit.
tempo ma meno mosso
rit.
ppp
bells, the bells.
the bells the bells.
rit.
ppp

# KOKKEWIET

S. J. M. OSBORNE | P. J. LEMMER




poco lento
mf
pp
heer - lik ge - luid? Dis kok-ke-wiet! Kok-ke-wiet!
dim.
poco lento
pp
ad libitum
oordra
Dan eers weer rus,
colla voce
p
p a tempo
heen en weer op 'n tak - kie ge - sus. En hy luis - ter en wag op sy
a tempo
p
poco rit.
a tempo
molto rit.
maat - jie se koer, en hy luis - ter en wag op sy maat - jie se
loco
molto rit.
poco rit.
a tempo


ppp
a tempo f
pp
koer:
Wiet-wiet-woer! Wiet-wiet-woer!
a tempo
ppp
f
pp
scherz.
f
poco a poco dim. e rit.
a tempo
rit. f
Daar in die boom by die stroom;
hoor jy hom?
a tempo
8
p
cresc. rit. f
pp lento
a tempo
Hoor jy hom?
Bor - sie van goud,
len - tes her-out;
8
a tempo
pp lento
ppp
mf


rit. molto cresc.
ff
luis - ter hoe fluit hy dit glo - rie - ryk uit!
rit. molto cresc.
ff
p più lento e espress.
poco rit.
ff a tempo
Stil - te, en luis - ter hoe bly dat hy fluit: Len - te kom! Len - te
a tempo
p
poco rit.
ff
kom!
ff
pizz.
Ped.
*

# BYLAAG B

VRAELYSTE

- ☐ Vraelys 1 (Algemene inligting aangaande skoolkooraktiwiteite)
- ☐ Vraelys 2 (Voorkeure vir repertoriumsamestelling)

# VRAELYS AAN KOORLEIERS

Vir kantoorgebruik

1 NAAM VAN SKOOL ________________________ [ | | ] 1-3

2 Hoërskool of Laerskool [ ] 1

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hoërskool | |
| 2 | Laerskool | |

3 Aantal leerlinge op skoolrol [ ] 2

| | | |
|---|---|---|
| 1 | *Minder as 200* | |
| 2 | *Tussen 200 en 300* | |
| 3 | *Tussen 300 en 400* | |
| 4 | Tussen 400 en 600 | |
| 5 | Tussen 600 en 800 | |
| 6 | Bo 800 | |

4 Indien daar 'n koor by u skool is, is dit 'n permanente koor of 'n geleentheidskoor? [ ] 3

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Permanent | |
| 2 | Geleentheidskoor | |

5 Hoe lank bestaan die koor? (nie as geleentheidskoor nie, maar as permanente koor) [ ] 4

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Tussen 1 en 5 jaar | |
| 2 | Tussen 5 En 10 jaar | |
| 3 | Meer as 10 jaar | |
| 4 | Meer as 20 jaar | |

6 Wie was die vorige dirigent(e) van die koor? ________________________

7 Wissel die dirigent van die koor dikwels? [ ] 5

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

8 Naam van huidige dirigent. ________________________

Vir kantoorgebruik

9 Beskik u oor enige relevante opleiding om kore af te rig?

(Was koorleiding deel van u studiekursus)

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 6

10 Indien koorleiding in u kursus ingesluit was, is dit relevant vir die praktyk?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 7

11 Woon u koorkursusse by?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 8

12 Indien u wel koorkursusse bywoon dui aan watter:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | McLachlan I | |
| 2 | McLachlan II | |
| 3 | McLahlan III | |
| 4 | McLachlan IV | |
| 5 | McLachlan V | |
| 6 | McLachlan VI | |
| 7 | Provinsiale kursus | |
| 8 | Internasionale kursus | |

☐ 9

13 Wat verwag u van die SA Koorvereniging as 'n opleidingsinstansie ten opsigte van die aanbieding van koorkursusse

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Tevrede | |
| 2 | Moet meer prakties wees | |
| 3 | Moet meer eenvoudig wees | |
| 4 | Moet meer gevorderd wees | |

☐ 10

14 Watter aanbevelings sou u graag aan die SAKV wou maak?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Vir kantoorgebruik

15 Waarvoor is u verantwoordelik by die skool?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Klasmusiek, | |
| 2 | Buitekurrikulêr, | |
| 3 | Vakmusiek of 'n | |
| 4 | Kombinasie hiervan by die skool? | |
| 5 | Ander akademiese vakke | |

☐ 11

16 Is daar 'n Gemengde koor of eenslagtige koor by u skool óf beide?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gemeng | |
| 2 | Eenslagtige | |
| 3 | Beide | |

☐ 12

17 Is dit vir u 'n probleem om seuns te kry om in die koor te sing?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 13

18 Sou u meen dat seuns vandag makliker as vroeër jare in die koor sing?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 14

19 Indien "ja", wat beskou u as die rede hiervoor?

________________________________________

________________________________________

20 Is daar 'n aparte revuegroep by u skool?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 15

21 Doen u ook revuewerk met die koor?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 16

22 Meen u dat daar baie meer revues by skole moet wees as kore?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 17

Vir kantoorgebruik

23 In hoeveel stemme sing die koor? (Twee-, drie-, vierstemmig ens.) — 18

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Eenstemmig | |
| 2 | Tweestemmig | |
| 3 | Driestemmig | |
| 4 | Vierstemmig | |
| 5 | Soms meer as vierstemmig | |

24 Wat is die gemiddelde grootte van die koor? — 19

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Tussen 20 en 30 | |
| 2 | Tussen 30 en 40 | |
| 3 | Tussen 40 en 50 | |
| 4 | Tussen 50 en 60 | |
| 6 | Meer as 60 | |

25 Hoe dikwels oefen die koor per week? (frekwensie) — 20

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 1 Keer | |
| 2 | 2 keer | |
| 3 | 3 Keer | |
| 4 | 4 Keer | |
| 5 | Meer as 5 keer | |

26 Hoe lank oefen die koor per week in terme van ure? — 21

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Minder as 1 uur | |
| 2 | 2 uur per week | |
| 3 | Tussen 2 en 3 uur per week | |
| 4 | Tussen 3 en 4 uur per week | |
| 5 | Meer as 4 uur per week | |

27 Doen u stemoefeninge met die koor? — 22

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

28 Indien nee hoekom nie? — 23

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die kinders hou nie daarvan nie | |
| 2 | Daar is 'n gebrek aan tyd | |
| 3 | Ken nie oefeninge nie | |
| 4 | *Dis onnodig* | |

Vir kantoorgebruik

28 Indien ja, hoe lank?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 5 Minute | |
| 2 | 10 Minute | |
| 3 | 15 Minute | |
| 4 | Meer as 15 minute | |

☐ 24

29 Hoe dikwels tree die koor op?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Selde | |
| 2 | Slegs met koorfeeste | |
| 3 | Gereeld | |

☐ 25

30 Maak u gebruik van 'n Koorvoorsitter (Koorbestuur) om sekere take vir u te verrig?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 26

31 Hoeveel werke (liedere) word jaarliks in u repertorium ingesluit?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 5 | |
| 2 | 10 | |
| 3 | 15 | |
| 4 | 20 | |
| 5 | Meer as 20 | |

☐ 27

32 Wat is die verhouding in die repertorium tussen <u>gewyde</u> liedere versus <u>sekulêre</u> (nie-gewyd) ?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 50/50 % | |
| 2 | 40/60 % | |
| 3 | 30/70 % | |
| 4 | 60/40 % | |

☐ 28

33 Ondervind u 'n probleem met geskikte repertorium vir u spesifieke koor?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 29

Vir kantoorgebruik

34 Op watter wyse stel u bladmusiek aan die koorlede beskikbaar?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Fotostate | |
| 2 | Boeke | |
| 3 | Geen | |

30

35 Sing u oorwegend begeleid of onbegeleid?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Geen begeleiding | |
| 2 | Klavier | |
| 3 | Soms begeleid en soms onbegeleid | |

31

36 By watter sangfeeste tree die koor op?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Grey sangfees | |
| 2 | Kroonstad | |
| 3 | Bethlehem | |
| 4 | Fickburg | |
| 5 | Willem Postma | |
| 6 | Odensia | |
| 7 | Ander | |
| 8 | Geen | |

32

37 Aan watter kompetisie(s) neem die koor deel?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | ATKB(V) -Applous | |
| 2 | Direkteurstrofee | |
| 3 | Roodepoort Eistedfodd | |
| 4 | Geen | |

33

38 Neem die koor deel aan die kunswedstryd?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

34

40 Tree die koor op tydens eredienste in kerke?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Nee | |
| 2 | Soms | |
| 3 | Gereeld | |

35

Vir kantoorgebruik

41 Tree die koor op by saalgeleenthede van die skool?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 36

42 Oefen die koor binne of buite normale skoolure?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Binne | |
| 2 | Buite | |
| 3 | Beide | |

☐ 37

43 Moet u wedywer met ander aktiwiteite om oefentyd?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 38

44 Word die oefentyd van die koor teen ander aktiwiteite beskerm?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 39

45 Bestaan u koorlede merendeels uit die goeie akademiese kinders in die skool of is dit 'n kombinasie van alle potensiale?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Akademies | |
| 2 | Nie-akademiese | |
| 3 | Kombinasie | |

☐ 40

46 Is die skoolkoor 'n prestige-aktiwiteit by u skool?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 41

47 Is die leerlinge wat by die Musicon les neem vir u 'n groot bate in die koor? (indien van toepassing)

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

☐ 42

48 Is die leerlinge wat in u koor sing en ook lid is van die Vrystaatse Jeugkoor óf Bloemfonteinse Kinderkoor vir u koor 'n besondere bate?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |
| 3 | Soms | |

☐ 43

Vir kantoorgebruik

49 Word daar in die skool se finansies begroot vir die skoolkoor?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

44

50 Watter ander koor (kore) in die provinsie óf land dien vir u as verwysingsraamwerk?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Jeugkoor | |
| 2 | Bloemfonteinse Kinderkoor | |
| 3 | Universiteitskoor | |
| 4 | Tygerbergse Kinderkoor | |
| 5 | Ander skoolkore | |

45

51 Meld enige prestasies van die koor

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

52 Kan koorlede erekleure ontvang vir prestasies wat deur die koor behaal is?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

46

53 Beskik die koor oor 'n uniforme koordrag?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Ja | |
| 2 | Nee | |

47

54 Hoe belangrik word die volgende aktiwiteite deur die hoof, personeel en leerlinge geag:

| | ***Hoogste geag*** | ***5*** | ***4*** | ***3*** | ***2*** | ***1*** | ***Minste geag*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Sportaktiwiteite | | | | | | |
| 2. | Kultuuraktiwiteite | | | | | | |
| 3. | Skoolkoor | | | | | | |

48
49
50

# *VRAELYS AANGAANDE REPERTORIUMSAMESTELLING*

loërskool ______________________

aerskool ______________________

**oe belangrik ag u die volgende in die repertoriumsamestelling vir oorkompetisies/*kunswedstryde en* koorfeeste:**

| | KOORKOMPETISIES | | | | | KOORFEESTE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *MEER* | | | | *MINDER* | *MEER* | | | | *MINDER* |
| verskeidenheid en afwisseling | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| die koorlede se voorkeure en afkeure | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| musikale betekenis van 'n komposisie | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| die Afrikaanse Luisterliedjie | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Negro Spirituals | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| verwerkings van sogenaamde populêre musiek | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| afwisseling van tale (indien moontlik) | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| gewyde liedere | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| afwisseling tussen begeleid en onbegeleid | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| verskillende tydperke/ style in musiek | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| moderne 20 eeuse musiek | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| vermaaklikheidsaspek vir die gehoor | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| nuwe werke wat moontlik vir die eerste keer in Suid-Afrika uitgevoer word | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| repertorium met solowerk | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| Volksliedjies | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| repertorium uit musiekblyspele | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| musiek van SA komponiste | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

# BYLAAG C

| | |
|---|---|
| Psalm 42 vers 3 en 5 | - L. Bourgeois |
| Locust Iste | - Anton Bruckner |
| Môre Oompie, Môre Tannie | - Afrikaanse volkswysie verwerk deur Henk Temmingh |

# O MY SIEL WAAROM ONRUSTIG

L. Bourgeois




# Locus iste

11. August 1869




30
cresc.
p
mf
p
si - bi - lis est, ir - re - pre - hen - si - bi - lis est. Lo - cus
si - bi - lis est, ir - re - pre - hen - si - bi - lis est. Lo - cus
ir - re - pre - hen - si - bi - lis est, ir - re - pre - hen - si - bi - lis est. Lo - cus
Lo - cus
mf
f
i - ste a De - o fa - ctus est, lo - cus i - ste a De - o
i - ste a De - o fa - ctus est, lo - cus i - ste a De - o
i - ste a De - o fa - ctus est, lo - cus i - ste a De - o
i - ste a De - o fa - ctus est, lo - cus i - ste a De - o
40
p
cresc.
fa - ctus est, a De - o, De - o, De - o,
fa - ctus est, a De - o, De - o, De - o,
fa - ctus est, a De - o, De - o, De - o,
fa - ctus est, a De - o, De - o, De - o,
pp
a De - o, De - o fa - ctus est.
a De - o, De - o fa - ctus est.
a De - o, De - o fa - ctus est.
a De - o, De - o fa - ctus est.

# MÔRE OOMPIE, MÔRE TANNIE




Haar rok-kie het 'n skeur-tjie in, die
Haar rok - kie het 'n
Mô - re gaan ons trou, kie het 'n
Mô - re gaan ons trou, Haar rok - kie het 'n
jonk-man kyk daar-na. Ah Ah
skeur - tjie in. Ah Ah
skeur - tjie in. Die jonk-man vra om met Sannie te trou en
skeur - tjie in. Ah Ah Ah


Ah
Ja Oom - pie ja
Ah
Ja Oom - pie ja
ska - me-rig sê sy ja.
Ja Oom - pie ja
Ah Ah
Ja Oom - pie ja
mô - re gaan ons trou,
Ja Oom-pie ja
mô - re gaan ons trou,
mô - re gaan ons trou,
Ja Oom-pie
mô - re gaan ons trou,
Ja Oom - pie ja


Ja Oom - pie ja mô - re gaan ons trou,
Ja Oom - pie ja mô - re gaan ons trou,
Ja Oom - pie ja mô - re gaan ons trou,
Ja Oom - pie ja mô - re gaan ons trou,
Ja Oom-pie ja mô - re gaan ons trou.
mô - re gaan ons trou.
Ja Oom-pie ja
Ja Oom - pie ja mô - re gaan ons trou.



mô - re gaan ons trou,
mô - re gaan ons
mô - re gaan ons trou,
mô - re gaan ons
ja
mô - re gaan ons
mô - re gaan ons trou,
mô - re gaan ons trou, ons
sfp
trou wat wou!
sfp
trou wat wou!
sfp
trou wat wou!
sfp
trou wat wou!
sfp

# BYLAAG D

| | |
|---|---|
| Trisagion | - Pieter de Villiers |
| Praise the Lord | - Emma Lou Diemer |
| Himne | - Roelof Temmingh |
| Glorificamus | - Eugene Butler |
| Exsultate Deo | - Allesandro Scarlatti |
| Mountain Nights | - Zoltán Kodály |


de Villiers
TRISAGION
Pieter de Villiers
(1973)
Breed
Hei - li - ge God! Hei - lig en Al-mag-tig! Hei - lig
en On - sterf - lik!
Wees my ge - na - dig
Wees my ge - na - dig
Wees my ge - na - dig
Wees my ge - na - dig
Wees my ge - na - dig
na - dig
dat ek so twee-slag-tig en ver - derf - lik
voor U op - staan om te praat.


CM7946


# Praise the Lord

for Chorus of Mixed Voices with
Brass Quintet, Organ and Optional Timpani*

from Psalm 149


EMMA LOU DIEMER





10
Lord a new song,
div.
Lord a new song,
Lord a new song,
Lord a new song,
10
15
Rhythmic
unis. mf
His praise, his praise,
mf
His praise, his
15
Rhythmic
dim.
mf


20
mf
His praise in the as -
his praise, his praise, his praise, his praise,
mf
His praise in the as -
praise, his praise, his praise, his praise, his
20
25
cresc.
sem - bly of the faith - ful, of the faith -
cresc.
his praise, his praise, his praise, his praise, his praise,
cresc.
sem - bly of the faith - ful, of the faith -
cresc.
praise, his praise, his praise, his praise, his praise, his
25
cresc.



30
full
his praise, his praise, his praise, his praise,
full
praise, his praise, his praise, his praise, his praise,
30
35
Praise the Lord, praise the
Praise the Lord, praise the
Praise the Lord, praise the
Praise the Lord, praise the
35


40
Lord, Sing to the Lord a new song.
Lord, Sing to the Lord a new song.
Lord, Sing to the Lord a new song.
Lord, Sing to the Lord a new song.
40
45
dim.
mp
50
mp
Let
dim.
mp
mp
Let
dim.
mp
mp
Let
dim.
mp
mp
Let
45
50
dim.
mp


cresc.
55
Is - ra - el be glad in his Mak - er, let the sons of Zi - on
cresc.
Is - ra - el be glad in his Mak - er, let the sons of Zi - on
cresc.
Is - ra - el be glad in his Mak - er, let the sons of Zi - on
cresc.
ra - el be glad in his Mak - er, let the sons of Zi - on
55
mp (rehearsal only)
cresc.
mf
div.
re - joice in their King! Let them praise his name with danc - ing, mak - ing
mf
re - joice in their King! Let them praise his name with danc - ing, mak - ing
mf
re - joice in their King! Let them praise his name with danc - ing, mak - ing
mf
re - joice in their King! Let them praise his name with danc - ing, mak - ing
mf


60
unis.
65
mel - o - dy to him with timbrel and lyre!
mel - o - dy to him with tim - brel and lyre!
mel - o - dy to him with tim - brel and lyre!
mel - o - dy to him with tim - brel and lyre!
60
65
f
70
70


Rhythmic
75
mf
the
For the Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the
the
the Lord, the Lord, the Lord, the Lord,
Rhythmic
75
80
Lord takes pleas - ure, takes pleas - ure
Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the
Lord takes pleas - ure, takes pleas - ure
the Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the Lord,
80


85
cresc.
in his peo - ple;
Lord, the Lord, the Lord, the Lord,
the Lord, the Lord, the Lord, the Lord,
90
f
he a - dorns the hum - ble with vic - to - ry, he



95
mf
— a-dorns the hum - ble with vic - to - ry. Let the faith - ful ex -
mf
— a-dorns the hum - ble with vic - to - ry. Let the faith - ful ex -
mf
— a-dorns the hum - ble with vic - to - ry. Let the faith - ful ex -
mf
— a-dorns the hum - ble with vic - to - ry. Let the faith - ful ex -
95
mf (rehearsal only)
100
cresc.
ult, let the faith - ful ex - ult — in glo - ry, — in glo - ry, — in
cresc.
ult, let the faith - ful ex - ult — in glo - ry, — in glo - ry, — in
cresc.
ult, let the faith - ful ex - ult — in glo - ry, — in glo - ry, — in
cresc.
ult, let the faith - ful ex - ult — in glo - ry, — in glo - ry, — in
100
cresc.


f div.
105
110
glo - ry;
glo - ry;
f div.
glo - ry;
glo - ry;
105
accented
110
115
unis. f
Praise the Lord,
Praise the Lord,
Praise the Lord,
Praise the Lord,
115


120
Sing to the Lord, sing to the Lord
Sing to the Lord, sing to the Lord
Sing to the Lord, sing to the Lord
Sing to the Lord, sing to the Lord
120
125
a new song, the Lord a new song,
a new song, the Lord a new song,
a new song, the Lord a new song,
a new song, the Lord a new song,
125


130
dim.
mf
to the Lord, the Lord, the
the Lord, the Lord,
135
Praise the Lord, the Lord,
Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the
Praise the Lord, the Lord,
the Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the Lord,


140
cresc.
the Lord,
Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the Lord,
the Lord,
the Lord, the Lord, the Lord, the Lord, the Lord,
140
cresc.
145
f
Praise the Lord, praise the
Praise the Lord, praise the
Praise the Lord, praise the
Praise the Lord, praise the
145
f
8


150
155
cresc.
div. ff
Lord, praise, praise the Lord, the Lord!
cresc.
ff
Lord, praise, praise the Lord, the Lord!
cresc.
ff
Lord, praise, praise the Lord, the Lord!
cresc.
ff
Lord, praise, praise the Lord, the Lord!
150
155
cresc.
ff
160
160
(8)

# himne

roelof temmingh 1989




ca - mus
a - do - ra - mus
de - um
lau -
da - mus te
mp
A
p
te
de - - um
A
p


S
glo - - - ri - fi - ca - mus — a - do - ra - mus.
A
Kl.
S
de - um lau- da - mus te —
A
Kl.
mf
Kl.
ff
mf



B
mf
te de - - - - um glo - - - - ri - fi -
f
ff
ca - - - mus a - do - ra - - mus de - um lau -


S
da - mus te de - um glo - ri - fi - ca - mus
A
T
da - mus te de - um glo - ri - fi - ca - mus
B
Kl.
C
D
(s)
de - um be - ne - di - ci mus
de - um be - ne - di - ci mus
D
Kl.


S
te — —
A
T
te — —
B
E
U.
pp
ped →
pp
a - do - ra - mus - - -
a-do-ra-mus-
a-do-ra-mus
pp
pp
be-ne-di-ci-mus
be-ne-di-ci-mus
pp
p
poco
p


cresc./accel.
♩ = 176-184
S
a-do-ra-mus
a-do-ra-mus
te
A.
T
be-ne-di-ci-mus
be-ne-di-ci-mus
te
B
Kl.
ff staccato
F
glo-ri-fi-ca-mus


S
A
T
be-ne-di-ci-mus te
glo-ri-fi-ca-mus
be-ne-di-ci-mus te
B
Kl.
mf
ff
glo-ri-fi-ca-mus
glo-ri-fi-ca-mus
glo-ri-fi-ca-mus
be-ne-di-ci-
glo-ri-fi-ca
glo-ri-fi-ca-mus


S
A
T
B
a - do - ra - mus glo-ri-fi - ca-mus te a-do-ra-mus
mus te a - do - ra - mus glo-ri-fi - ca - mus te a-do-ra-mus
Kl.
G
a-do-ra-mus a-do-ra-mus glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca-mus
glo-ri-fi-ca-mus
a-do-ra-mus a-do-ra-mus glo-ri-fi - ca - mus te
G
Kl.


glorifi glorifi glorifi — ca- mus a - do-ra-mus glorificamus
glo-ri-fi-ca-mus glorifi glorifi glorifi — ca — mus a - do - ramus glorificamus
Kl.
H
glorifica-mus glorifi glorifi glorifi — ca - mus a — do - ra - mus be-ne-
glorifi-ca-mus glorifi glorifi glorifi — ca-mus a — do-ra-mus be-ne-
H
Kl.


di-ci-mus te
be-ne-di-ci-mus te
be-ne-di-ci
di-ci-mus-te
be-ne-di-ci-mus te
be-ne-di-ci
Rit.
be-ne-di-ci-mus-te
be-ne-di-ci-mus-te
Rit
Kl.


Sopraan
pp 1)
Al - - - - le - - lu - - - ia - - -
pp
pp
Al - - - - le - - lu - - - ia - - -
pp
1)
I
Kl.
pp 2) 3)
J p ♩ = 176-184
glorifi - ca - mus be-ne-dici - mus te
pp
p
p
p glorifi - ca - mus be-ne-di-ci - mus te
pp
2)
J ♩ = 176 - 184
p
1) ... naar stomme 'blu' steeds op nuwe noot 'oater'.


poco cresc....
glorifi - ca - mus benedici - mus te glorifi - ca - mus glorifi
poco cresc....
glorifi - ca - mus benedici - mus te glorifi - ca - mus glorifi
Kl.
poco cresc....
glorifi - ca - mus benedici benedici - mus te benedici benedici
glori-fi - ca - mus benedici benedici - mus te benedici benedici
Kl.
mf


K
S
-mus te
glo-ri-fi-ca-mus glori-fi-ca--- mus
molto
a - do-
A
glo-ri-fi ca-mus glori-fi ca-- mus
T
-mus te
glorifi ca-mus glori-fi-ca-- mus
a - do-
B
glo-ri-fi-ca-mus glo-ri-fi-ca-- mus
ff
ra - mus glo-ri-fi- ca- mus te a-do-ra-mus a-do-ra-mus
ra - mus glo-ri-fi- ca - mus te a-do-ra-mus a-do-ra-mus


a-do-ra-mus glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi - ca - mus - te
a-do-ra-mus glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi - ca - mus te
L
ff
lau - da
ff
ff
lau - da
ff
L
f
ff
simile


mus - - -
glo - - - - - - - - - - -
ri - - - - - -
mus - - -
glo - - - - - - - - - - - -
ri - - - - - -
fi - - - - -
ca - - - - -
mus - - -
fi - - - - -
ca - - - - -
mus - - .
M
M
simile




1) weer: 3+2+3


S
ra - - - - - mus - - - - de - - - - um - - - -
A
T
ra - - - - - mus - - - - de - - - - um - - - -
B
8
S
lau - - - - da - - - - - - - - - - -
A
T
lau - - - - da - - - - - - - - - - -
B
8


te
te
ff
1989

# GLORIFICAMUS TE

**SATB Accompanied**

| | |
|---|---|
| Gloria in excelsis Deo,<br>et in terra pax<br>hominibus bonaevoluntatis | Glory to God in the highest<br>and on earth peace<br>to men of good will. |
| Glorificamus te. | We glorify Thee. |
| Gratias agimus tibi<br>propter magnam gloriam tuam. | We thank Thee for<br>Thy great glory. |

From the "Gloria"
of the Mass


By EUGENE BUTLER








et in ter-ra pax ho-mi-ni - bus, in ter-re pax ho-mi-ni - bus
et in ter-ra pax ho-mi-ni-bus, ho-mi-ni - bus
et in ter-ra pax ho-mi-ni - bus
et in ter-ra pax ho-mi-ni - bus
et in ter-ra pax ho-mi-ni - bus
8va
11
ff
bo-nae vo-lun-ta-tis
bo-nae vo-lun-ta-tis
et in ter-ra pax ho-mi-ni-
bo-nae vo-lun-ta-tis
bo-nae vo-lun-ta-tis
et in ter-ra pax ho-mi-ni-
bo-nae vo-lun-ta-tis
bo-nae vo-lun-ta-tis
et in ter-ra pax ho-mi-ni-
bo-nae vo-lun-ta-tis
bo-nae vo-lun-ta-tis
et in ter-ra pax ho-mi-ni-
11
ff


bus bo-nae vo-lun-ta - tis bo-nae vo-lun-ta -
bus bo-nae vo-lun-ta - tis bo-nae vo-lun-ta -
bus bo-nae vo-lun-ta - tis bo-nae vo-lun-ta -
bus bo-nae vo-lun-ta - tis bo-nae vo-lun-ta -
Allegro (♩= 168)
very crisp
pp
p
tis. Glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
tis. Glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
tis.
tis.
Allegro (♩= 168)
8va


glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
8va
8va
8va
28
mf
glo-ri-fi-ca mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
28
mf
8va


glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
34
f
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca-mus te
34
f


glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
42
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
glo-ri-fi ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te
42


glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te glo - ri - fi - ca glo - ri - fi -
glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te glo - ri - fi - ca glo - ri - fi -
glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te glo - ri - fi - ca glo - ri - fi -
glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te glo - ri - fi - ca glo - ri - fi -
ca - mus te glo - ri - fi - ca mus te
ca - mus te glo - ri - fi - ca mus te
ca - mus te glo - ri - fi - ca mus te
ca - mus te glo - ri - fi - ca mus te
8va


52
ff
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi -
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi -
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi -
glo-ri-fi-ca glo-ri-fi - ca - mus te glo-ri-fi-ca glo-ri-fi -
8va
ca - mus te glo-ri-fi-ca, glo-ri-fi - ca - mus te
ca - mus te glo-ri-fi-ca, glo-ri-fi - ca - mus te
ca - mus te glo-ri-fi-ca, glo-ri-fi - ca - mus te
ca - mus te glo-ri-fi-ca, glo-ri-fi - ca - mus te


glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te!
glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te!
glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te!
glo - ri - fi - ca glo - ri - fi - ca - mus te!
8va
65
p (in plainsong style)
Gra - ti - as a - gi - mus
p
Gra - ti - as a - gi - mus
65


mf
Gra - ti - as a - gi - mus
mf
Gra - ti - as a - gi - mus
ti - bi prop - ter mag-nam glo-ri-am tu - am
mf
Gra - ti - as a - gi - mus
ti - bi prop - ter mag-nam glo-ri-am tu - am
mf
Gra - ti - as a - gi - mus
D.S. al Coda
ti - bi prop - ter mag-nam glo - ri - am tu - am.
ti - bi prop - ter mag-nam glo - ri - am tu - am.
ti - bi prop - ter man-nam glo - ri - am tu - am.
ti - bi prop - ter mag-nam glo - ri - am tu - am.
D.S. al Coda




*Opt. if voices available

# Exsultate Deo

Herausgegeben von Arthur Piechler


Alessandro Scarlatti (1659–1725)





20
ex - sul - ta - - - - - - - - te, ex - sul - ta - - - -
- - te, ex - sul - - - ta - - - - - -
- ta - - - - - - - - - te, ex - sul - ta - te,
ex - sul - ta - - - - - - - - - - te,
- - - - - - - - - - - te De - - - - - -
- - - - - te, ex - sul - ta - te De - - o, ex - sul -
ex - sul - ta - te, ex - sul - ta - te De - - o, ad - ju -
ex - sul - ta - - - te, ex - sul - ta - te De - o, ex - sul - ta - te
30
o, ad - ju - to - ri, ad - ju - to - ri no - stro, ad - ju -
ta - te De - - o, ad - ju - to - ri no - stro, ad - ju -
to - ri no - stro, ad - ju - to - ri no - - - - -
De - o, ad - ju - to - - ri no - stro, ad -


p
to - ri no - - - - - - - - - - - stro.
p
to - ri, ad - ju - to - ri no - - - - stro.
p
stro, ad - ju - to - ri no - - - - - - stro.
p
- ju - to - - ri no - - - - - - - stro.
f
40
Al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
f
Al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
f
Al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
f
Al - - le - lu - ja, al - le - - - lu -
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - - lu -
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - -
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -


50
ja, al - - le - - - - - lu - ja, al - le - lu - ja,
le - - - - - - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
ja, al - le - - - - lu - ja, al - le - lu - ja,
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - - lu -
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - -
al - le - lu - ja, al - le - - - lu -
ja, al - le - lu - - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu -
ff
60
ritard.
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja.
ja, al - le - lu - ja, al - le - - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja.
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja.
ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja, al - le - lu - ja al - le - lu - ja.
Fine


Più tranquillo
mf
Ju - bi - la - te De - o, ju - bi - la - te De -
Ju - bi - la - te De - o, ju - bi - la - te De -
Ju - bi - la - te De - o, ju - bi - la - te De -
Ju - bi - la - te De - o, ju - bi - la - te De -
o, ju - bi - la - te De - o Ja - cob, ju - bi - la - te
o, Ja - cob, De - o
o, ju - bi - la - te De - o Ja -
o, ju - bi - la - te De - o Ja - cob, ju - bi - la - te
70
De - o Ja - cob, ju - bi - la - te, ju - bi - la - te De - o
Ja - cob, ju - bi - la - te, ju - bi - la - te De - o Ja -
cob, ju - bi - la - te De - o Ja - cob, ju - bi - la - te,
De - o, ju - bi - la - te, ju - bi - la - te De - o, ju - bi - la - te





*Deutsche Übersetzung:* Frohlocket dem Herrn, der unser Helfer ist, Alleluja! Jauchzet dem Gott Jakobs, Alleluja!

# I

(S. S. A. unaccompanied)

ZOLTÁN KODÁLY




cresc.
cresc.
dim.
dim.
dim.
dim.
dim.
dim.
pp
pp
ppp
pp
ppp


p
poco a poco cresc.
Ah
pp
mf
cresc.
f


cresc.
ff
pp


pp
Mm
pp
pp
Mm
pp
p
Ah
p
Ah
(Solo)
dim.
ppp
dim.
ppp
dim.
ppp
dim.
ppp
pp
dim.
ppp
pp

# BRONNELYS

## BOEKE, VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

### BOEKE

ALLDAHL, P. 1990. *Choral Intonation.* AB Carl Gehrmans Musikförlag, Stockholm, Sweden.

DECKER, H. A.; KIRK, C. J. 1988. *Choral conducting.* Prentic-Hall, Inc. Englewood Cliffs, New Jersey.

DU TOIT, J. M.; VAN DER MERWE, A. B. 1968. *Sielkunde.* HAUM, Kaapstad. Tweede Druk.

EHMANN, W. 1968. *Choral directing.* Augsburg Publishing House.

EHRET, W. 1959. *The choral conductor's handbook.* Edward B. Marks music corporation.

HARRISON, J. E. 1927. *Themis A Study of the social origins of Greek religion.* University Press, Cambridge.

HEFFERNAN, C. W. 1982. *Choral music - technique and artistry.* Prentic-Hall, Inc. Englewood Cliffs, New Jersey.

HENDRIKSE, S. 1992. *Liedgenres - Koorleiersreeks NR 2.* Geen uitgewer, Johannesburg.

LEMMER, P. J. 1949. *Hoe luister ons?: 'n verhandeling oor musiekwaardering vir almal sowel beroepsmusici as leke.* Naspers., Bloemfontein.

LOUW, D. A.; EDWARDS, D. J. A. 1993. *Sielkunde.* Lexicon Uitgewers.

MALAN, J. P. 1984. *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie.* Oxford University Press.

MCLACHLAN, P. 1983. *Koorsang en koorleiding.* Goodwood: Nasou Bpk.

NEL, B. F.; SONNEKUS, M. C. H.; GARBERS, J.G. 1965. *Grondslae van die psigologie.* Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch-Grahamstad.

REIMER, B. 1970 *A philosophy of music education.* Prentic-Hall, Inc. Englewood Cliffs, New Jersey.

SADIE, S. 1988. *The Grove Concise Dictionary of Music.* Macmillan Press Ltd, London.

SCHOEMAN, P. G. 1975. *Aspekte van die wysgerige pedagogiek.* Sacum Beperk, Bloemfontein.

SCHOEMAN, P. G. 1988. *Wysgerige pedagogiek.* Sacum Beperk, Pretoria.

SWADDLING, J. 1984. *The ancient Olympic games.* University of Texas Press.

## VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

AITCHISON, E. 1991. *Die kulturele aktiwiteite van D I C de Villiers.* M. Mus.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

DU TOIT, W. 1985. *Die musiekgeskiedenis in Oos-Londen 1872-1922.* D. Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

CROMHOUT, J. 1994. *Die musieklewe in Bloemfontein van 1940 tot 1955.* M. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

FICK, A. C. M. 1984. *Die geskiedenis van skoolsang in Kaaplandse skole 1652-1915*. M. Mus.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

GROENEWALD, J. 1986. *Die musieklewe in Kroonstad tussen 1904 en 1985*. M. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

HUMAN, J. L. K. 1963. *Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boereoorlog*. M.Mus. -verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

HUMAN, J. L. K. 1976. *Die musieklewe in Bloemfontein 1900-1939*. D. Phil. -proefskrif. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

JANKOWITZ, H. 1990. *Philip McLachlan en die Universiteitskoor Stellenbosch*. M. Mus. -verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

SMIT, D. J. 1984. *Koorleiding op sekondêre vlak*. M. Mus.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

VAN BILJON, E. H. 1982. *Die musieklewe in Windhoek vanaf 1890 tot 1971*. M. Mus. -verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

VERSTER, H. 1987. *Die Vrystaatse Jeugkoor: 'n Historiese, evaluerende en vergelykende ondersoek*. M. A. (Musicae) -verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

VOORENDYK, L. H. D. 1971. *Die musiekgeskiedenis van Wes-Transvaal (1838-1960)*. M. Mus. -verhandeling, Universiteit van Potchefstroom.

## JAARBLAAIE, GEDENKUITGAWES EN TYDSKRIFTE

DIPPENAAR, E. 1993. *Hoërskool Sand du Plessis - 'n Terugblik*. Ongepubliseerde gedenkuitgawe.

ERICSON, E. *SA-Koornuus.* Februarie 1993 Volgnommer 22 p. 5

GREY-KOLLEGE *Jaarblad* 1966 p. 54

GRÄBE, P. *SA-Koornuus.* Februarie 1993 Volgnommer 22 p. 6 - 7

HAUPTFLEISCH, S. *Lantern.* Oktober 1987 Jaargang 36 nr. 4 R3 p. 3 - 7

HAUPTFLEISCH, S. *Musicus.* 1990 Vol. 18.1 p. 2 - 5

HAUPTFLEISCH, S. *SA-Koornuus.* Maart 1992 Volgnommer 20 p. 4 - 7

ROSSOUW, A. E.; SPIES, M. L. 1981. *Ons Onthou 74 Jaar.* N. G. Sendingpers. (Gedenkuitgawe van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein)

# ONDERHOUDE EN TELEFONIESE GESPREKKE

## ONDERHOUDE

| | |
|---|---|
| AITCHISON, E. | 5 Maart 1993 (Voormalige koorleier van die Drakensbergse Seunskoor. Tans dosent in Musiekopvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.) |
| BOTHMA, H. | 20 Junie 1994 (Koorleier - Hennenman Primêre Skool, Hennenman.) |
| BOUWER, J. D. | 5 Junie 1993 (Voormalige Hoof:Musiek OVS Onderwysdepartement.) |

| | |
|---|---|
| CASALEGGIO, M. | 20 Februarie 1993; 21 Julie 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.) |
| CONRADIE, E. M. | 1 Augustus 1994 (Senior dosent aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en voormalige koorleier van die universiteits-koor aan dieselfde inrigting.) |
| DE BEER, E. | 26 September 1994 (Voormalige koorleier aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog en van die juniorkoor aan die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| DE KOKER, B. | 15 Oktober 1994 (Hoogleraar en voormalige departementshoof aan die Department Drama en Toneelkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.) |
| DE VILLIERS, D. I. C. | 6 Maart 1993 (Voormalige Hoof:Musiek OVS Onderwysdepartement en stigter van die Vrystaatse Jeugkoor.) |
| DE VILLIERS, E. | 9 November 1994 (Koorleier - Primêre Skool Jordania, Bethlehem.) |
| DU PLESSIS, A. | 25 Julie (Voormalige koorleier van die Oos-Kaapse Jeugkoor.) |
| DU TOIT, R. | 4 Augustus 1987 (Voormalige UNISA-opsiener in Bloemfontein.) |
| DYER, A. | 29 Augustus 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| ELLIS, I. | 25 Maart 1993; 20 Julie 1994 (Bekende musiekonderwyseres en koorleier in Bloemfontein.) |

| | |
|---|---|
| FERREIRA, R. | 6 April 1994 (Bekende klavieronderwyseres en voormalige begeleier van die koor van die President Brandskool, Bloemfontein.) |
| FICK, A. C. M. | 5 Maart 1993 (Dosent in Musiekopvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en voormalige koorleier aan dieselfde inrigting.) |
| FOUCHE, F. | 6 September 1994 (Adjunkhoof aan die Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein.) |
| FOURIE, R. | 28 Maart 1994 (Voormalige koorleier - C en N Primêre en Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| GELDENHUYS, L. | 29 Junie 1994 (Voormalige koorleier - Laer- en Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| GEYER, M. | 28 Maart 1994 (Voormalige koorleier, C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| GRÄBE, P. | 31 Maart 1994 (Koorleier van die Universiteitskoor van Pretoria.) |
| GREEF, K. | 4 Februarie 1994 (Organiseerder van die ATKB(V)-koorkompetisie vir Laer- en Hoërskoolkore.) |
| GROENEWALD, E. | 9 November 1994 (Koorleier - Witteberg Hoërskool, Bethlehem.) |
| HARRIS, M. | 9 November 1994 (Koorleier van die Seniorkoor - Truida Kestell Laerskool, Bethlehem.) |
| HAVENGA, N. | 24 Februarie 1993 (Voormalige koorleier - Bloemfonteinse Onderwyserskollege.) |

| | |
|---|---|
| HONNIBALL, S. | 18 Oktober 1994 (Koorleier - Primêre Skool Onze Rust, Bloemfontein.) |
| JACOBS, J. | 10 November 1994 (Voormalige koorleier - Afrikaanse Hoërskool, Kroonstad.) |
| LAMPRECHT, G. P. | 26 Junie 1994 en 18 November 1994 (Hoogleraar en Departementshoof:Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Voormalige koorleier van die Pro Eclessia-koor en huidige dirigent van die Vrystaatse Universiteitskoor.) |
| LINDE, C. | 20 Augustus 1994 (Koorliefhebber en oud-leerling van Sentraal Hoërskool, Bloemfontein.) |
| LOOCK, H. | 5 Maart 1993 (Koorleier - Tygerbergse Kinderkoor.) |
| MATHEE, M. | 12 September 1994 (Skoolhoof - C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| MOSTERT, M. | 9 Oktober 1994 (Koorleier - Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| OOSTHUIZEN, A. | 9 November 1994 (Koorleier - Hoërskool Voortrekker, Bethlehem.) |
| RAUTENBACH, F. | 7 Desember 1993 (Begeleier van die Grey-Kollege Sekondêre skoolkoor, Bloemfontein.) |
| ROSSOUW, Y. | 10 November 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Kroonstad.) |
| SMIT, H. | 9 Augustus 1994 (Skoolhoof - Hoërskool Sentraal.) |

| | |
|---|---|
| SMITH, M. | 13 Oktober 1994 (Bekende klasmusiekonderwyseres verbonde aan die Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein.) |
| STEENKAMP, M. | 10 November 1994 (Koorleier - Afrikaanse Hoërskool, Kroonstad.) |
| SWANEPOEL, S. | 19 Oktober 1994 (Koorleier - Laerskool J. B. M. Hertzog.) |
| THERON, R. | 10 November 1994 (Koorleier - Hoërskool Kroonstad.) |
| VAN AARDT, I. | 19 Oktober 1994 (Koorleier - Laerskool Willem Postma, Bloemfontein.) |
| VAN ASWEGEN, B. | 9 November 1994 (Koorleier - Primêre Skool Truida Kestell, Bethlehem.) |
| VAN DER WATT, M. | 26 Maart 1993 (Voormalige koorleier - Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| VENTER, A. | 23 Desember 1993 en 10 April 1994 (Koorleier - Grey-Kollege Sekondêre Skool, Bloemfontein.) |
| VENTER, F. | 6 September 1994 (Oud-koorlid en departementshoof aan die Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein.) |
| VENTER, V. | 18 Maart 1993; 10 November 1994 (Koorleier - Laerskool Fichardtpark, Bloemfontein.) |
| VERSTER, H. | 22 September 1993 (Voormalige koorleier - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.) |

| | |
|---|---|
| VILJOEN, E. | 25 Maart 1993 (Voormalige koorleier - Primêre Skool Universitas, Bloemfontein.) |
| VIVIERS, M. | 10 Februarie 1993 (Voormalige koorleier - Laerskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| WASSERMANN, A. | 9 November 1994 (Voormalige koorleier van die Vrystaatse Jeugkoor en inspekteur van musiek aan die OVS Onderwysdepartement.) |

TELEFONIESE GESPREKKE

| | |
|---|---|
| BOTHMA, H. | 22 September 1994 (Koorleier - Primêre Skool Hennenman.) |
| BOUWER, J. | 22 September 1994 (Voormalige koorleier - C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| CASALEGGIO, M. | 1 Augustus 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.) |
| CLAASSEN, H. | 6 September 1994 (Voormalige koorleier - C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| DU PLESSIS, L. | 3 Augustus 1994 (Koorleier - Hoërskool Fichardtpark, Bloemfontein.) |
| DYER, A. | 27 September 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| EBERSOHN, A. | 2 Augustus 1994 (Voormalige skoolhoof - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.) |

| | |
|---|---|
| ELLIS, I. | 6 Oktober 1994 (Bekende musiekonderwyseres in Bloemfontein en voormalige begeleier van die koor van Hoërskool Sentraal in die Casaleggio-era.) |
| ERASMUS, E. | 1 Augustus 1994 (Werknemer by Saffy's, bekende bladmusiekhandelaar in Bloemfontein.) |
| GELDENHUYS, L. | 3 Augustus 1994; 27 Februarie 1995 (Voormalige koorleier - Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein en huidiglik koorleier by die Sentraal Hoërskool, Bloemfontein.) |
| GEYER, M. | 3 Augustus 1994 (Koorleier - C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| GOUWS, H. | 6 September 1994 (Voormalige koorleier - C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |
| HEYNS, C. | 9 Augustus 1994; 23 Augustus 1994 (Voormalige musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat.) |
| HYMAN, D. | 20 Augustus 1994 (Musiekinspekteur en dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor.) |
| KLOPPER, T. | 8 September 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein.) |
| KRUGER, C. M. F. | 2 Julie 1994 (Bekende musiekonderwyser voorheen verbonde aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| LAMPRECHT, C. | 11 Augustus 1994 (Bekende Suid-Afrikaanse komponis en verwerker, afgetrede hoogleraar en departementshoof aan die musiekdepartement van die Universiteit van Pretoria.) |

| | |
|---|---|
| LAMPRECHT, G. P. | 20 Junie 1994 ((Hoogleraar en Departementshoof: Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Voormalige koorleier van die Pro Eclessia-koor en huidige dirigent van die Vrystaatse Universiteitskoor.) |
| LE ROUX, A. | 3 Oktober 1994 (Dosent in die Sielkundedepartement verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.) |
| MOSTERT, M. | 6 Oktober 1994; 3 Augustus 1994; 23 Augustus 1994 (Koorleier - Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| MOUTON, W. | 16 Augustus 1994 (Voormalige begeleier van die Hoërskool J. B. M. Hertzog skoolkoor en oud-leerling van dieselfde skool. Tans dosent aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege.) |
| MULLER, A. | 8 September 1994 (Sekretaresse verbonde aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| ODENDAAL, W. | 17 Augustus 1994 (Voormalige skoolhoof van die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein. Tree af as Direkteur van Onderwys in die Oranje-Vrystaat.) |
| RALL, W. H. B. | 2 September 1994 (Voormalige skoolhoof van die Hoërskool J. B. M. Hertzog, Bloemfontein.) |
| ROSSOUW, Y. | 6 Oktober 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Kroonstad.) |
| SPIES, M. L. | 26 Augustus 1994 (Voormalige skoolhoof van die C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein.) |

| | |
|---|---|
| VERSTER, H. | 9 Augustus 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.) |
| WASSERMANN, A. | 5 Oktober 1994; 9 November 1994 (Voormalige inspekteur van musiek verbonde aan die OVS Onderwysdepartement en koorleier van die Vrystaatse Jeugkoor.) |
| ZIETSMAN, R. | 9 Augustus 1994 (Voormalige koorleier - Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.) |

## LESINGS, SEMINARE EN HULDIGINGSREDES

| | |
|---|---|
| BOTHMA, H. | Lesing gehou tydens Philip McLachlanwerkswinkel II in 1985 (In besit van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging). |
| BOUWER, J. | Huldigingsrede met aftrede van H. Gouws - Oktober 1994. |
| COLLINS, W. | Lesing gehou tydens McLachlanwerkswinkel VI in Bloemfontein - Julie 1994. |
| DE VILLIERS, J. | Lesing gehou tydens McLachlanwerkswinkel VI in Bloemfontein - Julie 1994. |
| ERICSON, E. | Lesing gehou met die besoek van prof. Eric Ericson aan Suid-Afrika in Stellenbosch - Julie 1993. |
| KOAPENG, M. | Bespreking tydens koorkonferensie - *Koorindaba* 1993 (In besit van Ina Ellis). |
| VAN BILJON, E. | Lesing gehou tydens Philip McLachlan Werkswinkel II - 1985 (In besit van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging). |

## TELEVISIEPROGRAM

KORSTEN, G. *PROFIEL* - CVV 9 OKTOBER 1994

## ARGIVALE BRONNE

### SKOOLARGIEWE

Plakboek in besit van die argief by die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein.

### PERSOONLIKE ARGIEWE

DE BEER, E. Plakboek van haar aktiwiteite as koorleier aan die Hoërskool J. B. M. Hertzog. In besit van dr. Elsie De Beer.

- Program: Inhuldigingsplegtigheid 2 Maart 1961.
- Korrespondensie: Andresen 1961.

### NALN-DOKUMENTASIE (Musiekbiblioteek)

Geen aanwinsnommer - BEUKES, I. *Onvoltooide M. Mus.-verhandeling* in besit van NALN.

Aanwinsnommer 705/2810 LEMMER, P. J. Artikel in *Die Volksblad* - datum van knipsel afgesny.

Aanwinsnommer 247/98 Radioles van P. J. Lemmer uitgesaai op Woensdag 19 September 1956.

Aanwinsnommer 247/148 Resensie uit *The Friend* ? - datum van knipsel afgesny.

Aanwinsnommer 247/149 Resensie uit *The Friend* ? - datum van knipsel afgesny.

Aanwinsnommer 247/156 Uitknipsel uit *The Friend* - datum van knipsel ontbreek.

Aanwinsnommer M135/138 Uitknipsel uit *Die Volksblad* - datum van knipsel ontbreek.

Aanwinsnommer 705/2810 LEMMER, P. J. Artikel in *Die Volksblad*, 19 Mei 1960.

Aanwinsnommer M255/88/15/9 RICHARDS, W. J. Huldigingsrede gehou op 2 Mei 1986 te Bloemfontein.

Aanwinsnommer 226/80/11 - VAN HUYSSTEEN, T. Huldigingsrede gehou op 1 September 1967 te Odendaalsrus.

Aanwinsnommer M255/88/16/77 FLINCK, M. Korrespondensie gerig aan mev. I. Beukes gedateer 14 Augustus 1986.

Aanwinsnommer M255/88/16/8 ROODE, F. Korrespondensie gerig aan mev. I. Beukes gedateer 19 Augustus 1987.

Aanwinsnommer M255/88/16/2 BUTLER, G. Korrespondensie gerig aan mev. Isolde Beukes gedateer 18 Februarie 1982.

Aanwinsnommer M35/126 BROEKSMA, C. R. Korrespondensie gerig aan prof. P. J. Lemmer gedateer 6 Mei 1976.

# BEOORDELAARSVERSLAE

## ATKB-KOORKOMPETISIE:

Verslag 1992: C en N Sekondere Meisieskool Oranje. In besit van mev. Marcha Geyer.

Verslag 1993: Primêre Skool Willem Postma. In besit van mev. Ingrid van Aardt.

Verslag 1989: Primêre Skool Universitas. In besit van mev. Elsa Viljoen.

## KUNSWEDSTRYDE EN EISTEDDFAU

Kunswedstrydverslag 1989: Primêre Skool Hennenman. In besit van Hettie Bothma.

Roodepoortse Eisteddfod-verslag 1989: Primêre skool Hennenman. In besit van Hettie Bothma.

Kunswedstrydverslag 1981: J. B. M. Hertzog Laerskool, Bloemfontein. In besit van Marietjie Viviers.

Kunswedstrydverslag 1985: Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein. In persoonlike besit.

## VRYSTAATTROFEE-KOORKOMPETISIE

Vrystaattrofee-koorkompetisie verslag 1993: Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein. In persoonlike besit.

# KORRESPONDENSIE EN OMSENDBRIEWE

BOTHA, L. - gedateer 8 Oktober 1984. Korrespondensie van destydse administrateur gerig aan prof. Ben de Koker. In besit van OVS Onderwysdepartment - lêer 0.7/9/1.

DE KOKER, B. - gedateer 22 November 1983 gerig aan mnr. Louis Botha, destydse administrateur. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

DE KOKER, B. - gedateer 16 Oktober 1984 gerig aan mnr. Louis Botha. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

DE VILLIERS, D. I. C. - gedateer 20 November 1989 gerig aan mnr. Michael Casaleggio. In besit van Michael Casaleggio.

JOHL, J. Gedateer 27 Julie 1984 Opsomming van die bevindinge van prinsipaalverenigings. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

KRIGE, P. J. - gedateer 7 Junie 1993 gerig aan die skoolhoof van Willem Postma Laerskool na aanleiding van ATKB-koorkompetisie. In besit van mev. I. van Aardt.

KRIGE, P. J. - gedateer 20 Mei 1992 gerig aan die skoolhoof van C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, Bloemfontein. In besit van mev. Marcha Geyer.

LOUW, B. - gedateer 24 Oktober 1978 gerig aan mev. Marietjie Viviers. In besit van Marietjie Viviers.

KRIGE, P. J. - gedateer 22 Augustus 1994 gerig aan mnr. De Villiers. In besit van Eunice de Villiers.

KRIGE, P. J. - gedateer 3 Augustus 1992. In besit van Yvonne Rossouw.

ODENDAAL, F. H. - gedateer 29 September 1987: Instelling van tweede beker. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

ODENDAAL, W. J. - gedateer 19 Desember 1984 gerig aan mnr. Louis Botha. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

ODENDAAL. W. J. - gedateer 29 Oktober 1986 gerig aan destydse minister van onderwys, mnr. Piet Clase. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

THERON, N. - gedateer 1 Maart 1995 - gerig aan Corné van Pletzen. In persoonlike besit.

STEYN, H. H. gedateer 11 Mei 1984 - Rondskrywe aan prinsipaalverenigings. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

OMSENDBRIEF Prins. 27/87 - Prinsipaalomsendbrief om die instelling van koorkompetisie bekend te maak. In besit van OVS Onderwysdepartement - lêer 0.7/9/1.

## KOERANTRESENSIES

*Die Afrikaner,* 20 Junie 1969

*Die Burger,* 15 April 1976

*Die Oosterlig* 2 September 1991

*Die Transvaler,* 10 Oktober 1938

*Die Volksblad,* 25 Maart 1950

*Die Volksblad,* 29 Januarie 1955

*Die Volksblad,* 19 Mei 1960

| | |
|---|---|
| *Die Volksblad* | 8 September 1980 |
| *Die Volksblad* | 29 Junie 1992 |
| *Ons Stad* | 15 September 1994 |
| *The Friend* | 12 Desember 1929 |
| *The Friend* | 15 Junie 1935 |

## PLATE EN LASERSKYWE

OD Highlights, 1987: *Bis* - CD-383

Hoërskool Sentraal, 1964: *His Masters Voice* - JCLP 10046

Grey-Kollege, 1966: *His Masters Voice* - JCLP

C en N Sekondêre Meisieskool Oranje, 1966: *Crystal Recording Company* - CRY 133

Grey-Kollege, 1966: *Crystal Recording Company* - CRY 151

Hoërskool Sentraal, 1984: *Decibel* - DCLP 14

Hoërskool J. B. M. Hertzog, 1969: *Pinecones* - PCL 034 B

Hoërskool J. B. M. Hertzog, 1980: *EMI Brigadiers* - BCP 1521

# PROGRAMME

## ATKB(V)-KOORKOMPETISIE

ATKB-koorkompetisie 1980 ( ook genoem APPLOUS 1980)

ATKB-koorkompetisie 1990 (APPLOUS 1990)

ATKB-koorkompetisie 1992 (APPLOUS 1992)

ATKV-koorkompetisie 1994 (APPLOUS 1994)

## VRYSTAATTROFEE-KOORKOMPETISIE

Vrystaattrofee-koorkompetisie 1993

Vrystaattrofee-koorkompetisie 1994

## KOORFEESPROGRAMME

Voortrekker Koorfees 1992

Voortrekker Koorfees 1994

Grey-Kollege Koorfees 1982

Grey-Kollege Koorfees 1983

Grey-Kollege Koorfees 1984

Grey-Kollege Koorfees 1985

Grey-Kollege Koorfees 1986

Grey-Kollege Koorfees 1987

| | |
|---|---|
| Grey-Kollege Koorfees | 1988 |
| Grey-Kollege Koorfees | 1989 |
| Grey-Kollege Koorfees | 1990 |
| Grey-Kollege Koorfees | 1991 |
| Grey-Kollege Koorfees | 1992 |
| Grey-Kollege Koorfees | 1993 |
| Kroonstad Koorfees | 1991 |
| Odensia Koorfees | 1980 |
| Odensia Koorfees | 1982 |
| Odensia Koorfees | 1990 |
| Odensia Koorfees | 1992 |

## ANDER KOORPROGRAMME

Vrystaatse Jeugkoor: Jaarkonsert 1972. In besit van mev. Marcha Geyer.

Sentraal Hoërskool: Jaarkonsert 1991. In besit van mev. Leona Geldenhuys.

Hoërskool Sand du Plessis: Kerkmusiekuitvoering 1992. In persoonlike besit.

# OPSOMMING

Die Oranje-Vrystaat word wat die musiekterrein betref, dekades lank met die begrip *skoolkore* geassosieer. Petrus Johannes Lemmer het reeds voor sy aanstelling as musiekinspekteur in 1940 met sy dinamiese persoonlikheid impetus aan die skoolkoorkultuur verleen. Sy opvolger, mnr. Dirkie de Villiers, het op sy pionierswerk voortgebou en onder sy leiding het die stigting van die Vrystaatse Jeugkoor 'n indirekte bevrugtende uitwerking op die skoolkoorbeweging in die provinsie gehad.

Die eerste skoolkoorleier wat aansien aan die afrigting van skoolkore verleen het, Michael Casaleggio, is deur persoonlikhede soos Petrus Lemmer en David Roode onderrig en gevolglik ook beïnvloed. Sy werk met die koor van die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein het vir talle opkomende skoolkoorleiers as verwysingsraamwerk gedien.

Besonderhede aangaande koorkeuring, stemoefeninge, die aanleer van nuwe koorrepertoria en die samestelling van 'n koorfees- en kompetisieprogram word in die studie bespreek ten einde vir koorleiers ten baat te kan wees. Statistiese gegewens van onder andere repetisies en gebruike gedurende repetisies, die optreegeleenthede van kore en andere relevante inligting verleen verdere perspektief aangaande die huidige skoolkoorsituasie in die provinsie. Riglyne vir repertoriumkeuses in die verskeie stadia van 'n skoolkoor se ontwikkeling dien in hierdie verhandeling as 'n verwysingspunt aangesien die meeste koorleiers hierdie inligting deur jarelange ondervinding moet leer òf in sekere gevalle nooit leer nie.

Die repertorium wat skoolkore sing, het talle veranderinge getoon. Waar Afrikaanse en ander volkseie-elemente tot aan die begin van die sewentigerjare voorrang geniet het, het verskeie koorleiers hulle daarna tot nuwesoortige repertorium gewend. Die invloed van Philip McLachlan en sekere ander universiteitskoorleiers word in repertoriumkeuses sedert die sewentigerjare waargeneem. Die repertoriumkeuses van skoolkoorleiers in die huidige era bestaan egter oorwegend uit werke met 'n vermaaklikheids-motief. Verwerkings van liedere wat deur Suid-Afrikaanse

ligtemusiekkunstenaars gewild gemaak is, oorheers dikwels die hedendaagse koorrepertoria.

Die opleiding van koorleiers word reeds dekades lank verwaarloos, aangesien die onderrig wat aan universiteite en kolleges in dié verband gegee word, weinig relevansie vir die praktyk inhou. Studente wat egter in universiteits- of kollegekore gesing het, het in so 'n mate daarby gebaat, dat dit inderdaad as 'n primêre bron van opleiding van skoolkoorleiers in die provinsie beskou kan word.

Uitvoerings tydens koorfeeste, kunswedstryde, koorkompetisies en eredienste kan as die belangrikste optreegeleenthede van skoolkore beskou word. Koorkompetisies was aanvanklik vanaf die twintigerjare vir die ontstaan van skoolkore verantwoordelik en het as intrinsieke motivering gedien. 'n Antipatie vanuit owerheidsweë het daartoe gelei dat koorkompetisies vanaf die laat-dertigerjare met koorfeeste vervang is. Die instelling van die ATKB-koorkompetisie in 1978, het egter die kompetisiemanie laat herleef. Die fenominale standaardverhoging van sommige skoolkore die afgelope dekade hou regstreeks met die deelname aan die kompetisie, op provinsiale en nasionale vlak verband. Talle skoolkore in die provinsie het bekendheid verwerf weens deelname en prestasie op die Nasionale ATKB- kompetisie. Die prestigewaarde wat skoolkooraktiwiteite vir hul betrokke skool inhou of moontlik mag inhou, het daartoe aanleiding gegee dat 'n positiewe gesindheidsverandering ten opsigte hiervan by skoolhoofde, ander onderwysers, ouers en leerlinge posgevat het. Die langtermynvoordele van die kompetisies word egter onder verdenking geplaas, aangesien opvoeding ten opsigte van die estetiese nie noodwendig in 'n kompetisie-atmosfeer gedy nie.

Koorfeeste soos die Grey-Kollege Koorfees in Bloemfontein, die Voortrekker Koorfees in Bethlehem, die Odensia Koorfees in Welkom, die Kroonstad Koorfees, die Willem Postma Koorfees in Bloemfontein en die Ficksburg Koorfees bly egter die vernaamste optreegeleentheid vir skoolkore.

Deelname aan skoolkoorsang bied aan leerlinge 'n geleentheid tot musiekopvoeding deur middel van die koormedium. Die doel van musiekopvoeding in koorverband behoort na alles te wees om 'n estetiese

gewaarwording by die kind te ontsluit. Hierdie uitgangspunt is 'n ideaal wat nie noodwendig in die praktyk inslag vind nie en koorleiers behoort bewus gemaak te word van die potensiaal hiervan.

Die skoolkoorkultuur in die Vrystaat getuig in die huidige era steeds van 'n energieke en steeds bloeiende musiekuitvoeringspraktyk. Koersaanpassings ten opsigte van die missie, doelstellings, opleiding van koorleiers, repertoriumvernuwing en die realisering van die ideaal van musiekopvoeding in koorverband is nodig ten einde die potensiaal van die aktiwiteit te benut en verdere standaardverhoging tot gevolg te kan hê.

# SUMMARY

In the field of music, the Orange Free State had already been associated with *school choirs* for some decades. Before his appointment as Inspector of Music in 1940, Petrus Johannes Lemmer had already lent impetus to the culture of the school choir. This he did by means of his dynamical personality. His successor, Mr Dirkie de Villiers, continued his predecessor's pioneering work. Under his leadership, the creation of the Free State Youth Choir indirectly had a productive effect on the school choir movement in the province.

The first choir leader who lent prestige to the training of school choirs, was Michael Casaleggio. He had been taught by personalities such as Petrus Lemmer and David Roode, who consequently also influenced him. The work which he did with the choir of the Sentraal High School in Bloemfontein served as an example framework to many rising school choir leaders.

Particulars regarding choir selection, voice training, the learning of new choir repertoria, as well as the compilation of a choir festival and competition programme are being discussed in the study with a view to the assistance to choir leaders. Statistical data concerning inter alia rehearsals and practices during rehearsals, the public appearances of choirs and other relevant information add further perspective concerning the current position of school choirs in the province. Guidelines for repertoire choices in the various phases of the development of a school choir, serve as a point of reference in this paper, since most school choir leaders have to gather this information after many years' experience. In some cases they never become familiar with this information.

The repertoire rendered by school choirs, had changed in many ways. Whereas Afrikaans and other elements of a national character had taken

precedence up to the beginning of the 1970's, various choir leaders thereafter turned to a new kind of repertoire. The influence of Philip McLachlan and certain other university choir leaders is noticeable in the repertoire choices since the 1970's. The repertoire choices of school choir leaders during the current era mainly consist of works with a view to entertainment, however. Arrangements of songs which had been made popular by virtuosos of light music, often dominate the current choir repertoire.

The training of choir leaders has already been neglected for decades. This is a result of the fact that the training which is being received at universities and colleges in this regard, is of little relevance to the actual practice. Students who were members of university or college choirs, benefitted to such an extend, however, that it may actually be seen as a primary source of the training of school choir leaders in the province.

Performances during choir festivals, eisteddfods and choir competitions have initially been responsible for the coming into being of school choirs (since the 1920's) and served as intrinsic motivation. A feeling of antipathy from the side of the authorities resulted in the fact that, since late in the 1930's, choir festivals have taken the place of choir competitions. In 1978, however the *ATKB* choir competition came into existence. This resulted in the revival of the competition mania. The phenomenal rise in the standard of some school choirs during the past decade, is directly related to their participation in this competition, both on provincial and national level. Numerous school choirs in the province became known as a result of their participation in as well as their achievement during the National *ATKB* competition. School choir activities or many have prestige value for their specific school. This resulted in a positive change of attitude of principals, other teachers, parents and pupils regarding these activities. The long term advantages of the competitions are under suspicion, however, since aesthetical education does not necessarily thrive in an atmosphere of competition.

Choir festivals like the Grey College Choir Festival in Bloemfontein, the Voortrekker Choir Festival in Bethlehem, the Odensia Choir Festival in Welkom, the Kroonstad Choir Festival, the Willem Postma Choir Festival in Bloemfontein and the Ficksburg Choir Festival remain, however, the most important performance opportunities for school choirs.

Participation in school choir singing afford pupils of an opportunity for musical education by means of the medium of choir singing. The purpose of musical education in choir context should, after all be, to help a child develop an aesthetical perception. This point of departure is an ideal which does not necessarily gain acceptance in practice and choir leaders should be made aware of its potential.

The school choir culture in the Free State in the current era bears testimony of an energetic and still thriving musical performance practice. A further rise in standards may result direction adjustment concerning the mission, goals and training of choir leaders as well as a renewal in repertoire and the realisation of the ideal of musical education as regards choirs is made. This is essential with the view of utilising the potential of this activity.